
# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD



Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • Januarie\Februarie 2023 • #650

- 2023 - Wat lê voor?
- Sit JY onder 'n Besembos?
- Beproef My!!

# ... van die Redakteur

Die jaar 2022 is verby – 'n jaar met hoogtepunte en sekerlik ook laagtepunte wat vir talle mense moeilik was. Daar was verliese, hartseer en teleurstellings. Net so ook binne die EG Kerk SA was daar onnodige woelinge en dogmatiese aangeleenthede wat ernstige aandag geniet het. Soms voel dit vir ons of ons ook, soos Elia, onder 'n besembos sit en ons verknies aan die sorge van die lewe.

Maar, die jaar is verby en 'n nuwe jaar lê voor. Ons kyk vorentoe met 'n verwagting dat die nuwe jaar beter dinge sal oplewer! Ons het sekerlik elkeen sy eie nuwejaarsvoorneme van wat ons beplan en wat ons wil bereik. Tog het die artikel op bladsy 13 so gepaste tema wat ons vir onsself kan afvra: "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?"

Die Kerk is die Here innig dankbaar vir die nuwe Proponente/Leraars wat toetree tot die bediening te midde van 'n kommerwekkende aantal vakante gemeentes. Kom laat ons die Here ook vir hierdie doel vertrou en vashou!

Die redaksie wens u elkeen 'n voorspoedige Nuwejaar toe met die bede dat u, liewe leser, saam met ons, sal waak en bid voor Sy wederkoms totdat Jesus ons kom haal, MARANATA!

**Redakteursgroete**


**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur)
Riaan Britz en Bertus Stieger



**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937



Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die Redaksie behou die reg voor vir plasing van die bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**



**Voorbladfoto: Riaan Britz - Sameloop-N12R24**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn



**Jaargang 78**
**Januarie/Februarie 2023**
**Uitgawe #650**


# INHOUD


3 **2023 - Wat lê voor?**
**'n Nuwejaarsbesluit**

4 **Sit JY onder 'n Besembos?**

5 **Leier of Verleier**

6 **Emigrasie? - Tyd om te bou!**

7 **God se bepaalde Tyd**

8 **Uit die Argief -** Die Hel

10 **Beproef My!!**

11 **Proponentskandidate "bevorder" tot proponente**
**Vierdejaarstudent "bevorder" tot proponentskandidaat**

12 **Jare van Genade: 1936 tot Hede**

13 **Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?**
**Beroepenuus 2022/2023**

14 **Sekerheid van saligheid**

15 **Briewe aan my seun:** Sommige Pa's is Wonderlik

16 **Vroueblad:** Die kussing in jou bootjie

17 **Koderaai no. 1**

18 **Aangename Kennis:**
Ds. Danie Klopper

19 **Waar is Emeriti?**


## Intekening en betaling

Intekengeld beloop R110 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@mweb.co.za

# 2023 – Wat lê voor?

Nog 'n jaar is verby en 'n nuwe jaar het aangebreek met 'n digte sluier oor die gebeurtenisse wat hy in sy skoot dra. Wat lê daar vir die wêreld voor in die onmiddellike toekoms? 'n Moedige optimis sal die persoon wees wat vrede en voorspoed sal voorspel. Toestande oor die ganse aardbol is vinnig om te versleg en 'n katastrofiese uitbarsting is gewis voor die deur. Ons lewe in die tyd waarvan die Here Jesus gesê het in **Luk. 21:25b-26a** ***…op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid wanneer see en branders dreun; en mense se harte beswyk van vrees van verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom.***

Die Christen het egter geen rede om te vrees nie, want van hierdie selfde tyd sê die Heiland vir Sy kinders: ***"… kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is"*** **vers 28**. Hierdie verlossing sien op die nuwe liggaam wat ons by die wegraping sal ontvang, wanneer ons verlos sal word van die bande en beperkings waaraan hierdie sterflike liggaam onderworpe is. (**1 Kor. 15:51-53**)

As iemand egter in aanmerking wil kom vir die verkryging van hierdie nuwe liggaam, moet die persoon eers besitter wees van die nuwe lewe deur die wedergeboorte (Joh. 3:3), sodoende word die persoon 'n nuwe skepsel – ***Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel -*** **2 Kor. 5:17.** Hy vind sy genot nou nie meer in die dinge van die wêreld nie, maar in die dinge van sy Heer, want God het vir hom gedoen wat Hy beloof het **Eseg. 36:26** ***En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee".*** God het met hom 'n nuwe verbond gemaak – **Jer. 31:33** ***Ek gee My wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart"***. Hoewel die onmiddellike toekoms vir die wêreld donker en onheilspellend is en "die hele skepping tesame sug en in barensnood is tot nou toe," sal die dag tog aanbreek wanneer "die skepping self sal vrygemaak word van die slawerny van die verganklikheid" (Rom. 8:21, 22). Wanneer Christus Sy ryk op aarde kom stig, sal vrede heers van see tot see en sal elke knie voor die Vredevors buig. Maar, selfs dan lê daar nog iets heerliker voor vir die mense wat Jesus as Verlosser geken het gedurende die duisendjarige ryk. **2 Pet. 3:13** ***Ons verwag volgens Sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.*** Die bloedgewaste mense wat die millennium deurleef het, sal oorgeplant word op die nuwe aarde wat weer die volmaakte woonplek sal wees wat dit was voor die sondeval en hier sal hulle lewe tot in alle ewigheid.

Vir die verlostes van ons bedeling – die bruid en die genooides – wag daar 'n ander tuiste. Met verheerlikte liggame sal ons in die Nuwe Jerusalem ons intrek neem, die plek wat Christus vir ons gaan berei het in die huis van Sy Vader met die baie wonings. (Joh. 14:2). Die heerlikheid van daardie stad val nie te beskrywe nie. Die stad deel neer op die aarde, sodat ook die bloedgewaste kinders van God van hierdie bedeling hulle finale tuiste op hierdie aarde vind, maar met verheerlikte liggame. Dan sal ons gedurig doen wat Dawid beveel in **Ps. 149:1** ***Sing die Here 'n nuwe lied, Sy lof in die vergadering van die gunsgenote.***

**Open. 21:5** ***En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut.***

**T.K. (Skrywer onbekend)**

# 'n Nuwejaarsbesluit

Ons lewe in die tydperk van die wêreld se krisis en ons lewe in die Kerkkrisistydperk.

Ons moet die Nuwejaar tegemoetgaan met 'n diep besef van hierdie ernstige feite.

Ons moet probeer om ons lewens so vrugbaar moontlik vir God te maak deur Woord en deur lewe.

**DAAROM**

* Sal ons moet soek om 'n heiliger lewe te lewe wat meer selfverloënend is.

* Sal ons moet meer tyd gee aan die definitiewe oordenking van die Woord van God.

* Sal ons meer tyd moet gee vir gebed om herlewing en om God's seën af te bid op Sy werk en Sy werkers.

* Sal ons meer tyd moet gee aan persoonlike werk vir die redding van verlore siele.

* Sal ons meer vrygewige skenkings moet doen en altyd soek na die Heilige Gees se leiding van WAAR en HOE ek my gawes sal uitdeel.

***"Ons sal deur God se genade, met vertroue in die hele Woord van God en met die ontblote Swaard van die Gees, die Evangelie verdedig en verklaar dat die koms van ons Bruidegom vinnig nader kom!"***

**(Oorgeneem)**

# Sit JY onder

In **1 Konings 18:40** lees ons dat Elia pas 'n groot oorwinning behaal het vir God wanneer hy te staan kom teen die honderde priesters van Baäl op die berg Karmel, en net die God wat hy aanbid, kon die brandoffer aan die brand steek. Die gevolg was dat hy die afgodspriesters laat slag het by die spruit Kison. Maar van hierdie hoogtepunt ontvou die verhaal na 'n laagtepunt in hierdie godsman se lewe in hoofstuk 19. Ons sien dat Elia sukkel met vrees en twyfel. Hy word depressief en gewens dat hy mag sterwe.

Dit is in hierdie tyd dat Elia 'n ontmoeting met God gehad het. In plaas van die dood, vernuwe God sy lewe en gee hom hernude krag vir die bediening. Ek weet nie van u nie, maar ek het soms die neiging om te dink dat die manne en vroue in die Skrif baie meer heilig was as wat ons ooit kan wees. Tog sê die Skrif in **Jakobus 5:17** ***"Elía was 'n mens net soos ons..."*** Toe Jakobus daardie woorde geskryf het, het hy ongetwyfeld aan **1 Konings 18 en 19** gedink, want in hierdie hoofstukke sien ons Elia op sy hoogste en op sy laagste punt in sy lewe.

Ons word so maklik deur die Satan ontmoedig en plat geslaan en soms wil gelowiges net nie weer opstaan nie. Hulle dink alles is verlore. Het die Satan dit reggekry om jou van 'n hoogtepunt in jou lewe te laat val tot in 'n gat waar jyself nie kan uitkom nie? Die Woord sê ons moet moed hou en onthou wat God vir ons gedoen het, en Hom aan sy beloftes herinner. (**Joh. 16:33 en Jes. 62:6**)

Baie keer laat oorwinnings ons op 'n wolkie sweef. Ons voel **"Bullet proof…"** en daardie oorwinnings is dan ook net te danke aan die Here, maar dan laat ons ons verdediging sak net vir 'n oomblik en dan is ons weer in die stryd van voor af... die keer dalk op 'n ander gebied... **1 Pet. 5:8** ***"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."***

Agab en Isébel het nie die duidelike getuienis op die berg Karmel aanvaar dat God die enigste ware en lewende God was nie. In plaas daarvan om hulle te bekeer en die volk terug te roep om die Here te dien, verklaar Isébel oorlog teen God en sy getroue dienaar Elia.

Van 'n lewenshoogtepunt val Elia na 'n lewenslaagtepunt in een oomblik. As ons vir sielkundiges moet vra, was Elia se geval 'n klassieke saak van uitbranding. Elia was fisies en emosioneel uitgeput. Hy was depressief en het homself bejammer. Hy sê in **1 Kon 19:4** ***"Dit is genoeg, neem nou my siel weg, HERE, want ek is nie beter as my vaders nie."*** Geestelik is dit omdat Elia sy fokus van God afgehaal het. In plaas daarvan om God te nader, isoleer Elia homself en wil hy sterf. Die Here kyk altyd verder as wat ons kan sien, en weet wat ons nodig het nog voor ons vra. **Ps. 103:13-14** ***"Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is."***

Elia het so gevoel want ons lees in **1 Kon. 19:2** dat die vyand 'n dreigende boodskap gestuur het. Maar nou kom die vraag, waarom het Isébel 'n boodskapper na Elia gestuur as sy soldate kon stuur om hom te vermoor? Die antwoord daarop is dat Isébel 'n bose vrou, maar ook 'n goeie strateeg was, en geweet het hoe om Baäl se nederlaag tot haar guns te draai. Die Satan werk ook net so.

As sy die profeet in 'n martelaar omskep het, kon hy meer mense deur sy dood beïnvloed het as deur sy lewe. Maar die volk het vir Elia gewag om vir hulle te vertel wat om te doen, daarom probeer sy hom van die toneel verwyder. Isébel se brief tref die teiken en Elia vlug. In 'n oomblik van vrees, vergeet Elia alles wat God vir hom die afgelope drie jaar gedoen het, soos bv. hoe die Here hom aan die lewe gehou het by die spruit Krit (**1 Kon. 17**). Charles Spurgeon het gesê dat Elia voor 'n verslane vyand gevlug het.

Elia verloor sy fokus en word deur vrees gedryf. Net mooi die teenoorgestelde van Dawid wat skryf in **Ps. 16:8** ***"Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie."*** Elia het om en by 200km ver gevlug en onder 'n besembos gaan lê. Die besembos (Juniper tree) is eintlik 'n blomstruik wat bloei in die woestyn en wat skaduwee bied. Die takke is dun en soepel soos dié van die wilg, maar nie so groot nie. Daar is 'n Engelse gesegde wat lui: *"Sitting under the Juniper tree."* Die gesegde beskryf iemand wat kwaad is vir God, siek is vir die lewe, verleë is deur mislukking, en gereed is om op te gee. Dis asof Elia sê *"Ek het genoeg gehad!"* **1 Kon. 19:4** ***"…want ek is nie beter as my vaders nie."*** God het hom nooit gevra om beter te wees as eniemand anders nie, God het hom net gevra om sy Woord te gehoorsaam en dit te verkondig.

Liewe vriende, ek daag jou uit om onder daardie besembos van selfbejammering, mislukking en opgee uit te klim. Jy hoef nie vir God kwaad te wees nie. Moenie toelaat dat die aanval jou op die kantlyn plaas as daar nog tyd op die horlosie oor is, om in die wedstryd te speel nie. Ons moet fokus op die hier en nou, en onthou waarvandaan ons gekom het en waar ons op pad heen is. Ons kom van 'n sondige, tydelike, sieklike lewe, en is op die lewensweg na 'n verheerlikte liggaam in die ewige lewe! Wil u nie vir 'n oomblik stil word en terugkyk:

- Wat het die Here vir u in die verlede al gedoen?
- Waar het Hy u opgetel toe u geval het?
- Waar was Hy toe u ondersteuning nodig gehad het?
- Kan u die verlede onthou hoe Hy u elke keer daar onder die besembos kom uithaal en versterk het?

# 'n Besembos?

As ons Elia se bediening vergelyk met **Jesaja 40:31**, vind ons 'n parallel in die belofte: ***"maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."*** Vir drie jaar wag Elia op God terwyl die Here hom wegsteek by die spruit Krit. Toe die Here hom na die berg Karmel stuur, is dit asof hy opvaar met die vleuels soos arende sodat hy kan triomfeer oor die profete van Baäl. Nadat Elia gebid het en dit begin reën het, hardloop Elia voor Agab uit en word nie moeg of mat nie, en aan die einde van die verhaal help die Here hom om vir veertig dae te reis sonder om moeg te word. Elia het steeds die Here gedien, al het die wêreld te veel vir hom geword. Tog sien ons dat die Here hom nie verlaat het in hierdie tyd nie, want sy wandel was met God.

Wil u nie in die stilte luister na die sagte stem van die Here en u vrede vind ten spyte van al die onstuimigheid daar buite. Soos u uit die skuiling kom, verstaan dat u dit nie alleen kan doen nie. God sal u versterk met krag vir die pad vorentoe!

Seëninge.

**Ds. Danie Klopper**
**Fochville**

---

# LEIER OF VERLEIER?

Oor die eeue heen was daar telkens tye waar daar verleiers onder die kinders van God kom en hulle met drogredes van die goeie pad weglei. Kinders van God se lewens word erg beskadig, gemeentes word geskeur. Mense wat jarelank die goeie weg bewandel het, verlaat die gebaande en gevestigde weg en word mislei om nou anders te glo as wat die Here al die tyd in hul en talle ander se harte gewerk het. Die Woord waarsku nie sonder rede nie.

**Ef. 5:6** ***"Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid."***

**Kol. 2:4** ***"Dit sê ek, sodat niemand julle mag verlei met drogredes nie."***

Mens sou dit so graag anders wou hê. Die Skrif leer ons egter dat dit oor al die eeue reeds kom en sal voortduur totdat die basuin blaas. Paulus waarsku hier daarteen. Dit is kinders van God wat hy waarsku. Verlei impliseer eweneens dat hulle die regte leiding gehad het, maar verlei kan word, met ander woorde van die waarheid weggelei kan word.

Dit word bereik met ydel woorde, drogredes. In die proses word die kind van God as 'n ongehoorsame gereken, een wat nie meer na die stem van die Here luister nie. Die "niemand" wat die verleiding doen, is ongelukkig iemand wat vertrou word en toegang tot die kinders van God het. Hoe tragies, so vêrreikend en verwoestend, iets wat nie moet gebeur nie!

Voor en met die ballingskap het die Here ook reeds die volk gewaarsku.

**Jer. 23:16** ***"So sê die HERE van die leërskare: Luister nie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hul eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die HERE nie.*** **17** ***Hulle sê gedurig aan my veragters: Die HERE het gespreek: Julle sal vrede hê; en aan elkeen wat wandel in die verharding van sy hart, sê hulle: Geen onheil sal oor julle kom nie."***

Selfs voor die volk van die Here nog in die land in getrek het, toe het God hulle alreeds hierteen gewaarsku. Hy sê vir hulle dat Hy dit selfs toelaat, met 'n doel.

**Deut. 13:1-4** ***"As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig,*** **2** ***en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop – wat jy nie geken het nie – en hulle dien,*** **3** ***dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel.*** **4** ***Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang."***

Hierdie dwaalprofeet kom van tussen hulle uit en beïndruk hulle en lei hulle af van die gebaande weg. Die Here laat dit toe om hulle te beproef, volg hulle die Here, of wyk hulle af en laat toe dat 'n mens hulle beïndruk en op sy dwaalweg lei.

In die Bybelse godsdiens bly die Here ons Leidsman, geen mens kom ooit langs Hom staan en werf 'n eie gevolg nie. Geen gesant van die Here word ooit toegelaat om 'n eie gevolg te versamel nie. Ek werf nie my dissipels nie, maar mede-dissipels van Jesus, mense wat saam met my agter Hom aanloop, nie agter my aan nie.

Eintlik het die wat verlei is, klaar die toets gedop, hulle het hulleself as uitsluitlike navolgers van Jesus gediskwalifiseer. Hulle is beproef, maar te lig bevind!

Mag die Here sy kinders bewaar dat 'n gesant van die Here nooit die plek van die Here in hul lewe neem nie. "Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang."

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# EMIGRASIE? -

Dinge wil net nie beter gaan nie. Inteendeel, dit gaan radikaal en drasties al verder agteruit. Al wat die regerende party doen is om met groter ywer hulle net verder te probeer vergryp aan die laaste oorblyfsels van 'n pragtige, versorgde land, dit wat nog daarvan oorgebly het.

Is ons steeds gekant **teen emigrasie**? Beslis ja! Die logiese ding om te doen is steeds vir baie om wel te emigreer, of dan die meer bekostigbare alternatief, om te *'semigreer'*, van die Noorde na die Suide! Soos dinge gaan is daar menslik net minder en minder geleenthede. Hoewel sommige opmerk dat die wat emigreer net die mooi dinge vertel, nie die slegte ervarings nie. Ons beleef ook 'n derde verskynsel, mense verskuif van dorp of skool na 'n buurdorp, waar die agteruitgang nog nie so ver gevorder het nie.

**Een** (van vele) **plattelandse dorp**, wat eens 'n pragdorp was, wat selfs met die beginjare van ons Kerk 'n prominente gemeente gehad het, is besig om "tot niet" te gaan. Paaie in die dorp bestaan lankal nie meer nie. **Twee motorhandelaartakke het gesluit**, verskeie klein besighede kon nie meer nie en het ook gesluit. 'n Vervoerbesigheid volg teen die einde van die maand. **Skoolkinders word na 'n buurdorp se koshuis oorgeskuif**. Volwassenes wat nog poog om vas te byt, **verhuis na buurdorpe** waar dit nog effe meer leefbaar is.

Toe 'n goeie vriend my dit alles vertel, het dit gevoel of my hart in my skoene in sak, of alle hoop by my tone uitvloei. Is daar nog enige hoop vir ons land, vir ons Kerk? Die lemoen word net nog leër en leër gesuig! Elke kader probeer vir laas nog 'n stukkie inpalm.

Ons lees in Nehemía hoe sleg dit in Jerusalem gegaan het. Dan moet ons onsself dalk afvra of ons toestand erger is as dit wat Nehemía beskryf? Verder, staan ons nog onder 'n roeping met 'n besondere, dringende taak van God hier in Suid-Afrika? Of het die Here ons as volk en Kerk hier in Suid-Afrika vergeet? Moet ons eindelik maar aanvaar dat ons nou as toeskouers die ondergang en einde van alles moet aanstaar? Het dit eindelik tyd geword om moed op te gee en handdoek in te gooi? Is God se plan en doel met ons eindelik tot niet?" Kyk weer na die situasie met die volk in Nehemia se tyd!

**Neh. 1:3-4** ***"En hulle het vir my gesê: Die oorgeblewenes wat vrygekom het uit die gevangenskap daar in die provinsie, verkeer in groot ellende en in smaad, en die muur van Jerusalem lê stukkend en sy poorte is met vuur verbrand. 4 En toe ek hierdie woorde hoor, het ek gesit en ween, en ek het dae lank getreur; en ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel."***

Was God se plan met sy volk oor en uit? Het hy aanvaar dat God se plan met sy volk tot 'n einde gekom het? Nee. Hy het juis na God geroep, dit onder die aandag van God gebring. God se plan is van die begin af dieselfde en het nooit en sal nooit verander nie. Dit was deel van die smaad, dat dit vir die wêreld voorkom of God se plan met sy volk misluk het!
**Neh. 1:6** ***"laat u oor tog opmerksaam en u oë oop wees, om te luister na die gebed van u kneg wat ek vandag voor u aangesig bid, dag en nag, vir die kinders van Israel, u knegte, terwyl ek die sondes van die kinders van Israel bely wat ons teen U gedoen het; ook ek en my familie het gesondig."***

In die volgende verse herinner hy die Here aan sy doel met die volk en die beloftes. Hy het ook nie daar in die vreemde gebly en vandaar probeer om 'n verskil te maak nie. Hy het die ellende persoonlik kom aanskou en beleef, hy het die moedverlorenes kom bemoedig en aangemoedig om saam die saak op te neem en toe te tree om die verval om te keer. Dit moet fisies herstel word en die smaad omgekeer word.

**"KOM, LAAT ONS DIE MUUR OPBOU, ONS GAAN NIE LANGER 'n VOORWERP VAN SMAAD WEES NIE!"**
**Neh. 2:17** ***"Daarop sê ek vir hulle: Julle sien die nood waar ons in is, dat Jerusalem woes lê en sy poorte met vuur verbrand is; kom, laat ons die muur van Jerusalem opbou, dat ons nie langer 'n voorwerp van smaad kan wees nie."***
Smaad en veragting van die in beheer het hom nie gestuit nie. Hy het vas gestaan in die geloof. God het steeds 'n plan met sy volk, Hy sal hulle deurdra. In hfst. drie lees ons dat elk begin bou het in hul eie omgewing, die naaste nood raak die diepste. Daar was wel in eie geledere hardnekkiges wat geweier het om mee te werk. Die meerderheid was egter met hulle hart in die werk en het met entoesiasme en ywer die hand uitgesteek.

**Neh. 2:19-20** ***"het hulle ons bespot en ons verag en gesê: Wat is dit vir 'n ding wat julle doen? Wil julle teen die koning rebelleer? 20 Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk, en ons, sy knegte, sal ons klaarmaak en bou; maar julle het geen deel of reg of gedagtenis in Jerusalem nie."***

God maak die wat hulle gewillig betoon het voorspoedig, maar die teenstanders het hulle nie met rus gelaat nie. Daar sal altyd weerstand wees waar God se kinders beweeg. Dit moet ons nie stuit nie. In ons geval word dit gewoonlik oor die raskapstok gehang. Ons weet egter dat dit vir ons gaan oor die plan en roeping van God, dat al die nasies, volke en tale die vrymakende evangelie sal hoor. Dit is ook die roeping van die Kerk. Daarom kon hulle met vrymoedigheid bid dat die Here hierdie teenstanders in oordeel sal aanvat en voortgaan met die opbou.
**Neh. 4:4-5** ***"Hoor, onse God, dat ons***

# TYD OM TE BOU!

***'n veragting geword het; en bring hulle smaad op hulle hoof terug en gee hulle oor aan plundering in 'n land van gevangenskap. 5 En dek hulle ongeregtigheid nie toe nie, en laat hulle sonde nie uitgedelg word voor u aangesig nie; want hulle het U geterg teenoor die bouers."***

Nadat die muur herstel is, lees ons van hfst. 8 af verder van die geestelike herstel toe Esra aangekom het en begin het met grondige onderrig van die Woord van God. Hul verhouding met God moes herstel word en hulle moes in die weg van die Woord wandel om nie weer te struikel nie.

**Neh. 8:2-4; 9 *"het die hele volk soos een man op die plein voor die Waterpoort bymekaargekom en aan Esra, die skrifgeleerde, gesê om die boek van die wet van Moses, wat die HERE Israel beveel het, te bring. 3 En Esra, die priester, het die wet voor die vergadering gebring, manne sowel as vroue en almal wat met verstand kon luister, op die eerste dag van die sewende maand. 4 En hy het daaruit voorgelees voor die plein wat voor die Waterpoort was, vandat dit lig geword het tot die middag, in teenwoordigheid van die manne en die vroue en die wat kon verstaan; en die ore van die hele volk was op die wetboek gerig. 9 En hulle het uit die boek, uit die wet van God, duidelik voorgelees en dit verklaar, sodat hulle verstaan het wat voorgelees is."***

Mag die Here manne en vroue vind wat in die bres tree vir Suider Afrika, vir ons land en die fisiese herstel. Mag die Here kundigheid terugstuur en die pad vir hulle oopmaak. Mag ons stuk vir stuk, instansie na instansie terug bid, ook dat God harte en hande beskik om toe te tree en die vervalle mure op te bou. Veel is al vermag in antwoord op gebed.

Mag die smaad en spot verander word in erkenning van wat God deur sy kinders se gebede en toetrede vermag het. Mag die kinders van God in Suid-Afrika hul verootmoedig voor God vir die fisiese herstel en hande uitsteek en betrokke raak.

**KOM LAAT ONS BOU!!**

Mag daar ook 'n kragtige herstel van ons Kerk wees in die roeping en doel van God met ons!

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

---

# God se bepaalde Tyd

'n Boodskap wat God op my hart gelê het tydens die afsterwe van ons dierbare seun Bennie op 31 Mei 2015.

**Prediker. 3:1-8** ***Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd: 2 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te roei wat geplant is, 3 'n tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak, 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou, 4 'n tyd om te ween en 'n tyd om te lag, 'n tyd om te weeklaag en 'n tyd om van vreugde rond te spring, 5 'n tyd om klippe weg te gooi en 'n tyd om klippe bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels en 'n tyd om ver te wees van omhelsing, 6 'n tyd om te soek en 'n tyd om verlore te laat gaan, 'n tyd om te bewaar en 'n tyd om weg te gooi, 7 'n tyd om te skeur en 'n tyd om aanmekaar te werk, 'n tyd om te swyg en 'n tyd om te spreek, 8 'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog en 'n tyd vir vrede.***

Tyd is maar net 'n woord wat deur die mens gebruik word vir die bepaling vir die begin of die einde van iets wat gedoen word . As ons wil partytjie hou of gesellig bymekaar wil kom word daar 'n tyd bepaal om so te maak. Ongelukkig is daar die dinge in ons lewe wat ons nie kan bepaal nie. Ons kan nie die geboorte van 'n mens bepaal nie, want dit is die bepaling van God in Sy raadsplan. Ons as mens moet Sy wil vir die geboorte van die mens aanvaar. Immers is Hy die begin van tyd.
Die einde van tyd kan ons ook bepaal wanneer ons 'n partytjie wil hou of as ons saam wil kuier. Ons bepaal van watter tyd ons wil begin en uitmekaar wil gaan. So ook is dit nie vir ons as mens om die tyd van dood te kan bepaal nie. Dit is ook in die raadsplan van God om die afsterwe van die mens te bepaal, want Hy is ook immers die einde van tyd.

Vir daardie rede moet ons as mens altyd gereed wees vir die tyd om te gaan wanneer God ons roep. Op sy Roepstem kan ons nie uitstel nie omdat Hy die begin en die einde van tyd is. Tyd in die lewe is nie ons eiendom nie, maar word aan ons geleen van God. In God se raadsplan het ons geen waarborg van hoe lank ons sal lewe nie. Wat ons wel weet is dat lewe aan ons geskenk word deur Hom. Sy waarborg aan ons is dat jy sal leef van een uur tot honderd jaar of meer as dit in sy raadsplan vir jou daar gestel is. Daarom moet ons leef asof elke uur ons laaste mag wees en dit aan Hom wy met dank en eer omdat Hy die Skepper van tyd Is.

**Oom Wynand Naude**
**Welkom-Goudveld**

# Die Hel

Skriflesing: **Mark. 9:42-50**

Drie maal verwys die Here Jesus in genoemde skrifgedeelte na die hel, in verse **43, 45** en **47**. Twee maal noem Hy dit Hel – onuitbluslike vuur en die derde maal ***"Helse vuur"***. Dit is nie 'n aanloklike onderwerp om oor te praat nie, maar dit is noodsaaklik. Met reg is dit gesê: *"Die Here Jesus het meer oor die hel gepreek as oor die hemel."* Om goed en reg te verstaan wat die hel is, is dit nodig dat ons eers kyk wat die Bybel sê van die ***"onderste dele van die aarde."*** In **Ef. 4:9** staan geskrywe dat die Here Jesus neergedaal het in die onderste dele van die aarde. Ook **1 Pet. 3:19** praat dat Hy heengegaan het in die gees en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyd ongehoorsaam was . . . in die dae van Noag. Ons moet opmerk dat die Bybel praat van onderste dele – dit is meervoud. Ook praat die Here Jesus in **Matt. 16:18** van ***"die poorte** (meervoud) **van die doderyk"*** en ook **"die sleutels van die doderyk en die dood"**. 'n Mens is so geneig as ons van die hemel praat om aan die hemel te dink as net een plek – een hemel. Dit is nie so nie; en ook as ons van die hel praat as een plek. Nee, daar is ook ander plekke verwant aan die hel. Watter is hulle?

Ons vind dat die Skrif minstens van drie plekke praat as onder in die aarde as dit nie vier is nie. Ons wil na die drie kyk en dit is behalwe die ***"graf"*** waarvan die Here praat in **Joh. 5:28**, waarin 'n mens se liggaam weggelê word as hy gesterwe het.

Die eerste van die drie is die **"DODERYK"**. Die Hebreeuse woord in die Ou Testament is **"sheol"**. Die Griekse woord in die Nuwe Testament is **"Hades"**. Die doderyk is die verblyfplek van die afgestorwendes se siele. Hierheen het die Ou Testamentiese gelowiges en ongelowiges se siele gegaan – hoewel dit in twee groot aparte afdelings moes gewees het, wat geskei was met 'n onoorbrugbare kloof. Dit is baie duidelik volgens **Luk. 16:26** dat dit 'n plek onder in die aarde is. In **Gen. 37:35** lees ons die woorde van Jakob as 'n gelowige: ***"Nee, treurende sal ek na my seun in die doderyk afdaal!"*** In **Num. 16:32** lees ons van Korag, Datan en Abíram ***"en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle verslind saam met hulle huisgesinne ... so het hulle dan lewendig na die doderyk afgedaal; en die aarde het hulle oordek".***

Volgens **Luk. 23:43** is die Here Jesus se woorde aan die misdadiger aan die kruis, was die gelowiges se deel ook genoem ***"die Paradys"***. Volgens **Ef. 4:9** en **Luk. 23:43** het die Here Jesus nog die dag van die kruisiging, na Hy die asem uitgeblaas het, neergedaal na die gelowiges se deel van die doderyk, naamlik die Paradys. Vandaar dat **1 Pet. 3:18-20** ook sê: ***"Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in Wie Hy ook heengegaan en gespreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was ... in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is."***

Net dit in hakies, vanaf die opstanding is die Paradys verskuif na die hemel en maak dit nie nou nie meer 'n deel van die doderyk onder in die aarde nie, maar is die hemel. Hierin is **Ps. 68** en **Ef. 4** van groot betekenis. **Ps. 68:19** ***U het opgeklim na die hoogte, u het gevangenes weggevoer***... en **Ef. 4:8-10** ***Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee. 9 Maar dit: Hy het opgevaar – wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste deel van die aarde? 10 Hy wat neergedaal het is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.*** Selfs die Ou Testamentiese gelowiges se siele is nie meer in die doderyk onder in die aarde nie, maar vanaf die opstanding is hulle in die Paradys in die hemel en elke weergeborene (kind van God) wat vanaf die opstanding van Christus af sterwe, se siel gaan dadelik op na die Paradys in die hemel. Paulus sê in **Fil. 1:23** ***Ek het 'n verlange om heen te gaan om met Christus te wees, want dit is verreweg die beste!"*** In **2 Kor. 12:2** en **4** praat hy van die PARADYS as die DERDE HEMEL. Dit is vandaar wat Christus weer sal kom met die wolke (eerste fase van die wederkoms), saam met Sy heilige tienduisendtalle en dan sal hulle liggame opgewek word met ewige heerlikheid. **1 Thess. 4:14 en 16** ***Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.*** **16** ***Want die Here self sal van die HEMEL neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat on Christus gesterf het, sal eerste opstaan."*** Sien ook **Fil. 3:20** en **21** en **1 Kor. 15:52**.

Ja, die doderyk is een van die onderste dele van die aarde en alhoewel dit nog nie werklik die hel (poel van vuur) is nie, ly die verlore siele wat daar kom reeds nou al smarte in die vlamme (**Luk. 16:23** en **24**).

Die tweede plek onder die aarde waarby ons 'n oomblik wil stilstaan is **"Die Put van die afgrond"**, skynbaar 'n plek dieper as die doderyk. Volgens ds. C.W.M. du Toit in *"Toekomstige Wêreldgebeure"*, bladsy 154, is die Hebreeuse woord in die Ou Testament *"Abbadon"* in plekke soos **Job 26:6, 28:22, 31:12, Ps. 88:12, Spr. 15:11, 27:20** ens., terwyl dit in die Afrikaanse vertaling met die woorde ***"plek van vertering"*** vertaal is. In die Nuwe Testament is dit vertaal ***"afgrond"*** of ***"onderwêreld"*** in die Afrikaanse vertaling vanaf die Griekse woord *"Abysson"* vanwaar ook die Engelse woord *"Abysi"* afkomstig is, maar is vertaal ***"the deep"*** soos in plekke soos **Luk. 8:31** en **Rom. 10:7**. Dit word ook vertaal as ***"the bottomless pit"*** soos in **Open. 9:2** en **11, 11:7, 17:8, 20:1** en **3**. Hierdie ***"put van die afgrond"***, hoewel dit verwant is aan die ***"doderyk"*** is nie die doderyk nie, dit is 'n ander deel van die onderste dele van die aarde. Waar die doderyk die bewoonplek is van die siele van die ongeredde afgestorwendes tot aan die einde van die duisendjarigeryk, met die tweede

opstanding dan om voor die Groot Wit Troon te verskyn om geoordeel te word, is die "afgrond" die plek waar gevalle engele en baie bose geeste gevange gehou word vir die oordeel (sien **Luk. 8:31**, **Jud. 1:6**, ens.). Alhoewel hierdie twee genoemde plekke in die ondetste dele van die aarde is – plekke van pyniging, smart en lyding – is dit nie werklik die hel (poel van vuur) nie. Sien **Matt. 8:29, Luk. 8:31, 16:24,** ens. Ons moet aanneem dat die Griekse woord *"Tartorus"* in **2 Pet. 2:4**, wat vertaal word as ***"hel"***, dieselfde plek moet wees as die ***"afgrond"*** en ook nie die ***"hel"***, die eindbestemming nie.

Let verder op, dit is uit hierdie afgrond wat die Antichris tevoorskyn kom. Die Antichris sal 'n werklike mens wees, maar 'n duiwelmens (**Open. 11:7, 17** en **2 Thess. 2:3)**. Dit skyn ook of hierdie *"put van die afgrond"* in die groot verdrukking oopgemaak sal word en 'n menigte van duiwelgeeste losgelaat sal word op die aarde en dit aan hulle gegee sal word om die mense wat nie die seël van God op hulle voorhoofde het nie, in ander woorde, die Antichris se mense, vir vyf maande te pynig (**Open. 9:4 en 5**). Dan is dit die plek waarin die Satan gebind sal word en vir 1000 jaar lank gewerp sal word (**Open. 20:1 en 3**). Eers daarna, as hy weer vir 'n kort tydjie losgelaat is, word hy in die poel van vuur – die hel – gewerp.

Die derde plek is dan die hel – die poel van vuur – wat in **Open. 21:8** genoem word, die poel wat brand met vuur en swawel. Dit is die tweede dood, sien ook **Open. 20:14 en 15**. In die Ou Testament is die Hebreeuse woord *"Tofet"* (**Jes. 30:33**). Lees gerus Jamieson, Fausset en Brown se kommentaar hieroor. In die Griekse taal is dit in die Nuwe Testament *"Gehenna"*. Die Here Jesus het die woord dikwels gebruik – **Matt. 5:22, 29 en 30, 10:28, 18:9, 23:14, 15 en 33**.

Met betrekking tot die hel laat ons net kortliks by drie punte stilstaan.

**Die hoedanigheid van die hel**

Die Here Jesus praat van die hel as 'n vuur wat onuitbluslik is en as 'n ewige vuur. Die vraag word gevra: *"Sal dit nou 'n letterlike vuur beteken?"* Ons antwoord baie beslis – JA! In die eerste plek beskrywe die Here Jesus die vuur in **Open. 21:8** "***Die poel wat brand met vuur en swawel."*** Sonder om te verwerp dat die beskuldigings en selfverwys van die verlorenes soos 'n vuur in hulle gewetes en harte vir ewig sal brand in die hel, kan ons hierdie woorde nie anders verstaan as werklike vuur nie. 'n Baie duidelike bewys daarvan is die verklaring van die koring en die onkruid in **Matt. 13**. Vir alles in die gelykenis noem die Here Jesus die werklike ding wat dit voorstel, byvoorbeeld die saailand is die wêreld; die goeie saad is die kinders van die koninkryk; ens., maar as die Here Jesus die verbranding van die onkruid noem, word die vuur nie iets anders nie, dit bly 'n vuuroond. 'n Ander beswaar wat teen die hel ingebring word, is dat dit nie 'n vuur kan wees wat voortdurend en tot in alle ewigheid sal brand nie, of dat die verlorenes nie voortdurend tot in ewigheid sal brand in die vuur nie. Daar staan egter in Open. 1:10 en 11 "sal gepynig word met vuur en swawel, . . . en die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het die dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier (Antichris) en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang". Sien ook **Open. 19:20 en 20:10**. Vir 1000 jaar is die Antichris en valse profeet alreeds in die hel en is nog steeds daar as die duiwel ook daar ingewerp word. JA, dis seker dat die helse vuur en die pyniging van die wat daar kom, voortduur – dag en nag – tot in alle ewigheid. Hoe 'n verskriklike gedagte is dit nie? Daar is diegene wat aan God se liefde wil twyfel, as dit moet waar wees, maar kyk ook Sy regverdigheid om sonde te straf en twyfel nie aan God se liefde nie, maar sien die verskriklikheid van sonde!

**Wie sal in die hel kom?**

Die eerste persone wat in die hel gewerp sal word, is die Antichris en die valse profeet (**Matt. 25:11, Open. 29:20**, ens.) Dan ten laaste is dit, helaas ook mense! Almal wat nie gered is nie – nie waarlik weergebore is nie. **Open. 20:15** ***En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp"***. Ja, al die vreesagtiges, ongelowiges, gruwelikes, moordenaars, hoereerders, towenaars, afgodedienaars en al die leuenaars – **Open. 21:8** ***"...hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood."*** Watter ellendige geselskap sal die helbewoners nie uitmaak nie? Antichris, valse profeet, die duiwel self, duiwelengele, bose geeste en al die gruwelikste mense – mense wat hulle nie wou laat reinig, laat was in die bloed van die Lam nie.

**Hoe om die hel te ontvlug**

Vir die duiwel en sy engele is daar géén kans op ontvlugting nie. Vir hulle is daar nie 'n Borg nie. Hierdie Borg is die Here Jesus Christus in wie God die wêreld met Homself versoen het. Almal het gesondig; daar is niemand wat onskuldig is nie. Hy – JESUS – het vir ons alles betaal en alles volbring. Hy het ons skuld en straf op Hom geneem. Hy het nie alleen onbeskryflike liggaamlike smart aan die kruis gely nie, maar werklik die smart van die hel. As Hy uitgeroep het: ***"Ek het dors!",*** dan was dit die uitroep van een wat die dors van die hel smaak. As Hy uitroep: ***"My God, My God! waarom het U my verlaat?"*** dan was dit sodat u en ek nie vir ewig verlate van God hoef te wees in die hel nie. Vandag staan Hy nog en roep: ***"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."*** As jy Sy stem hoor, kom dan, kom om ewige geluk te vind. Of, as u weier en Hom verwerp, ***"Die Seun van God vertrap – die bloed van die Testament, waardeur jy geheilig is, onrein ag en die Gees van Genade smaad, wat kan u anders verwag as om eenmaal Sy onverbiddelike wegstuur te hoor: "Gaan weg, jou vervloekte, in die ewige vuur (hel) wat berei is vir die duiwel en sy engele!"*** Vandag kan jy nog kies, maar daardie dag sal daar nie 'n keuse wees nie. Wat gaan jy doen?

Ons tree dan op as gesante om Christus wil asof God deur ons vermaan. **2 Kor. 5:20** ***Ons bid julle om Christus wil: LAAT JULLE MET GOD VERSOEN.***

**Ds. S.J. Becker**

**Die Nuwe Protestant**
**1 Oktober 1960**

# Beproef My!!

Hierdie is ’n tydlose, lewende uitdaging aan die Kerk, aan elke gemeente en elke lidmaat in die Kerk. Ons het nodig om na die Here terug te keer, juis vandag, dat Hy sal kom en uitkoms gee in ons uitdagende omstandighede, veral finansieel. Juis nou daag Hy ons:
BEPROEF MY!! STEL MY OP DIE PROEF!! KYK!!
Die Skrif leer ons dat die Here altyd alles weet, én ook dat Hy altyd gereed is om te help. Hier in Maleági 3 sien ons dit lewend en werklik. Hy wil dat ons sal ontdek wat die probleem sowel as die uitkoms is. Hy leer hulle: Die fout lê by julle, nie by My nie! Hy daag ons, kom kyk!

## 1. GOD STUUR HULP, MAAR HULLE HET AFGEWYK!

Hy belowe op hulle klagte om sy boodskapper te stuur, waarna hulle ’n begeerte het! Kyk, Ek stuur, kyk Hy kom, die Engel van die verbond! So sê die HERE van die leërskare!
**Mal 3:1** ***“Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle ’n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare.”***

### 1.1 Die seuns van Levi het afgewyk

MAAR! Wat is die rede dat hulle gebrek ly? Ongehoorsaamheid en ongeregtigheid by die seuns van Levi!! Daarom, voordat Hy uitkoms kan gee, gaan reiniging nodig wees! Wie gaan standhou by sy koms? Die eerste wat reggestel moet word is die Leviete, die onderrigters in die Woord, die predikante. Hulle dien God volgens hul eie wil, hulle verkondig wat ander sê. Hulle bring nie meer die suiwer Woord van God nie. Hulle staan nie in die raad van die Here nie! Hulle beluister en hoor nie meer sy woorde wat siele terugbring nie.
Die vuur van die smelter is nodig tot reiniging van hulle eiesinnigheid en eiewilligheid.

**Mal. 3:2** ***“Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter …*** **3** ***En Hy sal sit: ’n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid ’n offer sal bring.”***
**Jer. 23:18 & 22** ***“Want wie het in die raad van die HERE gestaan, dat hy sy woord sou sien en hoor? Wie het sy woord beluister en gehoor?*** **22** ***Maar as hulle in my raad gestaan het, moet hulle my volk my woorde laat hoor en hulle terugbring van hul verkeerde weg en van die boosheid van hul handelinge.”***

### 1.2 Gevolglik het die volk afgewyk

Hulle kla dat dit sleg gaan! Die ongehoorsaamheid en onreinheid van die verkondigers wat God se suiwer Woord agterweë gelaat het, het die deur oopgelaat vir baie dinge wat God mishaag, dit het tuis geraak in die vergadering. Hy noem sewe dinge! Lees met aandag!
**Mal 3:5** ***“En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou, en Ek sal ’n haastige getuie wees teen die towenaars[1] en teen die egbrekers[2] en teen die meinediges[3] en teen die wat die dagloner in sy loon[4], die weduwee en die wees verdruk[5]; en teen die wat die vreemdeling wegstoot[6] en My nie vrees nie[7], sê die HERE van die leërskare.”***
Die loog van die wassers moet kom reinig van die invloed en smet van die wêreld!
**Mal. 3:2, 4, 6** ***“Want Hy sal wees … soos die loog van die wassers.*** **4** ***“DAN SAL die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die jare van die voortyd.*** **6** ***Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.”*** **Open. 2:5** ***“Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke.”***
Dit is tyd om in ootmoed te bely en reg te maak, om te bid om reiniging en herstel! Jou kandelaar kan van sy plek verwyder word! Eer en gehoorsaam Hom! HY WIL, WIL ONS?

## 2. ERNSTIGER GEVOLGE VAN DIE AFWYKING

### 2.1 Julle beroof My!

Hulle het afgewyk en God beroof! Hulle het God se deel vir eie behoeftes geneem.
**Mal 3:7-9** ***“Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer?*** **8** ***Mag ’n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe.*** **9** ***Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!”***

### 2.2 Vermetelheid teen God!

Hulle het selfs verder gegaan en vermetel beweer dat dit tevergeefs is om God te dien, die seën is weg, hulle het inteendeel verarm! In eie waan wil hulle die blaam na God oordra.
**Mal 3:13, 14** ***“Vermetel is julle woorde teen My, sê die HERE. Maar julle vra: Wat het ons onder mekaar teen U gespreek?*** **14** ***Julle het gesê: Dit is tevergeefs om God te dien, en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die HERE van die leërskare te wandel?”***
God daag hulle uit: Toets my! “Try me!” Kyk wat belowe Hy:

## 3. KEER TERUG NA MY!

**Mal. 3:7** ***“Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE”***

### 3.1 Bring die hele tiende na die skathuis

**Mal 3:10** ***“Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees;”***

# Proponentskandidate "bevorder" tot proponente

Hoewel hulle net 'n jaar terug nog die baksteenpaadjies van Betshan platgeloop het, het hierdie jaar se vyfdejaars hul goed van hul taak gekwyt en het hul elkeen, deur die Here se genade, die senutergende verskyning voor die Eksamenkommissie geslaag.

Die proponentskandidate het in 2022 hulle internskapjaar voltooi in die volgende gemeentes:

Bredasdorp – Marno van Niekerk
Centurion – Pierre Louw
Potgietersrus – Francois Muller
Westdene – Fleetwood Grobler

Omdat hulle hul eksamenboodskappe ook geslaag het, is die vyfdejaars nou proponente. Sodra hulle georden word, is hulle volwaardige predikante.

Baie geluk, manne en dames. Ons eer die Here vir hierdie mylpaal!



**V.l.n.r. Marno & Angelique van Niekerk, Fleetwood & Zelda Grobler, Francois & Magda Muller, Pierre & Jana Louw**

---

**3.2 Beproef My tog hierin!!**

**Mal 3:10** ***"beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare".*** Kyk of Ek dinge verander!

**3.2.1 Hy sal herstel en oorvloed gee**

**Mal 3:10** ***"of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie."***

**3.2.2 Hy sal skades afweer en voorkom**

**Mal 3:11** "***Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie;"***

**3.2.3 Hulle arbeid sal loon oplewer**

**Mal 3:11** ***"ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare."***

**3.2.4 Veragting verander in welbehae**

**Mal 3:12** ***"En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, SÊ DIE HERE VAN DIE LEËRSKARE."*** Julle sal nie meer geminag word nie.

Gaan ons sy uitdaging aanvaar, terugkeer en reg maak en gehoorsaam?

**ONS ANTWOORD IS BEPALEND VIR DIE TOEKOMS VAN ONS LAND, KERK, EN PERSOONLIK!!**


**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

## Vierdejaarstudent "bevorder" tot proponentskandidaat

Baie geluk aan ons oudste en enigste vierdejaarstudent, Kaleb Boshoff. Kaleb het die eerste fase van sy verskyning voor die Eksamenkommissie geslaag. Hierdie gesprek word 'n *"Colloquium Doctum"* genoem. Saam met sy eksamenboodskap wat hy geslaag het, is hy dan ook deur die fakulteit by Nigel gemeente geplaas vir sy internskapjaar (2023).

Baie geluk, Kaleb. Ons is die Here dankbaar vir die mylpaal!

**Proponentskandidaat Kaleb en Nadine Boshoff**



# Jare van Genade:

## 12 Mei 1936 tot Hede

Toe ek een oggend na 'n boodskap geluister het en getref is deur die verwysing na die tyd toe daar herlewing plaasgevind het in Port Elizabeth in die 1940's en 50's, het die behoefte by my ontstaan om so iéts daarvan te vertel. Ek het deur die genade van die Allerhoogste daarvan ondervind. Ek het in 1946 op 10 jarige ouderdom, deur die reddende genade van Jesus as Verlosser en Saligmaker, deel geword van die koninkryk van die Vader.

Ek het wedergeboorte deelagtig geword na 'n boodskap oor "Die rooi tou en Ragab" tydens die spesiale dienste, gehou in die NG Kerk Suid-Einde deur die spesiale prediker ds. G.D. du Toit. Kort daarna is die gemeente van die Nuwe Protestantse Kerk in die Baai gestig en ds. Louw Pienaar was die eerste predikant met prop. Niek Burger as hulp. Laasgenoemde het 'n kamer met my gedeel en hy het my geleer boks. Hy was linkshandig en ek moes maar sy linkerhand goed dophou! Hy was die persoon wat my die meeste beïndruk het met sy Bybelkennis. Dit het dikwels gebeur as ds. Pienaar tydens 'n boodskap 'n teksvers wou gebruik, prop. Burger dit summier gekwoteer het. Hy het daarna elders predikant geword.



Die gemeente het nie 'n gebou besit nie en dienste is in danssale gehou wat Saterdagaande laat skoongemaak moes word sodat dit Sondag beskikbaar sou wees. Sale soos die Bon Accord en Hayman is gebruik. Wat vir my uitstaan was ernstige biddure, die besondere gemeentelede (onder andere die Bekkergesin), die vurige jeugaksie, die sangkore en die pragtige sangpare (ds. Pienaar se tweede eggenote en mev. Burger).

In die tyd toe daar groot protesaksie in die swartgebiede was, het die jeug geroepe gevoel om 'n sendingaksie daar te loods – ek het nog 'n foto waar ek 'n boodskap bring – mev. Yvonne Haupt is ook daarop te sien. 'n Besondere kenmerk van daardie tyd was die streng nakoming van die riglyne oor die gebruike op Sondag soos in die Woord voorgeskryf. My moeder het Saterdae kos gemaak vir die opvolgende Sondag.

Na ds. Pienaar was daar verskeie predikante soos di. Chris Cronjé (hy het hom nooit aan 'n horlosie gesteur nie), Sandy Saunders (hy het my in die huwelik bevestig), Ben Smit, Bill Barkley (hy het my moeder en my oudste seun se begrafnisdiens gelei), prop. Coenie Smit en Floris Coetzee wat as aspirant-predikante op Uitenhage gehelp het. Prop. Coenie Smit is later as predikant in daardie gestigte gemeente georden. Hy het een van ons kinders gedoop. Aanvanklik het eerw. Charlie de Villiers waargeneem en hy het toe ook die kerkgebou opgerig. Ek het gehelp met stene aanry van die plaasboer, mnr. Lloyd, wat dit gratis aangebied het. Wyle Joe Deetlefs het 'n groot aandeel gehad in die hulp wat benodig is om die gebou op te rig.

Die konferensies by Betshan buite Bloemfontein, Nigel en Ofcolaco sal my altyd bybly, veral Betshan met die treinvertrekkies en die kwaai donderstorms. Een jaar by Nigel toe ons jongste 'n baba was, het ons nat gereën in 'n tent en wyle ds. Charlie Miles het gesê: "Nee dit kan nie wees nie." Hy het ons toe in 'n kamer geplaas. Ons eerste konferensie in die laeveld sal ek altyd onthou vir die groot swart potte waarin die heerlikste beesvleis gekook was en die tropiese vrugte wat in oorvloed was. By daardie konferensies was daar predikers wat besondere karakters was soos di. Serfontein (ek het sy skoonvader se boedel beredder), Bekker, Hugo, die Groblertweeling en ander.
Toe ek aangestel was as bestuurder van Santambank op Porterville het ons gesin Sondae na Kaapstad gereis om die dag daar in gemeentes in die Wes-Kaap deur te bring. Met my aanstelling as bestuurder in Lichtenburg het ons die NG Kerk daar besoek en toe ek in 1985 bestuurder in Pietersburg aangestel was, het ons die EG gemeente daar besoek. Predikante daar was di. Kitching (wat ons soms vermaak het met buikspraak), Tertius Smit, Chris Botha en Alf Breedt.

In 2005 het ons verhuis na Port Elizabeth. Ek het baie onlangs weer teruggverhuis na Pietersburg (nou bekend as Polokwane) na die afsterwe van my eggenote en sal hier aanbid vir die huidige. Op 85 jarige leeftyd is my daaglikse gebed "Nader my God by U, nog naderby" en my missie "die uitbreiding van die koninkryk van HOM wat sy alles vir my gegee het!"

**Matt Welgemoed**
**Pietersburg**

# “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”

**Lees asseblief Matt. 20:29-32 vir die konteks met betrekking tot hierdie bydra**

Nog ’n jaar is verby. ’n Jaar wat vir talle mense moeilik was. Daar was baie verliese en hartseer, teleurstellings. Maar, die jaar is verby en ’n nuwe jaar lê voor. Ons kyk vorentoe met ’n verwagting dat die nuwe jaar beter dinge sal oplewer. Ons het sekerlik elkeen sy eie nuwejaarsvoornemens van wat ons beplan en wat ons wil bereik. Verlede jaar se voornemens het nie so lekker uitgewerk nie, maar ek gaan weer en harder probeer in die nuwe jaar.

Die vraag wat God vir ons vra vir nou en vir die nuwe jaar, vind ons in **Matt. 20:29-32**. Twee blindes sit in hulle nood langs die pad, en toe hulle hoor dat Jesus verbygaan, roep hulle in hulle nood na Hom. Hy hoor, soos Hy elke noodroep hoor en gaan staan. Hy vra: ***“Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”*** Hy vra dieselfde vraag vir jou en vir my: *“Wat is julle behoefte?”*

Elkeen van ons sal sekerlik ’n ander antwoord op sy vraag hê, omdat ons behoeftes van mekaar verskil, maar laat ons kyk na die antwoord van die blindes: ***“Here, dat ons oë geopen mag word.”*** Hierdie antwoord bevat alles wat ons nodig het om die nuwe jaar met ope arms en gemoedsrus in te gaan. *“Maak my oë oop.”* Die eerste Persoon wat hulle raakgesien het, was Jesus, en dit is waar ons ook moet begin.

Toe hierdie manne net gehoor het van Hom, was hulle nog steeds blind, maar toe hulle Hom ontmoet en hulle nood voor Hom uitstort, kom daar ’n verskil. Hulle oë gaan oop. Hulle lewens verander. Hulle het ’n toekoms saam met Hom.

Ons hoor ook so baie van Hom. Hy wil so graag ook by ons kom stilstaan. Hy wil ons ontmoet. **Luk. 19:10** ***Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.*** *“Here, maak my oë oop om eerstens my eie nood raak te sien. Hier is ek, ek wil U ontmoet. Ek wil U raaksien, ek wil U ken en U volg – nie net van hoorsê nie, maar in werklikheid.”* Laat dit ons antwoord wees op sy vraag.

Wanneer Hy by ons kom stilstaan en ons oë open, sal ons ’n nuwe toekoms raaksien. Daar sal weer hoop wees en blydskap in ons lewens. Daar sal weer ’n groot lig in die donker tonnel wees. Alle probleme sal nie verdwyn nie, maar ek sal beter kan sien hoe om die probleme te hanteer. Ek sal ook die nood om my kan raaksien en my deel doen om die lig van Jesus vir ander te bring. Nuwe uitdagings wat ek saam met Hom kan aanpak en nuwe oorwinnings om te behaal.

Neem **Matt. 28:32** saam met jou die nuwe jaar in. ***“Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”*** Hy vra dit vir jou en my. Wat is ons antwoord? Mag God ons genade gee om reg te antwoord sodat ons ook, soos die twee blindes, Jesus kan raaksien, Hom volg en ’n God-geseënde nuwe jaar kan beleef.

**Kosie Grobler**
**Randfontein**

# BEROEPENUUS 2022/2023

Aangesien daar al geruime tyd verskeie gemeentes vakant is, het dit meegebring dat daar tog van tyd tot tyd verskuiwings was in die Kerk. Derhalwe sal die redaksie voortaan halfjaarliks hierdie verskuiwings bekend maak, of soos omstandighede dit toelaat.

**Teen druktyd was die volgende beroepe ontvang en aangeneem oor die periode Januarie tot Desember 2022:**

- Ds. Daniël Brink – Kweekskooldosent na Paarl
- Ds. Woodford Kotzé – Weskus na Kweekskool as Dosent
- Ds. Gerhard Kruger – Warmbad na Tygerberg (Medeleraar)
- Ds. Herman van Zyl – Oos-Londen na Weskus
- Ds. Willie Krige – Meyerton na Ermelo
- Ds. Jan du Raan – Phalaborwa na Standerton
- Ds. Wynand van Niekerk – Ellisras na Kweekskool as Dosent
- Ds. Johnnie Gates – Belfast na Kerkkantoor as Saakgelastigde
- Ds. Riaan Gates – Springs na Ellisras
- Ds. Pierre Louw – Ordening na Internskapjaar in Centurion (Medeleraar)
- Ds. Marno van Niekerk – Ordening na Internskapjaar in Bredasdorp
- Ds. Francois Muller – Ordening na Internskapjaar in Potgietersrus
- Ds. Fleetwood Grobler – Ordening na Internskapjaar in Westdene

**Teen druktyd was die volgende gemeentes vakant (sommige gemeentes word bedien deur proponente en ander deur emeriti onder kontrak - Bid asseblief vir hierdie gemeentes):**
Barrydale, Belfast, Benoni, Klerksdorp, Meyerton, Nelspruit (ds. Peet Schoeman [em.]), Oos-Londen, Orkney (ds. Willie du Plessis [em.]), Phalaborwa, Port Elizabeth-Wes, Springs, Uniondale (ds. Johan Botha [em.]), Ventersdorp, Vereeniging, Vryheid, Warmbad.

# Sekerheid van saligheid

Môre vriende. Ek is so dankbaar om nog 'n geleentheid te kon ontvang om met julle te gesels. Gelukkig moet ek weer kerk toe gaan vanoggend. Die Here het hierdie manier voorsien sodat ons nog steeds met mekaar kan praat.

Soos julle kan sien, is die opskrif "Sekerheid van saligheid". Wat sal dit eintlik beteken? Salig beteken om gered te word van 'n ewige verderf. Ons moet onsself gedurig vra- is ek seker waar gaan ek myself bevind as ek vannag te sterwe kom? Of, as Jesus binne die volgende 24 uur kom om sy bruid te kom haal, is ek deel van sy bruid? Kan ek absoluut met vrymoedigheid sê: Ek is gereed om my Verlosser te ontmoet. Daar is net een van twee plekke wat ek kan gaan na my dood en dit is die hemel of die hel. Daar is mense wat vandag sê: "Neewat, ek glo nie dat daar 'n God is nie. Ek lewe soos ek wil. As ek doodgaan, dan vergaan my liggaam en daar bly niks oor nie." Daar staan egter geskrywe in **Ps.14:1-3** ***Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg en afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie.*** **2** ***Die Here het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra.*** **3** ***Hulle het almal afgewyk, tesame het hul ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, ook nie een nie.***
'n Dwaas praat so. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde. Neem byvoorbeeld 'n gebou. Hoe het die gebou ontstaan? Daar was 'n kundige argitek wat die gebou ontwerp het en toe het die bouers gekom en dit fisies met hul hande gebou. Neem byvoorbeeld 'n skildery. Het die skildery dit self geskilder? Nee, die skilder het met baie kundigheid en diepe insig dit geskilder.

Dan móét daar 'n groot Skeppergod wees wat die heelal en die aarde en al die hemelliggame gemaak het. Dit kan onmoontlik nie vanself ontstaan het nie. En hierdie God het ons as mense ook geskape. Elkeen van ons is deur Hom geskep. Ongelukkig het die eerste mense in sonde geval. Adam en Eva het gesondig deur ongehoorsaam te wees aan God se wet en dit het hulle duur te staan gekom deurdat hulle uit die perfekte Paradys uitgesit is en hulle moes in die sweet van hulle aangesig 'n lewe maak. Ons is almal afstammelinge van hulle en daarom is ons almal sondig.

Geen sonde sal in die hemel toegelaat word nie. Ek kan nou redeneer dat ek darem nie so sleg is nie; inteendeel, ek doen soveel goeie dinge. Ek gee om vir ander mense. Ek vloek nie en ek rook nie, ek het opgehou om te drink, en so kan ek al my goeie dade voorhou. Die Bybel verklaar dat die beste daad wat 'n mens kan doen, is soos 'n vuil kleed voor die Here. Dit is wegwerplik voor Hom.

Goed, kom ons toets onsself aan die Tien Gebooie van God wat in Exodus 20 opgeskryf is. Het jy al 'n leuen vertel? Ja, ons almal het al leuens vertel. Dit maak ons natuurlik leuenaars. Het jy al iets gesteel? Ja ons het almal al iets gevat wat nie aan ons behoort het nie, al was dit net 'n potlood of iemand se vrugte sonder die eienaar se toestemming geneem. Dit maak ons natuurlik diewe. Het jy al egbreek gepleeg? Jy kan redeneer dat jy nog nooit fisies aan 'n ander vrou gevat nie. Die Here Jesus het self gesê in **Matt.5:28** ***Maar ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg het.*** Dink jy dat jy nog so 'n goeie mens is?
Het jy al moord gepleeg? Nie? Die Here sê in sy Woord dat deur van iemand te skinder agter sy rug en om vir hom kwaad te wees sonder rede, is jy 'n moordenaar. Ons sien dat ons almal skuldig is en die dood verdien, want daar staan geskrywe **Rom. 6:23** ***Want die loon van die sonde is die dood.***
Meet jouself aan die gevolgtrekking hierbo. Alle mense is leuenaars, diewe, moordenaars en egbrekers. Het jy al die Naam van God as 'n vloekwoord gebruik? Dit staan duidelik in die tien gebooie dat ons dit nie moet doen nie, want jy sal nie ongestraf bly nie. Wat kan die mens doen, want geen moordenaar of dief of leuenaar of egbreker sal in die hemel toegelaat word nie. Alle mense verdien eintlik om in die ewige helse vuur gegooi te word.

Ek het wonderlike nuus. Daar is 'n manier om die ewige verderf vry te spring. Sy Naam is JESUS CHRISTUS. Hy het uit die hemel gekom om ons te kom soek en te red van 'n ewige verderf. Jesus was absoluut heilig sonder enige sonde toe Hy op aarde was. Net HY kon in ons plek aan die kruishout sterwe. Hy het dit gedoen en net voor Hy gesterf het, het Hy in **Joh. 19:30** uitgeroep ***Dit is volbring!*** Hiermee het Hy bedoel dat Hy die volle prys betaal het vir alle mense se sondes van alle tye.
As jy skuldig bevind word in die hof en gevonnis word vir tien jaar en iemand kom in en sê vir die regter: "Ek sal vir die skuldige instaan, ek sal sy vonnis uitdien", dan moet die regter jou vrylaat. Iemand anders gaan dan tronk toe. Dit is wat JESUS CHRISTUS vir ons gedoen het. Elke mens moet kom buig voor die kruis met 'n gebroke hart skuld beleidenis doen en kom vergifnis vra by Jesus en Hy sal jou vergewe. Jesus het gesê in **Joh.14:6** ***Ek is die weg, die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.***

Vriende, sekerheid van saligheid verkry ons net van Jesus. Hy staan op hierdie oomblik met ope arms en wag vir elke mens wat besef hoe sondig hy is en verlossing daarvan nodig het. Jesus is getrou om jou al jou sondes te vergewe en jou te red van 'n ewige verderf. Hy is baie lief vir jou en wil hê dat jy eendag saam met Hom in die hemel sal wees. Moenie uitstel nie. Kom nou na Hom en maak jou saak uit met Hom. Wees verseker dat jy vir Jesus Christus nodig het, want Hy het die volle prys vir jou sondes betaal met sy eie bloed.

Vrede vir julle.

**Reynier Strydom**
**Worcester**

## Briewe aan my seun

# Sommige Pa's is Wonderlik



My liewe seun,

***"My vader!" "En hy antwoord: Hier is ek, my seun!"*** So verloop 'n intieme verhouding tussen 'n seun en sy vader in **Gen. 22:7**.

Dikwels het ek in die verlede al gewonder wat dink ons hemelse Vader van my, maar toe ek met Vadersdag 'n tydjie gelede jou kaartjie ontvang (baie dankie) en gelees het, het ek gewonder wat dink jy en jou sibbe van my? Ek vra nie die vraag ter wille van myself of om gekomplimenteer te word nie, maar ter wille van jou – die indrukke wat ek op jou jong gemoed gelaat het, was vormend in jou karakter. Selfs op geestelike gebied was ek vir jou 'n rolmodel waarin jy vandag aangemoedig word – of dalk ontmoedig word – om die Here, die God van jou vader, te soek.

Maar, kom ons kyk eers wat sê 'n paar ander outjies van hulle pa's. In 'n boekie wat onlangs in Australië uitgegee is, word 'n pa as volg opgesom: "Iemand wat sy kinders hoog in die lug opgooi, maar hulle nooit mis vang of laat val nie. Hy kyk TV terwyl hy slaap." 'n Ander knapie sê weer: "Ek hou van my pa, want toe ek vyf was, het hy saam met my rugby gespeel. Maar, nou kan hy nie meer rugby speel nie, want hy is 30." In dieselfde boekie sê 'n ander seun: "My pa is iemand wat jou laat voel iemand wil jou hê wanneer niemand anders wil nie. My pa werk die hele dag vir my, ook naweke. Hy gee my stywe drukkies. Ek is lief vir hom, want hy het vir my die wonderlikste geskenk gee – liefde!" So word vaders gesien deur die oë van hulle kinders.

Wanneer dit egter by die geestelike vorming kom, my seun, raak die saak baie diep en ernstig. Soos ek hierbo in my brief reeds te kenne gegee het, kan die voorbeeld 'n seun of dogter geestelik aanmoedig of byna onherstelbaar beskadig. Tim La Haye vertel van 'n seun wat soos volg skryf: "My vader het 'n wonderlike Skrifkennis en is 'n begaafde onderwyser in die Skrif, maar hy is soos 'n kokende pot wat enige tyd kan oorkook. Sy tong is soos 'n skerp swaard en hy takel my heeltyd af terwyl ek 'n diep behoefte het aan sy aanvaarding en goedkeuring. Hy is onsensitief vir ons behoeftes. Hy maak my so kwaad dat ek sy God haat en kan nie sy God liefhê nie. Ek sien hom ook as 'n kwaai Tiran wat my altyd dophou om te sien wat ek verkeerd doen. Dit is vir my moeilik om die liefde van God te ervaar." My seun, dis woorde soos hierdie wat my die hand in eie boesem bring. Watter Godsbeeld het ek aan jou jong en oop gemoed oorgedra? Hoe sien jy vandag ons Hemelse Vader?

'n Ander seun skryf ook aan Tim La Haye: "My vader is 'n uiterste kritikus, en negatiewe denker. Dit ontwrig my geheel." Vandag erken ek dat daar tye in my lewe was dat ek onredelik op ander kerke en mense gefokus het, geskrifte en mense se sêgoed onder 'n vergrootglas geplaas het. O, ek was so krities, so klinies, so wetties en so liefdeloos. Vandag hoop ek tog dat jy die verandering in my lewe kon sien nadat ons hemelse Vader my hart gereinig het en gevul het met sy Gees van Liefde!

Watter beeld was in Isak se gemoed toe die Here in later jare met hom praat en sê: "Ek is die Here, die God van jou vader Abraham?" My seun, ek hoop vandag, nadat jy uit die huis is en wanneer jy op jou knieë gaan, jy in staat is om soos volg te kan bid: "Here, God van my pa, ek roep U aan . . .".

Jou moeder stuur groete, sy't kamer toe gegaan en hou stiltetyd. Ek hou daarvan om laat in die aand vir jou te skryf, dan met die Here te praat in gebed voor ek gaan slaap – nag, my seun.

**Jou liefdevolle vader.**

### Intekening en betaling

Vir die nuwe jaargang is daar geen verhooging vir gemeentelike intekenare nie, maar 'n nuwe berekening vir buitelandse intekenare - sien asseblief die volgende:

Intekengeld beloop R110 per jaar (binnelands) en R440 per jaar (buitelands). Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate, asook buitelandse intekenaars, moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Die kussing in jou bootjie

Vroueblad...

'n Groepie vroue was onlangs in groot benoudheid toe hul boot in die branders by St. Lucia omgeslaan het tydens 'n visvangkompetisie vir vroue. Nee, die Skipper aan stuur was nie 'n vrou nie... ingeval jy wonder! Deur die Here se genade was almal veilig, alhoewel een vrou eers vir vyf en twintig minute onder die boot vasgekeer was.

Ons lees in Markus 4 die merkwaardige gebeurtenis van Jesus en sy dissipels wat hulself ook in 'n bootjie in 'n groot storm bevind het op die see van Galiléa. Die see van Galiléa is eintlik 'n varswatermeer wat omring word deur berge. Die meer kan vinnig onstuimig raak vanweë die koue bergwinde wat meng met die warm tropiese lug rondom die meer, asook vanweë die verandering in lugdruk. Galiléa-meer is die laagliggendste varswater meer in die wêreld. Dit is 215 meter onder seespieël. Die meer is ook nie 'n baie diep nie, en daarom word die water maklik omgeskommel deur winde.
Meeste van Jesus se dissipels het so te sê óp die see van Galiléa grootgeword en ken daardie storms baie goed. Maar hiérdie spesifieke storm was anders, dit het gesoute vissermanne laat gil soos meisies en hul laat vrees dat hulle gaan sterf.

Hoe het hulle in hierdie storm beland? **Mark. 4:35** ***"En toe dit aand geword het op daardie dag, het Hy vir hulle gesê: Laat ons oorvaar na die ander kant."*** Jesus wou oorvaar, en ons gaan binnekort uitvind waarom. **Mark. 36** ***"En hulle het die skare verlaat en Hom, net soos Hy was, saamgeneem in die skuit;"*** Hierdie was die beste besluit wat hulle kon maak.

In ons geestelike lewens het ons ook die keuse om te maak. Gaan ons alleen probeer om oor die oseane van die lewe te vaar, of gaan ons Jesus saamneem in ons lewensbootjie? Ons ken nie die toekoms nie, en sal dit dan nie wys wees om Hom in jou bootjie te hê wat reeds die toekoms ken en wie ook Almagtig is nie?

Wanneer Jesus ín jou bootjie is, moet jy die volgende vier dinge doen:
**Eerstens** moet jy Hom gehoorsaam wees. Jesus sê: ***"Laat ons oorvaar.."*** **v.35**
Wanneer jy Christus volg in gehoorsaamheid, eis dit dat jy "oorvaar" en jou gemaksone verlaat en doen wat Hy sê al verstaan jy nie en ken nie die toekoms nie. Hierdie tydperk is 'n stilte-voor-die-storm-fase in jou geestelike lewe. Jy raak stil en hoor sy opdrag. Jy is bereid en gereed om te doen wat Hy sê. **Matt. 8:19** ***"Meester, ek sal U volg waar U ook al mag gaan."***

**Tweedens** moet jy storms verwag. **Mark. 4:37** ***"En 'n groot stormwind het opgekom, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat dit al vol wou word."*** Vriendin, moenie dink omdat Jesus in jou bootjie is dat jy gevrywaar is van storms nie. Inteendeel, die Woord leer ons dat hulle wat godvrugtig in Christus wil lewe, sal vervolg word (**2 Tim. 3:12**), en menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit die almal red die HERE hom (**Ps. 34:20**). Soos ek reeds genoem het, was hierdie nie 'n normale storm nie. Let op wie het die storm veroorsaak: Die Sielevyand. Hoe weet ons dit? Want ons lees: ***"Hy (Jesus) het opgestaan en die wind bestraf.."*** **v.39** Jesus sal nie iets bestraf wat die Vader stuur nie. In Markus 5 sien ons waarheen hulle bootjie op pad was en waarom Jesus wou oorvaar. Want aan die ander kant van die meer was die besetene van Gádara. Die Satan wou verhoed dat hul oorvaar want hy't geweet Jesus gaan die besetene aan die oorkant verlos. Dikwels probeer die Satan ons verhoed om vir die koninkryk iets te beteken. Ons moenie onbekend wees met sy planne nie. Ons moet bedag wees op storms wat mag losbars, en daarom is dit noodsaaklik dat Jesus saam met jou in jou bootjie is. **Joh. 16:33** ***"in die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."*** Storms sál kom. Hierdie is dikwels die paniek-in-die-storm-fase. In ons menslikheid raak ons beangs wanneer dinge lyk of dit buite ons beheer is.

**Derdens** moet jy glo dat Jesus in beheer is.
Hierdie ene is seker die moeilikste. Om aan te hou glo wanneer jy in die krisis is en die Here is oënskynlik stil of afwesig. Dink hieraan: Jesus was ook in dieselfde bootjie, in dieselfde storm, maar het nie dieselfde reaksie as hulle gehad nie. Ons lees in **Mark. 4:38** ***"Maar Hy was agter op die skuit aan die slaap op die kussing."*** Die dissipels moes agterkom dat Jesus nie bedreig voel deur die storm nie - Hy verloor geen slaap oor ons storm nie, want Hy is in beheer. Jesus het geweet Hy sou nie sterf voor Sy bestemde tyd op Golgota nie. Jesus is alwetend, en Hy het voorgestel dat hulle oorvaar ten spyte daarvan dat Hy moes geweet het van die Satan se planne. Hy laat egter toe dat sy dissipels deur die storm gaan, want hul geloof moet op die proef gestel en gelouter word. Ons geloof vind uiting in situasies wat geloof verg. As ons nooit getoets word nie, kan ons nooit ons eie harte sien nie. In die storms leer ons om God te vertrou. **Ps. 46:11** ***"Laat staan en weet dat Ek God is.."*** **Ps.62:6** ***"Wees net maar stil tot God, want van Hom is my verwagting"***
Ons dink Hy gee nie om nie, want Hy is stil. Hy slaap. Maar Hy toets ons geloof. Die onderwyser is altyd stil tydens die toets. Hierdie is God-saam-ín-die-storm-fase.

**Vervolg op bl. 19**

# Koderaai No. 1 van 2023

Gebruik die leidraadletters en hul syferwaarde (kode) om die res van die raaisel te ontsyfer

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 19 | 4 | 23 | 23 | 12 | 19 | | 8 | 19 | 5 | 23 | 16 | 5 | |
| | 23 | | 23 | | 23 | | | | 26 | | 19 | | 7 | |
| 8 | 16 | 19 | 26 | 21 | 4 | 7 | | 24 | 25 | 5 | 19 | 25 | 5 | 19 |
| | 16 | | 4 | | 24 | | 26 | | 4 | | 25 | | 4 | |
| 13 | 23 | 20 | 25 | 4 | 25 | 5 | 4 | 25 | 7 | | 1 | 8 | 19 | 5 |
| | | | 12 | | 9 | | 23 | | | | 25 | | 9 | |
| | 19 | 20 | 5 | 4 | 9 | | 19 S | 8 O | 19 S | 9 T | 5 E | 16 N | 5 E | 19 S |
| | 20 | | | | 5 | | 19 | | 25 | | | | 16 | |
| 14 | 5 | 1 | 19 | 22 | 1 | 5 | 25 | | 20 | 25 | 1 | 1 | 5 | |
| | 4 | | 23 | | | | 5 | | 22 | | 5 | | | |
| 19 | 9 | 5 | 1 | | 14 | 23 | 26 | 20 | 23 | 16 | 19 | 26 | 23 | 22 |
| | 8 | | 7 | | 1 | | 5 | | 9 | | 5 | | 23 | |
| 1 | 8 | 8 | 25 | 19 | 5 | 5 | | 19 | 25 | 22 | 22 | 8 | 1 | 23 |
| | 16 | | 5 | | 7 | | | | 5 | | 9 | | 7 | |
| | 7 | 23 | 16 | 25 | 5 | 4 | | 19 | 26 | 8 | 5 | 16 | 5 | |

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 E | 6 | 7 | **8** O | 9 T | 10 | 11 | 12 | **13** |
| 14 | 15 | 16 N | 17 | 18 | 19 S | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |

Enkele leidrade vir hierdie eerste koderaai: Die letters is nie alfabeties nie; hoewel daar Bybelse name en/of boekname is, hou alle woorde nie noodwendig verband met die Bybel nie; alle woorde is Afrikaans; begin met die korter woorde, met die meeste bekende letters.

Geneem uit 'Bielie Bybelpretboek 4'. Gebruik met toestemming. Kopiereg © 2017 deur Marius Greeff

*Aangename Kennis:*

# Ds. Danie Klopper

**In watter dorp/stad is u gebore?**
Pretoria, 5 Nov. 1973

**Vertel ons iets van u kinderjare.**
Ek het grootgeword in Pretoria. My pa is oorlede toe ek maar net sewe jaar oud was. Dit het gemaak dat ek en my twee broers baie selfstandig moes grootword.
Ek het vanaf tandard 1 koerante afgelewer, en toe my oudste broer sien dat dit winsgewend is, het hy ook begin. Later toe my jongste broer oud genoeg was, het hy ook begin. So het al drie ons broers later koerante afgelewer en kon ons in ons eie sakgeld voorsien.
As kind het ek baie geworstel met die dood van my pa. Tog het ek nie regtig as 'n rebel uitgedraai nie. Alhoewel ek in die kerk grootgeword het en Sondagskool toe gegaan het, was ek verlore vir God se koninkryk.

**Waar het u skool gegaan?**
Laerskool Queenswood was net 'n halwe blok van ons huis af. Ek onthou hoe ons sommer skool toe gestap het, en dan in die winter geskaats het op die ryp wat op die rugbyveld gelê het. Vir hoërskool was ek in HTS John Vorster in Rietfontein in Pretoria. Ons was omtrent 1300 seuns en 8 meisies in die skool.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Dit was op die aand van 26 Maart 1990. Ek het die begeerte gehad om die aanddiens by te woon, maar niemand van my familie wou egter daardie aand saam gaan nie. Ek het toe alleen na die Gereformeerde Kerk Meintjieskop gegaan.
Daardie aand was daar 'n ander predikant wat gepreek het, omdat dit uitruil Sondag was. Ek kan nie sy diens onthou nie, maar die prediker het 'n uitnodiging gemaak aan die einde van die diens. Ek was skepties oor die uitnodiging van die predikant, omdat ek nog nooit so 'n boodskap gehoor het in die verlede nie.
Maar, die Here het 'n afspraak met my gehad. Daardie aand besef ek my verlorenheid. Vir die eerste keer in my lewe was ek bang om dood te gaan, want ek het geweet ek was op pad hel toe. Deur God se genade ontmoet ek daardie aand die Koning van die konings, Jesus Christus my Verlosser. Prys die Here! Ek was 16 jaar oud.



**Ds. Danie en Karen Klopper saam met Daniel, ten tye van ds. Danie en Karen se 49-ste verjaardag**

**Wanneer het u lidmaat geword?**
Ek en Karen is eers in 2002 deur haar skoonsuster na 'n diens van ds. Fred Haupt genooi by die EG Kerk Pretoria Oos. Na die eerste diens het ons weer en weer opgedaag vir die eredienste, bidure en alles wat die Kerk aangebied het. Ons was soos sponse wat die evangelie en lering ingedrink het. Dit wat asof ons net hierdie boodskap wou hoor. Ds. Haupt het later gevra of ons nie lidmate wil word nie en die res is geskiedenis.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2010 tot 2013 by Betshan III te Tiegerpoort, Pretoria.

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, ds. Johan Grobler van die EG Kerk Betesda, Roodepoort.

**Wie was u dosente?**
Drr. Willie Kotzé, André Bester, en Juan Mienie, di. Gerhard de Wet en Jurg Prinsloo.

**Vertel ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae.**
Dit was een middag net voor ete, terwyl ons in die Dogmatiekklas was. Dr. Juan Mienie het die klas aangebied en ek het hom gevra of ek die klok kan gaan lui vir ete.
Met die wat ek my stoel wou uitskuif, seil daar 'n rinkhals slang langs my skoen verby. Ds. Juan Vlok (van EG Kerk Witbank) het voor my gesit in die klas. Ek dink nie ek het "slang" klaar gesê nie, toe staan ds. Juan Vlok voor in die klas en dr. Mienie reeds by die deur van die klas. Hy het net gesê julle is verdaag... Ek het besef die Here het ons daardie dag bewaar, maar as ek vandag daaraan terugdink dan lag ek steeds oor hoe vinnig "sekere" mense padgegee het vir die slang. Ds. Woodford Kotzé (nou dosent by die kweekskool) het gehelp om die slang van kant te maak. Ek vertrou hy sal die slange onder beheer hou by die kweekskool.

**Hoe lank is u getroud?**
27 jaar met die mooiste vrou, 6 Jan 1996.

**Vertel vir ons hoe u, u gade ontmoet het?**
Ek was 'n jong werkende man van 21 en Karen 'n student van 21 jaar oud. Haar beste vriendin wat saam met haar studeer het, het met my broer uitgegaan. Sy speel toe Cupido en stel vir my en Karen aan mekaar voor. Ek en Karen was dus 'n "blind date". Vandag is die 2 vriendinne met die 2 broers getroud.

**Hoeveel kinders het u?**
Ons het net een seun, Daniël. Hy is nou 22 jaar oud, ongetroud en woon in Pretoria.

**Watter gemeentes het u bedien?**
Ons was werksaam in Westdene van die begin van 2014 tot Januarie 2018 en tans in een van die mooiste plattelandse dorpe, Fochville.

**Wat is u gunsteling dis?**
Ek eet redelik alles. Ek hou van lekker geurige kos, selfs afval. Of dit nou braai of kook of bak is, alles is heerlik. Ek spot soms, "Ek lyk so goed want ek eet so goed...!"

***Het u enige stokperdjie?***
Ek is baie lief om met my hande te werk. Ek hou van kosmaak, konfytkook (die pastorie het baie vrugtebome), en om iets te bou met hout of staal.

**Wat is u gunsteling vakansieplek?**
By die huis, by die see, of selfs in die berge is altyd lekker. Ek hou van die natuur.

**Watter boek/e het 'n impak op u lewe gemaak?**
Een van die eerste getuienisboeke wat ek gelees het, was "God se Smokkelaar" van Broer Andrew. Ek dink dit is 'n moet lees vir enige kind van God. Dan is daar talle boeke en kommentaarskrywes soos Wilmington, Matthew Henry, dr. Andrew Murray, Willie Marais, Charles Spurgeon, R.A. Torrey, R.C. Sproul, Paul Washer, Warren Wiersbe, Andy Stanley, Alistair Begg en nog vele meer...

## Vervolg van bl. 16

**Laastens** moet jy verwag om God se Almag in aksie te sien. ***"Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die golwe gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê en daar het groot stilte gekom."*** **v.39** ***"En 'n groot vrees het hulle oorweldig en hulle het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog dat selfs die wind en see Hom gehoorsaam is!"*** **v.41** Die dissipels het Jesus se menslikheid gesien deurdat Hy geslaap het, en hulle het Sy godheid gesien deurdat die natuurelemente voor Hom swyg.

God se almag moet ons vul met 'n heilige ontsag (vrees) vir wie Hy is. Wanneer ons God vrees hoef ons niks anders te vrees nie. God is nooit laat nie. Wanneer Hy opstaan en toetree tot die stryd moet die Satan, siektes en die see voor Hom buig. ***"Die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik"*** **Luk. 18:27** Daar het eers 'n groot storm losgebars, toe volg 'n groot stilte, wat lei tot 'n groot vrees vir God. Hierdie is die stilte-ná-die-storm-fase.

Liewe vriendin, hier lê 'n nuwe onseker jaar voor ons soos 'n oseaan wat ons moet oorkruis. Laat Jesus toe om op die kussing van jou lewensbootjie te slaap. Vertrou Hom om God te wees en in beheer al dink jy jy gaan vergaan en Hy gee nie om... Hy weet wat Hy doen en Hy toets ons geloof. "Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?" v.40


Kan jy Hom toelaat om op die kussing te lê, met die vertroue dat Hy stil in die agtergrond van jou lewe steeds in beheer is? Is Jesus "tuis" in jou lewe... het jy al 'n kussing vir Jesus in jou bootjie? Ek het hierdie gediggie vir jou geskryf:

**"Die kussing in my bootjie"**
*Ek nooi Jesus in my bootjie in,*
*nou gaan ons heerlik vaar…*
*maar skielik breek die storm los,*
*en Hy is nêrens te gewaar?*
*Die briesende branders baklei*
*om my bootjie te vul –*
*"Ek gaan vergaan en Hy gee nie om!" is al wat ek kan gil.*
*Dan staan Hy van Sy rusplek op,*
*beveel die wind en golwe om te stop.*
*Eerder moes ek onthou daar is 'n kussing op my boot –*
*En Hy Wie daarop slaap, is God*
*– oneindig groot!"*

**Groete in Christus**
**Karen Devenier**
**Middelburg**

# Waar is Emeriti?

*Die emeriti gaan aan u in geen spesifieke volgorde voorgestel word nie, maar soos die Redaksie die nodige inligting en foto's bekom.*



**Noemnaam en van:** Ds. Herbie en Elize Lyon
**Dorp waar u tans woon:** Lofdal, Ofcolaco
**Kontakbesonderhede:** Selfoon 082 906 0288
**Gemeentes wat u bedien het:** Louis Trichardt, Phalaborwa, Bethal, Secunda, Pretoria-Tuine
**Datum van ordening:** 31 Jan. 1998
**Datum van emeritaat:** 18 Jan. 2015
**Kort boodskap aan die Kerk:** Terwyl ons baie jare lank by die EG Kerk direk en indirek betrokke is, eer ons die Here vir die voorreg om Hom te kon leer ken en dien in die Kerk. Ook bid ons dat hierdie Kerk, altyd 'n rusplek vir 'n sondaar sal wees wat ook kan opgroei tot die wonderlike oorwinningspad wat Jesus vir ons gebaan het.

# 2023 PAASKONFERENSIES

Wes-Kaapse ring
7 – 10 April
Simonsberg Christian Centre
Hoofspreker: Dr. André Bester
Besprekings: Ds. Rassie van Staden
082 950 4702


Natal Paaskonferensie
7 – 9 April
Plek sal bevestig word
Besprekings: Suzanne-Marie Botha
079 828 2634

Eden Paaskonferensie
6 – 10 April
Eden konferensieterrein
Besprekings: Erika Bronkhorst
082 607 3320

Meer volledige besonderhede sal binnekort geplaas word op sosialemediaplatforms

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • Maart/April 2023 • #651



EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

- **Die Universiële Versoening**
- **Die Opstanding**
- **Getuienisse van Goddelike Genesing**

# ... van die Redakteur

'n Rukkie gelede kyk ek na 'n besielende boodskap op ons EG Kerk SA se YouTube-kanaal met die tema: "Die wonde van die Man wat my smarte dra". In hierdie boodskap is die gehoor en kykers weer eens herinner aan die diepe pyn en lyding wat Jesus Christus moes deurgaan om ons vry te koop met sy bloed om die ewige straf vry te spring – mits ons natuurlik Hom aanneem as Verlosser en Saligmaker. Jesus het verskeie wonde gehad naamlik: kneuswonde, snywonde, skuurwonde, steekwonde, verstuitingswonde en penetrasiewonde as gevolg van die doringkroon…

Graag word die woorde van Charles Spurgeon aangehaal waar hy sê: *"If He was pierced for our transgressions, this must mean that He was pierced for my transgressions too. If he was crushed for our iniquities, my iniquities must have been included. If the chastisement that brought us peace was upon Him, that means it can bring me peace as well… Then if by His wounds we are healed, then it must include my SPIRIT, SOUL and BODY."*

Die redaksie wens u elkeen 'n geseënde Paasfees toe en ons gebed is dat u, liewe leser, hierdie tyd gedurig sal dink aan die kruisiging en opstanding. Ook in hierdie uitgawe fokus ons op die **rooiletter-gebeure** op die kinders van God se kalender.

**Redakteursgroete**

**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**

**Voorbladfoto: Riaan Britz - Oribikloof van Lake Eland**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Jaargang 78**
**Maart/April 2023**
**Uitgawe #651**

# INHOUD

**3 Die Opstanding**

**4 Die Universiële Versoening**

**5 Huldeblyk: Ds. Boet van Rensburg**

**6 Christus se vleeslike lyding**

**8 Kweekskoolnuus**

**9 Die Here sal voorsien**

**10 Besetting, Bewoning, Betshan**

**12 Gemeentenuus uit Warmbad**
**Wes-Kaap se Kerkraadtoerusting-kamp**

**13 Die Silwerjeug hou konferensie te Eden**

**14 Getuienisse van Goddelike Genesing:** Naas van Wyk & Wilna Lategan

**16 Vroueblad:** My planne... of God s'n?

**17 Briewe aan my seun:** Jesus Christus, jou Metgesel

**18 Aangename Kennis:** Ds. Johan Alberts

**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R110 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Die Opstanding:

## onskatbaar of onderskat?

Vir die meeste van ons is die kruisdood van die Here Jesus die eerste aspek wat in ons gemoed opkom wanneer ons aan ons verlossing en regverdigmaking dink. Ons is natuurlik ook bewus van die Verlosser se opstanding uit die dood, maar dit is dikwels 'n baie minder prominente gedagte, en een waaraan ons waarskynlik net van tyd tot tyd dink, miskien nou meer tydens die Paasgebeure.

Hoe belangrik is die opstanding werklik in die hele verlossingsplan van God? En gee ons voldoende tyd en aandag daaraan in ons eredienste en prediking? Onderskat ons nie dalk die waarde en kosbaarheid van die opstanding nie?

Een aanduiding dat die opstanding van onskatbare waarde is, is die feit dat Sondag die dag van die Here is, waarop ons die opstanding gedenk, eerder as Vrydag, wat die dag van die kruisiging is.

Die opstanding is die kern van Petrus se prediking direk ná die uitstorting van die Heilige Gees. Hy verwys twee keer na die kruising, en wy agt verse aan die opstanding – Handelinge 2:24-32. Paulus benadruk in Romeine 1:4 dat die opstanding die goddelike verklaring is dat Jesus Christus wel die Seun van God is.

Die Woord verklaar as volg in **Romeine 4:25** ***(Jesus, onse Here) … wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking***.
Christus se sterwe aan die vloekhout het gehandel met ons sonde en die skuld daaraan verbonde. Geen ander offer kon die aakligheid hiervan versoen nie. Deur sy kosbare bloed is die prys ten volle betaal om ons met 'n heilige God te versoen. Hierdeur is die toorn en oordeel vir ewig van ons afgewentel. Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was waarlik op Hom! Maar dit was die opstanding wat ons regverdigmaking bewerkstellig. Kyk weer na **Romeine 4:25** ***… wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.***
Sy opstanding bewerk ons regverdigmaking. Regverdigmaking is die wetlike of regtelike aspek van ons verlossing. Dit is God wat my, doemwaardige sondaar, vryspreek van al my sonde asook van die loon van daardie sonde, naamlik die tweede dood. Hierdie vryspraak van God gee my die reg om sy kind te word en die ewige lewe deelagtig te word. Geen wonder dat die opstanding so 'n prominente plek in die Nuwe Testament, en in die apostels se prediking, beklee nie.

Die opstanding van die Here Jesus beteken dat Hy die dood oorwin het en die mag van die dood tot niet gemaak het. In **Openbaring 1:18** sê die Here self aan Johannes: ***"… en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood."***
Dit maak die christelike godsdiens totaal uniek - die enigste een met 'n Leier wat lewe!

Die opstanding het egter ander heerlike waarhede en implikasies ook. Die Woord vermeld beide dat Jesus uit die dood opgestaan het (Joh 10:17,18), en dat die Vader Hom uit die dood opgewek het (Hnd 2:24). Dat Hy opgestaan het, is die bewys van sy oorwinning oor die duiwel, die sonde, die graf en die dood. Dat die Vader sy Seun uit die dood opgewek het, is die bewys dat die offer van die Here Jesus voldoende was en dat ten volle aan die eis van God se geregtigheid voldoen is. Die heiligheid van God vereis dat die volle skuld van sonde vereffen moet word. Jesus se opstanding is die Vader se verklaring dat dit inderdaad só is.

Jesus se opstanding is daarom die grond vir ons regverdigmaking. Sy soendood word my toegereken asof ek self met die dood vir my sonde betaal het. Maar meer nog, Christus se volmaakte geregtigheid word my ook toegereken, asof ek self daardie heilige lewe geleef het! Regverdigmaking beteken dus nie net "asof ek nooit gesondig het nie", maar ook "asof ek 'n heilige lewe geleef het"!

Sonder die besef van hierdie heerlike waarheid sal ons nooit die volle vreugde van ons verlossing beleef nie. In sy lewe was Christus ons plaasvervanger in gehoorsaamheid, in sy sterwe was Hy ons plaasvervanger in straf, in sy opstanding is Hy ons plaasvervanger in regverdigmaking.

In hierdie Paastyd gedenk ons die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die mensdom. Jesus is oorgelewer ter wille van ons misdade en is opgewek ter wille van ons regverdigmaking! Mag die krag van Goeie Vrydag en die oorwinning van Paassondag ons deel wees die hele jaar.

**Ds. Wimpie Snyders**
**Vredendal-Olifantsriviergemeente**



# Die Universiële Versoening

**1 Tim. 2:3** ***Want dit is goed en aangenaam voor God ons Verlosser wat wil hê dat alle mense gered word en tot die kennis van die waarheid moet kom.***
**1 Joh. 2:2** ***En Hy is 'n versoening vir ons sondes. En nie alleen vir ons sondes nie, maar ook vir die van die van die hele wêreld.***

**1. God het alle sondaarmense lief**
Deur die sondeval van Adam en Eva word alle mense in sonde ontvang en gebore. Daarom is alle mense verlore en is dit die wil van God dat ALLE MENSE gered moet word! Dit is die boodskap van die Bybel, die Woord van God, die algehele wil van God.
God het nie witbroodjies of swart skape nie; daarom is dit totaal onwaar dat God net sommige wil red en dat al die ander maar net verlore moet gaan. Die fundamentele waarheid van God se boodskap is: DAT GOD ALLE SONDAARMENSE LIEFHET – **Joh. 3:16** ***Want so lief het God die wêreld gehad...*** d.w.s. alle mense... ***dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.***

Niemand is uitgesluit van God se sondaarsliefde nie – **Rom. 10:9** ***As jy met jou mond die Here Jesus en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.*** **Joh. 15:13** ***Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.***

𝄞 "Wat 'n vriend het ons in Jesus, Hy wat in ons plek wil staan! 𝄞

Joh. 10 leer ons duidelik dat die goeie Herder sy lewe aflê vir sy skape! Die uitnodiging is in **Matt. 11:28** ***Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. 29 ... en julle sal rus vind vir julle siele***
In **1 Tim. 2:5** staan daar geskrywe: ***Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.*** Duidelik is alle mense ingesluit in God se liefde.

**2. Dit is goed en aangenaam voor God wat wil hê dat alle mense gered word**
**Openb. 22:17** ***En die Gees en die bruid sê: Kom! ... En laat Hom wat dors het kom en laat Hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.*** In **Joh. 4:14** sê Jesus vir die vrou by die put van Sigar: ***Maar, elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie.***
Net so kom die uitnodiging in **Jes. 55:1** ***o, Almal wat dors het, kom na die waters… 3 Neig julle oor en kom na. My toe, luister en julle siel sal lewe; … 11 so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie.***

**3. Die versoening van Jesus is lankmoedig**
**2 Pet. 3:9** ***Die Here vertraag nie die belofte (van sy wederkoms) soos sommige die vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.*** Daar is 'n wonderlike Hallelujalied 180 waarvan vers 1 lui: "Die Gees stry, o, sondaar en soek jou behoud…". Voorbeelde hiervan is die verlore seun en die vader wat op hom wag. Uiteindelik sê hy in **Luk. 15:18** ***Ek sal opstaan en na my Vader gaan en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig… 20 En hy het opgestaan…*** Luk 15:4 praat van die herder wat agter die verlore skaap aangaan om hom te soek – totdat hy dit kry en vir sy vriende sê om saam met hom bly te wees, want hy het sy verlore skaap opgespoor.

**4. Die universele versoening sluit goddelike genesing van my fisiese liggaam in.**
**Jes. 53:4** ***Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte díe het Hy gedra; … 5 Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor... (vergifnis) 6 ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom*** (liggaamlik). Die profesie van Jesaja sê dat genesing ingesluit is in sy versoening! Hierdie profesie is letterlik vervul toe Jesus in Petrus se huis gekom en sy skoonmoeder van die koors genees was en baie ander siekes; almal wat ongesteld was het Hy gesond gemaak (Matt. 8:16), sodat vervul sou word wat gespreek is deur die profeet Jesaja toe hy gesê het dat Hy, Jesus, ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra het aan die kruis. Ook in die Ou Testament het die Here vir die Israeliete gesê: "Ek is die Here wat julle gesond maak". **Jak 5:14** ***Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. 15 En die gebed van die geloof sal die kranke red… selfs as hy sonde gedoen het sal dit hom vergewe word.*** Goddelike genesing is dus ingesluit in die universele versoening van Jesus aan die kruis van Golgota.

**Vervolg op bl. 6**

# Huldeblyk: Ds. Boet van Rensburg

Die Here het vir ds. T.J.J. Janse van Rensburg, of soos hy alom bekend is, oom Boet, op Maandag, 6 Februarie 2023 – in die rype ouderdom van 94 jaar – kom haal om by Hom te wees. Hy het die goeie stryd gestry, hy het die wedloop voleindig, hy het die geloof behou. Ons harte is seer, maar ons weet dat hy uitgesien het daarna om by die Here te wees. Mag sy lewe ons elkeen inspireer om ook so lief te hê en te leef, dat ons ook eendag die prys kan behaal. Oom Boet was 75 jaar lidmaat van hierdie kerk tot en met sy afsterwe.

Oom Boet van Rensburg is finaal te ruste gelê op 15 Februarie 2023 na die begrafnisdiens vanuit die Pretoria Noord – Maranatagemeente. Talle leraars van die kerk het 'n gepaste erewag gevorm by die kerk en by die begraafplaas. Ds. Danie van Rensburg (em.) het beide die diens en teraardebestelling waargeneem.

'n Seder het geval – **2 Kon. 4:9** ***… Kyk tog, ek merk dat dit 'n heilige man van God is wat gedurig by ons verbygaan; (verbygegaan het)***



**Ds. Boet van Rensburg word te ruste gelê**

**Onder: 'n Erewag gevorm deur leraars van die kerk**



# Christus se

**1 Pet. 4:1** ***"Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde,"***

Wanneer ons die woord lyding hoor bring dit gedagtes van pyn, smarte en 'n seer, swaar gevoel gaan daarmee gepaard.
Wanneer ons dink aan die lyding van Christus en ons dit verstaan, soos wat die Skrif ons leer, hoe Hy gely het. ***"Hy was soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg..."*** **(Jes. 53:3)** 'n Gemartelde, verskeurde, bebloede Here Jesus… dan veroorsaak dit 'n paradoks in 'n mens se binneste, want dit wat ons geestesoog sien en ons hart beleef is seer en pyn om Jesus so te sien.

Tog weet ons as bloedgewaste, dat sy vleeslike lyding, dood en opstanding vir ons 'n ewige verlossing, nuwe lewe en ewige lewe bewerk het. Nou kan ons leef in ewige gemeenskap met Hom.
Omdat Hý gely het, kan ons lyding verdra, omdat Hý gesterf het, is ons dood vir die sonde, omdat Hý opgestaan het, sal ons leef saam met Hom tot in ewigheid! Dit bring in ons gemoed 'n kalmte, vreugde en vrede wat alle verstand te bowe gaan.

In dié brief van Petrus kom bemoedig hy die volgelinge van die Here Jesus Christus. Hulle het juis erge vervolging beleef en natuurlik daarmee gepaard – lyding.
Jesus het vir ons gely na die vlees, sodat ons kan klaarkry met sonde en vir Hom kan lewe, ***"… wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is."*** (**1 Pet. 2:24**).

Hy bemoedig hulle met die wete dat wanneer hulle ly, dit tot eer en verheerliking van God strek, "**14** ***Maar as julle ook moet ly ter wille van die geregtigheid, salig is julle. En vrees hulle glad nie, en wees nie ontsteld nie.*** **17** ***Want dit is beter, as die wil van God dit eis, dat julle ly wanneer julle goed doen as wanneer julle kwaad doen."*** (**1 Pet. 3:14;17**).

Dis belangrik om te weet, dat dit die wil van God is, dat ons moet ly. Want wanneer ons ly, dan kom 1 Pet. 4:1 in werking.
Christus het vir elke mens na die vlees gely, ***"Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;"*** (**1 Pet. 3:18**).

Verder gee Petrus aan hulle die opdrag – wat vir ons vandag ook geld – dat ons gewapen moet wees met dieselfde gedagte. Gewapen, is 'n militêre term wat verwys na wanneer iemand hul ten volle beklee met die nodige wapenrusting en sodoende gereed is om te veg. Ons is in 'n geestelike oorlog betrokke en alhoewel ons lyding na die vlees is, voer ons die oorlog nie na die vlees nie, **"3** ***Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;*** **4** ***want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,*** **5** ***terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,*** **6** ***en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is."*** (**2 Kor. 10:3-6**)

Ons moet onsself wapen met dieselfde gedagte, die gedagte van Christus, die gesindheid waarmee Hy gely het. Gaan lees gerus Fil. 2:5-11. Deur onsself te wapen met dieselfde gedagte, neem ons dieselfde gesindheid aan as Christus, wanneer dit kom by lyding en veral om onskuldig te ly.
Petrus maak aan ons dit baie duidelik dat hy 'n ooggetuie was van hierdie dinge, hoe die Here Jesus se gesindheid was toe Hy die Via Dolorosa gestap het. ***"… wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel;"*** (**1 Pet. 2:23**).
***"Die wat na die vlees gely het"***, gaan oor die wat fisies ly in die liggaam, lyding beleef a.g.v. die goddelose wêreld. Ek glo baie min van ons ly regtig in die liggaam a.g.v. vervolging, hier in Suid-Afrika het ons nog redelike godsdiensvryheid.
Is dit dan net dié, wat in lande waar daar erge vervolging is, op wie die teks van toepassing is? Nee, die kerngedagte hier gaan oor om met Christus te identifiseer. Soos vroeër genoem, Hy het vir die sonde gesterf, sodat ons dood kan wees vir die sonde, en vir Hom leef.

Daarom skryf Petrus tereg, wie na die vlees gely het, m.a.w. saam met Christus gely het, dit is om met Hom in waarheid te identifiseer, in Hom te wees, dat so persoon opgehou het met sonde.
Dit beteken natuurlik nie dat ons nie meer sonde doen of kan doen nie, dit verwys na ons verhouding teenoor sonde as kind van God. Ek hou van die een Engelse verduideliking van die woord "opgehou": *"have got release from sin; no longer stirred by its incitements and seductions."* Die sonde heers nie meer oor ons nie, 'n ware bloedgewaste volhard nie in sonde nie. (Rom. 6:14; 1 Joh. 3:9).

Dit is in ons verhouding met Christus, om te deel in sy lyding, wat ons groei in heiligmaking (1 Pet. 1:15). Dit is hier waar vers twee in werking kom; ***"om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die***

# vleeslike lyding

***mense te leef nie, maar volgens die wil van God.”*** (**1 Pet. 4:2**). Die KJV stel dit as; *“lusts of men”* om dit nog duideliker te maak: *“desire for what is forbidden”*. Ons leef nie meer volgens ons sondige begeerlikhede nie, die tyd wat ons oor het op aarde leef ons nou vir God, om Hom gehoorsaam te wees. ***“Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie.”*** (**1 Pet. 1:14**).

Daarom kom die mooi gedagte na vore, wanneer ons dink aan lyding in ons lewe as kind van God, dat ons identifiseer met Christus op 'n sekere vlak, waar ons Hom beter leer ken en met Hom intiem verkeer en groei in ons verhouding met Hom ***“... sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word...”*** (**Filip. 3:10**).

Mag ons elkeen, óns wat op 'n dag onsself verloën het, ons kruis opgeneem het, dit steeds elke dag opneem en gekies het om Jesus te volg, ons wapen met dieselfde gedagte, die gedagte van Jesus se vleeslike lyding. Hy het vir ons sondes gely en gesterf sodat ons in ons identifisering met sý lyding, veral wanneer ons self ook ly, kan groei in ons verhouding met Hom, in gehoorsaamheid en in dié wete en ervaring, dood is vir die sonde.

Ons sluit af met die teks, soos Petrus sy tweede brief ook tereg eindig; ***“Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen.”*** (**2 Pet. 3:18**).

**Ds. Johan Alberts**
**Kriel**

---

# Die Universiële Versoening

## Vervolg vanaf bl. 3

**<u>5. Om gereed te wees vir die wederkoms van Christus is ingesluit in sy versoening.</u>**
**Matt. 24:42** ***Waak dan omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie 44 Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die Mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.*** Met ons redding uit sonde plaas die Here ons eenkant, afgesonder vir die Here. DAN begin ons heiligmaking en geestelike groei om ons gelykvormig te maak aan Jesus en gereed vir die wederkoms. **1 Thess. 4:7** ***Maar God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.*** Dit wil sê afgesonder, oorgegee en toegewy aan die Here. **1 Pet. 1:15** ***Maar soos Hy wat julle geroep het heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig word.*** Ons sielelewe na ons redding moet in 'n proses van heiligmaking SKOON gemaak word. **Gal. 5:16** ***Wandel deur die Gees dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie.*** Laat ons wandel in die voetspore van die Here Jesus… **1 Joh. 1:7** ***Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar;*** (verbondenheid met God en sy kinders) ***en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.*** Maar, nou vind ons dat daar 'n stryd is tussen die vlees en die gees… Paulus getuig in **Rom. 7:22** ***Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens.*** Maar, ons sien 'n ander wet wat stryd voer in my lede, wat 'n stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde – ERFSONDE. **Rom. 7:24** ***Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?*** Die antwoord lê in vers **25 Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!**
Die OPLOSSING is die reiniging van my hart en die vervulling met die Heilige Gees. Dawid bid in **Ps. 51:12** ***Skep vir my 'n rein hart, o God,*** (net deur die bloed van Jesus) ***en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.*** **Hand. 1:8** ***maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor jul kom, en julle sal my getuies wees…*** **1 Kor. 15:57** ***Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus***.
Dit is 'n geesvervulde lewe van oorwinning oor sonde, om te getuig, om te bid en om versoeking te weerstaan – 'n lewe van volharding tot die einde toe. **Filip. 4:13** ***Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.***

Die Here help u daartoe, amen.

**Ds. Japie Herbst (em.)**
**Port Elizabeth**

*U word uitgenooi om vir ons artikels en getuienisse, asook gemeentenuus, in te stuur. Sien bladsy 2 vir meer inligting en epos adres.*

# KWEEKSKOOLNUUS

**Eerstejaars word verwelkom**
Op Dinsdag, 10 Januarie 2023, het die kweekskool se aktiwiteite 'n aanvang geneem met die verwelkoming van die nuwe eerstejaars. Die dag is begin met 'n oriëntasiegeleentheid, waarna 'n heerlike braai gehou is en almal lekker gesellig kon verkeer. By hierdie geleentheid het die eerstejaars elkeen die geleentheid gekry om hul getuienis van redding en roeping met almal te deel. Woensdagoggend is met die openingskonferensie begin waartydens ds. Ferdie Devenier van Middelburg as hoofspreker die Woord bedien het. Die ander boodskappe is deur die dosente, sowel as ds. Gerrie van Dalen waargeneem. Ons dank die Here vir sy Woord wat onveranderd bly en vir elke boodskap wat in krag en waarheid kon uitgaan. Die studente en persone teenwoordig is herinner aan die groot verantwoordelikheid wat met hul roeping gepaard gaan. Die laaste diens is Vrydagoggend afgesluit en die konferensie kan as niks anders as geseënd beskryf word nie. Ons eer die Here vir die werk in die predikante se harte en mag Hy ons getrou hou aan sy roeping oor ons lewe.

**Nuwe dosent en viseprinsipaal**
Nadat ds. Wynand van Niekerk die beroep as dosent aangeneem het wat tydens die Algemene Sinodale Kommissie in 2022 uitgebring is, het die kweekskool op 13 Januarie 2023 die nuwe dosent en sy gesin verwelkom. Die bevestigingsgeleentheid, wat deur die voorsitter van die Beheerraad, ds. Gerrie van Dalen, waargeneem is, het in Januarie plaasgevind waarna hul werksaamhede amptelik begin het. Die predikante teenwoordig het elkeen geleentheid gekry om hul die Here se seën toe te bid vir hul werk in die nuwe bedieningsveld. Na afloop van die verrigtinge is daar heerlik saam geëet en gekuier in die restaurant.

Ds. Wynand is intussen tot viseprinsipaal van die kweekskool gekies en sal onder andere vakke soos Kerkgeskiedenis, Ou Testament, Eskatologie, Polemiek en Kinder-evangelisasie doseer. Ons bid hul die Here se seën toe met die belangrike taak waartoe Hy hulle geroep het.

**2 Tim. 2:2** ***en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer.***

**Mev. Nushka Kotzé**
**Kweekskool**



**Ds. Wynand van Niekerk en gesin**

## Koringare

*Dit is beter om nie te lewe nie, as om nie lief te hê nie.*

*Karakter groei in die stroom van die lewe.*

*Geloof stel ons instaat om meer te sien as wat daar te sien is, om die onsienlike te sien.*

# DIE HERE SAL VOORSIEN!

Februarie 2017 het Volksrustgemeente begin om voorsiening te maak vir vier Kinderbedieningsklaskamers asook 'n Kinderbedieningsaal. Die behoefte aan klaskamers het drasties verhoog as gevolg van die genade van die Here wat gedurig nuwe maats bygevoeg het.
Verskeie projekte is geloods om die bouprojek te finansier onder andere kosverkope by kwartaallikse veilings, verkoop van braaihout en nog vele meer.

Terwyl die Covid-19 pandemie vroeg 2020 ons land so te sê tot 'n stilstand gebring het en nuwe uitdagings die kerk in die oë gestaar het, het die hand van die Here kragdadig begin werk om 'n stuk fondasie in 'n voltooide gebou te verander.
Die gemeente kon gedurende 2021/2022 groot vordering maak as gevolg van mense wat deur die Here gelei en gestuur is om donasies te maak en gratis professionele kundigheid beskikbaar te stel, om hierdie projek te finaliseer. Ook het lidmate en dominee vele maal self ingespring om installasies en werk te doen om fondse te bespaar, nie altyd sonder beserings nie, maar darem met goeie herinneringe.

Die bouprojek is in afsonderlike boufases ingedeel om te verseker dat daar genoeg finansies is vir elke fase, en soos ons nader aan die einde van een fase gekom het, en nie geweet het waar die finansies vandaan sou kom vir die volgende fase nie, het die Here reeds getrou voorsiening gemaak daarvoor.
Eindelik, op 19 November 2022 is die nuwe geboue ingewy met 'n gesellige byeenkoms. Ds. Francois du Toit het 'n kort en kragtige boodskap gelewer en die gedenksteen is deur hom ingewy.




Met die bou van hierdie saal en klaskamers het soveel getuienisse ontstaan, wat vir altyd sal bly staan tot eer van die Here.
Hiermee wil die kerkraad vir een en elk wat bygedra het tot hierdie projek bedank, hetsy dit finansieel, fisies of deur gebed was, asook persone wat nie deel van ons gemeente is nie wat gehoorsaam was aan die stem van die Here.

Daar is 'n groot en belangrike geestelike les wat elke gemeente en kind van God hieruit kan leer. Wanneer dit menslik onmoontlik is, is dit moontlik by God. Hy is die Een wat voorsien, bo ons denke.
Mag die gemeente hierdie geboue gebruik om die kinders te akkommodeer waarmee die Here hul toevertrou tot eer van sy groot Naam.

**Genesis 22:14** ***"En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word."***
Jehovah-Jireh – Die Here sal voorsien.

**Die kerkraad**
**Volksrust**



# Besetting, Bew

**Opmerking:** Hierdie is 'n verkorte uittreksel uit die laaste hoofstuk van my boekie ***"Van Egipte na Kanaän"***. Vir 'n meer volledige beskrywing kan u dit bekom en lees. Hierdie uittreksel word voorgehou om daaroor te besin en na te dink.

Toe die land rus van oorlog, moes hulle oorgaan **van Verowering na Besetting**. Die **beslissende slag is gelewer**, die sleutelstede sowel as alle opponerende bondgenootskappe is verwoes. **Jos. 11:23** sê dat die ***hele land ingeneem*** is en gerus het van oorlog. Nou lê **13:1** voor, die ***in besitname***. Daardie **verowerde gebiede moes nou beset en bewoon** word. Dit gaan tyd neem, dit is nou voortaan 'n proses van **"in besit neem"**.

**Núm. 33:53** ***"En julle moet die land in <u>besit</u> neem en <u>daarin woon</u>; want Ek het die land aan julle <u>gegee om dit te besit</u>."***
**Deut. 11:8** ***"Onderhou dan al die gebooie wat ek jou vandag beveel, dat julle sterk kan wees en inkom en die <u>land in besit neem</u> waarheen julle oortrek om dit <u>in besit te neem</u>,"***

So is vir ons ook die **oorwinning reeds op Golgota** behaal. **Ef. 1:3** vertel dat God ons geseën het met ***alle geestelike seëninge in die hemele in Christus Jesus***. Dit moet egter ook deur ***praktiese toe-eiening van geloof*** ingeneem word en ***deel word van my lewe*** as kind van God.

**DIE TOE-EIENING VAN GELOOF**

**Jos. 13-19** beskryf die uitvoering in opdrag van die Here. Sommige het **bergagtige** streke ontvang, ander **woestyndele**, ander op die **kusvlakte**, ander in vrugbare **valleie**, en so meer. Sekere dele was meer geskik vir **veeteelt,** ander vir **saailande**, ander vir **vrugteboorde**. Sommige was nader aan die hoofweë, ander meer afgesonderd. Sommige was baie beskut teen aanslae van buite, ander meer kwesbaar.

Elke stam sou sy grondgebied tot voordeel van die **volk in geheel beset, benut, beveilig** en **ontwikkel**. Die gebiede is deur **die oudstes** verdeel en opgeteken, waarna Josua dit saam met hulle **onpartydig deur die lot** verdeel het. So het **God uitgedeel soos Hy wil**, tot **heil onderling en na buite**.

**Jos. 11:23** ***"So het Josua dan die hele land ingeneem net soos die HERE met Moses gespreek het; en Josua het dit as 'n erfdeel aan Israel gegee volgens hulle afdelings, volgens hulle stamme; en die land het gerus van oorlog."***
**Jos. 13:7** ***"Verdeel dan nou hierdie land as erfdeel..."***

**WIE BEPAAL ELKEEN SE DEEL?**

Dit is **nie 'n geval van *"Gaan ontdek jou gawes"* en dan kom meld jy aan nie**. Dit is nie jy wat geakkommodeer moet word nie. **God bepaal, Hy kies ons erfdeel** vir ons uit. Die hele saak gaan om die **liggaam effektief** te laat **funksioneer in die roeping** en salwing. Dit gaan oor die gemeente, nie die indiwidu nie. Elk se erfdeel is deel van die totaal.

**Jos 14:1** ***"En dit is wat die kinders van Israel as erfdeel in die land Kanaän ontvang het, wat <u>Eleásar, die priester, en Josua, die seun van Nun, en die familiehoofde</u> van die stamme van die kinders van Israel aan hulle <u>as erfenis uitgedeel</u> het 2 deur <u>verloting</u> van hulle erfdeel, <u>soos die HERE deur die diens van Moses beveel het,</u> met betrekking tot die <u>nege en 'n halwe</u> stam.***
***5 <u>Soos die HERE Moses beveel het</u>, so het die kinders van Israel gedoen en die land verdeel."***
**Ps. 47:5** ***<u>"Hy kies ons erfdeel</u> vir ons uit, die trots van Jakob wat Hy liefhet."***
**Jes. 34:17** ***"En Hy het vir hulle die lot gewerp, en <u>sy hand het die land aan hulle met die meetsnoer uitgedeel; tot in ewigheid sal hulle dit besit,</u> van geslag tot geslag daarin woon."***

**Ons merk hier vyf aspekte in die verdeling/toekenning op.** Let ook op hoe Paulus hierby aansluit in **1 Kor. 12:7 tot 11** met die Liggaambeeld. (Die Leviete het geen deel ontvang nie. Dit word elders bespreek).

- **Eleásar,** die priester. Hy **verteenwoordig die stem van God. Die Here roep** wie en vir waar Hy elkeen nodig het. **God behou die inisiatief**. Dit is sy volk, sy Kerk, **Hy is die Hoof.** (1 Kor. 12:6 "verskeidenheid van werkinge – dieselfde God").
- **Josua**, die leier. Hy **verteenwoordig die struktuur**. Dit is **nie die geroepene wat aanmeld** met 'n veronderstelde gawe/salwing nie. Die **behoefte in die struktuur** bepaal wie waar ontplooi word. Sinodaal, ringsverband, kweekskool. Daarom kan die sinode benoem. (1 Kor. 12:5 "verskeidenheid van bedieninge – dieselfde Here").
- **Familiehoofde**. Hulle **verteenwoordig die volk**. Die **behoefte van die volk** bepaal wie waar aangewend word. Die Heilige Gees werk in die **liggaam**. (1 Kor. 12:4 "verskeidenheid van genadegawes – dieselfde Gees"). Daarom kan die gemeente of kommissies beroep.
- **Deur die lot**, verloting. Die **Here se bevestiging** is die finale beslissing. Daarom is daar bevestiging en aanstellings, handoplegging. (**1 Kor. 12:7, 11** ***"openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. Maar al hierdie dinge werk een en <u>dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik</u> uitdeel <u>soos Hy wil</u>."***)

'n Kollega het eertyds gesê: "Here, as U my salf vir waarvoor U my roep, dan kan U my roep waarvoor U wil!"

# oning, Betshan

Jesus het nie gekom om sy **eie wil** uit te voer nie, maar die **wil van die Vader!**

**Paulus**, wat deeglik in die Skrifte onderrig was, skryf soortgelyk dat die **Heilige Gees** sy gawes in die gemeente **meedeel soos Hy wil,** met die oog op wat **nuttig** is, tot **opbou van die gemeente.** Van vers 12 met die **beeld van die liggaam** (OT: Volk, NT: bruid van Christus), stel hy met klem dat **elke afsonderlike lid**, hand, voet, oog, oor, en so meer, sy **besondere plek** sal vul, **tot heil van die liggaam**, maar ook tot die **gesonde funksionering van die liggaam** in die roeping en taak van God daarvoor. Na binne en na buite.

**1 Kor. 12:12** ***"Want net soos die <u>liggaam een is</u> en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.***

**1 Kor. 12:28, 29** ***En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek <u>apostels</u>, ten tweede <u>profete</u>, ten derde <u>leraars</u>, daarna <u>kragte</u>, daarna <u>genadegawes</u> van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale. 29 Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie?"***

**Petrus** skryf ook hieroor. Die mond, die hand, hele liggaam, elke deel moet uit die krag van God funksioneer en Hom in alles verheerlik.

**1 Pet. 4:10, 11** ***"Namate elkeen 'n <u>genadegawe</u> ontvang het, moet julle <u>mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars</u> van die <u>veelvuldige genade van God</u>. 11 As iemand <u>spreek</u>, laat dit wees soos woorde van God; as iemand <u>dien</u>, laat dit wees <u>soos uit die krag wat God</u> verleen, sodat <u>God in alles verheerlik kan word</u> deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen."***

**Twee terloopse opmerkings:**
**Símeon** het sy erfdeel i**n die middel van Juda** se erfdeel ontvang. Juda se erfdeel was groter as wat hy kon benut. **Dan** het hulle erfdeel kwytgeraak.

**Jos 19:1** ***"En die tweede lot het uitgekom vir <u>Símeon</u>, vir die stam van die kinders van Símeon volgens hulle geslagte; en hulle <u>erfdeel was in die middel van die erfdeel van die kinders van Juda</u>."***
**Jos 19:47** ***"Maar die kinders van <u>Dan het hulle grondgebied kwytgeraak</u>; daarom het die kinders van Dan opgetrek en teen Lesem geveg en dit ingeneem en verslaan met die skerpte van die swaard en dit in besit geneem en daarin gewoon; en hulle het Lesem Dan genoem na die naam van hulle vader Dan."***

**Rig 1:34** ***"En die Amoriete het die <u>kinders van Dan die gebergte in gedruk</u>, want hulle het hul <u>nie toegelaat om na die laagte af te kom nie</u>;"***

**BETSHAN**
Dit was die vesting teen aanslae van buite. In Josua 17:11 lees ons dat **Bet-Sean met sy onderhorige plekke aan Manasse behoort** het, maar binne die **gebied van Issaskar en Aser**. Waarom Manasse? In vers 1 word vooraf vermeld dat **Manasse 'n krygsman** was. Dit bevestig die gedagte dat die **ligging van die stad strategies** en besonder **belangrik** was.
Dit was reg by die **ingang na die vlakte van Jísreël**, waar talle **veldslae** plaasgevind het, aan die noordooste. Dit was ook op die **toegangsroete** van Damaskus na Jerusalem, agt kilometer van die Jordaan, ongeveer 23 km suid van die see van Galilea. Die vlakte van Jísreël en die Jordaanriviervalleikruising is **albei van hier bewaak**. 'n Toergids in Israel het per geleentheid opgemerk dat die **plek "Betshan"** 'n kwesbare punt was vir invalle in die land. As Betshan val, dan val die land! (Interessant dat met Gídeon die vyand juis in die vlakte van Jísreël (Rig. 6:33) versamel het en volgens vers 35 het die hele Manasse ook opgetrek agter hom aan).

Dit is dan ook interessant dat die naam beteken: **"Huis van sekuriteit en rus"**, met 'n strekking van **voortdurend**, dit **moet nie versteur word** nie. Dit word uitgebrei as **"Huis van skerpheid"**, wat skerp gemaak/gehou moet word. Die veiligheid moes voortdurend opgeskerp word sodat die **sekuriteit en rus nooit versteur** word nie.

**Deut. 12:10** "***Maar julle sal deur die Jordaan trek en woon in die land wat die HERE julle God julle laat erwe, en <u>Hy sal julle rus gee van al julle vyande rondom</u>, en julle sal <u>veilig woon</u>."*** **Hos. 2:17** ***"en Ek sal hulle <u>in veiligheid laat rus</u>."***

Dit maak mens opgewonde oor die **EG Kerk se kweekskool, Betshan**. Die kweekskool is vir die EG Kerk die **strategiese vesting** wat moet **waak teen vreemde invloede en leringe**. Dit moet, geanker in die Woord van God die Liggaam van Christus in **sekuriteit en rus hou**, op 'n permanente basis. Die **waaksaamheid** moet gedurig geslyp en opgeskerp word. As Betshan faal dan swig die EG Kerk!

Mag ons genade vind om elkeen ons plek en roeping in te neem tot heil van die liggaam, ons omgewing en ons land!

**Dr. WJ Kotzé (em.)**

# Gemeentenuus uit Warmbad

Op Sondag, 5 Februarie 2023, is die nuwe kerkraad van Warmbad-gemeente in hul ampte bevestig en voorgestel. Alhoewel die gemeente tans vakant is, bly die lidmate getrou aan hulle kerkbesoek en meelewing. Maar, dié dag moes Warmbad ook ouderling Hannes Potgieter en sy vrou Hannetjie Potgieter met verlange groet wat eersdaags verhuis na Pretoria.



**Ds. Barry Fourie van die Noordelike ringskommissie het die bevestiging van die kerkraad behartig**

# Wes-Kaap se Kerkraadtoerustingkamp

"Pas my skape op" was die tema van die kerkraadtoerustingkamp wat by Amana Konferensiekampterrein in Hermanus aangebied was deur die Wes-Kaap se ringskommissie vir al die gemeentes van die Wes-Kaap se kerkrade. Vanaf die aankoms op Vrydag, 3 Februarie die middag, was daar 'n broederskap-belewenis onder almal en was die fondasie gelê vir 'n baie geseënde naweek. En was dit geseënd! Ds. Thys Loubser, van Pretoria Wonderboomgemeente, was die hoofspreker en het op praktiese wyse die pligte en verantwoordelikhede van die kerkraad oorgedra aan die broeders. Sake soos die leierskapmodel, die karakter van die kerk, reformasie van die kerkraad, huisbesoek en die pligte van ouderlinge en diakens was bespreek.



Ds. Daniël Brink van Paarlgemeente het die broeders toegerus uit die kerkorde en op praktiese wyse gelei hoe om die kerkorde te verstaan en te gebruik.

Ouderling Carlo Herselman van Tygerberggemeente het die broeders toegespreek oor die versorging van die predikant in hul gemeentes.

Saam met die geestelike voedsel was daar heerlike etes voorberei deur die personeel van Amana. Tydens breke het die jonger manne mekaar uitgedaag met krieket en van die oortollige energie ontslae te raak. Die broeders het toe maar weer gegroet die Saterdagmiddag en almal is dit eens dat daar weer so 'n kamp gehou moet word. Bid vir al ons gemeentes se broeders kerkrade sodat die Here hulle staande sal hou en hulle hul oë op Jesus sal hou.

**Wes-Kaap ringskommissie**

# Die Silwerjeug hou konferensie te Eden

Soos die gebruik is elke jaar, het die Silwerjeug weer eens bymekaar getrek by Eden vir die jaarlikse konferensie in 2022.
Ons kom bymekaar op Eden, wat 'n seën! Ons word in oorvloed na liggaam en gees gevoed. Al is die hare dalk grys en die liggaam stram en styf, deel ons almal in heerlike lofsang en prys die almagtige en genadige Heer. Die teenwoordigheid van oom Boet van Rensburg was waarlik 'n bonus!

Die boodskappe was so uit die Vader se hart, gebring deur emeritusleraars, di. Gert Coetzer en Danie van Rensburg en dr. Callie Fourie en ons weet ons was op 'n plek waar ons gehoor het dat sy liefde ongemeet is!

Al is die wêreld gedompel in chaos en nood, gee die boodskappe krag en hoop! Ja, ek het nodig om my lewe te gee, om oorgegee en gebreek te word, vir sy koninkryk bruikbaar te wees. Om die wedloop te voltooi, het ons standvastige harte nodig, harte wat waak en bid, gee en glo. Deur te volhard en beskikbaar te wees vir die werking van die Gees, sal ons die doel bereik en ook daarna beloning ontvang.
Ook, as ons bid en lofprysinge sing, word God se krag openbaar, soos met Paulus en Silas in die tronk. As ons die Here liefhet, sal ons in Hom glo, weet dat Hy omstandighede toelaat, seker wees dat ons in Hom geanker is. Dan kan ons in volle vertroue bid en wag tot Hy antwoord. Binne die plan van God is ons deel van sy doel en sy wil. Dit beteken om die self af te lê. Ons is verlos deur sy bloed, met Hom versoen, één met Hom, gedoop in sy dood, verseël in Hom. En dan die blye vooruitsig: Jesus kom om as Koning te regeer, en ons saam met Hom. Die vyand word vernietig. God se volmaakte plan bly 'n ewige koninkryk!
Daarom moet ons volhard tot die einde. Help bou aan God se doel!
Ons sien daarna uit om u te verwelkom tydens die 2023 konferensie.

**Yvonne van Stuyvenberg**
**Pretoria-Oos**



# Getuienis van Goddelike Genesing

Goeie dag liewe leser, my naam is Naas Van Wyk en ons aanbid by EGK Margategemeente. Ek wil graag getuig oor wat die Here vir my gedoen het en hoe Hy my volkome genees het.

Ek het in die jaar 1981 albei my niere verloor. My liggaam was so vergiftig dat dit veroorsaak het dat my are verbrokkel het en as gevolg daarvan kon ek nie op die niermasjiene gekoppel word nie. Ek het toe op peritoneale dialise gegaan wat my are tot so 'n mate herstel het dat ek aan die niermasjiene (hemodialise) gekoppel kon word. Albei my niere is verwyder en my naam is toe op die oorplantingslys geplaas.

Gedurende die tyd toe ek in die hospitaal was sodat hulle die niere kon verwyder, het my ma een aand net na besoektyd my gevra of ek darem my Bybel lees. My antwoord was ja, maar ek het nie die waarheid gepraat nie.

Daardie aand lank nadat my ma weg was, het ek na die Bybel wat op die hospitaal se bedkassie gelê het gestaar. Dit het my baie gepla oor die antwoord wat ek my ma gegee het, want op daardie stadium in my lewe het ek nie meer kerk toe gegaan nie en ook nie die Bybel gelees nie. Ek het omgedraai na my ander sy sodat ek nie die Bybel kon sien nie, maar dit het nie opgehou maal in my gedagtes nie. Toe het ek besluit om maar die Bybel te vat en te lees. Toe ek die Bybel vat, val dit oop by die boek Job waar Job alles verloor het. (As kind het ons nog op skool Godsdiensonderrig gekry, ek was in die katkisasieklas by die kerk en my ma het altyd vir ons uit die Bybel en uit die Kinderbybel gelees. Ek het die verhaal van Job goed geken en die boek Job was en is steeds my gunstelingboek in die Bybel.)

Terwyl ek lees het die Here my laat dink aan my eie lewe en toe vergelyk ek dit met die lewe van Job. Ek het nog al my vriende en familie, maar ek was laas in die kerk toe ek 16 jaar oud was en aangeneem is. Ek het vêr van God af gelewe en Job het alles verloor, maar hy het op God vertrou. Toe het ek weer begin bid en Bybellees en weer begin kerk toe gaan.

Daarna het alles in my lewe begin verander. My vriende wat saam met my op die dialisemasjiene was, het vir my gesê dat die hospitaal my baie kere sal bel en sê dat hulle 'n nier gekry het net om weer later te bel om te sê dat die nier nie geskik is vir my liggaam nie, maar… die Here was my baie genadig gewees. Die eerste keer toe die hospitaal my ma bel en sê dat hulle vir my 'n nier het, het die weefsels en alles van my liggaam ooreengestem met die nier se weefsels. Op 25 Oktober 1982 het ek op 22 jarige ouderdom 'n nieroorplanting gekry.

Tot vandag toe het ek deur die genade van die Here geen probleem met my nier nie. Volgens die dokters is my oorgeplante nier se funksies baie beter as party mense wat nog hulle eie niere het se nierfunksies. Alle eer aan die Here!

Ek is in Februarie 1985 getroud met Lisa, ons het vyf jaar uitgegaan en was 'n jaar verloof. Sy het my al die tyd bygestaan. Ons het twee gesonde kinders. Winston, ons seun en Bernice, ons dogter. Vandag is ons ook die trotse oupa en ouma van vyf kleinkinders en die sesde een is op pad. Dankie Here!

Gedurende Junie 2013 het ek 'n vier aar hartomleiding gehad waar ek ook deur die Here gelei was. Terwyl ek in die intensiewe afdeling gelê het, nadat die dokter vir my gesê het dat ek 'n hartomleiding moet kry, het ek geworstel en was onseker. Ek was bang en wou nie vir die operasie gaan nie. Die suster vir wie ek van my nieroorplanting die vorige aand toe sy by my bed was vertel het, het my gesprek met die dokter gehoor en het toe vir my kom sê: "Naas, hoekom is jy bang, die Here gaan net die dokters gebruik om herstelwerk aan jou liggaam te doen, hulle gaan nie iemand anders se liggaamsdele gebruik nie, maar net jou eie." Sy het toe ook vir my die gedeelte in Esegiël 37, waar die Here die dooie bene weer lewendig gemaak het, aangehaal. Ek het toe rustigheid in my hart gekry en toestemming aan die dokter gegee om voort te gaan met die operasie. Die operasie was suksesvol en tot vandag toe het ek geen probleem met my hart nie. Dankie Here!

Gedurende Maart 2018 het ek 'n operasie ondergaan by die Jakaranda-hospitaal waartydens twee van my byskildkliere verwyder is. Ek was die Sondag ontslaan uit die hospitaal, maar teen die aand en die volgende dag het my blaas baie vol geraak, maar ek het gesukkel en kon glad nie urineer nie. Die Dinsdagoggend 04:00 het ek my nierdokter geskakel en is direk in die Urologiese-hospitaal in Pretoria opgeneem waar hulle 'n kateter toegedien het. Die dokter het toetse laat doen en gesien dat die prostaat verstop was en dat dit nodig was om 'n prostaatskraping te doen.

Ek was baie negatief oor alles wat in 'n baie kort tydjie met my gebeur het en my vrou Lisa moes teruggaan na haar werk in KZN. Sy het nie genoeg verlof gehad om by my te wees nie. Ons was albei baie emosioneel. Die aand voor die operasie het ek en Lisa lank op die foon gepraat, saam gehuil en saam gebid en ek wou nie meer lewe nie. Die oggend voor die operasie het ons gesprek van die vorige aand by my opgekom. Lisa het vir my gesê dat ek ernstig moet bid en aan die Here bely en vergifnis vra dat ek as kind die speletjie "glasie glasie" gespeel het. Ek het toe tot die Here gebid en al die sondes wat ek in my lewe gedoen het waaraan ek kon dink van my kinderjare af een vir een aan die Here bely en vergifnis gevra daarvoor. Nadat ek dit gedoen het, het my oë op die hospitaal se Gideonsbybel geval. Toe neem ek dit en in die In-

deks het my oë die woord "vergifnis" raak gesien, toe bid ek Psalm 51:3, en ook vers 4 & 5. Die Here het my volkome genees van prostaatkanker. Gedurende Augustus 2018 het ek baie pyn in my regtersy gekry. Ek het 'n afspraak met my nierdokter, dr. Bierman in Pretoria, gemaak (ons is woonagtig in KZN). Nadat 'n kolonis-kopie toets op my liggaam gedoen is, het die dokters my gediagnoseer met kolonkanker. Weer was ek baie bang om die operasie te ondergaan. Ons wou terug na KZN gaan om eers na te dink oor die operasie, maar dr. Riaan Jacobs, die chirurg, het ons aangeraai om in Pretoria te bly en so gou as moontlik te laat opereer. Hy het beweer dat as ek eers terug huis toe gaan dat hulle my moontlik nooit weer sou sien nie. Daar was nie baie tyd om te wag nie, want die kwaad in die derm het reeds begin lek. Ek het toe besluit om die operasie te laat doen. Mense wat my foto op WattsApp gesien het en selfs die mense wat vir my in die hospitaal kom kuier het, het gedink dat ek nie lewendig uit die hospitaal gaan kom nie. Ek het in daardie kort tydjie 21 kg. in gewig verloor. Toe ek myself in die hospitaal se spieël sien, het ek self ook gedink dat ek dit nie gaan maak nie, maar my vrou Lisa het nooit getwyfel nie. Sy het vir die Here gevra om my nie nou weg te neem nie en het Hom vertrou daarvoor, sy het ook al ons vriende en familie in Pretoria, asook ons vriende en die EGK-leraarspaar, ds. Jan en Lize du Raan, in Margate gevra om vir my te bid vir genesing. Oom Awie het ook nooit opgehou om vir my te bid nie. Die Here het ons gebede verhoor en die operasie was volkome suksesvol. Ek is selfs volkome genees van my jare lange hoë bloeddruk.

Op 25 Oktober 2022 is dit presies 40 jaar gelede wat ek die nieroorplanting gekry het. ALLE EER AAN DIE HERE!

Vandag kan ek net sê dat die beste besluit wat ek nog ooit in my lewe geneem het, was om terug te draai na die Here toe. Ek wil ook vir almal wat nie aan wonderwerke en aan goddelike genesing glo nie, sê: "Dink weer!" en my raad aan elkeen vandag is moenie net 90° omkeer na die Here nie maar draai 180° terug na God. Iemand het eendag gesê: "Dit help nie jy soek na 'n plek op 'n landkaart en jy kom nooit daar uit nie." Net so help dit nie as jy sê jy lees jou Bybel en gaan gereeld kerk toe of jy bid en verkondig die Woord, maar jy self kom nooit by God uit nie. Neem nou Jesus aan as jou Verlosser en Saligmaker. Hy het jou baie lief en wil nie hê dat jy verlore gaan nie.

**Naas van Wyk**
**Margate**

# Blom se getuienis van Genesing

My naam is Blom en ek is 55 jr oud – oorgewig, 'n diabeet en het hoë bloeddruk. Ek is baie bang en benoud as dit by dokters, hospitale en narkose kom. Op Donderdag, 23 Mei 2022, het die ginekoloog 'n verdikking in my baarmoederwand opgemerk. Hy skeduleer toe vir 'n histeroskopie op 17 Junie. Vanaf 23 Mei soek ek gedurig die aangesig van die Here oor hierdie aangeleentheid. Ek vra Hom Hy moet my asseblief sterk maak. Hy ken my binneste deur en deur en weet hoe beangs my hart is vir die hospitaalstorie. Hy moet my asseblief die kalmte kom gee net soos Hy alleen dit kan doen. Ek kom gee alles oor in Sy liefdevolle hand, en wat ook al die uitslag is, Hy daar sal wees om my te dra, asook al die finansiële uitgawes wat gepaardgaan dat ons dit sal kan betaal.
Vrydag, 17 Junie stap ek met die wonderlikste vrede in my hart by Medi-city se deure in. Alles onder narkose verloop goed. Donderdag, 23 Junie, deel die dokter my mee dat ek baarmoederkanker het. Geen beangst-heid of skrik kom by my op nie. Net hierdie lieflikste kalmte en vrede wat oor my is. Ek het hom geantwoord en gesê: "Wel dokter, dan moet dit seker uit." Hy het my na 'n ginekoloog in onkologie verwys wat dan my sou sien en verder verduidelik. Donderdag, 30 Junie, sien ek toe die dokter in onkologie. Hy sê dat hy die baarmoeder en eierstokke gaan verwyder en verder meer ook dat hy sal moet skanderings neem van die ingewande om vas te stel of die kanker nie al verder versprei het na organe nie. (Volgens hom, as baarmoeder kanker versprei, gaan dit gewoonlik na die longe, niere, lewer en buik). Hy reël 10 minute voor toemaaktyd by Medicity se radiologie-afdeling by Denise, om 'n bloedtrekvorm en skanderingsvorm te gaan gee vir die afspraak die Dinsdag, 5 Julie. Met die totsiens sê ek vir hom: "Ag, dokter, ek glo en vertrou daar sal nie fout wees nie want ek is in God se hand." Ons ry toe af na Medicity, daar aangekom, is Denise al weg huis toe en die Here kom plaas daar 'n engel van 'n mens met die naam Dalene. Ek verduidelik alles aan haar. Sy vra: "Mevrou, is jy geregistreer by jou medies onder onkologie? Indien nie, gaan hul nie dit betaal nie, en hierdie toetse is baie duur." Sy kon seker die verwardheid in my gesig opmerk, want ek vra toe my man hoe gaan ons so vinnig kan registreer en magtiging kry voor Dinsdag – dis twee werksdae. Sy sit haar hand oor myne en sê: "Toema' tannie en oom, gee vir my, ek sal dit deursit." Maandag ontvang my man die sms van registrasie en magtiging vir die afspraak. Ons kan net die Here loof vir sy werk.

7 Julie is ek terug by die dokter en hy wys my op die skerm al my organe, skoon en geen kanker. Net daar dank ek die Here vir sy goedheid. Die dokter verduidelik aan my dat dit 'n groot operasie sal wees a.g.v. van my gewig. Hy sal moet sny tot bokant my naeltjie en verduidelik dat daar dalk septisisme kan intree ens. en alles wat ook kan fout gaan. Ook gaan hy die baarmoeder, terwyl ek onder narkose is en as dit uit is, deursny, om te sien hoe diep die kanker in die wand is, want dan sal hy die kliere daar naby ook moet verwyder.

Vervolg op bl. 19

# My planne... of God s'n?

## Vroueblad...

Liewe vriendin, die Magnoliaboom onder in ons straat blom tans in volle prag! Sulke groot room-wit blomme met 'n effense suurlemoengeur. Dit herinner my toe aan hierdie getuienis wat ek onlangs gelees het: Edna Ellison vertel hoe sy die week voor haar dogter, Patsy, se troue besig was om laaste-minuut reëlings te tref met die spyseniers, die bloemiste, die haarkappers, en die kerk sowat vyf en sestig kilometer van haar huis af. Alhoewel sy dankbaar was dat haar dogter met 'n goeie Christen jongman gaan trou, het sy oorweldig gevoel soos sy toekyk hoe haar begroting ingesluk word deur rekening op rekening. Haar seun Jack was uitstedig met kollegeverpligtinge, maar hy het belowe om daar te wees vir die groot dag sodat hy sy sussie in die kerk kon afgee as plaasvervanger van hul pa wat paar jaar tevore oorlede is. Jack het Patsy gespot en gesê dat hy haar al van driejarige ouderdom af wou weggee.

Edna moes haar sente maar omdraai en om geld te spaar het sy 'n klomp Magnoliabloeisels bymekaar gemaak vanaf vriende in haar tuisdorp wat baie Magnoliabome gehad het. Die groot room-wit blomme met hul diep lowergroen blink blare sou pragtig lyk binne-in die kerk teen die ryk donker hout.

Die oggend van die troue, terwyl Patsy se strooimeisies haar help om gereed te maak, stap haar verloofde Tim saam met sy aanstaande skoonma om seker te gaan maak dat alles in die kerk nog in orde is. Toe hul die deur oopmaak tref 'n stroom van warm lug hulle. Edna val byna flou toe sy die blomme sien – pikswart verkleur en verlep. Die vorige aand se storm het die lugverkoeler uitgeslaan en die somer-hitte het al die blomme laat doodgaan.

Edna besef dat sy nie tyd het om terug na haar tuisdorp te ry vir nuwe blomme nie. Tim bied aan om die dooie blomme solank te verwyder en vra of sy dink sy sal ander blomme kan kry?

Terwyl Tim wegstap om homself solank te gaan klaarmaak, kyk Edna op in die kerk na die groot donker houtbalke en bid: "Here, help my asseblief. Ek ken niemand in hierdie dorp nie, help my om iemand te vind wat gewillig sal wees om vir my blomme te gee – gou ook asseblief!"

Haastig draf sy motor toe en bid in haar stilligheid vir die volgende vier dinge: die geskenk van wit magnolias, moed om dit in 'n vreemdeling se erf te vind, bewaring teen enige kwaai hond wat haar wil byt, en 'n vriendelike persoon wat nie sy haelgeweer sal uithaal wanneer sy sy bome wil stroop van magnoliablomme nie.

Af in die straat bemerk sy Magnoliabome. Sy benader die huis en gewaar geen hond nie. Sy klop aan die voordeur en 'n ou omie maak ook. So ver so goed… geen haelgeweer. Toe sy haar benarde situasie verduidelik, straal sy gesig: "Met graagte Hartjie!" Hy kry summier sy trapleertjie en begin vir haar arms vol blomme afknip. Minute later, toe sy die laaste bosse blomme in haar motor se bagasieruim bêre sê sy: "Meneer, jy het hier moeder van die bruid vandag baie gelukkig gemaak."

"Nee Mevrou, jy verstaan nie wat vandag hier gebeur het nie." antwoord hy. "Jy sien, my vrou van sewe-en-sestig jaar is Maandag oorlede. Dinsdag was hier baie vriende." Sy stem breek effens toe hy voortgaan: "Woensdag het ons haar begrawe, Donderdag het meeste vriende vertrek en gister is my kinders na hul huise toe. Vanoggend sit ek alleen en huil kliphard. Vir die afgelope sestien jaar wat sy siek was, het sy my nodig gehad. Maar nou het niemand my nodig nie. Terwyl ek huil roep ek na die Here en vra: "Wie het 'n ses-en-tagtigjarige ou man nodig? Niemand." Net daarna klop jy aan my deur en sê: "Meneer, ek het hulp nodig.""

Dan vra hy: "Hartjie, is jy miskien 'n engel? Jy het soos een gelyk toe ek my deur oopmaak en die lig van agter rondom jou kop skyn." Laggend verseker Edna hom dat sy beslis nie 'n engel is nie.

Hy glimlag en gaan voort: "Weet jy wat het ek besef? Ek word benodig. My blomme word benodig. Ek kan moontlik 'n blomme-bediening begin. Sommige mense het nie blomme vir begrafnisse nie. Ek het baie blomme – my hele erf is vol blomme. Ek kan dit vir hospitale of kerke gee. Weet jy wat gaan ek doen? Ek gaan die Here dien soos Hy my nodig het tot die dag wat Hy my ook kom haal!"

Terwyl Edna terugry kerk toe met 'n lied in haar hart dink sy: "Ek sou nooit gedroom het dat ek op my dogter se troudag sou tyd kry om iemand wat hartseer is te bemoedig nie. Maar God 'n ander plan gehad – deur dooie Magnolias!"

Ons kan dink aan so baie verhale uit die geskiedenis waar mense se lewens baie ander draaie geneem het, en dit het gelyk of daar nooit 'n ligpunt gaan kom nie, maar dan… dan gryp God in en sien ons sy volmaakte plan wat seëvier. Dink aan Josef, seun van Jakob. Verkoop as slaaf deur sy eie broers, vals beskuldig deur Potifar se vrou en vergete in die tronk gelaat nadat die skinker vrygelaat is. Die Here het egter alles ten goede laat meëwerk en uiteindelik het die paadjie wat Josef moes stap gelei tot die behoud en oorlewing van sy broers en vader en talle ander in tye van hongersnood. Josef moes eers verlaag word, maar hy het getrou gebly aan God en uiteindelik is hy verhef.

Vriendin, ek glo jy het ook al tye beleef waar dinge oënskynlik verkeerd loop.

Ons planne word ontspoor deur onvoorsiene dinge en ons eerste reaksie is om paniekerig te word want ons voel ons het beheer verloor. Maar is dit nie presies waar die Here ons wil hê nie? Hier waar ons aan die einde van onsself kom, en moet roep vir sy magtige arm om in beweging te kom. So dikwels dink ons dat ons lewe uitmekaar val, maar in werklikheid is God besig om dit in plek te laat val. Moenie vir een oomblik die leuen van satan glo dat God nie vir sy kinders omgee nie. As jy waarlik weergebore is, het jy die titel verkry: "Kind van God." Hoor jy dit? **Galasiërs 4:7** ***"Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus."*** **Psalm 103:13** ***"Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees."***

Wanneer jou "lewensblomme oornag verlep", jou naastes jou seermaak, jou baas jou onregverdig behandel, mense jou in die steek laat of jou lewe voel of dit in duie stort, sak op jou knieë en lig jou oë na die hemel. Roep tot jou hemelse Vader. Hy sal hoor en Hy sal uitkoms gee. **Psalm 86:5** ***"Want U, o Here, is goed en vergewensgesind en groot van goedertierenheid vir almal wat U aanroep."*** **Psalm 138:3** ***"Die dag toe ek geroep het, het U my verhoor, my moedig gemaak met krag in my siel."*** God het 'n plan vir jou lewe, gee oor en vertrou Hom.

Magnolia-groete

**Karen Devenier**
**Middelburg**

## Briewe aan my seun

# Jesus Christus, jou Metgesel



My liewe seun, die lewe is 'n reis – 'n baie onvoorspelbare en gevaarlike tog. Jy het 'n Vriend nodig wat nader aan jou is as 'n broer; 'n metgesel wat langs jou stap tot aan die einde van die pad en wat vir jou meer sal wees as wat ek ooit moontlik kan. Daardie Vriend, daardie geselskap is Jesus! **Spr. 18:24** ***'n Man met baie vriende word geruïneer, maar daar is 'n vriend wat sterker aanhang as 'n broer.***

Jy en ek is albei reisigers. Ons het gesien hoedat somer na somer verbygaan en dit ons gebring het by nog 'n Christusfees, Paasfees! Ons reis gaan ons binnekort uitbring "aan die ander kant" van die graf! Hierdie lewe is slegs 'n "kleedkamer" waarin ons ons moet gereedmaak vir die ewigheid.
Ook deur die jare trek dit ons harte soos Jesus ons uitnooi om by Hom aan te sluit aan die ander kant. Hy nooi ons na sy hemel, sodat ons kan wees waar Hy is. Hy ken die weg, want Hy is die Weg (Joh. 14:6)! Mag hierdie feestyd, waarin ons die dood en opstanding van Jesus Christus herdenk, jou vriendskap met Hom steeds hegter maak. Ons moet ook, soos die dissipels van destyds, die Here Jesus innooi in die bootjie van ons lewens (Mark. 4:36) en laat ons onthou dat, wanneer die storms van hierdie lewe dreig om ons te oorweldig, Jesus Christus die verantwoordelikheid neem tot aan die ander kant.

Díe feestyd maak mens nogal soms ietwat bewoë. Dis asof die valsheid in die mensdom na die oppervlakte kom. Wat bedoel die meubelwinkel as hy met blink papier vir ons sê: "Easter Special"? Wat beteken die drankwinkel met hierdie woorde? Valse vrede, valse lippe, valsheid van die hart skyn só sterk deur die Paasfees! Dit is omdat so min mense in opregte vriendskap saam met Jesus Christus wandel. In 'n tyd soos hierdie, my seun, moet jy en ek in hierdie bewoënheid van Paasfees in ons harte bring, baie vir ons familie en vriende bid wat nog nie vir Jesus Christus ken nie.

Dawid se gebed vir sy seun, Salomo, was "Nou, my seun, mag die Here met jou wees." Dawid het geweet dat dit goed sal gaan met sy seun as die Here se geselskap is. Die Here se konstante teenwoordigheid in jou lewe is 'n waarborg dat dit met jou vorentoe goed sal gaan en dat die seënende hand van die Here jou sal bewaar. **Gen. 28:15** ***En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan.*** As jy 'n moeilike tyd beleef, my seun, dan moet jy ernstige aanpassings maak en selfs jou spreekwoordelike "gordel intrek".

Wat die res van hierdie jaar betref, wat sekerlik nog moeiliker sal wees, is daar vir jou niks om te vrees nie, my seun. Die vriendskap en geselskap van Jesus Christus het jou tot op hierdie dag nie gefeil nie en is 'n waarborg vir die onbekende wat voorlê. **Ps. 16:11** ***U sal my die pad van die lewe bekendmaak, versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig.***

My seun, sit jou reis deur die lewe voort met geloof en oortuiging, mag die Here met jou wees! Jou lewe is so vas in die greep van Sy liefde, niemand sal jou uit Sy deurboorde hande pluk nie (Joh. 10:28). Jy moenie probeer om die Here se hand te hou nie, jy sal dit nie maak nie; mag Hy jou opnuut in sy goddelike greep gryp! Lees jou Bybel gereeld, gaan ten minste twee maal per dag fisies op jou knieë, want dan sal jy die Troon kan bereik. Volhard in die bywoning van eredienste en bidure.

**Jou liefdevolle vader.**

*Aangename Kennis:*

# Ds. Johan Alberts

**Watter dorp/stad is u gebore?**
Pretoria

**Vertel ons iets uit u kinderdae**
Ons was saam met vriende op vakansie by die see. Ons het lekker saam in die "lagoon" gespeel, terwyl ek nog so in die water loop en my volgende tree wil neem is daar nie meer sand onder my nie en ek sink weg. Ek kon nog nie swem nie, terwyl ek sink, het ek opgekyk en net borrels gesien, maar saam met die borrels het ek ook 'n seun op 'n "surfboard" gesien wat oor my beweeg. In my sparteling het ek gegryp na sy surfboard en hy het my uit die diep water gered. Die Here het die gebeurtenis so kosbaar gebruik later in my geestelike redding – Hy het my uit die diep water van sonde kom red, ek kon myself nie red nie, net Hy alleen!

**Waar het u skoolgegaan?**
Laerskool Standerton (1995-1999) -Swartkop (2000-2001). Hoërskool Centurion (2002) -Standerton (2002-2006).

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Die dag toe God homself aan Moses "voorgestel" het, het Hy gesê ***"EK IS"***. Dis is wie God is, Hý Is. Dit is vas, waar en seker. Wanneer ek myself voorstel of enige ander kind van God kan ons sê met alle sekerheid en vrymoedigheid – ek IS 'n kind van God deur die geloof in Christus Jesus! (Gal 3:26)
Dit juis omdat HY op 'n dag – en veral dit wat Hý aan die KRUIS gedoen het – vir my 'n persoonlike werklikheid geword. Dit is so groot voorreg om die getuienis te hê van só dag. In die verhaal is daar natuurlik so baie om te sê… maar hier volg die kort kompakte weergawe:
Ek het grootgeword in die Evangelies-Gereformeerde Kerk. Die eerste vyf jaar van my lewe was in 'n pastorie. Vroeg in my lewe het die Here my kom oortuig van my sondige, verlore toestand. Ek het deur 'n baie groot stryd gegaan, waar ek talle kere oorgawes gemaak het na dienste ens.
Maar ek het steeds nie vrede gehad nie. Vanaf 2007 – 2008 het die Here deur sy genade so kosbaar my ontmoet en my getrek. Op die 2de Februarie 2008 het die Here Jesus Homself op 'n besondere wyse aan my kom openbaar en dit was die eerste keer in my lewe wat die kruis vir my 'n werklikheid geword het – Jesus het vir mý gesterf! (Joh. 3:16 … die wêreld... sluit mý in).
Daardie dag het ek vir Jesus dankie gesê dat Hy vir mý aan die kruis gesterf het. Na daardie ervaring het ek in April 2009, na 'n diens, besef al wat ek wil hê en nodig het, is Jesus. God het ook later die werk wat Hy kom doen het bevestig deur sy Woord met 'n vaste sekerheid! (Joh. 10:28-29 & Rom. 8:14-16).
In 2010, 2011 en later in 2013 het die Here my geroep tot die bediening. Die eerste twee kere was ek ongehoorsaam nadat die Here die eerste keer vir my gesê het: "EK IS, het jou gestuur" nadat ek Hom gevra het: "Wat moet ek vir die mense sê?" Ek dank die Here deur sy genade dat ek gehoorsaam kon wees aan sy roepstem al was dit eers die derde maal. My roeping is vir my so kosbaar, daar is nog so baie om te vertel, maar ons wil nie die hele kerkblad oorneem nie… Mag ons elkeen die roeping oor ons lewe met volle oorgawe uitleef tot eer van SY NAAM!



**Wanneer het u by die EG Kerk aangesluit?**
Ek is my hele lewe in die EG Kerk. Ek is in 2004 as lidmaat voorgestel.

**Watter jare was u op Kweekskool?**
2014-2017

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja. Ds. Riaan Gates, tans in Ellisrasgemeente en Marchjaun de Swart bedien by Operasie Mobilisasie.

**Wie was u dosente?**
Voltyds: Dr. André Bester (prinsipaal), ds. Gerhard De Wet, ds. Jurg Prinsloo, dr. Juan Mienie. In my vier-de jaar het ds. Daniel Brink vir dr. Mienie vervang. Deeltyds: dr. Willie Kotzé (Bybelse Inleiding), ds. Thys Loubser (Missiologie).

**Vertel ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae?**
Sulke goeie herinneringe… daar is so baie om te vertel… hier is net een: Ons eerste jaar in die Homiletiekklas het ds. Riaan Gates (toe nog student) sy klaspreek afgelewer. Hy was baie ernstig in sy preek en een van sy punte het gegaan oor die sonde van brassery. Hy sê die volgende woorde, as ek min of meer reg onthou, "die rolmodelle rol al by die deure uit". Kyk, toe is dit verby… die res van die klas en selfs ds. Jurg Prinsloo kon sy lag nie inhou nie. Ons moes eers so oomblik gee voordat hy verder kon preek.

**Hoe lank is u getroud?**
Op 25 Junie sal dit sewe jaar wees deur die Here se genade.

**Vertel ons hoe u, u gade ontmoet het?**
Ek het haar in 2015 deur my ma ontmoet, ons is in 2016 getroud. Sy was die assistent van my ma se tandarts. Nadat ek haar kontaknommer gekry het en die Here se vrede (Filip. 4:7), het ek met haar ontmoet en daarna het als mooi in plek geval. Ek het vir jare gebid vir die regte vrou en die

Here het deur sy genade haar vir my gegee (Spr. 18:22). Dit was die moeite werd om te wag (Ps. 27:14).

**Hoeveel kinders het u?**
Twee dogters: Zoë (3) en Ané (1). Dan is my eggenoot ook swanger met nog 'n dogter wat teen einde Julie gebore behoort te word as niks voorval nie. Sy sal Jana heet op hierdie staduim.

**Watter gemeentes het u bedien?**
Ons praktiese jaar (2018) was in Centurion onder leiding van ds. Gerrie van Dalen. Daarna het ons bedien in Orkney en nou tans in Krielgemeente.

**Het u 'n stokperdjie?**
Ja, meer as een, soos meeste glo ek. Koffie is een van my stokperdjies, vanwaar dit gegroei word, hoe dit gerooster word, maniere waarop dit gebrou word en uiteindelik in 'n koppie beland. Ek geniet dit om brood te bak veral suurdeeg. Ek geniet kuns, om te teken op papier ens. tot grafiese ontwerp op die rekenaar. Ek het onlangs ook met houtwerk begin.

**Wat is 'n gunsteling dis?**
Dis 'n moeilike een… ek geniet dit om te eet, ek dank die Here dat Hy vir ons smaakreseptore gegee het om die voedsel wat Hy gemaak het te geniet. Ek sal nie kan sê wat my gunsteling is nie, ek geniet 'n verskeidenheid van disse. 'n Heerlike potjie wat prut, 'n vleisie wat mooi klanke op die vuurmaak, 'n Midde-Oosterse kerriedis of 'n heerlike Italiaanse pizza of pasta. Daar is soveel om van te kies…

**Waar is u gunsteling vakansieplek?**
Waar my familie is. Tans is dit die Kaap. Wat die natuur betref – ek geniet die berge en die bos die meeste.

**Watter geestelike boek/e het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
Die boek wat die grootste impak op my lewe gemaak het, is en bly natuurlik die Bybel. Ander wat God ook kosbaar in my lewe gebruik het, is: Secrets of Spiritual Warfare/War on the Saints (Jessie Penn-Lewis), Numbers in Scripture (E.W. Bullinger), The Salvation of God (Oswald J. Smith), You'll Get Through This & Facing Your Giants (Max Lucado).

# Blom se getuienis

Vervolg vanaf bl. 15

Daarna sal ek ook verdere behandeling ná die tyd moet kry. Ek sê vir hom: "Dokter, alles sal goedgaan, die Here is en bly in beheer." Hy skeduleer die operasie toe oor twee weke vir Dinsdag, 19 Julie. Met totsiens sê, grap hy en sê: "Ja, jy moet nog die week gaan bid vir die operasie en dan Dinsdagoggend vir my." Ek antwoord hom: "Ek bid alreeds vir die operasie, maar ook vir jou dat die Here jou sal dra en dat alles goed sal verloop." Dinsdag, 19 Julie, stap ek nog steeds met hierdie vrede in my wat my verstand te bowe gaan.

Die suster wat my saal toe vat sê: "Tannie, voorspoed vandag" waarop ek haar antwoord: "Dankie Liefde, ek is glad nie bang nie, wat ook al vandag gebeur, ek is in Jesus se hande en daar waar ek ook al my oë sal oopmaak daar sal Hy staan." Met die inboek word alles getoets. Die narkotiseur hoor 'n suising op die hart, wat dalk die operasie gaan stop. Ek bid saggies: "Here asb., moenie dat hierdie operasie uitgestel word nie." Die kardioloog kyk en kry geen suising nie. Net 'n verdikking in die vier-de hartkamer, a.g.v. van my hoë bloeddruk. Die internis kom en hy gee die groen lig, die operasie gaan voort. Om 15:30 stoot hul my in by die teater. Die narkotiseur kom staan by my bed en verduidelik dat, a.g.v. my gewig beveel sy epidurale verdowing aan, veral vir pyn na die tyd. (Wat ek nog nooit gehad het nie, net gehoor by familie dat dit kan somtyds 'n seer proses wees). Sy dien dan ook ligter narkose toe. Weer eens geen vrees nie, net algehele vrede. Ek het op die bed geklim en die proses het begin. Ek het saggies gebid en gevra: "Here, gee dat ek niks sal voel nie, en dat sy nie sal sukkel nie." Toe ek weer hoor, toe moet ek plat lê, skaars gelê, toe slaap ek. Ek word om 19:40 uitgestoot na die ISE (ICU).

My man sê: "Dokter het gesê dit was 'n baie uitdagende operasie van ongeveer drie ure, maar alles het goed afgeloop." Woensdagaand het hy vir ons kom meedeel dat ek skoon is, net die eierstokke en baarmoeder is verwyder en dat geen kliere aangetas was nie. Ons loof die Here! Donderdagmiddag, 21 Julie, word ek oorgeplaas na 'n gewone saal. Vrydagoggend laat die fisioterapeut my opstaan en stap kort entjies saam met my.

Saterdagoggend staan ek self op en loop sonder die fisio se hulp. Die susters en doktor is verbaas dat ek verder ente al self kan loop. Sondag, 24 Julie, kyk die doktor na die wond en is baie tevrede en sê ek kan maar huis toe gaan.

Dinsdag, 3 Augustus, is ek terug na my eie ginekoloog om die kramme uit te haal. Hy voel tevrede met die wond se toegroei. Op 25 Augustus is ek na die onkoloog. Hy en die ontvangsdames was baie verbaas dat ek so maklik kan opstaan en loop en sê 'n mens sal nie dink dat ek so 'n groot operasie gehad het nie. Hy vra hoe dit gaan, en ek getuig hoe goed die Here vir my is. Ek sê vir hom: "Dokter, vandat ek in die hospitaal wakker geword het tot op hede, het ek nog geen pyn of enige ongemak ervaar nie. Oefeninge gaan goed, en ek kan glad nie kla nie." Die dokter sê dat die wond pragtig lyk en hy sien niks waaroor ons bekommerd oor hoef te wees nie. Ek loof en prys die Here elke dag wat Hy in my lewe doen. Ek kan net van die Here se genade, sy goedheid en sy liefdevolle genesende hand in my lewe getuig. God wil net hê dat ons alles vir Hom moet oorgee, sodat Hy in ons lewe kan werk en dat ons 'n getuie vir Hom daar buite sal wees. Doen dit, gee alles oor aan Hom, groot en klein dinge; kyk hoe werk die Here in jou geestelike lewe asook in die mense rondom jou. Alle eer en lof en aanbidding aan ons Hemelse Vader!

Dankie ook aan al my boeties en sussies in geloof wat my opgedra het aan die Here. Ek waardeer julle en lief julle baie.

**Wilma (Blom) Lategan**
**Paarl**

# Waarheen is jy op pad, EG Kerk?

**'n Paar indringende vrae was gevra aan die Evangelies-Gereformeerde Kerk in haar 50ste bestaansjaar, in hierdie artikel van 'n emeritus-leraar, ds. Adam Grobler, ten tye van sy en sy tweelingbroer, ds. WP Grobler se 80ste herdenking in 1994.** Albei is al oorlede, maar ons plaas graag die artikel weer.

**Mal. 3:17,18** ***En hulle sal My tot eiendom wees, sê die HERE van die leerskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelye hê soos 'n man medelye het met sy seun wat hom dien. Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie.***

**1. Is die boodskap oor die versoening in Jesus se bloed nog klinkklaar?**
In **Rom. 3:25** staan daar geskrywe: ***"Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening, …"***
(a) Is die versoeningsboodskap oor vergifnis van sondes, soos **Ef. 1:7** dit uitdruk: ***"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade"***, nog helder, duidelik en onverwaterd? Dit is 'n bron van kommer dat mense valse fondamente bou en daar geen goddelike lewe waarneembaar is nie.
(b) Is die versoeningsboodskap oor die reiniging en verlossing van die inwonende sonde in die kind van God se lewe en die vervulling met die Heilige Gees en waar Christus as Koning in lewens heers nog net so kragtig en helder soos met die stigting van die Kerk? (Rom. 6:6, 7:24-25, 2 Kor. 7:1, Ef. 5:18, 1 Pet.1:22, 1 Joh. 1:7 en 9.) 'n Bron van kommer is dat daar by talle lidmate geen duidelike onderskeid tussen heilig en onheilig is nie.
(c) Word die versoeningsboodskap oor Jesus die Geneesheer en die krag wat daar in Sy bloed is om gesond te maak nie hopeloos te min gehoor nie? (Jes. 53:4-5, 1 Pet. 2:24 en Rom. 8:11.)

**2. Is u lewe soos 2 Kor. 6:14-18 dit voorhou?**
Sien ons die onderskeid tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie? Of het ons oorgegaan tot die begrip "if you can't win them, join them". Trek u aan dieselfde juk met die ongelowiges? Wie is u intieme vriende – kinders van God of wêreldse vriende? Sê die Skrif tevergeefs: "Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon"?

**3. Is u en u kinders in u huis se drag en gedrag soos dit 'n kind van God betaam?**
Lewe u 'n afgeskeie lewe soos Abraham, nadat Lot die wêreld gekies het? Om die wêreld lief te hê met sy wellus, plesiere, status en gewoontes is nie uit die Vader nie! (1 Joh. 2:15-17, Luk. 16:15, Joh. 5:44, Joh. 12:42-43, Fil. 3:20, Rom. 12:2 en Jak. 1:27). As u volhard in so 'n lewe is dit 'n vraag of u waarlik weergebore is. U uiterlike voorkoms – is dit tot eer van God of is dit eie aan die wêreld? Voel die wêreld veilig in u huis en u gemeente? Waar is die vuurgloed van heiligheid van **Hand. 5:13** ***En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer.***
Ons leef in die laaste tye waar kinders van God meer liefhebbers van vermaak is as liefhebbers van God. Die suurdeeg van die wêreld het so ingedring dat mense net 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het (2 Tim. 3:4,5). Die duiwel het sy taktiek verander en doen hom al meer voor as 'n engel van die lig. Hy het die wêreld in die vorm van die TV binne-in God's kinders se huise gedring. Sy besoedelde, afbrekende invloed dring deur tot by die kinders wat daarin hulle tydverdryf moet vind! Dan wonder ouers hoekom hulle kinders so onhebbelik, weerbarstig en stroom-op is.

**4. Waar staan u in verband met die heiliging van die rusdag?**
Ex. 20:8 Gedenk . . . met ander woorde, die heiliging van die Sabbat was in werking voor die Wet gegee is. Is dit u koopdag, sakedag, ontspanningsdag of kuierdag? Noem u die dag 'n verlustiging en hou u die heilige dag hoog? Eer jy dit deur nie jou gewone gang te gaan nie? Hoe baie kinders van God koop en verkoop op Sondae en maak dit 'n plesierdag?

**5. Die getroue gee van tiendes – waar staan u?**
Is u besig om die kerk in 'n krisis te dompel deurdat u hierdie opdrag misken? Is dit nie nodig dat Jesus Christus weer met die vuurgloed van Sy ywer ter wille van die eer van Sy Vader in ons gemeentes sal instap, die gees van ongeloof uitbrand en die ou suurdeeg uitsuiwer en ons terugbring na die ou paaie waar ons in halfnagte van vurige gebed tot God roep dat Hy Sy kinders getrou sal maak en hulle tiendes en offergawes te gee nie? Dan sal allerhande fondsinsamelings, soos ons dit vandag sien, nie nodig wees nie. . .

Terug na God se paaie! Terug na die Bybelpad! Terug na dit waar God se krag weer geopenbaar sal word! Terug na waar leraars en kerkraadslede die eerste sal wees om hulle voor God en mens te verneder!
QUO VADIS – Waarheen is u op pad, EG Kerk?

**Ds. Adam Grobler**

**Evangelies-Gereformeerde Kerkblad – Julie/Augustus 1994**

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD



Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • Mei/Junie 2023 • #652

- Heiligmaking en die kind van God
- Die getal sewe en die Geeste van God
- Die geur van Christus

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

# ... van die Redakteur

Terwyl die eerste kwart van die jaar skielik iets van die verlede is, is ons tog bly, liewe lesers, om u weer eens te groet in die wonderlike naam van Jesus Christus. So stil-stil het 21 April – die herdenking van die EG Kerk SA se 79ste bestaansjaar – ook by ons verbygegaan, inderdaad 79 jaar van genade!

Met die herdenking van die gebeure rondom Paasfees (die Kruisiging en Opstanding) nog vars in ons geheue, bereik ons hierdie tyd waar ons gaan fokus op die Hemelvaart en Pinkster, die uitstorting van die Heilige Gees en hoop ons op vars en godvrugtige nuwe ontmoetings en salwings deur die Heilige Gees.

As die artikels oor ***Die Teken*** en ***Heiligmaking en die kind van God*** saam bestudeer word, sal dit opgemerk word hoekom Pinkster so kardinale rol in ons lewe moet speel – vandaar die herhaling van ***'n Klein ou Pinkstertjie*** wat jaar na jaar nuwe betekenis in die kind van God se lewe teweegbring. Pinkstertyd is 'n tyd waar ons baie spesifiek fokus op die Heilige Gees, wie Hy is en wat Hy doen. Jesaja verskaf 'n lys van eienskappe van die Gees wat op die Messias sal rus wat uit die stam van Isai (Dawid se vader) sal kom. Lees gerus die artikel ***Die getal sewe en die Geeste van God***.

Mag hierdie tyd van afsondering gedurende Pinkster ons almal noop om hand in eie boesem te steek met 'n smeekgebed in die hart van **Ps. 85:7** ***Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?***

**Redakteursgroete!**


**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger



**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
Commercialstraat 1008
Claremont, 0082
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg © EG Kerk SA Alle regte streng voorbehou**



**Voorbladfoto: Photo by Jonathan Borba: https://www.pexels.com**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn



**Jaargang 78**
**Mei/Junie 2023**
**Uitgawe #652**


# INHOUD


**3 Heiligmaking en die kind van God**

**4 AANDDIENSTE: Sewentig jaar plus!!**

**5 My "broer" Mike**

**6 Die getal sewe en die Geeste van God**

**8 Uit die Argief:** Die Teken

**9 Pretoria-Oos Fliekaand**

**10 EDEN Paaskonferensie**

**12 'n Klein ou Pinkstertjie**

**13 Silwerjeug Braai Pretoria-Oos**

**14 Aangename Kennis:** Ds. Francois du Toit

**15 Jakaranda Sorgsentrum Uitreik**

**16 Vroueblad:** Die geur van Christus

**17 Briewe aan my seun:** Die Goddelike Tug

**18 Tommie se Lappieskombers**


**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R120 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Heiligmaking en die kind van God

Wanneer daar gepraat word oor heiligmaking is daar hoofsaaklik twee misverstande wat prominent uitstaan met hierdie gedagte. Eerstens word daar soms gesê dat Heiligmaking nie vir my is nie. Tweedens word die woord heiligmaking nie altyd reg verstaan nie.

In **1 Petrus 1:15-16** word daar aan weergebore kinders van God geskryf dat hulle moet heilig wees want God is heilig: ***Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,*** **16** ***omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.***

In **1 Thessalonicense 4:3** staan daar ***"dit is die wil van God: julle heiligmaking."*** Dit is God se wil dat elke kind van Hom 'n heilige en vlekkelose lewe sal hê, maar ek en u het steeds die keuse om so lewe te lei of nie.

**Efésiërs 1:4** ***"soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees"***. Elke kind van God is deur God uitverkies om 'n heilige lewe te leef, dit is nie opsioneel nie. Dit is die wil van God.

Die tweede misverstand rakende heiligmaking is natuurlik die betekenis van hierdie woord. Die woord geheilig, heiligmaking en heilig kom ongeveer 278 keer voor in die Nuwe Testament met die primêre betekenis van "om af te sonder". Met ander woorde, eenkant gesit vir God. Die kind van God moet elke dag meer en meer soos Christus lewe, dag vir dag is daar geestelike groei. Maar dit is slegs moontlik as die kind van God bereid is om sy lewe in te rig volgens die wil van God.


Heiligmaking is ook 'n proses wat begin by die dag wat jy weergebore word, dit is nie 'n eenmalige ervaring nie, maar eerder 'n proses om gelykvormig te word aan Jesus Christus. **Romeine 8:29** ***"Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders."***

'n Algemene gevoel onder kinders van God is dat hulle nie daarin kan slaag om 'n heilige lewe te leef nie. Paulus het dieselfde gevoel in **Romeine 7:15** ***"Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek."*** Asook **vers 19** ***"Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."*** Hierdie stryd ontstaan in ons omrede ons die behoefte het om heilig en vlekkeloos voor God te wandel, maar slaag nie altyd daarin nie. Dan volg die gevoel van mislukking. Die kind van God moet besef dat hy nie sondeloos volmaak kan lewe gedurende ons tyd hier op aarde nie. Johannes skryf in **1 Johannes 1:8** ***"As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie."*** Daarom moet hy gedurig sy sonde bely en by God pleit om hom te reinig van alle ongeregtigheid.
Wanneer laas het u by God gepleit om u hart te reinig? Wanneer laas het u opnuut 'n vervulling met die Heilige Gees ervaar?

Ons bevind ons in die tyd van die jaar waar ons Pinkster dienste bywoon en boodskappe hoor van die uitstorting van die Heilige Gees, maar hoe staan u saak rondom heiligmaking en vervulling met die Heilige Gees? Is u al vervul met die Gees van God? Vorder u op die pad van Heiligmaking? Die tyd het aangebreek dat elke kind van God ernstig sal word oor sy godsdiens.

**Efésiërs 5:17-18** ***"Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.*** **18** ***Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul."*** Mag die Here sy genade oor ons oorvloedig uitstort sodat ons binne Sy wil sal wees en bly.

**Ds. Francois du Toit**
**Volksrust**



# AANDDIENSTE:

My moeder was reeds gered voor my geboorte, my pa nie veel later nie. Hy het eendag vertel dat hy met die lees van 'n traktaatjie gered is en ook later die tweede krisis ondervinding deelagtig geword het. Albei het die Here end uit met oorgawe en toewyding gedien!

Voor skool reeds, kan ek onthou, het ons in Pretoria spesiale evangeliedienste bygewoon. Ons het nog nie 'n motor gehad nie, so die vervoer was saam met die bure en met die munisipale busdiens. Ek en my suster het gewoonlik op die vloer tussen die banke op 'n kombers plaasgeneem. Die sitplekke was vol! Die Evangelie was sterk in aanvraag, in die laat 1940's. My ouers het daar lidmate van die Hervormde NG Kerk (De Vos Kerk) geword.
Voor skool reeds het my pa uit die SAP bedank en by Yskor op Vanderbijlpark gaan werk. So het ons toe na die Vaaldriehoek verhuis. Die HNG Kerk gemeente was op Vereeniging. Ons het in daardie vroeë stadium gehelp met die oprigting van die kerksaal.

Sondag se twee dienste, oggend en aand, Woensdagaand se biduur en Vrydagaande se Bybelklas, alles is getrou bygewoon. Die lidmate het Bybeltekste geleer vir die Bybelklas. Ek onthou hoe sommige met moeite die terme in volgorde probeer kry het van **Rom. 2:4** ***"Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?"*** Ons as kinders het in alles gedeel, niemand het ooit tuisgebly nie. My ouers het spoedig 'n eiendom in Vereeniging distrik aangekoop. Vandaar is ons betrokkenheid by die gemeente voortgesit.

Op 'n stadium het byna die hele gemeente oorgeskuif na die Nuwe Protestantse Kerk. Die kinders van die Here het aangevoer dat hulle nie meer met die aanvallende styl teenoor ander kerke kon saamgaan nie. Hulle wou groei in die Woord. My oorlede vader het 'n leidende aandeel aan die skuif gehad. Wyle ds. Chris Cronjé het die stigting vergadering gelei.

Met Sondae se oggend- en aanddienste was daar steeds net een pad – kerk toe. Ek onthou dat ons saans op pad terug van die kerk af met moeite probeer het om aan die slaap te raak. Ons was moeg en lui om die hek oop te maak! Dan moes ons liewe moeder instaan. Met die weeklikse bidure is ons kinders later verskoon ter wille van die skool. Met alle eredienste en spesiale reekse was die pas egter volgehou. Ons het geen alternatief geken of begeer nie.
Die laaste Pinkster reeks van ds. Sarel Fourie is steeds helder in die geheue. Die hele gemeente het na die dieper lewe ondervinding gesoek. Dit was die naaste aan herlewing wat ons ooit ervaar het!
Met die verantwoordelikhede op die kleinhoewe in ons grootword jare, was daar ook uitdagings, maar geen uitsonderings nie. Die koei moes byvoorbeeld voor Sondag se aanddiens gemelk word. Ek het op 'n stadium begin koor sing in die gemeente. Dit was met toewyding hanteer. Daar is altyd gesoek en gebid vir die regte evangelie lied vir die aanddiens. Dit moes bydra dat 'n soekende siel na die boodskap sou reageer op die uitnodiging.

Die kooroefening was altyd om vyf uur, voor die aanddiens. Ek het dan gewoonlik so by vier uur te voet vertrek om vyfuur by die Kerk aan te kom. As pa nie kon instaan vir die melkery voor kerk nie, dan was dit my voorland om so by nege uur, na kerk, die koei te gaan melk. Die verlange dat siele bereik sou word was groter as die opoffering!
Ons het ook nie Sondagaand tuisgebly ter wille van môre-oggend se skool nie. Laerskool toe het ons soggens deur ryp, reën of sonskyn skool toe geloop, so twintig minute vêr, en middae weer terug. Hoërskool toe het ons 'n halfuur geloop tot by die busstop, en dan het dit nog 'n groot deel van 'n uur geneem tot by die skool. Middae was dit weer omtrent 'n uur en 'n half huis toe. Skool was belangrik, maar ons weg met die Here het altyd prioriteit geniet.

Met genade kon ek deur my lewe hiermee volhou. In die bediening was die aanddiensbywoning natuurlik vanselfsprekend. Toe ek later deel van die Kweekskool personeel geword het, kon ek as lidmaat daarmee volhou. Verskeie kollegas het nie altyd daarmee volgehou nie, om verskeie redes. Ek was egter deurgaans oortuig dat 'n dosent nie van die nuwe geslag predikante kan verwag om getrou te wees as jy nie self getrou is nie. Verder, hoe kan jy eindelik van 'n lidmaat verwag om aanddienste by te woon as jy dit nie self met toewyding gedoen het en steeds doen nie?

In my tyd het ons juis meer as een keer skrywes van besorgde kollegas in die gemeente bediening ontvang. Navraag is gedoen oor die doserende personeel se erediensbywoning, met spesiale verwysing na die aanddienste. Daar was 'n besorgdheid dat die Kweekskool die regte vorming vir die volgende geslag bedienaars sou bemiddel. Dit het ongelukkig nie veel gehelp nie. Die wat bygewoon het, het volhard, die ander het voortgegaan met die versuim. Of hul persoonlike redes vir Hom wat hulle geroep het aanvaarbaar was? Ongelukkig het dit ook onwelkome vrug opgelewer. Voorgangers se voorbeeld lewer onvermydelik vrug!

Na ek afgetree het, het ek 'n dekade of wat gepoog om dit vol te hou. Die jongste tyd wou ek egter begin afskaal, om twee redes. Die koste het

# Sewentig jaar plus!!

tot R150 per rit vir elke diensbywoning gestyg en die pensioen raak al verder agter! Die tweede rede is die 37km terugtog huis toe in die donker! Dit is nie meer so maklik soos vroeër nie!
Dit moes egter nou in hersiening geneem word. Een van die kleinkinders vra onlangs waarom oupa nie by die aanddiens was nie? Toe besef ek dat ons steeds ogies het wat ons dophou! Hulle kyk nie net of ons daar is nie, maar ook na ons gesindheid en toewyding daarin al dan nie. Dit word fyn waargeneem! Ons lewenstaak is nie afgehandel nie!

So, ons probeer opnuut volhard in die wonderlike voorreg van die mooi, goeie, proaktiewe en lewenslange gewoonte. Ons moet maar net die Here vertrou vir die tweeledige probleem! Die Here roep ons immers op, Hy wil ons graag elkeen daar hê. En ons begeer met ons hele hart dat ons kleinkinders die Here met liefde en oorgawe sal dien!

Tragies dat die vyand jare reeds baie van ons so verblind het dat ons jou werklik waar kan dink dat ons ons kinders regdeur hul opvoedings jare, by implikasie/voorbeeld kan leer/ vorm dat dit nie belangrik is om aanddienste by te woon nie! Jy hoef nie by te woon nie! En dan wanneer hulle volwasse is, dan moet iemand hulle oortuig dat dit toe eintlik wel belangrik is! Geen wonder dat die aanddienste so swak bygewoon word nie. Ons kweek deurlopend die volgende geslag dan so! **Heb. 10:25** vermaan ons juis om mekaar nie in die steek te laat nie wat die onderlinge byeenkomste betref nie!! Mag die Here ons harte aanraak en ons oë oopmaak!!

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus.**

---

# My "broer" Mike

Ek ry deur die elektroniese hek en parkeer voor die gebou waar alzheimerpasiënte versorg word. Ek druk die voordeur klokkie en 'n fris geboude jongman maak die veiligheidshek vir my oop.
"Ek is hier om mnr. Coglan se hare te sny" verduidelik ek op sy vraag. Die vriendelike kêrel roep oor sy skouer na een van die dames in die gang en 'n minuut later word ek begelei na Mike se kamer wat hy met 'n ander bejaarde pasiënt deel. Mike se bed is die naaste aan die venster en uitgestal op 'n klein tafeltjie is geraamde foto's van hom en sy vrou en sy twee dogters. Mike het opsigtelik maerder geword en is nie meer in staat om met my te kommunikeer nie. Ek groet my ou vriend met die gewone hartlikheid, maar sy woordelose oë beskaam die hoop vir 'n antwoord.
Terwyl twee versorgers besig is om hom uit sy gemakstoel na 'n ander een te verplaas, pak ek solank my haarsnyapparaat met die res van die toebehore op Mike se bed langsaan. Ek vou die mantel om sy bolyf en trek die toutjies in 'n strikkie agter sy nek en my kliënt is gereed.
Sy oë staar vraend na myne terwyl ek die knipper in die muursok konnekteer. Die personeel het reeds Mike se baard voor my koms geskeer so ek behoort vroeër klaar te maak.
Die snyery vat egter langer as wat ek gedink het. Mike reageer nie as ek sy kop probeer draai nie. Die feit dat hy heelwat laer sit as die gewone kliënt in my salon, maak dit vir my ook nie makliker nie.
Mike se kamermaat wat op die bed langsaan op sy rug lê se oë is gefokus op sy regterhand. Hy beweeg dit met eindelose reëlmaat en met uitgestrekte vingers heen en weer, oor die laken waaronder hy lê so asof hy die plooie en voue daarvan wil uitstryk. Uiteindelik is ek klaar en pak my instrumente terug in die sak. Ek vra 'n versorger wat elders besig is om Mike weer gemaklik te maak. Minute later is ek gereed om te vertrek. Ek staan agter Mike wat nog in sy stoel sit en buk af en praat met my mond teen sy oor: "Goodbye Mike, I`m leaving now, I still pray for you, my brother. We will see each other again soon."

"Is julle dan broers meneer?" wil die versorger weet.
"Nee, net broers in Christus."
Sy knik instemmend met 'n glimlag op haar gesig. Het sy dalk net soos ek **1 Pet. 3:8** raak gelees: ***"En eindelik wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik."***
Terwyl ek in die lang gang verby ander bedlêendes in hulle kamers stap, groet ek van die personeel wat besig is met hulle liefdeswerk. My gemoed is vol, maar buite skyn die son na 'n lang koue winter. Dit is 'n pragtige lentedag in George en 'n voorreg om jou Skepper te ken wat jou nuwe krag gee.
Op pad na my motor wonder ek of ek weer 'n versoek van Mike se dogter gaan kry om haar pa se hare te sny. Maar indien nie, glo ek Mike sal my aan ons afskeid van flussies herinner, wanneer ons eendag saam voor Hom in Sy heerlikheid staan.
Terug by my salon gaan my gedagtes terug na Jesus se woorde aan sy dissipels voor Sy kruisiging.
***"En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na my toe neem sodat julle ook kan wees waar ek is"*** **Joh.14:3.**
Hierdie belofte staan vas en die bekende lied *"Eendag sal ons Jesus sien"* beaam dit.

**Koos Cronjé**
**George**

# Die getal sewe en die Geeste van God

Pinkstertyd is 'n tyd waar ons baie spesifiek fokus op die Heilige Gees, wie Hy is en wat Hy doen. Jesaja verskaf 'n lys van eienskappe van die Gees wat op die Messias sal rus wat uit die stam van Isai (Dawid se vader) sal kom:

**Jes. 11:2** ***en op Hom sal (1)die Gees van die HERE rus, (2)die Gees van wysheid en (3)verstand, (4)die Gees van raad en (5)sterkte, (6)die Gees van kennis (7)en van die vrees van die HERE.***

Of hierdie sewe eienskappe of aspekte toevallig is, is oop vir bespreking, maar in die vierde hoofstuk van Openbaring vestig Johannes in elk geval ons aandag op die sewe Geeste van God, naamlik die sewe vuurfakkels voor God se troon: **Open. 4:4-5** ***...rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.*** **5** ***En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand;***

Daar word ook gesê dat hierdie Geeste, ***"sewe oë is, wat die sewe Geeste van God is wat na die hele aarde uitgestuur is"*** **Open. 5:6** ***En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.***

Die alwetendheid van die Heilige Gees word hier beklemtoon, asook Sy wêreldwye bediening.

Sagaria laat blyk ook iets hiervan: **Sag. 4:1-10** ***En die engel wat met my gespreek het, het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit die slaap opgewek word.*** **2** ***En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is.*** **3** ***Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan.*** **4** ***Daarop het ek begin spreek en aan die engel wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my heer?*** **5** ***En die engel wat met my gespreek het, antwoord en sê vir my: Weet jy dan nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my heer.*** **6** ***Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare.*** **7** ***Wie is jy, groot berg? Voor Serubbábel sal jy tot 'n gelykte word! En hy sal die sluitsteen te voorskyn bring onder uitroepe van: Genade, genade oor hom!*** **8** ***En die woord van die HERE het tot my gekom en gesê:*** **9** ***Die hande van Serubbábel het die fondament van hierdie huis gelê, en sy hande sal dit voltooi; dan sal jy weet dat die HERE van die leërskare my na julle gestuur het.*** **10** ***Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe—die oë van die HERE wat die ganse aarde deurloop—met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbábel?***

**Sy wêreldwye bedieninge sluit in:**
i) om te oortuig "van sonde en van geregtigheid en van oordeel" (**Johannes 16:8**). Verder,
ii) om te werk teen die invloed van die sondeval (**2 Thess. 2:6-7** ***En nou, julle weet wat hom*** (die antichris) ***teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.*** **7** ***Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is***).

In **Openbaring 5** word spesifiek gesê dat die sewe Geeste, Geeste van God is wat die verband met **Jesaja 11:2** meer aanneemlik maak en wat sewe verskillende aspekte van die Heilige Gees aandui wat op die Gesalfde (die Messias of Christus) uitgestort is.

Dat hierdie sewe Geeste nie engele is nie word gesien vanuit hul verheffing op gelyke voet met die ander twee lede van die Drie-eenheid, al is dit vir ons 'n ongewone manier om die Heilige Gees aan te dui. Waarom dan sewe?

Die aantal stem ooreen met die aantal lampe in **Sagaria 4** en verteenwoordig die aktiwiteit van Christus deur die Heilige Gees in en aan die sewe gemeentes, soos ons ook in **Openbaring 2 en 3** sien.

Die brief aan elke gemeente in **Openbaring 2 en 3** sluit af met die vermaning: ***"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê"*** (**Open. 2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22**)- Hoeveel keer? 7 keer.

Die getal sewe is die getal wat ook die meeste in die boek Openbaring voorkom.

Selfs die mees onverskillige leser van Openbaring moet getref word deur die wyse waarop feitlik elke ding in Open-

baring deur sewes georden word. **Open. 1:4-5** ***Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,*** **5** ***en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde...***

Dus, naas die sewe Kerke, en hulle sewe engele of boodskappers, het ons die sewe Geeste (**Open. 1:4**), die sewe kandelaars (**Open. 1:12**), die sewe sterre (**Open. 1:16**); en verder, die sewe vuurfakkels (**Open. 4:4**), sewe seëls (**Open. 5:1**), sewe horings en sewe oë van die Lam (... wat die sewe Geeste van God is...) (**Open. 5:6**), sewe hemelse engele met hulle sewe basuine (**Open. 8:2**), sewe donderslae (**Open. 10:3**), sewe koppe van die draak, en sewe krone op hierdie koppe (**Open. 12:3**), dieselfde van die dier wat opkom uit die see (**Open. 13:1**), sewe laaste plae (**Open. 15:1**); sewe skale (**Open. 15:7**), sewe berge (**Open. 17:9**), sewe konings (**Open. 17:10**); om nie te praat van ander herhalings, nie so ooglopend nie, van hierdie getal sewe as 'n soort watermerk deur die Boek.

Neem byvoorbeeld die sewevoudige toeskrywing van heerlikheid aan die Lam (**Open. 5:12** ***en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang [1)]die krag en [2)]rykdom en [3)]wysheid en [4)]sterkte en [5)]eer en [6)]heerlikheid en [7)]lof.***) en aan God (**Open. 7:12** ***Amen! Die [1)]lof en die [2)] heerlikheid en die [3)]wysheid en die [4)]danksegging en die [5)]eer en die [6)]krag en die [7)]sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.*** )

Let op die sewe saligsprekinge in openbaring..
**Open. 1:3** ***Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.***
**Open. 14:13** ***En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.***
**Open. 16:15** ***Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.***
**Open. 19:9** ***Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.***
**Open. 20:6** ***Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.***
**Open. 22:7** ***Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.***
**Open. 22:14** ***Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.***

Die konsep van ons Here se spoedige wederkoms word ook sewe keer in Openbaring beklemtoon deur die woorde "gou" [**Open. 1:1; 2:16; 3:11; 11:14; 22:7; 22:12; 22:20**)."

**Open. 1:1** ***Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,***
**Open. 2:16** ***Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.***
**Open. 3:11** ***Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.***
**Open. 11:14** ***Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou.***
**Open. 22:7** ***Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.***
**Open. 22:12** ***En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.***
**Open. 22:20** ***Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!***

Daar is ook sewe ***"Ek is"*** uitsprake van Christus (**Open. 1:8, 11, 17, 18; 21:6; 22:13, 16**)
**Open. 1:8** ***Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.***
**Open. 1:11** ***Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.***
**Open. 1:17** ***En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste***
**Open. 1:18** ***... Ek was dood en kyk, Ek leef*** (*Engels-I am Alive* (*Ek is lewendig*)) ***tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.***
**Open. 21:6** ***En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.***
**Open. 22:13** ***Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.***
**Open. 22:16** ***Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.***

Die getal sewe word in Openbaring verstaan as 'volmaaktheid' in die sin van voltooiing. God het in ses dae geskep en op die sewende gerus, alles is voltooi, so voltooi Openbaring die Bybel.

Die sewe kerke is verteenwoordigend van alle kerke.
Die sewe Geeste verteenwoordig die volmaakte alwetendheid van die Heilige Gees (God).
Die sewe seëls, basuine en bakke dui op die volledigheid van God se wêreldwye oordeel.

**Vervolg op bl. 9**

# Die Teken

Uit die Argief

In **Ex. 12:13** sê God: ***"Die Bloed sal vir julle 'n teken wees"***. In **Jos. 2:12** sien ons dat die rooi lyn aan die venster van Ragab se huis 'n teken was dat sy en haar huis gered sou word as die stad verwoes word. Die rooi lyn stel die bloed van Jesus Christus voor. Josua, 'n tipe van Jesus Christus, was so getrou aan die rooi-lyn-teken dat Ragab haar familie en alles wat sy had, gered is deur die teken. God was so getrou aan die teken van bloed aan die huise in Egipte, dat nie een enkele persoon, wat agter daardie teken geskuil het, iets oorgekom het nie. God het na die bloed gesoek en waar Hy dit gekry het, was almal veilig.

Die volk moes die bloed aan die huise sit en toe in die huise bly. Ragab moes ook eers die rooi tou uithang en toe in die huis bly. Josua het na die teken aan haar venster gekyk en almal in die huis is gered. Ook die Paaslam se bloed was 'n tipe van die bloed van Jesus. In Heb. 13:20 word dit genoem "die bloed van die ewige testament". Dit is ook die bewys dat almal die testamentregte en -voorregte het. Die testament beteken "verbond", daarom is die bloed die teken dat alles wat God in die Nuwe Testament belowe het, vir ons is. Die TEKEN verklaar dat Jesus al die vereistes van God vir ons volbring het en daarom kan ons verkry ALLES wat Hy vir ons gekoop het met Sy lewe en dood, mits ons in liefde en geloof lewe. In Egipte en in Jerigo moes die teken duidelik sigbaar wees waar die hulp nodig was, of anders sou hulle saam met die ander omkom. As die mense net op die belofte gereken het, sonder om die teken te toon, sou hulle omkom.

Mnr. C.H. Spurgeon, die groot Engelse prediker, het gesê: *"Die Woord verseker ons van die dinge, maar dit is die bloed wat ons dit laat beërwe."* Volle gehoorsaamheid gee ons die aanspraak op die teken. Een deel van God se verbond met ons is dat Hy ons gebede wil verhoor, daarom moet ons, as ons wil bid, die teken voor Hom ophou – dit is die BLOED. Paulus sê dat die bloed van Jesus praat (Heb. 12:24) en dit sê vir God: "Hierdie bidder is in verbond met U en moet die antwoord op hierdie gebed verkry."
Moontlik is dit 'n persoon met 'n harde hart wat u voor bid; God het beloof om die harde hart weg te neem en 'n sagte een te gee (Eseg. 36:26). Die bloed moet op daardie harde hart gehou word as God se teken dat Hy sy belofte sal hou. Moontlik bid u dat God u familie moet red. Die teken moet op hulle gehou word om tot God te spreek en Hom te herinner dat Hy beloof het om u en u huisgesin te red, as u glo (Hand. 16:31). Dit kan wees dat sataniese magte die persoon bind vir wie u bid; die teken moet gebruik word oor die persoon en teen die duiwelsmagte, om tot God te spreek, deur Sy eie Woord, dat die bloed vir Satan oorwin het (Open. 12:11). Dit is moontlik dat bose geeste in 'n diens so die oorhand kry, dat die kinders van die Here en selfs die ongereddes, so terneergedruk is deur die bose geeste, dat hulle geen vrymoedigheid het om God te dien en te gehoorsaam nie. Satan is die owerste van die magte in die lug en sy bose geeste is oral volop (Joh. 14:33). Wéér moet die teken gebruik word teen hulle waar hulle in die lug is om God te herinner dat Hy in **Jak. 4:7** gesê het: ***"Weerstaan die duiwel en hy sal van julle af wegvlug"***. Miskien is iemand nog dood in sonde en misdade en hy troos homself nog net dooie werke – die bloed moet gelowig oor hom gepleit word sodat hy gered kan word! Die bloed sal hom ook suiwer van dooie werke om die lewende God te dien. Miskien is u onder 'n mag van doodsheid en koudheid teenoor God, dan moet u die bloed oor u hou as teken dat God u lewendig wil maak om Hom te dien (Heb. 9:14).

Is u nie in staat om vir God te werk nie? Dan moet die teken op u gehou word as onderpand dat God u wil toeberei vir elke goeie werk. As u of ander bevange is met vrees, twyfel, onsekerheid, ongeloof of onverskilligheid, dan moet die teken oor hierdie dinge opgehou word as bewys dat God van sonde kan verlos. As iemand ver van God af is, dan moet die teken oor hom gehou word om vir God te sê: ***"Hy het gesê, die bloed bring naby!"*** (**Efes. 2:13**)

Is daar pyn, siekte, pyn, swakheid of ander ongesteldhede? **Heb. 9:22** sê: ***"Byna alles word deur bloed gereinig."*** 'n Sterk middel word ook gebruik om te suiwer en die onheil uit te dryf. Hou netso die bloed op die ding wat u wil weghê en die bloed is kragtig genoeg om die werk te doen. Die bloed is die bewys dat Christus al die dinge vir u gedra het en u daarvan bevry het. Die bloed is die bewys dat u in Christus is! Daar is in Hom geen sonde of siekte nie, daarom moet u die bloed teen die dinge hou, totdat hulle u verlaat het. Is dit dat Satan twyfel en ongeloof op u laai? God sê: ***"As ons ontrou is, Hy bly getrou."*** (**2 Tim. 2:13**) Hou die teken van die bloed op voor Hom as bewys dat Hy getrou is . . .
Hou u teken – die bloed – styf vas in die aangesig van die duiwel, teen alle omstandighede en toestande, wetende dat God getrou is aan Sy teken. Is daar iets wat soek om u seer te maak? Alle siekte en ongelukke maak seer. Herinner God daaraan dat Hy ook gesê het: ***"Geen onheil sal jou tref nie"*** (**Ps. 91:10**). Hou Sy teken voor Hom op as sekuriteit, dat Hy ook hierdie deel van Sy verbond sal hou.

Begeer u om God te sien werk? Gaan dan aan met Sy werk en hou die teken van sy verbondsbelofte voor Hom op: ***"Kyk, Ek is met julle"*** (**Matt. 28:20**). Ons is medewerkers van God (1 Kor. 3:9). **Joh. 14:12** ***"Die werke wat Ek doen sal julle ook doen"***. Is dit die doop met die Heilige Gees wat u begeer? Die melaatse het die heilige olie OP die bloed aan sy liggaam gekry (Lev. 14:14, 16). Die heilige olie is 'n tipe van die Heilige Gees en leer ons dat die Heilige Gees wil werk waar daar bloed is.
Sommige van ons beste werkers het die bloed gelowig toegepas op elke vesel van hulle wese en toe gelowig die Heilige Gees verwag. Hulle het 'n magtige salwing ontvang en kragtig daarna in Sy diens gewees. O, die bloed is die teken dat God alles wil doen wat Hy beloof het. Laat ons Hom op die proef stel – Hy vra ons mos in Mal. 3:10 om dit te doen. Wanneer en waarvoor ons ook na Hom mag gaan, Hy kyk of ons die teken bring. God kan nooit teleurstel deur nie te werk waar die teken is nie! Hy sal alles doen wat Sy verbond insluit teenoor die wat dit gelowig aanvaar en Sy teken bring. Hy sê dat Hy sal werk as Hy die bloed sien. God het die teken gegee en ons moet dit gebruik en vertrou. Valse godsdiens het nie hierdie TEKEN, die BLOED nie.

**Mej. H. Mouton**
**Die Nuwe Protestant – Februarie 1983**

# Die getal sewe en die Geeste van God

Vervolg vanaf bl. 9

Die voorkoms van sewe regdeur die boek Openbaring dui hierdie boek aan as die finale openbaring van God aan om die kanon van die Skrif te voltooi:

Met die laaste handelinge wat in die boek Openbaring opgeteken is, voltooi God Sy magtige daad van verlossing en vernuwing en so herstel Hy Sy skepping tot die toestand wat dit gehad het.

Die Lam asof Hy geslag is, is waardig om die boek te neem, en sy seëls te breek. **Open. 5:6** ***En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.***

Wat is die boodskap van die Heilige Gees (God) aan die Kerk, in besonder die EGK en in besonder aan u en my vandag? Wat sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het? Is dit miskien nie dalk die volgende nie?

**Open. 3:1-6** ***....Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.*** **2** ***Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.*** **3** ***Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.*** **4** ***Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.*** **5** ***Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.*** **6** ***Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.***

**Ds. Wynand van Niekerk**
**Kweekskool**













**PRETORIA-OOS**

# Fliek-aand Fees!!

# EDEN Paas

Uiteindelik het Paasnaweek 2023 aangebreek – 'n hoogtepunt op talle konferensiegangers se kalenders. Weer eens kon ons deel in die heerlike samesyn van kinders van die Here, lofprysing en aanbidding d.m.v. samesang en besielende boodskappe! Die Edenterrein was deeglik voorberei om ons te ontvang, van die huisies, sale, kampeerterrein, ablusiegeriewe tot die kombuis. Genoegsame woorde ontbreek om die Faktotumspaar (Hennie en Erika Bronkhorst) en die Edenkommissie (di. Nicko Prinsloo, Johnnie Gates, Riaan Gates en Loedolff van der Merwe) en Gert Swanepoel en sy kookspan te bedank.

Reeds van die Woensdag af was dit opmerklik hoe die kampeerders met hul woonwaens en tente reeds 'n koelteplekkie gesoek het vir kampopslaan, maar die ander konferensiegangers het natuurlik die kamertjies ook daardie tyd begin vul. Die bywoningsyfer het geraak aan die 532 syfer wat natuurlik tientalle dagbesoekers insluit wat bespreek het vir bywoning op Goeie Vrydag en Opstanding Sondag. Ons is die Here innig dankbaar vir die werking deur die Heilige Gees.
Reeds vanaf die eerste byeenkoms Donderdagaand tot die laaste byeenkoms Maandag was daar reaksie van behoeftige siele aan redding, geestelike vervulling, groei en toewyding. Andalé de Meyer het ons bedien met sang en woord tydens die gebruiklike Saterdagaandsangdiens!
Dit was opmerksaam hoe die verskillende boodskappe en temas by mekaar ingevloei en aanklank gevind het soos in talle gevalle in die verlede, sonder die medewete van die sprekers – 'n duidelike bewys van die leiding deur die Gees.

**Sprekers se temas was as volg:**

- Ds. Johan Cloete (OES):
  i. Hierdie beker
  ii. Hierdie Jesus
  iii. Hierdie nuwe lewe in Christus
- Ds. Rudi Beukes (Pta Rietfontein):
  i. Die kruisiging . . . en ek
  ii. Die uitdra van die boodskap . . . en ek
  iii. Die opstanding . . . en ek
  v. Die pad vorentoe . . . en ek
- Ds. Gerrie van Dalen (Centurion):
  i. 'n Eenmalige offer tot redding
  ii. 'n Eenmalige offer tot heiligheid
  iii. 'n Eenmalige offer tot die wederkoms
- Ds. Barry Fourie (Hartbeespoort):
  i. Salig is die wat arm van gees is
  ii. Salig is die wat treur
  iii. Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid

Boodskappe was direk uitgesaai op WebWoord, maar is ook beskikbaar op WhatsApp – stuur net die woorde EDEN2023 na nommer 083 430 8814 (Fanie Mostert).

Die kinders was bedien met die Woord deur me. Jacoleen Venter en Jeugdienste gehou deur Student Johnrick Helm. Ons is dankbaar vir hierdie geleenthede soos die Skrif ons leer in Deut. 6:7 en jy moet jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan en Pred. 12:1 En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom waarvan jy sal sê Ek het daar geen behae in nie –
Buite die dienstye was dit bemoedigend om die gebruiklike saam kuier, lag, huil, maar ook gebed te kon opmerk. Na Sondagaand se skielike storm met wind en reën, was die aarde behoorlik nat, maar moes ons maar bontstaan om seile en tente droog te kry.
Dit was voorwaar 'n baie geseënde konferensie en almal sien uit na die volgende konferensie, sou Hy vertoef om te kom.

**Willie Stieger**
**Redakteur**












# konferensie









# ’n Klein ou Pinkstertjie

Van die platteland weet ek nie; ek hoop dat dit nog is soos toe ons so elf, dertien jaar oud was. Toe was Meimaand soos ’n vlymskerp mes. Teen Meimaand was ons nuwe truie klaar; sal ek die Mei van die dubbeldik blou trui ooit vergeet?

Aand na aand het ons ons dik truie Pinkster toe gedra. Destyds het die oumense nog nie uit die kerk gebly oor die koue nie. Hulle het eenvoudig hulle gehekelde kombersies saam met die Hallelujaboek onder die arm vasgeknyp en gegaan. Twee paar knieë teenmekaar, knus onder die bont blokkombers – so’t almal gesit. Toe was daar nog handskoene vir die blou hande en serpe vir die kuiltjies in die nek.

Aand na aand was die kerk stampvol. Jy moes vroeg gaan, anders moes jy dalk op die galery sit en daar was dit trekkerig. Van vêr af het jy die halleluja’s gehoor: *“Saggies en teer klink die roepstem van Jesus ...” “Daar’s ’n dierb’re kruis ...” “Wat ’n vriend het ons in Jesus ...” “Die Gees stry, o, sondaar ...”*

Was ons almal so anders destyds? Was die boeremense taaier, gewoond aan huise wat suid front, onbedorwe sonder elektriese verwarmers en ondervloerse verhitting? Want destyds het jy gebibber omdat die sitplek van die ou Buick so koud onder jou boudjies was. Tog was die oumense daar: egpaar vir egpaar met die sagte kniekombersies oor die knieë. En die kleintjies wat deesdae aan asma en brongitis en griep en chroniese hoes en diverse virusse ly, het jare gelede rustig daar in die kerk met die koppies teen pa en ma sit en slaap en so gesond soos visse in die water gebly. Selfs die skoolhoof en bankbestuurder kon tyd vind om die Pinksterbidure by te woon.

Die dominees het Pinkster ernstig opgeneem, ure lank in hulle studeerkamers gebly en uiteindelik in hulle eie gemeentes gepreek soos wat sterflinge maar preek. Daar was nie vooraf plakkate met die gesigte van “Groot Predikers” teen boomstamme of lamppale aangebring nie. Dominee het sommer self gepreek en die mense het die kerke vol gesit. By die skool kon jy Pinkster as verskoning gebruik – “maar, ons gaan mos Pinkster toe, Meneer!”

Van die platteland weet ek nie, ek hoop dis nog steeds so soos dit was. Vir die stad skrik ek, want hier hoor jy baie nuwe dinge. “Ai, jong, en ons het dan Stadsraadsvergadering” of “Daar is ’n ouerleidingsvergadering by die skool”. Vir ’n onbelangrike God bring jy verskonings soos sente in die kollektebord: “Mens het net nie meer die tyd nie” of “Die dominee preek maar vervelig” en “Ag, dis maar altyd dieselfde ou paar gemeentelede.” Vir ’n onbelangrike God draai jy nie ’n serp om jou nek nie en trek jy nie ’n kind dik aan nie. As Hy vir jou onbelangrik genoeg is, sit jy selfs en televisie kyk terwyl die wat die koue wil trotseer in die kerk sit. (Haai, deesdae is Meimaand mos nie meer koud nie.)

Omdat God daarom onbelangrik geword het, hou hulle in jou gemeente vanjaar so ’n klein ou Pinkstertjie. Jy kan maar sê Pinkster, net soos huisgodsdiens, is uitgedien. Die oorgrote meerderheid stel nie meer belang nie – daar’s net ’n handjievol mense in daardie grote kerk – vyf persent van die lidmate, as die dominee gelukkig is. Vyf-en-negentig persent van sy lidmate kyk televisie of lees koerant of stryk die wasgoed. Vyf persent by die klein ou Pinkstertjie en vyf-en-negentig persent by die belangrike dinge. Amper soos toe Jesus die meedoënlose, verbasende ding gesê het: ***“Gaan in deur die nou poort. Die poort wat na die verderf lei is wyd en die pad daarheen breed, en die wat daardeur ingaan is baie. Maar die poort wat na die lewe lei is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry, is min”*** (**Matt. 7:13-14**)

Nee, ek dwaaldink nie dat Pinkster ’n mens in die hemel bring nie. Hulle wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar die hoofletter of die verkleinwoord uitgang – Pinkster of Pinkstertjie – kan nogal ’n aanduiding gee van die roete wat ek besig is om te volg. “*Dis my trim-gimaand*” of *“Pinkster is eintlik ’n uitgediende praktyk, weet jy?”* en *“Ek waag dit nie buitekant met my bors nie”*, *“Ouboet is in matriek, hy’t nie tyd vir Pinkster nie”*. Selfs *“Dis vir my so sektaries met die klem op die Heilige Gees”* en dan, die versugting *“Ag, as ek maar net meer tyd gehad het!”*, *“Die mense kom tog nie meer nie – dis in elk geval net die paar dwepers wat gaan …”*

Die nuwe mens het nuwe redes vir die klein ou Pinkstertjie wat ons nou so dikwels in baie van ons gemeentes beleef. Dominee is ook een van die redes: ag, jy kan nie na die man luister nie. Die nuwe sangbundels, die manier waarop die orrelis speel, die aanstoot wat dit gee as mense in groepies moet bid . . . soveel wegblyers, soveel redes. Ek weet nie, iewers dieper, lê daar ’n ander rede: die een wat ons ook ons belangstelling in huisgodsdiens, in wyksbyeenkomste, in gemeentelike Bybelstudie en die vrouediens laat verloor het. Ons het soos planete geword wat losgeruk het uit hulle bane. Ons het om vreemde voorwerpe, ja, om die ondenkbare, begin wentel. Ons het weggebreek uit ons baan om die lig en die son. Ons wentel nou om swart gate in die hemelruim . . .

Dis ’n dom mens wat deesdae die waarde van gereelde liggaamlike oefening en van ’n gesonde dieet onderskat. Ons moet vir ons liggame sorg. Maar soms wonder ek of pa se vroegoggenddraf en ma se vroegoggend aërobiese oefeninge, ons laat nagte en ons gereelde sakebesoeke aan Kaapstad of Johannesburg, asook ons algehele ingesteldheid op die hier en die nou, dalk verantwoordelik is dat ons Pinkster-byeenkomste klein en onbeduidend geword het. Want God is vir die deursnee mens minder belangrik as sy oefenprogram, sy ambisies, sy televisienuus, sy Facebook-blad, sy slapie en sy ondervloerse verhitting.

Vir ’n onbelangrike god offer jy niks op nie ...

**’n Klein ou Pinkstertjie.**

# Silwer-jeug Braai

## PRETORIA-OOS











Dis dié tyd van die jaar:
ons Silwerjeug kom bymekaar,
vir braai en kuier
en sommer net luier,
by Dr. Willie en Suzette se pragtige huis
vèr van die stad se gedruis.

Geen moeite is ontsien.
Eers word heerlike tee en koek bedien,
dan word die vure aangesteek,
die wors en vleis lê gereed.

Dr. André open met gebed.
Dan vertel Dr. Willie van groot seën en genade,
die totstandkoming van kerkgeboue oor baie jare.

Vir die reuse taak om die kweekskool na Pretoria te skuif,
is baie gebid en geweeg en gewik,
en die Here het wonderbaarlik beskik!

Die manne braai, die vroue pak slaai.
Dan is alles gereed,
en sit ons aan by pragtig gedekte tafels
om spys en drank te geniet,
en ook ’n roomys te eet!

Ons kuiertjie kom tot ’n einde,
en een na die ander vertrek ons na ons stedelike huise,
gevoed na siel en gees
ná ’n heerlike dag van rustig wees.
Ons opregte dank aan Dr. Willie en Suzette en Carina!

*Aangename Kennis:*

# Ds. Francois du Toit

**Vertel ons van u kinderjare.**
My pa was in die polisiediens wat gemaak het dat ons in verskeie dorpe gewoon het. In Februarie 1998 is my pa oorlede, waarna ons dan in Pretoria gebly het tot die Here my geroep het vir voltydse bediening. My grootste gedeelte van my kinderjare was in Pretoria Tuine. Ek was daar in Laerskool Tuine en in Hoërskool Tuine. My eerste E.G. Kerk gemeente was Pretoria Noord – Maranata, ek het in 2001 daar begin besoek.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Kerk was nie prioriteit in ons kinderhuis nie. Eers gedurende 2001 in my graad 11 jaar op hoërskool het ek saam Charlene begin kerk toe gaan. E.G. Kerk Maranatagemeente was hulle plek van aanbidding. Soos bekend in alle E.G. Kerk gemeentes was die Evangelie vele kere gepreek en aan ons verduidelik, maar ek het nooit tot bekering gekom nie.
Na skool het ek begin werk en steeds getrou die dienste en byeenkomste by Maranatagemeente bygewoon. Die Here het 'n afspraak met my gehad. Op 13 September 2010 het die Here my lewe kom verander en ek het 'n opregte ontmoeting met God gehad. My lewe het 'n 180 grade draai gemaak op daardie dag. **2 Korinthiërs 5:17** het in my lewe 'n werklikheid geword. ***"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."***
Van daardie dag af het die Here my verlos van baie dinge in my lewe wat nie Sy goedkeuring dra nie. Die boodskap van die E.G. Kerk, nl. Redding, Heiligmaking, Goddelike Genesing en die Wederkoms het vir my 'n werklikheid geword. Tot vandag toe loof en eer ek die Here dat Hy my siel uit sy grote genade gered het en dat ek daarvan kan getuig.

**Wanneer het u lidmaat geword?**
Ek het in 2004 lidmaat geword in Pretoria Maranatagemeente.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2016 tot 2019 te Betshan II

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, my medestudente op kweekskool was ds. Loedolff van der Merwe van Brakpangemeente. Ons was vyf mansstudente in ons eerstejaar en net twee in ons senior fase.

**Wie was u dosente?**
Drs. Andre Bester en Juan Mienie, di. Jurg Prinsloo (snr.), Gerhard de Wet, Daniël Brink en Wimpie Snyders.

**Vertel vir ons 'n staaltjie uit u Kweekskooldae.**
Daar is so baie wat vertel kan word van my vier jaar op kweekskool. Elke sendinguitreik het sy uitdagings gehad, maar so ook sy avonture. Onder vele gebeure sal ek nooit ds. Etienne Duvenage se eerste aand op terreindiens vergeet nie. Ek het met 'n medestudent gereël om daardie nag sy voertuig te steel. Terwyl ek met die voertuig uit die parkeer area ry, het Etienne my agterna gesit om te keer dat die 'dief' die voertuig steel. Na groot ontsteltenis dat die 'dief' weggekom het, sal ek nooit sy gesig vergeet toe die 'dief' omdraai en die voertuig terugbring nie. Sy gesig het boekdele gespreek van blydskap, teleurstelling tot onsekerheid. Ek weet nie of hy my al ooit hiervoor vergewe het nie, maar dit is sulke herinneringe wat altyd by ons bly.



Ek dank die Here vir ons Kweekskool, was dit nie vir daardie vier jaar van vorming nie, sou die bediening heelwat anders gewees het. Ons Kweekskool kweek waarlik geroepe manne vir Sy diens.

**Hoe lank is u getroud?**
25 November 2023 sal dit 18 jaar wees.

**Vertel ons hoe het u u gade ontmoet.**
Ons was saam op Hoërskool van graad 8 af, maar het nooit mekaar raakgesien nie. Eers in graad 11 voor die Wetenskap- en Bedryfsekonomieklasse het ons vir die eerste keer mekaar raak geloop. So het ons begin gesels en saam kuier gedurende pouses. Na 'n bak aartappelslaai en 'n paar jaar verder was die skrif teen die muur.

**Hoeveel kinders het u?**
Die Here het ons geseën met 'n seun, Eljay, wat hierdie jaar 13 word.

**Watter gemeentes het u bedien?**
Ek het gedurende 2020 my praktiese jaar in Volksrust gemeente gedoen en is dan ook georden en bevestig as predikant te Volksrust in 2021.

**Wat is u gunsteling dis?**
Enige iets wat jy op die vuur gebraai kan word saam met braaibroodjies, veral skaapvleis.

**Het u 'n stokperdjie?**
Ek geniet dit om tyd op die skietbaan te spandeer en natuurlik om te jag.

**Wat is u gunsteling vakansieplek?**
Die Krugerwildtuin

**Watter geestelike boeke het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
Preaching with purpose – Jay E. Adams; Sy laaste reis, my nuwe begin – Max Lucado; Purpose in prayer – E.M. Bounds; The weapon of prayer – E.M.Bounds

# Jakaranda Sorgsentrum Uitreik
# E.G.Kerk Tzn












Op 30 Januarie 2023 by EG gemeente Tzn se gemeentegroei vergadering is daar besluit dat die Evangelisasie Pilaar 'n uitreik moet doen na Jakaranda Sorgsentrum in Pretoria. Jakaranda Sorgsentrum is 'n blanke plakkerskamp waar behoeftige blanke Afrikaners woon. Hul kry geen ondersteuning of subsidies vanaf die staat nie, en is totaal afhanklik van donateurs en weldoeners wat hul ontferm oor ons mense, daarom het ons gevoel dat ons moet uitreik na hierdie mense en probeer om ook hul nood te verlig.Die beplanning was om deur die leiding van ons hemelse Vader deur die maand van Februarie 2023 oral oor in ons gemeenskap besighede,boere en gemeenskap te nader vir enige donasies of skenkings wat hul kan afstaan. Daar is behoeftes in alle aspekte van hul lewens, so daar was nie gefokus op net sekere items nie, en dan om dan einde Februarie 2023, indien daar genoeg bymekaar gemaak is om 'n vragmotor te stuur met als wat ontvang is. Daar is 'n kennisgewing uitgestuur op sosiale media asook aan ons boeregemeenskap, waar ons gevra het vir mense om enige wit olifant/voedsel produkte/komberse/klere ens wat hul nie meer wil hê nie te skenk. Geen vertrek datum was bekend gemaak nie, omrede daar gevrees was dat hierdie uitreik poging deur sekere instansies in die wiele gery sal word. Mense het hul harte oopgemaak en dit was nie eens 'n dag nie toe beloftes uit talle oorde reeds begin het inkom en het weldoeners items begin aflewer by ons Kerksaal. Van die besighede wat donasies en selfs die wat die Bybels gegee het, het gevra om annoniem te bly en gevra dat ons nie in ons bedankings moet noem dat die donasies vir 'n blanke plakkerskamp is nie, want hul is bang dat hul teenkanting vanaf staatsinstansies sal kry, of dat staatsinstansies sal vereis dat die skenkings / donasies eerder aan hul gegee moet word vir verspreiding deur hulself. In dankbaarheid dat hierdie mense gehoorsaam is aan ons hemelse Vader om sy werk en wil te doen, het hul onder hierdie omstandighede hul beloftes nagekom en in oorgawe gegee. Hoe jammer is dit nie dat die donateurs se name nie eens bekend gemaak kan word nie, omrede hul bang was vir nagevolge. Daar was selfs 'n besigheid wat ons genader het om te vra kan hul 'n finansiële bydrae maak aangesien hul nie produkte of items het om te skenk nie.Ons het Jakaranda Sorgsentrum se besonderhede aan hul deurgegee en binne minute het hul 'n bewys van betaling van R5000 gestuur wat hul in die Sorgsentrum se bank gedeponeer het. Op 9 Februarie 2023, was die 8 ton vragmotor wat oorspronklik gebruik sou word om die produkte en skenkings na Pretoria te Vervoer te klein en is daar besluit om eerder 'n 10 ton vragmotor te gebruik.Nooit het ons gedink dat daar binne 'n week soveel skenkings ontvang sal word dat die vragmotor reeds op Saterdag 11 Februarie 2023 kan vertrek nie. Die vragmotor is Vrydag gelaai met al die vars en voedselprodukte eerste, dan die sakke en bokse met klere/komberse ens en laastens 'n ou sitkamerstel. Die persone wat die sitkamerstel geskenk het, het gesê dat ons moet kom kyk of dit bruikbaar is, die stel is oud en maar verniel en hul honde het op hul geslaap het hul gesê. Wetend dat die mense daar by die Sorgsentrum werklik nie veel besittings het nie, het ons gevoel dat hul wel die sitkamerstel kan gebruik. Ons het die sitkamerstel opgelaai heel laaste. Om 03h00 op Saterdag oggend 11 Februarie vertrek die meubelvragmotor met die vrag. Twee gemeentelede het in hul privaat voertuig die vragmotor vergesel na Pretoria, en oppad ook nog items sover as Polokwane opgelaai wat nie in die vragmotor gepas het nie. Dit is wonderbaarlik dat juis op hierdie dag daar drie padblokkades op ons roete was, en dat die vragmotor sonder probleme deurgelaat is. By die drie padblokkades het die beamptes vereis dat die vragmotor se agterdeur oopgemaak moet word sodat hul kan sien wat in die vragmotor is. Met die dat die sitkamerstel heel agter ingelaai is kon hul nie verder sien wat in die vragmotor is nie, omdat dit 'n toe meubelwa is, het hul net die deur laat toemaak en die vragmotor laat deurgaan, en kon die vragmotor ongesteurd en veilig by sy bestemming aankom. Ek glo dat dit 'n besturing van ons hemelse Vader was dat hierdie meubels gelaai moes word, asook dat dit net deur die genade van Bo is, dat alles so glad verloop het, en dat niemand die wil van ons Heer sal stop nie. Met die aankoms by Jakaranda Sorgsentrum is ons begroet met 'n baie opgewonde groepie inwoners wat dadelik gehelp het om die vragmotor af te laai. Na die vragmotor afgelaai is, is 'n boodskap van hoop uit Lukas 16:19 aan hul gebring. Die besoek aan hierdie Sorgsentrum het net weereens die nood beklemtoon en weereens aan ons bewys dat die lewe daar buite 'n wrede plek is, maar dat ons hemelse Vader hom ontferm oor ons en dat ons nie alleen is nie, maak nie saak wat nie. So het ek dit ook ervaar dat hierdie mense ons Vader ook in hul harte dra, en in dankbaarheid teenoor Hom lewe.

**Die nood is groot! Indien U 'n bydrae wil maak:**
**Jacaranda Care Centre**
**ABSA**
**Acc: 9066015795**
**Savings Account**
**Branch Code: 632 005**

## Items & Produkte Ontvang:

*100 Brode*
*Verwerkte Vark*
*Verwerkte Bees*
*100kg Hoenderporsies*
*Butternuts/Avo's/Piesangs/Lemoene*
*Groente/Melk/Suiker/Mieliemeel/Chips*
Heuning/Blikkies Kos
*Klere/Komberse/Meubels*

*Kontant Bydrae*
Bybels
*Vogroom/Lyfroom*
*Skottels om wasgoed te was*

# Die geur van Christus

Vroueblad...

Liewe vriendin, daar word gesê dat die mens vyf sintuie het. Maar dis net die mens. Die vrou besit natuurlik 'n sesde sintuig. Daaroor hoef ek nou nie uit te brei nie, want sommige mans lees dalk ook hierdie artikel en ek kan aanvoel ek beweeg nou op dun ys. Noem dit maar "intuïsie" as jy wil.

Een van ons sintuie is reuk. 'n Onontbeerlike sintuig vir ons vroue. Is ons neus nie die wonderlikste "baba-soek-nuwe-doek" opsporingsapparaat nie? Of soms is dit ons "iets-brand-op-die-stoof" waarskuwingsapparaat. En so word ons neuse daagliks ingespan om die toestand van die melk, die wasgoed, of die kinders se asems te bepaal. Ag en soms kan ons darem ook 'n oomblikkie afknyp om stil te gaan staan en die rose te ruik! Aah.. soet, sag en strelend op die neus. Hoe dankbaar is ons vir 'n neus wat kan ruik – veral nadat Covid sommige van ons se reuk weggerokkel het vir 'n tyd. Het jy al gedink hoe nodig het ons ons neuse!

Wat egter nie nodig is nie, is dat ons ons neuse in ander mense se sake moet steek nie. Of dat ons nie 'n wysneus moet wees nie. Ons moet ook nie onnodig ons neuse optrek vir alles nie. En natuurlik moet ons oppas dat ons nie aan ons neuse rondgelei word nie. Terloops, hierdie spreukwoord spruit uit die gebruik wat die Assiriërs gehad het om hul gevangenes met 'n haak aan die neus rond te lei waar hul moet gaan. Maar voordat jy nou snuf in die neus kry oor my bedoeling met hierdie skrywe aan jou, kan ek jou verseker dat ek nie jou foute onder jou neus wil vryf nie.

Ek is 'n sterk voorstaander dat ons ons neuse in ons eie sake moet hou. **1 Tim. 5:13** waarsku dat vrouens nie ***"praatsiek of bemoeisiek"*** moet wees nie. Ons ken die Engelse term *"busybodies"*. Dis egter nie net die skoner geslag wat bemoeisiek kan wees nie, want ons lees ook in **2 Thess. 3:11** dat sommige manne bemoeisiek was. Ja rêrig.

Fout-soek en oordrewe kritiek blyk soms endemies te wees onder Christene. Dit is miskien omdat 'n klein bietjie geestelike geregtigheid maklik kan oorgaan na 'n verhewe sin van selfregverdiging en veroordeling. Terwyl John Wesley eendag besig was om te preek, merk hy 'n vrou in die gehoor op wat bekend was vir haar kritiese gesindheid. Die hele diens deur het sy gesit en staar na sy nuwe strikdas. Toe die diens verby is, stap sy na hom en merk in 'n skerp stemtoon op: *"Meneer Wesley, die stringetjies van jou das is heeltemal te lank. Ek vind dit aanstootlik."* Hy vra toe of enige dame moontlik 'n skêr in haar handsak het. Iemand oorhandig 'n skêr aan hom en hy gee dit vir die vrou en sê sy moet sy das se stringetjies afknip volgens haar smaak. Sy knip dit naby sy kraag af, waarna hy vra of sy seker is dis nou reg. *"Ja, dis baie beter."* antwoord sy. *"Oorhandig dan die skêr aan my vir 'n oomblik,"* sê Wesley, *"ek is seker jy sal nie omgee as ek jou ook so bietjie korrigeer nie. Ek moet sê mevrou, ek vind jou tong aanstootlik – dis heeltemal te lank. Steek asseblief u tong uit sodat ek dit korter kan knip."*

Op 'n ander geleentheid het iemand vir Wesley gesê: *"My talent is om te sê wat ek wil."* Wesley antwoord: *"Dit is dan één talent wat God nie sal omgee as jy dit begrawe nie."* **Spreuke 15:28 *"Die hart van die regverdige dink ná om te antwoord, maar die mond van die goddelose laat slegte dinge uitborrel."***

Laat ons op onsself let sodat ons nie ons neuse in ander se sake druk om ons te bemoei met dinge wat ons nie aangaan nie. As jy werklik besorg is oor iemand, dra hul laste na die kruis van Christus, en noem hul name voor die troon van genade sodat die Here hulle op die regte tyd sal help.

Nou ja, aangesien ons nou ons neuse uit ander se sake het, wil ek terugkom by die saak van ons reuksintuig. 'n Onlangse voorval het my herinner aan 'n belangrike bybelse beginsel rakende reuk: Ek staan die oggend in 'n ry in die koöperasie en wag dat die kassier my kan help. Onverwags praat die vrou agter my: *"Sjoe, jou parfuum ruik lekker. So sag en soet. Wat is dit?"* Ek draai verleë om na haar met 'n *"dankie"* en dink dan eers vir 'n oomblik wat die naam van die reukwater is voor ek haar kan antwoord. Wat my eintlik onkant gevang het, was die feit dat ek self glad nie bewus was van die reuk wat ek versprei nie. Ek is seker jy ondervind dit ook so. Mens raak so gewoond aan jou eie parfuum se reuk dat jy dit nie eens meer ruik nie, terwyl andere dit vinnig opmerk.

Liewe vriendin, die wêreld "ruik" ook aan ons christene. Tot ons skaamte moet ons erken dat ons soms vergeet dat ons 'n reuk versprei. Onbewustelik straal ons oë, ons liggaamshouding, ons stemtoon en woorde, selfs ons stilswye – dit alles straal 'n boodskap uit na die wêreld. Soos 'n onsigbare aroma wat ons dikwels nie self bemerk nie, maar deur andere wat met ons in aanraking kom, waargeneem word. Jou gesindheid in die ry by die kassiere, jou handgebare wanneer jy in die verkeer beland, jou liggaamshouding wanneer jy geïrriteerd voel, jou plasings op sosiale media – watter reuk dra dit? Is dit aantreklik vir God en vir andere, of is dit afstootlik? Die Bybel is duidelik oor die reuk wat God se kinders behoort te dra: **2 Kor. 2:15 *"Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan;"***

As ek nie die aangename geur van Christus versprei nie, moet ek erken: my gesindheid stink. Ja, ek kan die lieflikste parfuum dra en nogtans geestelik "stink." Wanneer ek sonde in my lewe koester kan ek dit probeer verdoesel met "nagemaakte parfuum", maar dit sal nie lank hou nie. Slegs die egte reuk van Christus sal

ewigdurend in die lug talm. Mense tel ons "geestelike aroma" vinnig op. Jy ruik dit nie self nie, want jy is al so gewoond aan jou eie optrede – maar ander tel dit vinnig op.
Indien die Heilige Gees jou oortuig dat jy nie 'n aangename geur van Christus versprei nie, is die beste raad – gaan bad! Ja, laat jou sondes afwas deur die kosbare bloed van Christus. **1 Joh.1:9** ***"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."*** Christus reinig ons en vervul ons opnuut met Sy tere Heilige Gees. Dan, wanneer ons 'n aangename geur versprei moet ons altyd onthou dat dit nie óns reuk is nie, maar die van Christus – die Lelie van die dale, die Skoonroos van Saron.
Mag al jou "onwelriekende sondes" neusie verby wees, en mag die wêreld ook vir ons elkeen sê: *"Sjoe, jy ruik lekker. So sag en soet. Wat is dit?"* Dan moet ons antwoord: *"Nie wát nie, maar Wie: Dis Christus in my lewe. Ken jy Hom?"*

Lekkerruik groete

**Karen Devenier**
**Middelburg**

## Briewe aan my seun

# Die Goddelike Tug



**Hebr. 12:5** ***My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie;***

My liewe seun, Jou moeder en ek is jammer om te verneem van die kritiese omstandighede in jou lewe wat jou besluit radikaal verander het. Ek weet jy het hierdie saak op jou knieë met God bespreek. Nou is my raad aan jou: "Sien dit as Sy goddelike tug – op hierdie manier het God 'n wonderlike doel wat Hy vorentoe in jou lewe wil bereik!

Tug kom neer op dissiplinering, ook afgelei van die Engelse benaming van 'n loodsboot hier in die hawe *"the tug boat"*. Die loodsboot dwing die groot skip 'n koers in om hom veilig in die hawe te kan kry. Die loodsboot werk hard wanneer die wind en die see onstuimig is. Só werk die goddelike tug ook hard in ons lewe, veral in onstuimige en ontstellende omstandighede.

Nou kom die raad uit die Bybel: ***"My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie"***. Die Here het alles te make met jou omstandighede en die koers waarin Hy jou volgens Sy wyse raad wil dwing. Ek weet, in terugslae soos hierdie en ander wat jy al ervaar het, is die een groot vraag "waarom?" En hier kom die antwoord: **Hebr. 11:6** ***Die Here tugtig hom wat Hy liefhet!*** Eintlik is die Here baie naby aan jou, al voel jy miskien dat Hy in dié donker tyd ver van jou af is. **Ps. 34:19** ***Die Here is naby die wat gebroke is van hart.*** As jy nie 'n seun van God was nie, dan sou jy "sonder tugtiging" gewees het, sê Hebr. 12:8.

My seun, toe jy nog in die huis was en juis omdat ek jou so liefhet, moes ek jou van tyd tot tyd met woorde vermaan en selfs na die badkamer toe neem en die roede gebruik. Noudat jy groot is, kan ek seker begin begryp dat dit vir my 'n swaar saak was, maar dat ek jou beswil in die oog gehad het. Só gebruik jou hemelse Vader verskeie mense en omstandighede in jou lewe, omdat Hy vorentoe jou beswil in gedagte het. **Hebr. 12:11** ***Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir dié wat daardeur geoefen is.*** Eintlik moes ek aan die begin van die brief vir jou gevra het om Heb. 12:1-13 deur te lees).

Daar is 'n wonderbaarlike groot bediening van die Here in Sy goddelike tug! Soos die menslike tug in jou ouerhuis gelei het tot 'n goeie onderskeid in dit wat reg en verkeerd is, wat goed en sleg is, wat wit en swart is en wat sondig en heilig is, jou lewe gevorm en gelei het tot die sterk selfdissipline waarin jy vandag wandel – so is die tugtende hand van die Here voortdurend vormend in jou lewe. En dit is tog waarvoor ek baie vir jou bid, my seun.

Nou wil ek afsluit met 'n bietjie menslike bemoediging: jy is nog redelik jonk, miskien is daar nog vele beproewinge op jou pad vorentoe om sodoende selfs deur die Here voorberei te word vir groter stappe en keuses. Intussen bid ek steeds vir jou, omdat ek kan begryp dat jy binnekant baie rou is en herstel 'n tyd kan duur. Werp jou bekommernisse voortdurend op die Here – veral in die nagte wanneer jy nie kan slaap nie. Verdiep jou in Bybelstudie en lees baie in die Psalms.

Die Here is met jou, my seun!

**Jou liefdevolle vader**

***In die volgende uitgawe begin ons met 'n nuwe reeks "Briewe aan my gemeente".***

# Tommie se

*Geskryf deur: Stienie Boshoff; Illustrasies deur: Lizette du Preez*



Eendag lank gelede was daar 'n beertjie. Sy naam was Tommie.

Tommie het nie baie maatjies gehad nie, want Tommie was 'n stoute beertjie. Hy het altyd die ander maatjies se heuning gevat. Hy het die ander maatjies geboelie en seer gemaak. Altyd wanneer die groter bere met hom gepraat het en gevra het dat hy nie die stoute en lelike dinge moes doen nie, het hy baie kwaad geword en sommer op hulle geskree.

Op 'n dag het hy besluit hy wil gaan kyk wat in die Swartwoud aangaan. Want hy het gehoor van al die bangmaak stories. Maar Tommie was nie bang nie. Tommie was sterk en het geglo dat niks hom sal bangmaak nie. Hy is mos immers 'n beer.
Soos hy in die donker woud in-stap, sien hy net bome. Party bome is groot, ander is klein. Sommige is dik en ander is so dun, dit lyk soos 'n heks se vingernaels. Dit is mistig en die lug se kleur is donkergroen. In die verte kan jy 'n wolf hoor huil. Hy stap dieper die woud in…

Tommie loop verder en verder in. Hy hoor iets. Dit klink soos blare wat ritsel of dalk die geluid van spore wat op die gruispad agter hom is. Tommie stop en draai vinnig om. Die flits se lig skyn flou voor hom, maar hy sien niks nie. Hy draai weer om en stap stadig verder aan. Die flits se liggie word flouer en flouer. Dan asof sy battery pap is, gaan dit net af. Tommie skud hom en klap hom, "Kom aan!! Ek kan nie voor my sien nie!" Niks gebeur nie. Die flits wil nie aan nie. Daar is weer 'n geluid. 'Wat kan dit wees?' wonder Tommie. Hy draai om en om en om… Dis pikdonker. Hy kan nie eers sy hand voor sy oë sien nie. Meteens voel Tommie bang.
"Hoekom het ek alleen gekom? Hoekom kan ek nooit maatjies kry nie?"

Saggies en asof gesweef hoor – hy iets wat klink soos 'n vroue-stem.
"Wat maak jy hier, Tommie?"

Tommie skrik so groot dat hy die flits laat val. Hy hardloop so vinnig soos wat sy beer-beentjies hom kan dra. Vir hom voel dit of die heks-takke naels hom vasgryp, die dun takke hom laat tuimel. Sy asem jaag, hy hardloop – al weet hy nie in watter rigting nie. Hy is ook nie bewus dat die lug al hoe warmer en oranje-geel word nie.
Asof iemand hom terugruk, sien hy hoe sy bene in die lug oor vuur hardloop en dan is hy weer op die harde grond. Hy kyk rond waar hy op sy sitvlak sit. Die lug is nie meer donkergroen nie. Dis oranjegeel, daar is stoom en hy sweet. Hy staan stadig op en stap nader aan die oranje. Hy staan dadelik stil toe hy die massiewe vuur in die afgrond sien. Die vlamme is hoog en baie warm. Daar is 'n wind. Die wind wil-wil vir Tommie in die vuur in waai.

Hy beur agter toe en draai om. Hy kan steeds die vlamme se hitte agter hom voel. Hy kyk rond. Hy is alleen, heeltemal alleen. Hy stap na 'n groot boom en gaan sit met sy rug teen die boom se stam. Hy trek sy beentjies op en vou sy armpies om sy bene. Vir die eerste keer in 'n baie lang tyd huil Tommie. Tommie se hart is baie seer. Hy is bang, eensaam en wonder of hy ooit weer sy Pappa en Mamma gaan sien. Hy weet nie hoe hy hier gaan uitkom nie.

"Ek wil nie hier wees meer nie. Ek wil huis toe te gaan!" snik Tommie hardop.
"Maar jy kan weer huis toe gaan, Tommie." hoor Tommie weer 'n stem. Maar dié keer klink dit soos 'n man se stem.

"Wie is daar? Wie is jy?" Tommie klou stywer aan sy beentjies vas terwyl hy rond-kyk.





# Lappieskombers

"Dit is ek Tommie. Ek beskerm die Swartwoud. Ek sal jou nie seermaak nie."
"Jy jok! Los my net uit!"
"Nee Tommie. Ek jok nie, Ek het jou dan gered, het ek nie? Jy het amper in die vuur ingehardloop."
Tommie kyk rond maar sien niemand nie. "Wys jouself!"
"Nee, Tommie. Ek is deel van die woud. Ek kan nie myself vir jou wys nie, maar Ek kan vir jou die Lig hier uit wys."

Tommie dink 'n oomblik en praat dan. "Hoe?"
"Wel dit is maklik. Jy moet iets doen. Dan wys Ek jou die lig."
"Wat moet ek doen?"
"Jy moet ophou met jou slegte weë."
Tommie stotter tussen die snikke deur. "Hoe moe-oet ek-k-k di-t-t doe-oen?"
"Jy moet erken dat jy 'n stoute beer is en nie meer die ander maatjies se heuning vat en hulle boelie nie. Jy mag nie kwaad word of skree as die ander groter bere met jou praat en raas omdat jy die lelike dinge doen nie."

Tommie staan op en vee sy traantjies af. "Ek belowe ek sal nie weer so lelik wees nie. Ek wil nie in die vuur brand nie. "

Die stem klink tevrede. "Nou goed, Tommie. Dan is jy vergewe. Gaan dan nou terug huis toe."
"Maar-r-r ek-k kan nie sien nie. Hoe kan ek dan by die huis uitkom?"
"Volg die Lig. Hy sal jou lei. Voor jy by die woud uitgaan, sal al die liggies soos lappies aanmekaar geheg word. Dit sal 'n lappieskombers wees. Vat hom dan en gaan vertel vir ander wat met jou gebeur het. En dat jy die lappieskombers gekry het, om jou altyd te herinner aan hierdie spesiale dag."



Tommie vee sy traantjies af en glimlag breed.
"Baie dankie oppasser van die Woud."
"Skepper van die Woud, Tommie." help die Stem hom reg.
"Baie dankie Skepper van die Woud. Ek gaan vir almal vertel en vir almal jammer sê met wie ek lelik was." hy draai om en huppel terug.
Soos hy terug huis toe huppel volg hy die liggies. Dis soos vierkantige blokkies. Hy volg elkeen.
Daar is verskillende kleure lappies. Dis rooi, blou, pienk, pers, groen, oranje, geel, bruin, seegroen en ook wit.
Hy sien die skoenlappers en vuurvliegies wat tussen die bome deur lig gee. Die lig is so warm geel, daar is nie meer donkerte nie.

Tommie voel asof hy sweef. Hy is so opgewonde. Hy wil vir almal vertel wat met hom gebeur het.
Voor hy uit die Woud uitgaan, gebeur dit net soos wat die Stem gesê het. Die vuurvliegies en skoenlappers fladder om en daaroor om dit vas te weef, om seker te maak dit kom nie los nie. Dan val dit saggies oor Tommie. Hy hou hom styf vas. Vir hom voel dit asof hy nuwe klere gekry het.
Hy stap uit die Woud uit. Die hele dorp se inwoners staan voor die Woud. Hulle het bekommerd geraak oor Tommie, omdat hy alleen in die Swartwoud ingegaan het.
"Tommie!" roep Mamma hom eerste.
Hy hardloop met sy lappieskombers na Mamma toe.
"Kyk my kombers, Mamma. Die Skepper van die Woud het hom vir my gegee, sodat ek altyd kan onthou wat met my gebeur het."
Tommie praat vinnig en haastig terwyl hy sy kombers vir Mamma en almal wys.

"Wat het gebeur, my kind? Ek is so bly jy is veilig. Ek was so bekommerd," paai Mamma verder.
"Ek het so bang geword Mamma. Ek het vinnig weggehardloop en omdat ek nie kon sien nie, het ek amper in die vuurpoel ingehardloop."
Almal trek hulle asems in van skok soos Tommie vertel.
"Maar 'n hand het my gevang en teruggetrek, Mamma. Dit was die Skepper van die Woud, Mamma. Hy het vir my gesê ek moenie meer lelik wees en ander maatjies se heuning vat en hulle boelie nie.
Anders gaan Hy my nie weer red nie. Dan gaan ek in die vuur val."
Mamma snik en vee haar trane af.
"Ja, my kindjie. Mens moenie lelik wees nie. Mens moet altyd probeer om die regte ding te doen. En wanneer ons voel ons was stout, moet ons altyd terugdink aan die kosbare dag."


Tommie het nie gejok nie. Hy het die waarheid gepraat en nie weer ander maatjies se heuning gevat of hulle geboelie nie. Hy het sommer ook nou baie maatjies gekry. Elke dag het hy en sy maatjies op sy Lappieskombers gelê en teken of speletjies gespeel op die swaai.



# LOFDAL Konferensie

## 24 tot 29 Junie 2023

### Hoofsprekers:



Ds. Hennie Prinsloo



Ds. Rudi Beukes

**Ander sprekers sal mettertyd bekend gemaak word**

**Jeugdienste:**
Ds. Andrew Bruyns

**Kinderdienste:**
Mev. Santa Lourens


### Besprekings:
Mev. Elize Lyon
083 067 72867

### Finansiële Bydraes:
EG Kerk Lofdal ABSA
Tzaneen Rek. no.
1260191639

*24°07'47.4"S 30°24'57.9"E*
*-24.129833, 30.416085*



# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD



Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • Julie/Augustus 2023 • #653

- Goddelike Genesing - Van die Begin af!
- Is die Bybel waarlik God se Woord?
- Die Gemeente van God

# … van die Redakteur

1 Julie 2023, dag 182 van 365 – ongelooflik hoe vinnig die maande verbysnel op pad na die einde van nog 'n jaar. Tog, in **2 Pet. 3:8 en 9** staan daar geskrywe: **8** ***Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.*** **9** ***Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.*** Is u gereed, weet u van die een dag in u lewe dat u Jesus as Saligmaker aangeneem het?

Dan is daar natuurlik ander dae in mens se lewe wat u onthou, soos die dag wat u van 'n siekte/kwaal deur die Groot Geneesheer genees of, soos die dag wat Hy 'n geliefde kom haal het of, 'n dag wat die Here 'n leraar voorsien het aan 'n gemeente of, laastens, 'n dag wat u gemeente tot selfstandigheid verklaar is. Daar is sekerlik ander dae ook wat u kan onthou. Meer as ander kan ons ongetwyfeld nie die dag vergeet dat die Bybel as Woord van God vir ons gegee is nie, ten spyte van húlle wat nog vra: Is die Bybel waarlik God se Woord?"
In hierdie uitgawe word juis die vraag of die Bybel waarlik God se Woord is beantwoord en fokus ons, onder andere, op Goddelike Genesing wat van die begin af in God se raadsplan was en getuienisse van genesing, ontvangs van 'n nuwe leraar in Benonigemeente, selfstandigwording van Volksrustgemeente, stigting van een van die oudste gemeentes naamlik Port Elizabeth, verjaardagvieringe van Boksburggemeente wat 60 geword het, en 'n hartseer tyding van een van die seders van Frankfortgemeente (maar ook bekend in die Kerk) – al hierdie dae was natuurlik in God se raadsplan. Prediker 3 leer ons immers dat ons weet dat elke ding het sy tyd soos God dit bepaal.

**Redakteursgroete!**

**Jaargang 78**
**Julie/Augustus 2023**
**Uitgawe #653**

# INHOUD

**3 Hoe lyk ons Kerk?**

**4 Goddelike Genesing - Van die Begin af: Deel I**

**5 Goddelike Genesing: Deel II**

**7 God se wil vir elke kind van die Here**

**8 Uit die Argief:** Is die Bybel waarlik God se Woord?

**9 'n Seder val in Frankfort**

**10 Stigting van P.E. Gemeente 1945 Waar is Emeriti?**

**11 Getuienis van Goddelike Genesing**

**12 EG Kerk Boksburg vier hul 60ste Verjaarsdag**

**13 Na 30 jaar word Volksrust-gemeente Selfstandig**

**14 Bevestiging van ds. Frikkie Lombard**

**15 Koderaai 2 van 2023**

**16 Vroueblad:** Die paradoks van die dieper lewe

**17 Briewe aan my Gemeente:** Die Gemeente van God

**18 Toiing Teddiebeertjies**

**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad: Sergio Souza - pexels.com - Abandoned Ruined Church**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R120 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@mweb.co.za

# Hoe lyk ons Kerk?

Met die 75ste herdenking van die stigting van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika was daar foto's van sover moontlik al die gemeentes se kerkgeboue in die blad geplaas. Dit was opmerklik, dat teenoor 'n vorige geleentheid, baie kerke nou palissades of mure rondom gehad het en is dit die duidelikste bewys van verandering.
Op hierdie uitgawe se voorblad pryk daar weer 'n foto van 'n verlate, bouvallige kerk, as ek dit nie mis het nie, 'n tweede keer in twee jaar, of anders gestel, twee in agt uitgawes. Met hierdie verlate kerke en ons eie gemeentes se kerkgeboue, laat dit die vraag in my gemoed: Wat sal maak dat ons kerkgeboue, nie so lyk nie? Of, Wat moet ons doen om juis dit te verhoed?

Wanneer daardie kennisgewings van bedankings en beroepe deurkom, wonder ek baie, waarheen is ons Kerk op pad? Hoe lyk ons Kerk? Met die hoeveelheid vakante gemeentes en die min studente wat jaarliks afstudeer, wil ek amper vra of ou ds. Scheepers se gebed dalk 'n realiteit word: 'As sy nie meer die waarheid verkondig nie…', maar tog kom die uitroep: 'Werk want die nag kom nader'. As daar lewe is, is daar hoop!
Met reëlmaat kom die uitdaging tot diens oor ons pad en so ook weer by die Paaskonferensie te Eden met die roepingsboodskap deur ds. Rudi Beukes. Dan ook elke keer as Jesus self ons uitdaag vanuit die Skrif soos in **Mark. 1:17** ***En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word.*** Ook die in **Matt. 9:37** en **Luk. 10:2** ***Die oes is wel groot, maar die arbeiders min.*** Lukas brei wel uit op die gedagte wat baie keer gemis word: **2b** ***Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur.***

Dan is dit juis hier wat ons vashaak en tot stilstand gedwing word: daardie verlate kerke, was dié toedoen van die mens. Jare gelede was daar 'n oorvertaalde program op TV en een van die karakters het altyd die vraag gevra: 'en wat van die menslike faktor?'

Daardie mooi katedrale wat uit die vroeëre jare dateer met die magdom toringspitse en die mooi loodvensters is deur mense gemaak en terwyl ons as kerk reken dat ons die waarheid voorhou en slegs dit volg, was hierdie verlate kerke ook gebou deur mense wat geglo het, dat juis hulle die waarheid het en slegs dit gevolg het. Hierdie mense wat hierdie kolossale plekke van aanbidding gebou het, het nie vir 'n oomblik gedink dat die kerkgebou 'n bouval sal word nie. Of dalk in 'n kantoor omskep sal word, soos 'n kerk in Empangeni wat deur 'n koerant groep gekoop is en nou 'n besigheid is. Nou kom die vraag: Waarom het daardie kerke tot niet gegaan en hoe kan dit verhoed word in ons Kerk? Hierdie kerke het tot niet gegaan, juis omdat die menslike faktor 'n rol begin speel het, menslike besluite, waar God buite rekening gelaat is. Ja, dit is moontlik dat ander aspekte later ook 'n rol gespeel het, maar menslike toedoen, in God se Kerk het altyd slegte gevolge. Dink maar aan Aaron en die goue kalf; die mens het oorgeneem en die gevolg was chaos.
Bid ons werklik dat die Here Jesus, arbeiders in Sy oes uitstuur of laat ons toe dat ons 'menslike faktor' die arbeiders in die oes uitstuur? Kom laat ons bid dat, Jesus, Hoof van die Kerk, die arbeiders uitstuur; dit is nie ons as mens, se verantwoordelikheid nie. Dalk is ons, as mens te vreesbevange om juis dit te doen want, dan weet ons dat ons nie in beheer is van wie uitgestuur word nie en juis dit maak ons onseker. Dit moet baie duidelik gestel word: nie vir 'n enkele oomblik kan die standaard van die Skrif oorboord gegooi of afgewater word nie, maar die mens, ek en u, moet die begeerte om die uitkoms te beheer, laat vaar! Die Here stry vir Sy kerk, ons – as mens, het nie nodig om daardie stryd aan te voer nie.

Waar laat dit ons, u en myself, liewe leser? Het dit nie weer tyd geword dat ons die Here om die arbeiders bid en Hom vertrou vir die plekke waar ons arbeiders so dringend nodig het nie? En indien die arbeider dalk nie in ons vooraf opgestelde idee (boksie) inpas nie…? Dalk, net dalk het die Voorsiener van die arbeider, iets in gedagte wat ons gemis het. Mag ons weer, soos 'n Moses van ouds in **Ex. 33:15** by die Heer en Meester van die Kerk, aandring om saam met ons te trek: ***Toe sê hy vir Hom: As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie.***

**Riaan Britz**
**Margate**



# Goddelike Genesing

## Deel I: God se Voorskrif vir Gesondheid

God se heilsplan, beide vir siel en liggaam, kom reg van die begin af. Met die skepping reeds het Hy die toepaslike voedsel voorsien vir die liggaam. Daarna volg duidelike voorskrifte vir 'n gesonde geestelike lewe en 'n gesonde liggaam. Siekte was nie deel van God se plan nie. Die kom van die sondeval, wat gevolglik ook die versoening genoodsaak het.

Eindelik het Christus met sy versoening aan die kruis vir ons genesing van die wonde van siekte as gevolg van die sonde gebring. Dit het in Evangeliese tradisies die boodskap van Goddelike Genesing na vore gebring. Ons verstaan dit as deel van God se Heilswil van die begin af, dat sy volk en kinders geestelik en liggaamlik gesond sou wees. Hulle bestaan moes deurgaans lewend getuig van sy sorg. Ons lees dikwels in die Woord: "As jy – Dan sal Ek!"

**Deut. 28:1-2** ***"AS JY dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, DAN SAL DIE HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.*** **2** ***En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.***

**Deut. 28:10-11** ***En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.*** **11** ***En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam".***

**I Kor. 6:20** ***"Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." Ons behoort beide liggaam en siel aan die Here!***

**III Joh. 1:2** ***"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;" Die wens is vir beide 'n gesonde liggaam en siel.***

### GOD SE VOORSIENING

God het volledige voorsiening gemaak om dit te verwesenlik. Hy het eerstens die Woord as grondslag vir die verhouding gegee, netso tweedens die onderrigters, saam met derdens 'n program vir herhalende onderrig om dit stewig in hul lewens te vestig. Hier volg vier sake:

#### Die Woord

Hy het sy Woord gegee, volledig, niks kort en niks oortollig, om hulle die goeie en lewende weg te onderrig. Oor al die eeue heen hoef niks bygevoeg of weggelaat te word nie. Die Woord geld vir almal, vir die hele lewe, ook vir alle volgende geslagte!

**Deut. 4:10** ***"Vergader die volk vir My, en Ek sal hulle my woorde laat hoor, dat hulle kan leer om My te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe, en dit aan hulle kinders kan leer."***

**II Tim. 3:16-17** ***"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,*** **17** ***sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."***

#### Die Onderrigters – Priesters en Leviete

Die hele Levitiese stam, is afgesonder om hulle deurlopend in hierdie Woord te onderrig (**Deut. 33:10; II Kron. 35:3; Neh. 8:8**). Ook by die Priester word onderrig gesoek. **Mal. 2:7** Die priester 'n boodskapper van die HERE van die leërskare.

#### Toewyding

Die Leviete en Volk moes in 'n eenmalige krisis ondervinding toegewy word (Priesterwyding Lev. 8 en 9). Hierdie Toewyding moes lewend gehou word. Dit is gehandhaaf deur 'n dag na dag, week na week, maand na maand, deurlopende toewyding. (Vgl. Num. 29 e a gedeeltes).

#### Korporatiewe Nasionale Onderrig

**Deut. 31:10-12** leer dat die volk elke 7 jaar op die Huttefees moes saamkom, manne, vroue, kinders en die vreemdelinge in hul poorte. Almal moes hoor en leer om die HERE hulle God te vrees en sorgvuldig al die woorde van hierdie wet te hou. Tot geestelike en liggaamlike heil en seën.

### DIE EERSTE STAP VAN GODDELIKE GENESING!

Dit was die eerste deel van Goddelike Genesing: Onderhou en gehoorsaam die Woord. Die Woord is soos voorkomende medisyne tot genesing vir ons siele en liggame. Hy wil dat ons gesond sal wees, gesond sal bly en die erge krankhede wat deur die sondeval die wêreld ingedring het, sal misloop en voorkom dat krankheid ons teister!

#### Geestelik

Om sy Woord in geheel, nie selektief volgens eie voorkeure of afkeure nie, te gehoorsaam en te leef, juis dit maak ons en hou ons gesond: eerstens geestelik. Let op die voorskrif:

**Jos. 1:8** ***"Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel."***

**Kol. 3:16** ***"Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here."***

#### Liggaamlik

Maar onvermydelik ook liggaamlik. 'n Gehoorsame lewe volgens die ewige, lewende Woord van God, bring rus en vrede in die gemoed en genesing in die liggaam. Dit werk teen die ongesonde spanning en druk van die lewe wat ons siek maak. Dit voorkom vele krankhede. Op Kweekskool het wyle ds. WP Grobler sterk nadruk op die volgende teks gelê. Dit is die Here wat gesond maak, gesond hou/bewaar van siektes. Lees dit met aandag:

# - Van die Begin af!

**Ex. 15:26** ***"AS JY getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, DAN SAL EK GEENEEN VAN DIE SIEKTES op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want EK IS DIE HERE WAT JOU GESOND MAAK."*** **"As jy – dan sal Ek."**

**Ex. 23:25** ***"En JULLE MOET die HERE julle God dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën, en EK SAL SIEKTES UIT JOU MIDDE VERWYDER."*** **"En julle moet – en Ek sal"**

**Deut. 7:12, 14-15** ***"En OMDAT JULLE na hierdie verordeninge sal luister en dit hou en volbring, sal die HERE jou God vir jou die verbond en die goedertierenheid hou wat Hy jou vaders besweer het;*** **14** ***Geseënd sal jy wees bo al die volke; daar sal by jou geen man of vrou onvrugbaar wees nie, ook nie onder jou vee nie.*** **15** ***En DIE HERE SAL ELKE KRANKHEID VAN JOU WEGNEEM en al die kwaai siektes van Egipte wat jy ken, nie op jou lê nie; maar Hy sal dit lê op almal wat jou haat."*** **"En julle moet – Die Here sal"**

**HOE KAN EK DIT BELEEF?**

**Onderlinge byeenkomstes:**

Sorg dat u elke erediens bywoon waar die Woord suiwer bedien word en u in die allerheiligste geloof opgebou kan word. Daar behoort u hart en lewe gevul te word met die Woord van God.

Sorg ook dat u Kerkkonferensies soveel moontlik bywoon vir opbou in die geloof.

**Kol. 3:16a** ***Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid.***

**Persoonlike stiltetye:**

Lees elke oggend die Woord van God Raak rustig voor die Here en hou stilte met Hom voordat die dag jou beetkry. Jy word gees, siel en liggaam verkwik, beskut en begelei.

Netso die aand voor jy gaan slaap. Raak rustig, neem tyd met die Woord van God. Die stres en beklemming van die dag kan by Jesus afgelaai word. Dit gaan jou nagrus bevorder.

Die Woord gaan oor die jare heen veel meer vir jou geestelike en liggaamlike gesondheid beteken as baie medisyne later!

Die alternatief? Al die spanning en vermoeienis van die wêreld gaan jou liggaam en rus verstoor. Dit gaan met jou saam die dag in en weer bed toe. Dit gaan jou deurlopend gespanne hou en jou gesondheid gaandeweg verdring met kwale en kwellinge! Jy gaan die erosie van die sondeval nie ontkom nie!

In Deel II, wat hieronder volg gaan ons kyk na die teendeel, die werklikheid van Krankheid!

---

## Deel II: Aanslag teen Gesondheid

In die vorige aflewering het ons gesien hoedat God van die begin af die mens se heil na siel en liggaam gewil het. Maar die negatiewe kant was ook deurgaans ter sprake. Die Woord leer ons ook van die tragiese teendeel, die MAAR van die voorskrif tot gesondheid.

**Jes. 1:19** ***"As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet.*** **20** ***MAAR AS JULLE WEIER EN WEDERSTREWIG IS, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."***

Kom ons kyk vlugtig terug, na dit wat die Here wil. Regdeur die Skrif soek die Here nie offers nie, maar wel net ons gehoorsame toewyding aan sy ewige, foutlose en volmaakte Woord.

**Jer. 7:22-23** ***"Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie.*** **23** ***Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: LUISTER NA MY STEM, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en WANDEL NET IN DIE WEG WAT EK JULLE BEVEEL, DAT DIT MET JULLE GOED KAN GAAN."***

**Rom. 12:1-2** ***"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.*** **2** ***En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."***

Luister en jou siel sal lewe! Ons kan aanvaar dat daar merkbaar minder siektes en ernstige siektes onder kinders van die Here sal wees as ons erns maak met ons verhouding met ons Heiland en met sy Woord. Ons siele gaan daarby baat en ons liggame gesonder wees.

Opmerking: Hoewel hierdie onderrig redelik algemeen geneem kan word, kan ons dit nie veralgemeen nie. Daar is ook siektes en versteurings wat nie direk met persoonlike verantwoordelikheid verbind kan word nie. Dit neem egter nie ons daaglikse en persoonlike verantwoordelikheid van gehoorsaamheid aan Sy Woord weg nie.

**Verskrikking van Krankheid**

Maar daar was 'n sondeval. Vandaar hou die boom van kennis 'n wesenlike bedreiging in teen die heil wat God vir ons wil.

Vervolg op bl. 6

# Goddelike Genesing - Van die Begin af!

Vervolg vanaf bl. 5

Daarom brei die Skrif ook breedvoerig uit oor die teendeel, die gevolge van ongehoorsaamheid aan God se Woord, om eiesinnig te leef. Daarom moes die versoening ook deel van die boodskap word, eers in die offers en later in die eenmaal offer van Jesus aan die kruis. Ons kom later daarby. Maar nou eers die oorsaak van meeste siektes.

**Ongehoorsaamheid – Sonde**

Ons het seker almal al mense gesien wat in sonde lewe en die onaangename spore daarvan in hul lewens en liggame. Ongehoorsaamheid aan die Woord en 'n eiesinnige lewe buite die konteks van die Woord en die volmaakte wil van God is die groot oorsaak van krankheid.

Daar is in ons dag eenvoudig net te veel verskonings om gedeeltes van die Woord se aanspraak op ons te verlig of te vermy. Ons besluit te maklik self wat nou eindelik nie meer op ons van toepassing is of in ons tyd nie meer geld nie. Asof die Woord van God nie tydloos, volmaak en ewig waar is nie. Asof die Here dele in die Woord ingesluit het wat later oorbodig sou raak. Wie gee ons die reg om besluite te maak bo die ewige inspirasie van die Woord van God?

Kan ons met vrymoedigheid bid vir genesing as ons by die Woord van God wegneem en byvoeg soos ons goed dink? Volg ons die wêreld in hul geringskatting van die Woord van God dat ons onwillig en ongehoorsaam lewe? Volg ons hul verskonings? Hoor wat sê die Here:

**Lev. 26:14-16** ***"Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie;*** **15** ***en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek*** **16** ***dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag;"***

<u>**"Nie luister, nie doen, verwerp, Verskrikking".**</u>

**Jer. 7:24-26** ***"Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie."*** **25** ***Van die dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat;*** **26** ***maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders."***

Met ongehoorsaamheid verwerp jy die volmaakte wet van die HERE, dit wat jou siel wil verkwik. Dit wat foutloos, perfek en volmaak is en jou hart verbly, jou in vryheid en blydskap wil lei, dit minag jy! Die Woord wat jou wysheid gee om te vermy wat jou skaad, die regverdige verordeninge van die HERE wat niemand bo 'n ander bevoordeel of benadeel nie, wat heil vir elkeen bring, hoe kan jy enige beskerming verwag as jy dit verag?

**Deut. 28:27-28, 61** ***"Die HERE sal jou swaar tref met swere van Egipte en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie.*** **28** ***Die HERE sal jou slaan met kranksinnigheid en blindheid en sinsverwarring,"*** **61** ***"Ook allerhande siektes en allerhande plae wat in die boek van hierdie wet nie geskrywe is nie, dié sal die HERE teen jou laat opkom totdat jy verdelg is."***

Dieselfde Here wat jou gesond wil hou, juis Hy sal teen jou optree en jou swaar tref en slaan en jou teenstaan!! Wat kan jy anders verwag as jy Hom en sy kosbare Woord minag?

**Jes. 6:10** ***"Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie."***

**Jer. 16:4** ***"Aan dodelike siektes sal hulle sterwe, hulle sal nie beklaag of begrawe word nie, hulle sal mis op die aarde wees; en hulle sal deur die swaard en die hongersnood verteer word, en hulle lyke sal dien as voedsel vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde."***

Beleef ons nie juis in ons dag meer van die vernietigende verskrikking van krankheid as van die genesende hand van die Here nie? Waarom neem siektes toe, erge kroniese siektes, ongeneeslike siektes? Het ons nie dalk ver van die Woord afgewyk en ons verhouding met Jesus erg verwaarloos, ons nekke verhard om ons eie weg te volg nie? Het ons nog enige vrees, ontsag en respek vir Hom en sy Woord in ons persoonlike lewens?

**Ps. 91:1-6** ***"Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.*** **2** ***Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.*** **3** ***Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes.*** **4** ***Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser.*** **5** ***Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie,*** **6** ***vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie!"***

Mag ons hieroor diep nadink. Mag ons in ons verhouding met Hom en stiptelike gehoorsaamheid aan die Woord innig herstel word!! Ons het dit geestelik en liggaamlik dringend nodig! Mag die Heilige Gees die Woord vir u lewend oopbreek en nuut maak!

In 'n volgende aflewering kyk ons DV na God se dieetvoorskrifte, dit wat Hy spesifiek vir ons gegee het ter wille van goeie gesondheid!

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# God se wil vir elke kind van die Here

Soms wonder ons wat God se wil is vir ons lewe. God se wil is in sommige gevalle baie duidelik, veral as ons miskien geroep word om vir Hom te kom werk, as predikant, of sendeling, dan kom die roepstem baie duidelik, hetsy deur die woord of dalk deur mense self.
Die vraag is, wat God se wil is vir al ons ander. Hiervoor sal ons ook in die Woord moet gaan soek.
In hierdie skrywe gebruik ek verskillende vertalings, waar die Here se boodskap die duidelikste gehoor kan word. Waar daar nie die 1933/53 vertaling gebruik word nie, word die vertaling aangedui.

**1. Gehoorsaamheid aan die groot opdrag.**
Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde. Hand. 1:8

**2. Gehoorsaamheid om te bid vir alles en almal.**
First of all, I ask that you pray for all people. Ask God to bless them and give them what they need. And give thanks. You should pray for rulers and for all who have authority. Pray for these leaders so that we can live quiet and peaceful lives—lives full of devotion to God and respect for him. This is good and pleases God our Savior. 1 Tim. 2:1- 3 (ERV)

**3. Gehoorsaamheid om kinders binne die wil van God groot te maak.**
En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Deut. 6:6-7

**4. Gehoorsaamheid om te volhard teen sonde.**
Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. Daar bly alleen ŉ verskriklike verwagting oor van oordeel en ŉ gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer. Hebr. 10:26-27 (AFR83)

**5. Gehoorsaamheid om tot redding te kom.**
Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol. Jes. 1:18 (AFR83)
Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Open 3:20

**6. Gehoorsaamheid om nederig en heilig te lewe.**
God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. I Pet. 5:5
Daar is geskrywe: Wees heilig, want Ek is heilig. I Pet. 1:16

**7. Gehoorsaamheid om nie in jouself te roem nie.**
This is what the Lord says: "The wise must not brag about their wisdom. The strong men must not brag about their strength. The rich must not brag about their money. But if someone wants to brag, then let them brag about this: Let them brag that they learned to know me. Let them brag that they understand that I am the Lord, that I am kind and fair, and that I do good things on earth. I love this kind of bragging." This message is from the Lord. Jer. 9:23-24 (ERV)

**8. Gehoorsaamheid om nie God te besteel nie.**
Mag ŉ mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ŉ oorvloedige seën sal uitstort nie. Mal. 3:8-10

**9. Gehoorsaamheid om nie skelms of skurke te vrees nie**
Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie, want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer. Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer. Ps. 37:1-4 (AFR83)
En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. Matt. 10:28

**10. Gehoorsaamheid om te vergewe**
Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe. Matt. 18:21-22

**11. Gehoorsaamheid om sonde te bely en te laat staan.**
AS ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. I Joh. 1:8-9
So, if we say that we share in life with God, but we continue living in darkness, we are liars, who don't follow the truth. We should live in the light, where God is. If we live in the light, we have fellowship with each other, and the blood sacrifice of Jesus, God's Son, washes away every sin and makes us clean. 1 John. 1:6-7 (ERV)

**12. Gehoorsaamheid om die wet te eerbiedig.**
MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Matt. 5:17-19

**MC van der Vyver**
**Bethal**

# Is die Bybel waarlik God se Woord?

***"Is die Bybel waarlik God se Woord?" Die antwoord op hierdie vraag bepaal nie net hoe ons die Bybel en die belangrikheid daarvan op ons lewens beskou nie, maar dit sal 'n impak op ons hê wat vir ewig sal duur. As die Bybel waarlik God se Woord is, moet ons dit waardeer, bestudeer, gehoorsaam en ook vertroue daarin hê. As die Bybel God se Woord is en ons verontagsaam dit, dan verontagsaam ons ook vir God.***

Die feit dat God die Bybel aan ons gegee het, is 'n bewys en illustrasie van Sy liefde vir ons. Die woord "openbaring" beteken dat God aan die mens vertel het wat Sy aard is en hoe ons die regte verhouding met Hom kan hê. Dit is dinge wat ons nie sou geweet het as God dit nie in die Bybel geopenbaar het nie. Alhoewel God se openbaring van Homself in die Bybel geleidelik oor ongeveer 1500 jaar plaasgevind het, het dit nog altyd alles bevat wat die mens nodig het om die regte verhouding met Hom te hê. As die Bybel waarlik God se Woord is, dan het dit die finale seggenskap oor sake van geloof, godsdienstige praktyke en sedes.

Die vraag wat ons onsself moet afvra, is hoe ons kan weet dat die Bybel God se Woord is en nie maar net 'n goeie boek nie? Wat maak die Bybel anders as alle ander godsdienstige boeke wat al geskryf is? Is daar enige bewyse dat die Bybel waarlik God se Woord is? Hierdie is die soort vrae waarna ons moet kyk wanneer ons ondersoek instel na die Bybelse stelling dat die Bybel die ware Woord van God is, goddelik geïnspireerd en heeltemal voldoende is vir alle kwessies omtrent geloof en gebruike.

Daar is geen twyfel omtrent die feit dat die Bybel verklaar dat dit Woord van God is nie. Dit kan baie duidelik gesien word in gedeeltes soos, 2Tim. 3:15-17.

**Heilige Gees maak die Bybel lewend**

Bybels het geen inherente, of magiese krag nie. Dit is slegs die Gees van God wat die menslike verstand en die gees van die mens oop en ontvanklik kan maak vir die woorde van die Bybel. 2Kor. 3 praat bv. daarvan dat daar 'n bedekking oor die lees van die Ou Testament is, wat slegs in Christus vernietig word (vers 14). Christus moes die dissipels se verstand open om die Skrifte te verstaan (Luk. 24:45). Dit is daarom ook die Gees van Christus wat mense lei in die waarheid (Joh. 16:13). Daarom is die Skrif deur God ingegee, en die mense wat dit geskryf het, is deur die Heilige Gees "gedrywe":

**2Tim 3:16** *"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid..."*

**2Pet 1:20** *"terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; (21) want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."*

Die woord wat met "gedrywe" vertaal word, is "fero" (Grieks), wat "dra" beteken. Die KJV vertaal dit met "moved by". Volgens die Skrif self, was die skrywers van die Bybel dus onder direkte leiding van die Heilige Gees. Die Skrif is dus inderdaad deur mense geskryf, maar dit wat hulle geskryf het, was God se openbaring en sy Woord, wat Hy deur sy Gees in hulle harte gewerk het. Die term "Woord van God" kom soos volg in die Bybel voor:

Rigt. 3:20; 1Sa 9:27; 2Sa 16:23; 1Kon 12:22; 1Kron. 17:3; Spr. 30:5; Mar. 7:13; Luk. 3:2; 4:4; 5:1; 8:11,21; 11:28; Joh. 10:35; Hand. 4:31; 6:2,7 8:14; 11:1; 12:24; 13:5,7,44,46; 17:13; 18:11; Rom. 9:6; 10:17; 1Kor. 14:36; 2Kor. 2:17; 4:2; Ef. 6:17; Kol 1:25; 1Th 2:13; 1Tm 4:5; 2 Tm 2:9; Tit. 2:5; Heb. 4:12; 6:5; Heb. 11:3; 13:7; 1Pt 1:23; 2Pt 3:5; 1Joh. 2:14; Op 1:2,9; 6:9; 19:13; 20:4.

Die lys vir "Woord van die Here" is heelwat langer. Hier is slegs 'n paar voorbeelde:

Gen. 15:1,4; Num 15:31; Deut. 5:5; 1Sam 15:10; 1Kon 6:11; 2Kon 7:1; 2Kron. 18:18; Ps. 18:31; 33:4,6; Jes. 38:4; Jer. 1:4; Eseg. 1:3; Dan 9:2; Hos. 1:1; Joe 1:1; Am 7:16; Jon 1:1; Miga 1:1; Sef. 1:1; Hag. 1:1; Sag 1:1; Luk. 22:61; Hand. 8:25; 11;16; 13:48,49; 15:35,36; 16:32; 19:10,20; 1Thess. 1:8; 4:15; 2Thes 3:1; 1Pet 1:25 (nie volledig nie).

Ander tekste wat die term "Skrif" gebruik, is soos volg:

Eks 32:16; Deut. 10:4; Mar. 15:28; Luk. 4:21; Joh. 2:22; 7:38,42; 10:35; 13:18; 17:12; 19:24,28,36,37; 20:9; Hand. 1:16; 8:32,35; Rom. 4:3; 9:17; 10:11; 11:2; Gal. 3:8,22; 4:30; 1 Tim 5:18; 2 Tim 3:16; Jak 2:8,23; 4:5; 1 Pet 2:6,20.

Sien ook "Skrifte":

Mat 21:42; 22:29; 26:54,56; Mar 12:24; 14:49; Luk 24:27,32,45; Joh 5:39; Hand. 17:2,11; 18:24,28; Rom 1:2; 15:4; 16:26; 1 Kor. 15:3,4; 2 Tim 3:15; 2 Pet 3:16.

Wanneer jy na al dié bewyse kyk en die Heilige Gees as Outeur leer ken, kan jy sonder twyfel sê, "Ja, die Bybel is waarlik God se Woord."

**Verskeie medewerkers**

**Geneem uit die Kerkblad van Julie/Augustus 2007**

# ŉ Seder val in Frankfort: Stéfanus Jacobus Naudé



## 3 Desember 1951 – 28 Mei 2023

Oom Fanie Naude is op 3 Desember 1951 gebore as een van nege seuns van Frans en Stienie Naudé van Frankfort in die Vrystaat wat dan ook deel was van die stigterslede van die gemeente wat op 17 Februarie 1945 gestig is. Hy is deur wyle ds. J.K. Barnard in 1952 gedoop en het in 1969 as lidmaat aangesluit. Na sy skoolloopbaan is hy weermag toe in Bloemfontein waar hy kennis gemaak het met ds. Johnny Grundling, ŉ vriendskap wat gehou het tot in 2014 toe ds. Johnny oorlede is; a.g.v. dié verbintenis het hy later al drie ons seuns, Eduan, Francois en Jaco, in die huwelik bevestig. Gedurende 1979 het Fanie teruggekeer na Frankfort om die boerdery by sy pa oor te neem en aktief gewees in die gemeente, as diaken en later as ouderling. Hy het ook die poste van kassier en skriba vir baie jare en onder verskeie leraars behartig tot hy finaal in 2022 uit die kerkraad getree het. Hy was ook vir baie jare die orrelis en baie katkisante het onder hom hul Verlosser en Saligmaker gevind. Fanie het die volgende woorde in die kerkgebou laat aanbring: "Die Here vra van jou alles of niks".

Vir jare het die huis van Fanie en Joey oopgestaan vir baie leraars en hul gades wat in Frankfortgemeente kom preek het, asook reekse dienste gehou het, en vir studente wat Vrydae op die plaas aangekom en gebly het tot vroeg die Maandag om dan met ŉ groot vrag proviand terug te keer na die Kweekskool, toe nog op Spaarwater, Nigel.

Sy betrokkenheid en liefde vir die werk van die Here het veroorsaak dat, onder sy hulp en inisiatief, vier groot feesvieringe hier in die gemeente gehou is om die Kerk se bestaansjare te herdenk naamlik 40, 60, 70 en 75 jaar. Ook was hy betrokke met die aankoop van die destydse Vrymesselaarslosie langs die kerkgebou en met vyf jaar se worsbroodjieverkope deur ŉ paar gemeentelede is die geld spoedig ingesamel om dit kontant te kon aankoop. Die bou van die Sondagskoolklaskamers was ook ŉ groot droom wat vir hom waar geword het. Vir ŉ aantal jare was hy betrokke by die jaarlikse Dankfees en het hy almal rondom hom geïnspireer om "jou hart, sak en beursie" oop te maak vir die saak van die Here. Hy het ook vir baie jare as afgevaardigde die sinodesittings van die Kerk bygewoon. Niks was vir hom te veel om te doen vir die gemeente of lidmate nie.

Natuurlik was konferensies Fanie se groot passie en vir baie jare het ons as gesin die Eden- en Lofdalkonferensie bygewoon en is daar baie vriendeskappe gemaak wat tot vandag toe nog bestaan. Die Lofdalkonferensie van 2023 sou weens gesondheidsredes en die latere afsterwe van Fanie op 28 Mei nie deur ons bygewoon word nie, daarom het ons ds. Hendrik van Rensburg gevra om die begrafnisdiens waar te neem.

Ons eer sy nagedagtenis en dank die Here vir die aantal jare wat hy sy liefde vir sy Meester en Kerk uitgeoefen het en tot aan die einde geglo het dat daar ŉ hiernamaals bestaan.

**Joey Naudé**
**Frankfort**

---

# Waar is Emeriti?



**Noemnaam en van:** Harry en Marlene van Niekerk
**Dorp waar u tans woon:** Kroonstad
**Kontakbesonderhede:** Selfoon 0829383621
**Gemeentes wat u bedien het:** Oos-Londen, Kimberley en Bloemfontein
**Datum van ordening:** 29 November 1986
**Datum van emeritaat:** 31 Augustus 2021
**Kort boodskap aan die kerk:** Wees so lief vir die Here Jesus sodat alles wat Hy van u vra ŉ lus sal wees om te doen. Wees so lief vir u medebroers en susters dat u in hulle skoene kan staan en vir hulle bid. Stel meer belang om lief te wees as om reg te wees. Weier om te twyfel aan God se beloftes.

# Stigting van Port Eliza

*(Handgeskrewe getuienis op elf ou skryfblok bladsye, ontvang van oom Hannes Bosch, 1978)*.

**Toestande wat daartoe gelei het tot die stigting van die N.P. Kerk.** (Port Elizabeth gemeente).
Op 17 jarige leeftyd het ek lidmaat geword van die Ned-Geref.-Kerk. Somerset-Oos gemeente. Alhoewel ek streng godsdienstig opgevoed was en gereeld Kerk toe gegaan het, het ek nie sekerheid gehad omtrent die Saligheid en dat ek hemel toe sou gaan as ek sterwe nie.

Ek het later na Port Elizabeth gekom en hier begin werk. Hier het ek mense ontmoet wat getuig het dat hulle gered was en sekerheid het omtrent die Saligheid, iets wat ek gesoek het. Tydens 'n huisbiduur in 1940 wat deur 'n kind van God gelei was, het die groot dag in my lewe aangebreek. Ek het as 'n verlore, soekende sondaar vergifnis van my sondes ontvang toe ek Jesus as my Heiland en Saligmaker ontmoet het.

Ek het my by die kinders van God geskaar. Ons het saam gebid en gewerk en getuig. Ons was gereeld Woensdaeaande in die gemeentelike biduur. Ons het gebid dat die Here herlewing in ons Kerk sal stuur. Vrydae aande het ons ons eie bidure in die wyke gehou. Hierteen was die kerkraad gekant. Seker omdat meer mense ons biduur ondersteun het as die gemeentebiduur.

Ons het beswaar gemaak dat manne op die kerkraad dien wat verslaaf was aan rook, drank, dobbel & dans, omdat dit dinge is wat die Heilige Gees bedroef. Die meerderheid van die Kerkraadslede het ook geen getuienis van wedergeboorte gehad nie.
Verder het ons gereeld die AEB dienste bygewoon. Van kerklike weë was ons aangesê om ons eie biduur te staak en gemaan om nie langer die sekte (AEB) dienste by te woon nie, en ons met sensuur gedreig. Sommige kinders van God was toe al reeds onder sensuur geplaas. Dit het ons nog meer aangemoedig om God meer gehoorsaam te wees dan die mens.

Half-nagte van gebed is dikwels gehou en daar is gebid vir herlewing en kerkherstel. Die kinders van God was selfs uitgeskel vir sektes. Baie uitnodigings was vanaf ander Kerke aan ons gerig om by hulle aan te sluit. Dog ons wou gereformeerd bly, en gebid dat die Here ons moet bewaar van dwalings en sektarisme.

Dinge het al erger geword, die vervolging al hewiger. Sommige kinders van God was selfs verbied om nagmaal te gebruik. Maar die Here het die hulpgeroep gehoor van oor die hele land, die antwoord het anders gekom as wat ons verwag het.

In 1944 hoor ons dat dr. D.J. de Vos uit die N.G. Kerk geskors is en dat hy 'n nuwe Kerk gestig het. Die belangstelling hier in P.E. was groot. Ons het begin navraag doen en vroeg in 1945 het dr. De Vos hier in P.E. 'n vergadering in die stadsaal kom hou.

Ons was van kerklike weë aangeraai om self te gaan luister na die valse profeet en kerkskeurder. Die aand met die vergadering was die stadsaal volgepak. Ek het opgemerk dat die plaaslike predikante almal in die middelblok gesit het.

Presies 7:30 het dr. De Vos by die deur ingekom, op pad na die verhoog toe het hy enkele bekendes met die hand gegroet, waaronder 'n paar predikante was. Nadat die verrigtinge met gebed geopen was, het hy 'n kragtige boodskap uit Jesaja 58 & 59 gebring. Hy het die ware teenoor die valse godsdiens uiteengesit. Hy het vreesloos die toepassing gemaak en die toestand van die Kerk van die Here (die Ecclésia) aan die gehoor geskilder. Die dinge wat hy genoem het was presies dieselfde waaroor ons so ongelukkig was.
Die N.G. predikante het toe besluit om wal te gooi en een van hulle het op 'n stoel geklim terwyl hy nog besig was om te praat en hom in die rede geval en gesê: "Ons het nie gekom om na jou prekery te luister te luister nie. Ons wil weet wat het in Durban gebeur en watter reg het jy om ons "geliefde" Kerk aan te val."
Toe hulle vir dr. De Vos nie wou toelaat om verder met die boodskap voort te gaan nie, het hy die Bybel toegemaak en die redes herhaal wat hy in sy boodskap gegee het. Dit het die klomp woedend gemaak.
Hy het ook genoem dat die N.G. Kerk leer dat 'n mens weergebore gebore is, dat ons nou in die duisendjarige vrederyk leef, dat die Satan nou gebind is, dat 'n mens maar net matig moet sondig soos byvoorbeeld rook, dans, dobbel, drink ensovoorts. Daar het toe 'n oorverdowende geraas en geskreeu losgebars. Uitroepe soos "Jou valse profeet!", "Jou Sekte!" "Jou leuenaar!" "Jy lieg!" Hy het gaan sit en gewag dat die gehoor moet bedaar.

Toe staan hy op en sê: "Die Here het hom die toestand ook hier in P.E. gewys vanaand en dat hy vanaand hier 'n gemeente gaan stig."
Daar was toe uitroepe van: "Dit is nie Durban nie!" "Jy sal dit nie hier regkry nie!" "Gaan terug Durban toe!" Die predikante het hieraan lustig meegedoen. Toe die gehoor weer bedaar het, het dr. De Vos gevra dat die mense nou maar die saal moet verlaat en dat almal wat 'n getuienis het dat hulle gered is en wat wil aansluit, moet agterbly. Ds. Cloete, voorsitter van die Ring van Uitenhage, het op 'n stoel geklim en 'n beroep op die gehoor gedoen om almal soos een man uit te stap en hom wys hy sal nie in P.E. vastrap plek kry nie.

Mense het toe begin uitstap, baie het getalm. Ds. Cloete het toe weer by die deur geroep dat ons hom alleen in

die saal moet los. Ek het gesien hoedat mans en vrouens wat getalm het, aan die hand gevat en uitgelei word. Ouers het jong mense uitgeroep.

Dit was vreeslik om die klomp besluitelose mense te sien. Ek self het nie geweet waarheen nie. Een ding was seker, ek is klaar met die N.G. Kerk na vanaand se gebeure. Terwyl ek daar staan hoor ek bo die geraas en geskreeu, mense sing – "Wat 'n vriend het ons in Jesus!" Ek sien toe 'n klompie kinders van God wat voor die verhoog gaan staan het. Toe ek my kom kry staan ek ook daar. Andere het by ons aangesluit. O, dit was heerlik om los te wees van 'n Kerk waarin jy vervolg was. 'n Groot kalmte het oor my toegesak. Daar was op ons geskree vanaf die deur. Een van die predikante het gewag laat ons klaar sing, toe sê hy: "Sal die olifant hom steur aan die gepiep van die muis, en – julle sal nog almal julle fout insien en terugkom."

Dit is nou al 33 jaar en ek het nog nooit terugverlang nie. Die gemeente is daardie aand met ongeveer 50 volwassenes en ongeveer 40 kinders gestig. Die weifelaars het gou uitgesak, maar die Here het bygevoeg die wat gered is. Na die stigting het die nuutgestigte gemeente gesing: "Prys die Heer met blye galme".
Die kerkraad is daarna deur die gemeente gekies, vier ouderlinge en vier diakens. Ek was bevoorreg om as diaken te dien op die eerste kerkraad van Port Elizabeth gemeente. Op 62 jarige leeftyd is ek vandag die enigste lidmaat van P.E. Gemeente wat nog lewe wat die stigting meegemaak het in die Stadsaal. Deo Gloria. Ons kan die oor van die volk bereik as ons gelowig bid en werk! "Ora et Labora!"

**Oom Hannes Bosch**
**(Ingestuur deur dr. Willie Kotzé)**

---

# Getuienis van goddelike genesing

My naam is Oom Attie Naudé, ek is 86 jaar oud. Deur die jare is daar in tye van ongesteldheid gebid om genesing.
Ek het gebid en die Hemelse Vader gevra wat ek moet doen om sy naam uit dankbaarheid te loof vir wat Hy vir my gedoen het. Ek glo ek is deur die Heilige Gees gelei na **Hebr. 13:15** ***Laat ons dan gedurig 'n offer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy naam bely.*** Ek het dit as 'n opdrag beskou om vir Hom te getuig. Ook **Jak. 5:15** ***En die gebed van geloof sal die kranke red en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.***

Ek was nog 'n kleuter toe ek dubbele longontsteking opgedoen het wat ook skade aan die hart veroorsaak het. Ek het 'n probleem ontwikkel met my bene wat baie gepyn het en dit was moeilik om te loop. Ek het ook skarlakenkoors opgedoen. Met al die siektes is daar vir my gebid en is ek genees.
Gedurende 2006 het ek op 70 jaar 'n hartaanval beleef, 'n bloedklont is deur die hart en die longe in. Die dokter wat die angiogram met my bespreek het, het gesê dat ek die Here moet dank, aangesien dat net een uit vyf mense so 'n hartaanval oorleef.
In Julie 2014 is ek met prostaatkanker gediagnoseer wat na my rugwerwels versprei het, sowel as na my bene en heupe. Dit was erg pynlik.
Gedurende 2017 is daar vir my gebid tydens ons silwerjeugbiduur en is ek met olie gesalf. Die Here het my ook hier volkome genees. Die medici het 'n MRI-aftasting gedoen om dit mee te bevestig – dit het geen tekens van kanker getoon nie. Die dokter wat die aftasting gedoen het, het gesê dat hy nog nooit so 'n volmaakte genesing gesien het nie – dit is 'n wonderwerk en net die Here kan so genees! Hy het die letsels gelos sodat gelowiges kon sien dat daar kanker was, selfs in 2023 is daar nog geen teken weer daarvan nie.

Ek ly ook aan emfiseem en dit het sy tol geëis: My regterlong funksioneer net met 5% funksie en die ander een 50%. Ek gebruik wel kortisoon daarvoor, soos voorgeskryf.
Op 10 Januarie 2023 het ek tering opgedoen tydens 'n besoek aan die hospitaal waar my asemhaling en absorbering van suurstof ondersoek is as deel van die emfiseem se behandeling. Dit is geklassifiseer as synde weerstandig vir verskeie medikasie te wees (MDR). Dit is gelukkig in 'n vroeë stadium gediagnoseer en na twee maande se behandeling is dit opgeklaar. Gedurende die tyd is daar weer vir my gebid en die gebede is verhoor. Gewoonlik neem dit nege maande om op te klaar, in my geval was dit slegs twee maande.

Ek is dankbaar dat ek nog kan opstaan en loop, maar ek kan skaars drie woorde praat sonder om asem te teug. Ek loof en dank die Here vir elke nuwe dag. Ek leef die lewe een dag op 'n slag en ek sal aanhou om vir Hom te getuig tot die dag dat Hy my kom haal.
Ek glo en vertrou dat hierdie getuienis vir ander die krag van gebed sal bewys. Ek sluit af met die woorde van **Jer. 17:14** ***Maak my gesond, Here, dan sal ek gesond wees, verlos my dan sal ek verlos word, want U is my lof.***
Groete in die naam van die Hemelse Vader!

**Adriaan J. (Oom Attie) Naudé**
**EG Kerk Pretoria-Oos**

# EG Kerk Boksburg vier hul 60ste Verjaarsdag

Wat 'n voorreg om die 60ste bestaansjaar van die kerkgebou te vier en die gemeente se 63ste bestaansjaar. Ons moes so bietjie in argiewe gaan delf om inligting te kry rondom die begintye van die gemeente, gepaard met inligting wat ons by een van ons oudste stigterslede kon kry (Tannie Ella Mynhardt).

Ds. Rickard Hattingh was die programleier, waarin hy ons vertel het waar die Nuwe Protestantse Kerk begin het, asook waar Boksburggemeente begin het. Die gemeente is gestig op 14 Mei 1960 en Ds. Albert Woest was die eerste leraar hier en het die bou van die kerk behartig in 5 maande se tyd. Die hoeksteen is gelê op 29 Junie 1963 en die inwyding van die kerk gebou het plaasgevind op 28 September 1963. Ds. Fanie Hugo het die pastorie laat bou en die saal het later jare gevolg tydens ds. Wimpie Jacobs se ampstermyn. Die laaste toevoegings was natuurlik die Sondagskoolklaskamers gedurende ds. Frik Lombard se ampstermyn – oom Cas Olckers was die bouvoorman, bygestaan deur andere.




Die predikante van toeka tot nou sien soos volg daarna uit:
Ds. Albert Woest – 1960 tot 1965
Ds. Fanie Hugo – 1966 tot 1971
Prop. Hennie van der Watt – 1973 Ordening & Bevestiging
Prop. Corrie Bester – 1975 tot 1976 Ordening & Bevestiging
Ds. Albert Woest – 1977 tot 1983
Ds. Jannie Coetzer – 1983 tot 1985 daarna na Sendingveld
Ds. Wimpie Jacobs – 1985 tot 1987
Ds. Frik Lombard – 1987 tot 1990
Ds. Rudi Beukes – 1991 tot 1994
Ds. Paul Beyl – 1994 tot 2001
Prop. Ferdie Devenier & Prop. Frikkie Lombard – 1997 Internskapjaar
Ds. Gerrie Ploos van Amstel – 2001 tot 2006
Ds. Jurg Prinsloo – 2007 tot 2011
Ds. Johan Homan – 2012 tot 2013
Ds. Barry Fourie – 2013 tot 2019
Ds. Rickard Hattingh – 2020 tot hede

Nadat ds. Jurg Prinsloo, Willie Stieger en Nick van Loggerenberg staaltjies vertel het, uit die verlede wat hul ervaar het in die gemeente, het ds. Rickard 'n kosbare boodskap gebring waarna ons almal na die saal beweeg het om die verversings te geniet wat die kerk-raad voorsien het. Dit was waarlik 'n wonderlike geleentheid. Ons eer die Here vir Sy genade en bid dat Hy ons wakker sal vind, besig met sy werk om siele te bereik vir Sy koninkryk.

Dankbetuiging aan Bertus Stieger van die redaksie wat die foto's geneem het.

**Natasha Hattingh**
**Boksburg**









# Na 30 jaar word Volksrustgemeente Selfstandig

Met dankbaarheid en vreugde word berig dat die S.E.K. Volksrustgemeente op 25 Maart 2023 selfstandig verklaar het. Na meer as 30 jaar se voorbidding, sielebearbeiding en uitbreiding, kom alle eer en aanbidding die Here toe.

Dit het begin met 'n lidmaat wat gehoorsaam was aan die Here se roepstem. Mev. Bettie Wales het gedurende 1991 vanaf Boksburg na Volksrust verhuis. In Boksburg was sy lidmaat aan die Evangelies-Gereformeerde Kerk. Weens die afwesigheid aan 'n E.G. gemeente in Volksrust, het die Here 'n behoefte in mev. Wales opgewek om vanuit haar woning, met Sondagskool te begin.

Mev. Wales het EG Kerk Newcastle begin besoek, 50km vanaf Volksrust, en die diensdoende predikant, ds. Gerhard de Wet gevra of sy Sondagskool vanuit haar woning kan begin. Hy het ook aangebied om elke tweede Sondag deur te ry Volksrust toe om vir hul 'n erediens te bring, direk na Newcastle se erediens in die oggende afgehandel is. 'n Saal is gereël op Charlestown, 6km buite Volksrust, waar ds. Gerhard de Wet dan vir hul met die Woord bedien het. Met groeiende getalle het die gemeente na verskeie ander geboue geskuif, en is die gemeente op 6 Februarie 1993 gestig met ds. Gert Grobler as leraar. Volksrustgemeente is 'n uitvloeisel van 'n persoon wat gehoorsaam was aan die stem van die Heilige Gees.

Daar het 'n geleentheid na vore gekom om 'n erf op Volksrust te koop en het die Here op 'n besondere wyse aan die gemeente voorsien om die erf te koop. Die planne is goedgekeur en die kerkgebou is gebou en ingewy op 31 Augustus 2013 deur ds. Jan Keyser. Die Here het ook voorsien dat 'n Sondagskoolsaal en klaskamers gebou word waarna dit op 19 November 2022 ingewy is deur ds. Francois du Toit.

Leraars wat sedert die stigting op 6 Februarie 1993 in die gemeente gearbei het, is die volgende: di. Gert Grobler, Frans Brits, Llewellyn Holder, Henk Gericke, Jan Keyser en Ruan van Vuuren. Ds. Francois du Toit is die huidige Leraar.

Ons gebed is dat Volksrustgemeente nog verder sal groei en van krag tot krag sal gaan deur die leiding van die Heilige Gees.

**Genesis 22:14** ***"En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word."***







# Bevestiging van ds. Frikkie Lombard

Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader dat ons kan aankondig dat Ds. Frikkie Lombard op Saterdag 3 Junie 2023 as leraar van Benonigemeente bevestig is.
Ds. Frik Lombard (em) het uit **Mal. 2:7** 'n kragtige boodskap onder die tema "***'n Ware boodskapper van die Here***" gebring, waardeur die standaard waaraan die bedienaars van die woord moet voldoen, opnuut beklemtoon is.

Die bevestiging van Ds. Frikkie is daarna deur Ds. Rickard Hattingh waargeneem, waarna verskeie predikante vanuit die Ring, ander Ringe en die Kweekskool asook emeritus predikante teenwoordig, Ds. Frikkie en Lorina Lombard verwelkom het.
Hierna is die herderspaar deur die onderskeie kommissieverteenwoordigers verwelkom.
Almal het daarna gesellig verkeer om die keurig voorbereide versersings wat deur die susters van die gemeente voorgesit is.

Op Sondag 4 Junie het Ds. Frikkie met sy intreepreek volgens **Hand. 20:31** onder die tema "***Wat is u bereid om te doen dat een siel gered word"*** vanuit die lewe en voorbeeld van Paulus, elke kind van God, uitgedaag om 'n sielewenner vir Jesus Christus te wees.

Aan elkeen wat deur hierdie tyd vir Benoni gebid het, wil ons net ons opregte dank betuig.
Aan God al die eer en die aanbidding wat self hierdie gemeente in stand hou.

**Kerkraad**
**Benoni**





# Koderaai No. 2 van 2023

Gebruik die leidraadletters en hul syferwaarde (kode) om die res van die raaisel te ontsyfer

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ■ | ■ | 3 | ■ | 19 | ■ | 13 | ■ | ■ | ■ | 19 | ■ | 9 | ■ | ■ |
| 5 R | 16 U | 13 S | 23 B | 25 A | 1 N | 19 K | ■ | 13 | 22 | 16 | 11 | 6 | 5 | 13 |
| 6 | ■ | 13 | ■ | 1 | ■ | 25 | ■ | 6 | ■ | 13 | ■ | 22 | ■ | 16 |
| 6 | 17 | 6 | 13 | 6 | ■ | 25 | 17 | 12 | 6 | 13 | 11 | 15 | 6 | 13 |
| 19 | ■ | ■ | ■ | 6 | ■ | 14 | ■ | 6 | ■ | 11 | ■ | 11 | ■ | 7 |
| 13 | 25 | 25 | 2 | 22 | 3 | 23 | ■ | ■ | 23 | 6 | 6 | 13 | 7 | 6 |
| 6 | ■ | 25 | ■ | ■ | ■ | 3 | ■ | 19 | ■ | 7 | ■ | 6 | ■ | 5 |
| ■ | 23 | 5 | 3 | 6 | 2 | 6 | 5 | 22 | 11 | 6 | 17 | 2 | 6 | ■ |
| 23 | ■ | 2 | ■ | 5 | ■ | 5 | ■ | 6 | ■ | ■ | ■ | 6 | ■ | 15 |
| 3 | 14 | 23 | 6 | 16 | 5 | ■ | ■ | 11 | 1 | 13 | 6 | 19 | 7 | 6 |
| 13 | ■ | 6 | ■ | 14 | ■ | 6 | ■ | 1 | ■ | 22 | ■ | ■ | ■ | 1 |
| 23 | 6 | 12 | 21 | 13 | 13 | 7 | 16 | 19 | ■ | 25 | 5 | 6 | 1 | 25 |
| 3 | ■ | 11 | ■ | 11 | ■ | 6 | ■ | 11 | ■ | 1 | ■ | 13 | ■ | 2 |
| 19 | 25 | 1 | 13 | 6 | 22 | 13 | ■ | 1 | 25 | 15 | 22 | 6 | 12 | 6 |
| ■ | ■ | 15 | ■ | 13 | ■ | ■ | ■ | 2 | ■ | 6 | ■ | 22 | ■ | ■ |

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 N | 2 | 3 | 4 | 5 R | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 S |
| 14 | 15 | 16 U | 17 | 18 | 19 K | 20 | 21 | 22 | 23 B | 24 | 25 A | 26 |

Enkele leidrade vir hierdie eerste koderaai: Die letters is nie alfabeties nie; hoewel daar Bybelse name en/of boekname is, hou alle woorde nie noodwendig verband met die Bybel nie; alle woorde is Afrikaans; begin met die korter woorde, met die meeste bekende letters.

Geneem uit 'Bielie Bybelpretboek 4'. Gebruik met toestemming. Kopiereg © 2017 deur Marius Greeff

# Die paradoks van die dieper lewe

Vroueblad...

Liewe vriendin, ten einde te arriveer by 'n plek genaamd "Laity Lodge" in Texas, moet jy in 'n rivierbed ry. Die pad kronkel eers teen 'n steil klipperige afdraande in 'n vallei af en dan reguit in die water in. Daar is 'n padteken by die rivier se wal waarop geskrywe is: "Yes. You drive in the river."

Wanneer ons in ons geestelike lewe besluit het om Christus voluit te volg, sal ons ook by 'n plek kom wat net so onverwags en onmoontlik lyk om op voort te kan gaan as wat hierdie rivierbed voorkom. Ons mag dalk rondkyk met 'n verwarde frons tussen ons oë om te soek vir 'n alternatiewe roete, maar as ons wil smaak wat God aan sy getroue kinders belowe, sal ons reguit in die oënskynlike gevaar moet ingaan. Daar is geen ander weg nie. Ry in die rivier en bereik "Leity Lodge". Wanneer ons die pad van gehoorsaamheid neem, vind ons die soliede Rots onder ons – en merkers; bewyse dat Iemand hierdie roete voorheen gereis het. Die geskrewe Woord van God is ons rigtingwyser. Vertrou dit. Gehoorsaam dit.

Onlangs moes die Here ook vir ons gesin so 'n padteken oprig in ons geestelike lewe. Ons het 'n beroep ontvang na 'n ander gemeente. Ons het geen voorneme gehad om ons huidige gemeente ná agt jaar te verlaat nie. Dis waar ons lewe is. Dis waar ons gelukkig is. Tog kon ons nie die gewaarwording afskud dat ons geen keuse het nie. Ons het ook voor die rivier tot stilstand gekom en gedink: "Dít kan tog nie die pad wees nie. Daar moet 'n alternatiewe roete wees." Ons het redelik hard gesoek na 'n ander pad; of sal ek bietjie méér dramaties klink: 'n kwytskelding van die beker wat ons moes ledig. Al wat ons egter gevind het was die leiding van die Here wat ons deur Sy tere (maar ferm) Heilige Gees en deur Sy Woord oortuig het: "Ja, jy ry in die rivier."
Jy sien vriendin, dis veral vir ons in die Westerse wêreld die maklikste ding om jouself 'n christen te noem. Dit kos nie veel nie, en niemand gee regtig om wat jy jouself wil noem nie. Dis egter 'n ander affêre om jou eie planne en ideale, jou gemaksone en jou veilige hawe te verlaat en jouself te verloën. Jy moet in der waarheid jouself in die rug steek. Dít kom nie so natuurlik vir die vlees nie. Die paradoks van die dieper geestelike lewe maak nie oënskynlik sin nie… Markus 8:35 "Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red." Ons roep aanvanklik entoesiasties uit: "Ja! Ek wil Jesus volg!..." totdat ons hoor daar is sprake van 'n kruis wat ons dan sal moet opneem. (Mark.8:34) "Nee Here, dít kan seker nie die pad wees nie – moet ek régtig in die rivier inry? Ek het nie eens "rivierry" ondervinding nie. My voertuig is nie daarvoor gebou nie. Dalk moet ek eerder omdraai. Ek is bang Here."

Om te vrees vir die onbekende is sekerlik menslik. Ons almal hou maar daarvan om te weet waarvoor ons ons inlaat en hoe die toekoms daarna gaan uitsien. Ons wil in beheer wees en ons lewens tot op die fynste besonderheid uitgewerk hê. Maar dis nie die kenmerk van die geloofslewe nie. Nee, die geloofslewe is presies wat dit sê: Lewe in geloof. Geloof in 'n Hoër Hand wat my lewe in Sy hand hou. Psalm 56:4 stel dit so mooi: "Die dag as ek vrees, sal ék op U vertrou." Dis duidelik dat daar dae van vrees sal aanbreek, maar wanneer ek vrees, wat moet ek doen? "Op U vertrou." Vertroue staan teenoor vrees. Wanneer ons God nie vertrou nie, dan wantrou ons Hom, en sê ons eintlik in Sy gesig vir Hom dat ons nie glo dat Hy instaat is om ons lewens te beheer en vir ons te sorg nie. Hoekom sal daar wantroue in ons harte wees teenoor God? Die antwoord is eenvoudig. Dis omdat ons verhouding met Hom nie is wat dit moet wees nie. Ons ken Hom glad nie, of ons ken Hom net oppervlakkig en soos Job sou sê: "Volgens hoorsê het ek van U gehoor…" (Job 42:5)
Hoe leer ons dan vertroue in God? Deur God dieper te leer ken. Wanneer ons werklik ontdek Wie Hy is, sal ons nooit kan twyfel aan Sy liefde en Sy goedertierenheid jeens ons nie.
Om God dieper te leer ken, sal dit ons baat om getuienisse vanuit die vervolgde kerk te lees. Hulle maak lankal nie meer staat op hulself, hul materiële besittings, hul medemens, hul intellek of enigiets van menslike oorsprong nie. In hul donkerste tye van verlatenheid, pyn, marteling, vernedering en desperaatheid, het ieder en elk van hulle tot die besef gekom dat hul bankrot is – gestroop van hulself en hul trots. En dis dáár waar hul Christus ontdek het as die Getroue Vriend. Die Een wat hul ontmoet op hul laagste oomblik en hul optel na hul hoogste plek van heiligmaking.

'n Sekere voormalige moslem ekstremis vertel hoedat sy beproewing hom nader aan God gebring het: Nadat hy 'n gewelddadige en onverskillige lewe gelei het, het hy Jesus Christus gevind. Daarna het hy 'n kerk gelei vir moslem bekeerdes. Dit was onwettig en gevolglik is hy gemartel met 'n beesprodder in sy mond en hy is geslaan terwyl hy onderstebo hang. Daarna is hy vir 'n maand toegesluit in 'n klein vertrekkie met geen lig, geen toilet en bietjie kos wat elke paar dae deur 'n gleuf vir hom gegee word. In sy eie woorde: "In verskriklike lyding ontdek jy 'n ander Jesus as in jou normale lewe. Jy kan maklik wegsteek wie jy werklik is, maar pyn bring al die swakhede in jou persoonlikheid na die oppervlak. Ek was 'n wrak in daardie sel. Ek het onophoudelik gehuil, geween en gesnik in daardie uiterste verlate donkerheid. Ek het al die aaklige dinge herleef wat ek gedoen het in my lewe. Ek het my-

self hoor roep: “Kruisig Hom!” En net toe ek op die punt was om in te gee aan totale wanhoop en selfhaat en moontlike dood, het ’n ongelooflike bewustheid in my sel ingebars soos ’n helder ster. Dit was dit: Jesus het my lief selfs daar waar ek in my eie stank sit, swak en gebroke, leeg en sondig. Selfs in daardie toestand het Hy my lief, en daar het Jesus ingebars en my gevul… en die vervulling was so groot, want ek was só leeg.”
Om terug te keer na my vergelyking van die rivier waarin ons moet ry, moet ons besef dat ons elkeen se rivier gaan verskil. Die Here sal in Sy alwysheid bepaal watter toetse Hy oor wie sal bring. Maar ons kan rus in die versekerdheid dat Sy genade vir ons elkeen genoeg sal wees.

Ons sal moontlik nie dieselfde marteling hoef te verduur nie. Hier in die Westerse wêreld het ons ander uitdagings. Ons vyande is materialisme en gemaksug. Ons vertrou so min, want ons het so baie. Hierdie is die stille moordenaar van ons geloof. Ons is selfvoldaan en trots. Slegs wanneer ons ontledig word van onsself, kan ons meer van Christus ervaar. Joh. 3:30 “Hy moet meer word, maar ek minder.”
Mag die Here jou ook die genade gee om nie om te draai wanneer jou paadjie teen die rivier eindig nie, maar mag jy vol geloof en kinderlike vertroue voortgaan in die rivier in, die oog gevestig op die Leidsman en Voleinder van ons geloof.

**Rivier-groete**

**Karen Devenier**
**Port Elizabeth**

## Briewe aan my Gemeente

# Die Gemeente van God



**1 Kor. 1:2 *“Aan die gemeente van God wat in …… is.”***

Liewe Gemeente, as u die afgelope tyd met ’n opmerksame hart en versigtige oor geluister het na die groet vanaf die kansel, sou julle ontdek het dat ek jul telkens gegroet het as die “gemeente van God”.
Dit is omdat ek graag uitdrukking wil gee aan die agting wat ek het vir God se genadewerking met die totstandkoming- van en groei in die gemeente. Hierdie gedagte van ’n gemeente van God te wees hou soveel in.

Eerstens moet ’n hartlike voorneme saam met my vir ons gemeente wees dat ons in die ware sin van die word ’n gemeente van God sal wees. Ons moet dus as die gemeente van God bekend staan, eerder as ’n gemeente van een of ander kerkgenootskap. U weet self hoedat deur verskeie pogings probeer is om die Kerk bekend te stel deur pamflette ens.

Dit is omdat ons lief is vir ons Kerk en graag wil hê die mense moet weet van die Kerk en die Boodskap van God wat ons verkondig. Al hierdie pogings was geseënd en goed, tog, behoort ons baie meer ingestel te wees om die gemeente van God in ons dorp of stad te wees, eerder as maar nét nog ’n gemeente in ons dorp/stad van ’n bepaalde genootskap met sy eie naam en identiteit. Veel eerder moet ons tyd, energie en geld belê word om ’n gemeente van God te wees. As sodanig sal dit baie meer sê van ons Ker ken dit wat ons verkondig as wat ons ooit in woorde of papier sal kan sê.

Voorts is ’n gemeente van God se fondasie Christus en ons behoort te bou volgens die oorspronklike bouplanne en berekeninge wat by die fondasie tuishoort. Terwyl dinge rondom ons vinnig aan’t verander is, mag ons nie meegesleur word deur die tydsgees van die wêreld en “goedkoop” begin bou, terwyl ons ’n kosbare hoeksteen het nie. As ons dus die gemeente van God is, dan moet ons lewe iets van God se lewe en werking in ons aandui. Ons geestelike bouwerk behoort altyd aan dit wat die Gees van Christus tot stand bring gemeet te word. Nuwe idees en strategie lyk aanloklik, maar iemand het êrens gesê: “Niks in die geestelike lewe wat nie ’n offer of prys vra is die moeite werd nie.”

Dan is ’n gemeente van God verantwoording verskuldig teenoor God. Ons sal moet waak oor die suiwerheid van leer en gedrag, sodat ons nie ’n gemeente volgens menslike ordinansie en voorskrifte is nie. Immers is dit tog nie die gemeente van een van die Kerk se stigterslede of ’n vorige dominee, of van my – u huidige leraar – nie. Nee, dit is God wat sy werk in die lewe geroep het en sy Kerk in stand hou; anders sou baie kon sê: “Ek is van Apollos, en ek van Paulus.” Ons bly verantwoordelik teenoor God, waak dus teen valse invloede, “New Age”-propaganda, eie geregtigheid, mensgemaakte heiligheid en nuwe leringe wat in stryd is met die evangelie – dinge wat ’n gemeente van God nie betaam nie!

Laastens behoort die gemeente van God in die wonderlikste vrede en harmonie saam te lewe. By God is daar geen verdeeldheid in Homself nie. Só moet dit ook in Sy gemeente wees. Ons behoort twis, tweedrag, naywer, jaloesie, verdeeldheid en skinderpraatjies met alles in ons teë te werk. As die fluitspeler in ’n groot orkes nie in harmonie met die res van die orkes speel nie, mag baie mense dit dalk nie eers agterkom nie, maar daar is een wat dit dadelik sal hoor en agterkom nl. die dirigent. So sal die Heilige Gees onmiddellik geraak word en selfs bedroef word deur die verdeeldheid en verwydering. Daar is soveel redes vir ons om saam in die Lig te wandel. Laat ons onsself geroepe voel om ’n brugbouer na my medebroer en –suster te wees.
U en my aanstelling is om ’n gemeente van God te wees en deur sy genade kán ons so lewe.

**U leraar.**

# Toiing Teddiebeertjies

*Geskryf deur: Stienie Boshoff*

***Los getorring, gelap of geskeer.***
***Was U nog altyd in beheer.***
***By U kan ek skuil,***
***want deur U bloed o Heer is ek nie meer vuil.***

Wie die skilder van die oulike toiing teddiebeertjies is, is vir my ongelukkig onbekend. Maar dat daar 'n skilder is, is baie duidelik. Hierdie teddies laat my egter dink aan ons Skepper. Dit beteken nie omdat ons Hom nog nie in persoon gesien het, dat Hy nie bestaan nie. Hy is en was nog altyd meer werd as hierdie teddies, maar Hy was verag en deur die mense verlaat. 'n Man van smarte en bekend, met krankheid, ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg. Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem en ons smarte - die het Hy gedra, maar ons het Hom gehou vir een wat met plae, deur God geslaan en verdruk is. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, elkeen sy eie pad geloop, maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.
Daarom die eerste ding wat ons opmerk van die toiing teddies is al die pleisters en lappies steke. Vir party dalk seer op die oog, maar hierdie is vir my ietsie besonders, spesiaal



en uniek. Elke mens se siening is natuurlik anders as die van 'n ander omtrent verskillende dinge in die lewe. My siening is weer die karakter wat in elk sigbaar is. Deur storms gewaai, uitgerafel buite op die ashoop nes Job, verpletterd en verskeur. Deur daai pleisters en lap stekies is hul vir my pragtig, nes jy! Ja maak nie saak wat jou verlede was of wat jou tydelike hede is nie, jou toekoms lê voor jou uitgestrek. God sê: 'Hy weet wat Hy vir jou beplan, Voorspoed en nie teëspoed nie.'

Deur die lewe was jy dalk verpletterd, verskeur of rondgegooi in storms. Dalk het jy verkeerde keuses in jou lewe gemaak, of dit voel vir jou asof niks goeds met jou kan of ooit sal gebeur nie. Wat jou lewensverhaal was/is, moet jy altyd onthou dis nie hoe hard jy val nie, maar hoe jy jou kop oplig en opstaan. Lewe is hard, val gaan jy val, die Here stap saam met jou, as jy val tel Hy jou op, as jy huil, is dit Hy wat jou troos en by wie jy kan skuil. As jy raad nodig het, of die lewe laat jou voel asof jou garing begin lostrek of uitrafel, weet net Hy is met jou. Hy is die Een wat jou troos deur vir jou te sê: ***"Ek die HERE is jou Maker, jou Formeerder van die moederskoot af, wat jou help."*** **(Jesaja 44:4)**

God maak nie floppies nie, niemand het die reg om jou soos 'n mislukking te laat voel nie! (**Jesaja 41:9-10**) Want kyk, Jy is my kneg, jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie. Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou. Kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met My reddende Regterhand. Glo my gerus wanneer ek se HY sal jou nooit begewe of verlaat nie. (**Hebr. 13:6**) Is dit dan nie vir jou ook die mooiste belofte nie? Hy sê so duidelik vir jou dat jy nie bang hoef te wees nie, jy moet sterk wees en goeie moed hou. In verskeie dele in die Bybel moedig Hy ons aan om positief te bly. Die HERE, HERE spreek tot jou, en Hy sê: "Wees nie bevrees nie, want jy sal nie beskaamd staan nie, en vrees geen skande nie, want jy sal nie nodig hê om te bloos nie. Jy sal die skande van jou jonkheid vergeet en aan die smaad van jou weduweeskap nie meer dink nie. Want jou Maker is jou Man, HERE van die leërskare is Sy Naam, en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word. Want soos 'n verlate vrou en 'n bedroefde van gees het die HERE jou geroep, en soos 'n vrou uit die jeugtyd as sy versmaad was, sê jou God. Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader. In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê die HERE, jou Verlosser. Want soos in die dae van Noag is dit vir My:



soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie. Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk nie en My vredebond nie wankel nie, sê die HERE jou Ontfermer. Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou in saffiere, en jou borswerings maak Ek van robyne en jou poorte van karbonkels en jou hele ringmuur van edelgesteentes. En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees. Deur geregtigheid sal jy bevestig word, wees ver van verdrukkinge, want jy hoef nie bevrees te wees nie, en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie. As hulle ook die aanval begin-dit is nie uit My nie, wie jou aanval, sal oor jou val".

WOW! In een woord, by verre is dit die mees kosbaarste belofte wat iemand jou ooit kan toe wens. Indien jy my dalk nie glo nie, kan jy dit gerus self gaan lees in **Jesaja 54:4-15**. Jy is verlos deur die liefde van God! Want so lief het God die wêreld gehad dat HY Sy Eniggebore Seun gegee het, om vir elkeen wat in Hom glo nie verlore te laat gaan nie, maar die ewige lewe te kan hê. God het nie gekom net vir die rein van harte nie, maar ook vir die met gebroke siele. Gee jou kommernisse aan die HERE. Kwel jou nie oor more of hierdie of daardie rede nie, versekering sal jy by Hom kry! Want dis Hy wat in jou bly. Soek skuiling en genesing by geen ander as by onse Hemelse Vader nie. So moet jy altyd onthou al voel jy eensaam en rou, God bly altyd getrou.



# Staan vas in die Hoop!

Hoe weet mens wanneer jy die regte besluit maak?
Dalk wanneer jy moed verloor en voel wat maak dit tog saak?
Dinge sou buitendien nie uitwerk oor die of daai rede!
Dis tog klaar in die verlede.
Soms hou jy vas aan dit wat was.
Verskeur, verpletter, vertrap
Staan op, kyk na Bo!
Van hier af elke tree, stap saam met ons Liewe Heer.
Daarom laat ons aan die belydenis van geloof
en hoop onwankelbaar vashou,
want Hy wat dit beloof is getrou!
Laat jou lig vir ander skyn,
sodat hul pyn ook kan verdwyn!
En jy, my geliefde vriend/in
is 'n hoop vir ander wat dit ook verdien!
Bly getrou, God is naby jou!
Lag hardop en staan vas in die hoop.
Want in vrede sal jy van nou af hand aan hand met God loop!



# EG Kerk SA Sinode 21 -25 Augustus

Met die oog op die komende sinodesitting van die Kerk, wat gehou sal word by die kweekskool oor die periode 21 tot 25 Augustus, wens die redaksie ons lesers te vra om hierdie sinodesitting in u gebede op te dra vir die nodige leiding deur die Heilige Gees.

---

# EG Kerk SA word 80

Met die oog op die 80ste herdenking (21 April 2024) van die ontstaan van die Kerk, versoek die redaksie van die EG Kerkblad ons lesers om ons gerus te voorsien van getuienisse, artikels, ou foto's en/of dokumente wat ons in 'n spesiale feesuitgawe (Maart/April 2024) kan gebruik.

As u vir ons interessante vertellings uit die vroeë bestaansjare van die Kerk op skrif kan stel, sal ons dit waardeer.

**Stuur asseblief alle artikels en foto's (jpeg formaat) per e-pos aan voor of op 15 Januarie 2024:**

*redakteuregkerkblad@gmail.com*

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • September/Oktober 2023 • #654



- Lewe in die Lig van die Wederkoms
- Vanuit die Sinodesaal
- Jong Volwasse Kamp 2023

# ... van die Redakteur

*"By elke viering van die Heilige Nagmaal bely ons dat ons met groot verlange uitsien na Christus se verskyning in heerlikheid. Die Heilige Gees leer ons om met die kerk van alle tye uit te roep:* ***"Amen, ja kom, Here Jesus!"*** **(Open. 22:20)**. *Maar kom ons kyk nou na die praktyk van ons daaglikse lewe. Verlang ons nog werklik na Christus se wederkoms? Indien wel, hoe intensief is die verlange? Sien ons met groot verlange daarna uit? Hoe wys ons die verlange in ons lewe?"* Plasing met nodige toestemming en erkenning aan: *https://www.christelikemedia.org/article/hoe-verwag-ons-die-wederkoms-van-christus*

Liewe leser, u sal met my saamstem dat die wederkoms van ons Here Jesus Christus vlak voor die deur is, nader as wat talle van ons moontlik dink. Tekens is daar dat talle gebeure wat die wederkoms voorafgaan reeds in vervulling gegaan het. Mag Hy ons waaksaam hou en gereed bevind as die laaste basuin sou blaas – lewe in die lig van die wederkoms!

Talle wat goddelike genesing hier op aarde ervaar het, sal ook met dankbaarheid daardie dag Hom kan loof en prys met die uitroep: *"Halleluja, deur U wonde IS ons genees!"* Lees gerus in hierdie uitgawe die artikel oor Goddelike genesing – van die begin af.

Ons is die Here ook innig dankbaar dat Hy vir ons die Woord gegee het. Die Afrikaanse Bybel is hierdie 90 jaar in gebruik – op 27 Augustus 1933 word die Bybel amptelik deur Afrikaanse kerke in gebruik geneem.

Ten slotte word dit vermeld dat die EG Kerk SA se sinode van 2023 baie geseend was en ons gee u 'n kort oorsig vanuit die sinodesaal. Bid asb. getrou vir die Moderatuur en Sinodale Kommissies

***Ons groet met die oë op die wolke – MARANATA!***

**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad: pexels.com/luiisrtz-1693415**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Jaargang 78**
**September/Oktober 2023**
**Uitgawe #654**

# INHOUD

3 **Lewe in die Lig van die Wederkoms**

4 **Goddelike Genesing: Deel 3**

5 **Goddelike Genesing: Deel 4**

6 **Gevare wat Geroepenes Bedreig**

8 **Uit die Argief:** Die Gees van Heiligheid en die Wederkoms van Jesus Chistus

9 **Op die boekrak**

10 **Vanuit die Sinodesaal**

12 **Vanuit die Sinodesaal**

14 **Vroueblad:** Ons sekerste bron van vertroosting

15 **Jong Volwasse Kamp**

16 **Briewe aan my Gemeente:** So 'n Kosbare Geloof

17 **90 jaar van die Bybel in Afrikaans**

18 **Aangename Kennis:** Ds. Andrew Bruyns

19 **Is jy 'n tronkvoël?**

## Intekening en betaling

Intekengeld beloop R120 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Lewe in die Lig van die Wederkoms

Iemand het gesê - Wat 'n mens van die hemel dink is wat 'n mens hier op aarde lewe. C.S. Lewis het gesê, *"It is since Christians have largely ceased to think of the other world that they have become so ineffective in this one."* Dis so waar, want 'n mens kan so maklik ingesluk word deur die omstandighede dat ons heeltemal fokus op die hemel verloor. Paulus skrywe juis in Kolossense 3 dat ons die dinge wat daarbo is, moet bedink en nie wat op die aarde is nie.

As ons nie passie en visie vir die hemel het nie, verloor ons nie net visie van Jesus nie, maar visie van die kerk en die wederkoms.
Daarom skryf Petrus die brief met 'n tweeledige doel:
1. Eerstens wil hy hulle herinner aan die wederkoms want soms is hulle geneig om te vergeet;
2. Die tweede rede is om hulle te waarsku teen dwaalleraars wat die wederkoms afmaak as 'n mite. En jy kry dit vandag nog, mense wat nie glo in die wederkoms van Jesus nie, hulle sê dit het in 2000 jaar nie gebeur nie, en ons sien dit word weerspieël in hulle lewe.

Dis so maklik om vasgevang te raak in ons eie wêreld waarin ons leef en dis presies wat Petrus aanspreek as hy in vers 11 tot 13 sekere dinge kom leer in die lig van die wederkoms. Hy gebruik 'n interessante woord in vers 11 ***"hoedanig,"*** wat beteken *"op watter manier."* Dit dra 'n ernstige boodskap, want as ons die visie van die ewigheid verloor, begin ons lewens ook uitmekaar val.

Joseph Stowell het gesê: *"When we begin to believe the reality of the other side, we start behaving differently on this side".*
As ons bewus is van die toekoms, begin ons ons lewens anders leef asof ons reeds daar is. Dit het 'n groot impak op ons lewe, omdat ons nie vir hierdie wêreld lewe nie, maar vir die hiernamaals.

Die hemel is ons woning en die Bybel sê ons moet nie die wêreld liefhê nie, want ons is vreemdelinge en bywoners van die wêreld, wat nie aan die wêreld behoort nie en terwyl ons op pad is na die ewigheid gee Petrus 3 dinge om toe te pas in ons geestelike lewe.

## LEEF TOEGEWYD

**2 Pet. 3:11b *in heilige wandel en godsvrug nie?***
Petrus sê ons uitkyk op die wederkoms behoort ons lewens op twee maniere te verander. Hy sê dit behoort 'n heilige wandel en tweedens godsvrug mee te bring. Die Engelse vertaling gebruik die woord "conduct" en dit beteken my gedrag of die manier hoe ek lewe te verander.
Dit bring ons dadelik by wat Johannes vir ons sê in **1 Joh. 3:3** ***En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.***

Hy verwys na die hoop van die wederkoms. Een persoon skryf en sê: *"As ek weet my troudag is op hande sal ek nie maklik 'n teiken wees om vir iemand anders te val nie. Dit werk dieselfde met ons lewens, as ons weet die dag kom nader dat Jesus ons kom haal, weet ons, sonde is nie 'n opsie in ons lewens nie, want wanneer ons gedagtes wegdryf van die hemel af dan word sonde baie aantreklik".*

Die uitkyk op die hemel behoort ons ambisies en ons aktiwiteite te verander. Dit behoort ons geselskappe, selfs ons vriendskappe te verander. Ja dit behoort selfs my tyd en geld wat ek spandeer aan sekere onnodige dinge verander. Maar Petrus gaan verder hy sê: *"my uitkyk op die hemel sal ook die Godsvrug in my lewe verander".* Godsvrug het alles te doen met ons hart en as ons kyk na vers 3 sien ons hy sê die spotters sal volgens hulle eie begeerlikhede wandel m.a.w. hulle harte is nie reg nie en as gevolg daarvan sal hulle handelinge ook nie vrug dra nie.

So die uitkyk op die hemel moet my motiveer om my hart voor God reg te kry, om Hom weer die posisie in my hart te gee wat Hom toekom.
So wat sê ons vir mekaar, ons uitkyk op die hemel verander ons uitkyk op ons geestelike lewe.

## LEEF MET 'n VERWAGTING

**2 Pet. 3:12-13 *julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. 13 Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.***

Het u opgelet hy gebruik herhaaldelik die woord *"verwag"* hier.
Dieselfde met die verwagting wat hier in ons binneste leef. As die verwagting daar is, sal dit my motiveer om die regte lewe te leef. Dit is dieselfde met my geestelike lewe.

Iemand het gesê wat jy glo oor die toekoms bepaal hoe jy vandag gaan lewe. Die Bybel praat van 'n lewende hoop wat in die harte van die kinders van God leef. Een van die teoloë skryf: *"Ek hoor mense sê:* ***'O, ek wag vir die Here om te kom!'*** *Broer, my vraag is nie of jy die Here soek om te kom nie, maar hoe leef jy hier op aarde? Hoe jy hier leef, bepaal of jy regtig na die Here soek of nie."*

Die manier hoe ons hier lewe sê vir ons hoe ons uitkyk op die wederkoms van die Here Jesus lyk.

**Vervolg op bl. 9**

# Goddelike Genesing

## Deel 3: Siekte en sonde

**SIEKTE EN SONDE – TWEE RISIKOS**

In die vorige twee dele het ons die grondslag van God se voorsiening vir ons gesondheid gesien. Vervolgens kyk ons kortliks na die verhouding tussen siekte en sonde. Daarna na twee risiko's vir gesondheid. Die Here waarsku ons, Hy wil dat ons gesonde liggame sal hê.

**IS SONDE ALTYD OORSAAK VAN SIEKTE?**

Dalk moet ons net eers bietjie uitbrei op die saak van sonde as oorsaak van krankheid, voordat ons aanbeweeg. Ons het gesien dat, veral in die Ou Testament, siekte as die gevolg van ongehoorsaamheid aan die Woord van God gestel word. Dit het aanleiding gegee tot die verstaan dat siekte altyd 'n vloek is wat die mens tref as gevolg van wetsverbreking. Wyle ds. Scheepers het inderdaad verkondig dat siekte se worteloorsaak altyd sonde is.

Ons moet verstaan dat as iemand siek is, dit nie hoef te lei tot 'n ketterjagtery, om te soek na die sonde wat daartoe aanleiding gegee het nie. Dit het dikwels tot erge veroordeling gelei. Met dieper begrip en insig in die Skrif, is ons formulering met tyd meer Skrifgetrou verwoord.

Later stel ons Evangeliese Belydenis duidelik dat persoonlike sonde nie altyd die oorsaak van siekte is nie. So het wyle ds. Saunders ook gestel dat siekte nie noodwendig sonde as oorsprong het nie. As gevolge van die sondeval is daar wel vele oorsake van siekte. Die duiwel maak ook siek, onder toelating van God. Dit alles, sonde en siekte, bly gevolge van die sondeval.

In ons Skrifverstaan beklemtoon ons daarom juis, deur die jare heen, dat Goddelike Genesing deel van die Versoening is. Beide siekte en sonde word daarom as deel van die vloek van die sondeval aangespreek in die verkondiging en bediening van die versoening. Beide redding en genesing. Ons kom later hierna terug. Maar daar is nog 'n vraag hieruit:

**DOEL MET SIEKTE**

Wyle ds. Saunders het gestel dat al sal die duiwel siek maak, is dit nog deur God toegelaat. Wyle ds. C.F. Scheepers het aan die einde van sy lewe getuig dat God siekte oor hom toegelaat het as 'n beproewing, en wanneer krankheid 'n beproewing is, wil God jou kussings vir jou opskud, dan is Hy die Verpleër.

Hy kon later getuig: "Ek was nog nooit so geseën soos gedurende my siekte nie. Ek is nuut in gees, siel en liggaam. Ek het dieper waarhede gesien en insigte in die Skrifte gekry, ook 'n nuwe genesingsboodskap ontvang. Ek is van alle hardigheid ontdaan en is versag deur die liefde van God. Dit is nie algemeen (sonde as oorsaak van siekte) so nie maar soms wel."

Ons het nou sover gesien dat God eerstens die belangrikheid van gehoorsaamheid aan Hom en sy Woord, sowel as ons naby verhou-ding met Hom oorgedra het. Daarmee saam die negatiewe gevolge van die verwerping van sy Woord en toewyding aan Hom.

Maar die Here gaan verder en waarsku ons ook ernstig teen die risiko van bloed en vet in ons dieet. Hy het steeds ons liggaamlike welsyn in gedagte. Dit is vir Hom belangrik dat ons so gesond as moontlik sal lewe. Daarom die uitdruklike onderrig in sy Woord!

**<u>TWEE RISIKO'S</u>**

**BLOED**

Die bloed is met sy siel verbind, dit word met die lewe van elke wese verbind. Lewe moet altyd as uit die hand van ons Skepper gerespekteer word, ook dit wat vir ons voedsel is.

Ons kan nie disrespekvol, wreedaardig, moorddadig met enige lewe, selfs van diere, omgaan nie. Ons kan nie na willekeur en onverskillig voor die voet doodmaak nie. Dink maar aan die volk in die woestyn met die kwartels (Num. 11). Hulle was begerig en sterf met die vleis tussen hul tande. Ons kan wel met oorleg en verantwoordelikheid sekere diere as voedsel benut.

Maar wat die bloed betref. "Daarom het Ek aan die kinders van Israel gesê: Julle mag die bloed van enige vlees nie eet nie, want die siel van alle vlees is sy bloed". Verder het navorsing aangetoon dat sekere siektes in die bloed gedra word. Ons Skepper onderrig ons tot ons eie voordeel, vir ons gesondheid, van Genesis tot in Handelinge.

**Gén. 9:4** ***"Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie."***
**Lev. 7:26-27** ***"Ook mag julle géén bloed van voëls of van vee in enigeen van julle woonplekke eet nie. 27 Elkeen wat maar enigsins bloed eet, dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word."***
**Lev. 17:10-12** ***"En elkeen uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat onder hulle vertoef, wat maar enigsins bloed eet, teen die een wat die bloed eet, sal Ek my aangesig rig en hom uitroei onder sy volk uit. 11 Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel. 12 Daarom het Ek aan die kinders van Israel gesê: Niemand van julle mag bloed eet nie; ook die vreemdeling wat onder julle vertoef, mag geen bloed eet nie."***
**Lev. 17:13-14** ***"En elkeen uit die kinders van Israel en uit die vreemdelinge wat onder hulle vertoef, wat 'n stuk wild of 'n voël vang wat geëet mag word hy moet die bloed daarvan laat uitloop en dit met grond toemaak;*** (Deut. 12:16, 15:23) ***14 want wat die siel van alle vlees aangaan, sy bloed is met sy siel verbind. Daarom het Ek aan die***

***kinders van Israel gesê: Julle mag die bloed van enige vlees nie eet nie, want die siel van alle vlees is sy bloed; elkeen wat dit eet, moet uitgeroei word."*** (Deut. 12:23).
**Lev. 19:26** ***"Julle mag niks met bloed en al eet nie."***
**Hand. 15:29** ***"dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!"***

**VET**
Vanuit mediese oord word ons ook ernstig gewaarsku oor die risiko van vette in ons dieet. Dink maar aan cholesterol. Sommige vette kan verskeie siektetoestande soos diabetes en kanker veroorsaak en bevorder. 'n Dieet wat baie vette bevat, verhoog die risiko vir ingewandkanker. Die selle van die ingewande-voering neig meer om kankeragtig te word. Dit word ook stoorplek vir skadelike stowwe in die liggaam. Veel meer redes is in navorsing beskikbaar. Die Here waarsku nie sonder grondige rede nie.

**Lev. 3:17** ***"'n Ewige insetting is dit vir julle geslagte in al julle woonplekke: géén vet en géén bloed mag julle eet nie."***
**Lev. 7:23** *"**Spreek met die kinders van Israel en sê: Géén vet van 'n bees of skaap of bok mag julle eet nie. 24 Maar die vet van aas en die vet van wat verskeur is, kan vir allerhande werk gebruik word, maar jy mag niks daarvan eet nie."***
Dit is nie om ons in te perk nie, maar juis dat ons liggaamlik vry van onnodige siektes kan leef. Sy Woord bly ewig waar, niks wat Hy gesê het was tydelik, onvolmaak, onvoltooid of oorbodig nie. Hy verander nie. Dit kan ons net baat om te luister, om al sy gebooie te hou!
**Núm 23:19** ***"God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?"***
**Ps. 89:35** ***"Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie."***
**Jak. 1:17** ***"Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie."***
God wil dat ons gesonde getuies sal wees! Volgende keer meer van Sy sorgsame voorskrifte.

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

## Deel 4: Verdere Voorskrifte van Hom wat Alles Gemaak het

Soos met die geestelike, onderrig die Here in sy genade en liefde ons net so intens rakende ons liggaamlike heil. Ons het onsterflike siele ja, maar ook sterflike liggame, wat gesond moet wees. Naas die risiko van bloed en vet, gaan Hy voort om ons voorskrifte te gee oor vleis en ander proteïnebronne in Levitikus 11 en Deuteronomium 14. Of dit ons gaan baat of nie, dit word wesenlik bepaal deur ons gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid.

Die skepping beskik oor 'n enorme verskeidenheid van voedingsbronne vir die wye verskeidenheid van lewende wesens in die lug, op die aarde en onder die waters! Elke lewende wese op aarde, van insekte tot olifante, het elk 'n unieke doel en funksie. Daarom is daar die enorme variasie in voedingstowwe wat elk se behoefte of doel bevredig en voorsien. God se doelmatige planne is sonder enige uitsondering en raak nooit uitgedien of verouderd nie!

Job kon nie die doel en plan van God met die verskeidenheid van diere wat Hy gemaak het, verklaar nie. Toe hy begryp dat God elkeen wel met 'n bepaalde en uitsonderlike doel gemaak het, het hy begrip begin kry van God se doel en plan in sy handewerk! Dit geld ook vir ons plek in hierdie hele voedselketting. Sy doel is dat ons die beste uit die lewe kan geniet! Hy bly besorg oor sy skepsels se liggaamlike, fisiese welsyn, persoonlik en gesamentlik. Hy het immers ons smarte gedra. Daarom onderrig Hy die wat aan Hom behoort.
**Lev. 11:2** ***"Spreek met die kinders van Israel en sê:"***
**Deut. 14:2** ***"Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God, en jou het die HERE uitverkies om sy eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aarde is."***

**DIEET VOORSKRIFTE**
In sy alvoorsienende genade, maak Hy nou vir ons bekend wat bevorderlik vir ons gesondheid is en wat risiko's inhou. Soos ek dit verstaan volg dit nou op wat ons in deel I en II hanteer het. Dit is die volgende deel van Goddelike Genesing, voordat ons nog by dit as Kruisvrug kom. Hy wil steeds dat sy volk, ook fisies, lewende getuies sal wees.

**BASIESE VOEDSEL:** ***PLANTE WAT SAAD EN VRUGTE DRA***
Vanuit alles wat Hy so wonderbaarlik geskape het, leer Hy ons wat gesonde voedsel gaan wees! Dit is die basis van die voedselketting, begeerlik om te sien en goed om van te eet!
**Gen. 1:29** ***"Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees. 2:9 En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet;"***

Vervolg op bl. 7

# Gevare wat die Geroepenes Bedreig

Die apostel Paulus verwys na gevare wat hom bedreig het terwyl hy as geroepene die werk van God gedoen het (2 Kor. 11:26). Net so is daar vandag talle verskillende gevare waarop die geestelike werker bedag moet wees, omdat ons sielevyand, die satan, hom toespits op die geroepenes van God om hulle bediening te verongeluk en hulle getuienis kragteloos te maak. **1 Pet. 5:8** ***Wees nugter en waaksaam, want die teenstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.*** Die gevaar bestaan voortdurend dat die geestelike werker sy geestelike krag, sy visie en sy bruikbaarheid van God kan verloor. Kom ons kyk na 'n klompie gevare wat die lewe en bediening van die geroepene bedreig.

**1. Die gevaar van te familiêr te wees met heilige dinge.**

Die gevaar bestaan dat, terwyl die geroepene dikwels omgaan met die Woord en preek oor die wonders van God se grootheid en genade, hy die opregte waardering en bewondering vir die heilige dinge van God kan verloor. Die eerbied en respek vir die heilige dinge van God moet altyd by hom teenwoordig wees. Met 'n gees van ootmoed, nederigheid en aanbidding moet hy die heilswaarhede van God bedien en nie ligsinnig en met ongeërgdheid daaroor praat nie.

Nadab en Abihu, die seuns van Aäron, het familiêr geraak met die heilige dinge en toe vreemde vure voor God geoffer (Lev. 10:1-3). God het hulle met die dood getref.

**2. Die gevaar van 'n inkonsekwente lewenswyse.**

Dit is die gevaar dat die prediker anders lewe as wat hy preek, dat sy lewenswandel teenstrydig kan wees met sy prediking. Dit is moontlik dat hy die weg kan aandui wat andere moet bewandel, maar self bewandel hy dit nie. Jesus het die Fariseërs hiervan beskuldig – **Matt. 23:3** ***. . . want hulle praat en doen nie.*** **Rom. 2:21, 22** ***Jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself nie? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy?*** **22** ***Jy wat sê dat 'n mens nie owerspel mag pleeg nie, pleeg jy owerspel?***

Onthou prediker, jou lewe spreek harder as woorde – *"You must practice what you preach"*. Pasop vir die gevaar van 'n inkonsekwente lewenswyse!

**3. Die gevaar om jou eie geestelike ontwikkeling en groei te verwaarloos.**

Dit is moontlik om die siele van andere te voed terwyl jou eie siel honger ly. Dit is net so moontlik om te waak oor die sieleheil van andere, maar jou eie siel te verwaarloos – **Mark. 8:36** ***Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade lei?***

Die geroepene moet tyd maak om homself te voed met die woorde van die geloof (1 Tim. 4:6). Hy moet tyd aan homself gun om in die teenwoordigheid van God te vertoef waar sy eie siel gevoed en versterk word.

**4. Die gevaar van ongevoeligheid teenoor die behoefte en nood van andere.**

Net soos die mediese dokter en verpleegsters ongevoelig kan raak teenoor pasiënte in pyn en lyding, omdat hulle daagliks daarmee te doen kry en daaraan gewoond raak, netso kan die geroepene ongevoelig raak vir die behoefte en nood van mense om hom heen. Geroepene van God, het u nog daardie empatie, passie en simpatie vir mense in geestelike stryd en probleme?

Hoe tragies sou dit nie wees as mense by u vertroosting, bemoediging, hulp en raad kom soek en u ongevoelig sou wees vir hulle nood nie! As hulle by u brood kom soek, moet asseblief nie vir hulle 'n klip gee nie. Jesus het innig jammer vir die mense gevoel (Matt. 9:36). Kan u regtig ween saam met die wat ween (Rom. 12:5)?

**5. Die gevaar van professionalisme.**

Dit is 'n groot gevaar wanneer die geroepene homself beskou as 'n professionele mens – iemand met status wat 'n trappie hoër is as die gewone mens.

Sy hele bediening word dan professioneel benader. Hy doen nie meer sy werk omdat hy Jesus liefhet en omdat die Heilige Gees hom lei nie, maat net uit pligsbesef. Hy voel hom ook verhewe bo liefdevolle en opbouende kritiek. Hy aanvaar geen raad en teregwysing nie.

So 'n geroepene dra dan ook 'n atmosfeer van professionalisme met hom saam. Mense voel dit aan en weerstaan hom. Hy plaas hom op 'n afstand buite hulle bereik. Mense voel 'n styfheid en formalisme aan en dit laat hulle ontuis en onwaardig voel in sy teenwoordigheid. Hy het ook 'n preekstem en formele houding aangekweek. Pasop vir die gevaar van professionalisme! Wees natuurlik, wees jouself.

**6. Die gevaar van kompromie.**

Waak teen die gevaar van kompromie met sonde en die wêreld. U moet nooit 'n paaibeleid teenoor sonde inneem nie. Dis fataal om sonde in andere se lewens te veroordeel, maar in jou eie lewe te verskoon. Waak ook teen familiêr te wees met die teenoorgestelde geslag. Pasop vir hierdie soort kompromie. Hierin skuil 'n geweldige groot gevaar vir die geroepenes van die Here.

Waak teen skuld. Moenie geld leen wat jy nie kan terugbetaal nie. Baie geroepenes se bediening en getuienis is geweldige skade aangedoen deurdat hulle by lidmate geld geleen het wat hulle nie terugbetaal het nie. Wees aan niemand iets verskuldig nie (Rom. 13:8).

Wees ook teen kompromie wat jou sal verhinder om die waarheid van die Woord te preek. Talle predikers het al die duidelike en reguit boodskap van die Heilige Skrifte verswyg, omdat hulle bang was dat hulle minder populêr sou wees as hulle dit preek.

Sommige het 'n mensevrees, ander is bang hulle gemeente sal finansiële steun verloor, nog ander is bang mense sal seerkry as die waarheid van die Woord reguit gepreek word. Jer. 26:2 sê dat die prediker geen woord mag weglaat nie. Paulus sê hy het die volle raad van God aan mense verkondig. Soms is dit no-

dig dat die swaard van die Gees in mense se harte ingesteek word, al maak dit seer, sodat hulle geestelik gesond kan word.

**7. Die gevaar van populariteit.**
Dit is 'n groot gevaar dat die prediker die guns van mense soek eerder as die guns van God. Pasop vir die glibberige vloer van 'n populêre preekstoel! Baie geroepenes begin later 'n liefde ontwikkel vir die kalklig – hulle hou van die applous van mense en hulle soek om deur mense op die skouer geklop te word. Jesus het gesê in **Joh. 12:53** ***Want hulle het die eer van mense liewer gehad as die eer van God.*** Jesus het ook gesê in **Luk. 16:15** ***. . . wat by mense hooggeag word, is 'n gruwel voor God.***
Paulus sê as jy mense wil behaag sou jy nie 'n dienskneg van Jesus Christus wees nie (Gal. 1:10).

Liewe mede-geroepenes, waak asseblief teen hierdie gevare wat ons bediening bedreig. Vertrou die Here om u te beskerm teen die listige planne van die satan. **Judas vers 24** ***Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel.***

**Ds. Hennie Prinsloo**
**Emeritus**

---

# Goddelike Genesing - Van die Begin af!

## Vervolg vanaf bl. 5

Selfs vir die diere: **Gen. 1:30, 31** ***"Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so. 31 Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed."***

**VLEIS**
Later is die dieet uitgebrei om vleis in te sluit. Dieselfde plantvoedsel word nou deur herbivore omgeskakel na gesonde proteïne vir menslike gebruik.
**Deut. 12:20** ***"As die HERE jou God jou grondgebied uitbrei, soos Hy jou beloof het, en jy sê: Ek wil vleis eet – omdat jy lus het om vleis te eet – dan mag jy na hartelus vleis eet."***
Alle geskape diere is egter nie veilig as voedsel vir menslike gebruik nie.

Die onderskeid word uiteengesit in Levitikus 11 en Deuteronomium 14. Dit is nie nodig om gaandeweg deur "trial and error" uit te vind wat is gesond en wat nie. Die volk se liggaamlike welstand en gesondheid moes getuig van Sy sorg. Daarom gee Hy vooruit die nodige informasie.
Water diere, die gevleueldes, karnivore en meer, dit word later ook in genoemde twee hoofstukke hanteer. Lees dit gerus vir die volledige beskrywing. Ek wil nie hier in detail ingaan nie. My doel met hierdie artikels is slegs om u bewus te maak dat God se sorg met ons reeds van die skepping af kom, en dat dit duidelik ons liggame ook insluit.

Die meer algemene probleem blyk te wees by die omnivore (vreet alles wat voorkom). Hulle is fisiologies nie geskik vir die produksie van gesonde proteïne nie en hou gesondheidsrisiko's in. Die karnivore (vleiseters) blyk minder tersaaklik. Beide het 'n ander funksie.

**Wel Toegelaat vir Gebruik:**
Herbivore wat gesplitste kloue het en wat herkou. Hulle fisiologiese samestelling en doel is sodanig dat dit wat hulle inneem, verwerk en omgeskakel word na veilige proteïne vir menslike gebruik, sonder die onnodige risiko's. Dit kan nie duideliker gestel word nie:
**Lev. 11:2, 3** ***"Spreek met die kinders van Israel en sê: Dit is die diere wat julle mag eet van al die viervoetige diere wat op die aarde is." 3 "Alles wat onder die diere gesplitste kloue het, en wel heeltemal gesplitste kloue, en herkou dit mag julle eet."***

**Verbode, Nie Geskik:**
Diere wat wel herkou, maar nie gesplitste kloue het nie. Herbivore, maar fisiologies nie geskape om wat hulle inneem, om te skakel na risikovrye proteïene nie:
**Lev. 11:4** ***Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou en van die wat gesplitste kloue het: die kameel, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie onrein is hy vir julle;*** So ook die Das en Haas. Herhaal in **Deut. 14:7**.
Gesplitste kloue maar herkou nie, veral Omnivore. Hulle is getaak om die omgewing te reinig van omgewings risiko's, van afval, soos askarre. Hulle maak ons lewensomgewing veiliger en gesonder, maar verwerk dit nie na veilige voedsel nie.
**Lev. 11:7** ***ook die vark, want hy het gesplitste kloue, ja, heeltemal gesplitste kloue, maar hy herkou nie onrein is hy vir julle.***
**Deut.14:8** ***"ook die vark, want hy het gesplitste kloue, maar is geen herkouer nie – onrein is hy vir julle. Van hulle vleis mag julle nie eet en hulle aas mag julle nie aanraak nie.***

Twee mediese doktors het afsonderlik jare gelede al geskryf dat varkvleis kanker veroorsaak. Kanker het met verloop van tyd al reeds vermeerder tot ses miljoen selle voor dit waargeneem word! Dan wonder ons gewoonlik waar dit nou vandaan kom? God se voorskrifte is nie lukraak of verbygaande opmerkings of tydelik van aard nie.

Hierdie voorskrifte het geen verwysing in Levitikus 1 tot 9 met die toewyding van die priesters¸ Leviete of volk nie. Dit gaan nie primêr oor die geestelike toewyding nie, maar direk oor gesonde liggame. Die volk moet ook in gesondheid en fisieke sorg lewende getuies wees!

Die Woord bly ewig waar en relevant. God bedoel elke woord in die Bybel en staan daarby!!
**Deut. 12:32** ***"Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie."***

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# Die Gees van Heiligheid die Wederkoms van Jesus

**Open. 22:17,20** ***En die Gees en die bruid sê: Kom! .... Ek kom gou.***
**2 Kor. 5:10** ***Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.***

Die volgende belangrike gebeurtenis vir die Christelike Kerk is Sy skielike wederkoms. Dit is dringend noodsaaklik om alle struikelblokke vir gereedheid nl. die sonde, die vlees en die wêreld, by die kruis in die krag van die Heilige Gees mee af te handel.
In die eerste plek sal die wêreld van die wederkoms onbewus wees. Die kind van God moet gereed wees vir die regterstoel van Christus. Net 'n vervulling met die Heilige Gees bring en bewerkstellig so 'n gereedheid. Die Gees van Heiligheid bepaal hierdie oomblik of ek kan saamstem: Amen, ja, kom Here Jesus! Ons let op:

**'n Skielike verantwoording vind plaas!**
Terwyl u en ek nog besig is om te praat, te lees, te groet, te skrywe, te werk, sal Jesus in 'n oogwink kom. Die regterstoel van Jesus Christus wag vir elke kind van God 'n paar oomblikke na sy koms!
Onthou, liewe leser, dat net die wat in Christus is, gestorwe of in die lewe, sal met Hom saam gaan. **1 Thess. 4:16 en 17** ***"... die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Dan sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle weggevoer word die Here tegemoet in die lug."*** Die onbekeerde mens het geen deel hierin nie. Inteendeel wag 'n armsalige verdoemenis dan vir so een!
Soos in 2 Kor. 5:10, hierbo verklaar, word elkeen se verrigtinge onmiddellik deur Christus self beoordeel. Ja, **Rom. 14:10 en 12** is duidelik dat daar REKENSKAP gaan geëis word: ***maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.*** Daar vind dus 'n skielike verantwoording plaas. Is u gereed?

**Waarvan sal rekenskap geëis word?**
Vir my is daar net een antwoord: In watter krag die kind van God sy werk verrig het. Die woord van God verklaar in **1 Kor. 3:13** ***Elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word.*** In hierdie lig, is dit so noodsaaklik om vervul te wees met die Heilige Gees. Die bevel bly gedurig van krag: **Ef. 5:18** ***Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.***
Lewe word alleen ondervind in die mate wat die Heilige Gees die werke van die liggaam doodmaak (Rom. 8:13). Kinders van God is lou, koud, onverantwoordelik en onverskillig omdat hulle die vlees koester, daarin lewe. Hulle verontagsaam die vermaning van **Fillip. 2:12, 13 . . .** ***Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God (deur Sy Gees) wat in julle wek om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.*** Wat verlang die Heilige Gees anders as om die wette van God in ons verstand te gee en op ons harte te skrywe. Maar, dan moet die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus eers vrymaak van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2).
Enige werk wat die "regterstoeltoets" sal deurstaan is myns insiens alleen dit waar die reg van die wet vervul word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Daarom was die kruisdood 'n noodsaaklikheid. Daar is sonde veroordeel (Rom. 8:3,4).
Dit is dan ook wanneer die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig is, dat die vrug van die Gees in volle werklikheid openbaar word (Gal. 5:19-22, 24). Die afskuwelike werke van die vlees is openbaar nl. owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid (sondes teen die liggaam), afgodery, towery (direkte sondes teen God), vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brasserye en dergelike dinge (sondes teen en met medemens). Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie – Rom. 6:10. Want toe ons nog in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra – Rom. 7:5. Voor die regterstoel van Jesus Christus sal net dit wat die Heilige Gees in die kind van God gewerk het van krag wees. Sy natuurlike slegte en goeie hoedanighede sal verbrand. Gal. 6:15 Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis, nóg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel.
Baie belangrik is die volgende gedagte.

**Waarmee word die gelowige getoets by die wederkoms?**
Soos die wêreld in sy geregtigheid geoordeel sal word deur 'n Man van God aangestel het, en Hy hiervan aan almal sekerheid gegee het deur hom uit die dode op te wek, so sal die werke net deur 'n Persoon getoets word. In 1 Kor. 3:13 lees ons dat elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.
Liewe kind van God, daar wag VUUR vir u en my voor die regterstoel van Christus. VUUR wat openbaar maak, VUUR wat op die proef stel, VUUR wat verbrand. Ja, iemand sal gered word, maar soos deur VUUR heen.
Wie is die VUUR? Niemand minder as God, die Heilige Gees nie. Het Hy dan nie op die 120 neergedaal in die gedaante . . . TONGE SOOS VAN VUUR! Want, onse God (is Gees) is 'n verterende VUUR. 'n Wa van VUUR en perde van VUUR het skeiding tussen Elia en Elisa gemaak. Daniël het gesien hoedat 'n stroom van vuur voor God vloei en voor Hom uitgaan. Het ons hierdie wegraping van die kinders van God en hul verskyning voor die regterstoel nie miskien te lig opgeneem nie? Hoe gaan u en ek daar staan?

**Geneem uit die Nuwe Protestant – Oktober 1960**

# *Argief* en Christus

Dit is net hulle wat genoeg olie (latente of verborge VUUR) in hulle lampe het wat 'n deel van die Bruid sal wees. Is u nou vervul met die Heilige Gees?
Wanneer Jesus skielik gaan kom, ja, in 'n oogwink, dan wag daar 'n ontsettende ontnugtering vir sommige, want die woord van God sê in 1 Kor. 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; . . .

**Daar gaan skade gely word.**
O, wat gaan nie alles openbaar word nie – motiewe, gedagtes, woorde, dade, verhoudinge – móét in die vuur in. Al die werke buite die Heilige Gees gedoen, sal verbrand word. So 'n iemand sal skade ly.
Wie gaan onder meer skade ly? Al die onmondige kinders (Gal. 4). Die wat die slavin en haar kind (die vlees waardeur die sonde werk) nie uitgewerp – gekruisig – het nie. Die vleeslike kinders wat nie vrygemaak was deur die Gees nie (Rom. 7 en 8), maar in gebondenheid en slawerny gebly het. Al die ongehoorsame kinders van Hebr. 3 en 4 wie die rus van God nie wou ingaan nie en reinheid en heiligmaking verwerp het (1 Thess. 4:7 en 8).

**Daar is egter nog hoop vandag.**
Liewe leser, by die skielike wederkoms van Christus gaan daar 'n skielike verantwoording plaasvind voor Sy regterstoel waar rekenskap geëis word en u werke getoets word deur vuur. Gaan u skade ly? Wil u nie? Die hoop staan in Spr. 1:23 Wend julle tot my teregwysing, dan laat ek my gees vir julle uitstroom.
Kind van God, bid tot die Here om reën in die tyd van die laat reëns. En in die laaste dae, spreek God, sal ek van My Gees uitstort op alle vlees. En van die verstandiges sal sommige struikel om onder hulle LOUTERING en SUIWERING aan te bring tot die TYD VAN DIE EINDE.
Dit is NOU DIE TYD! Amen, ja kom, Here Jesus.

**Ds. W.P. Grobler**

# Lewe in die Lig van die Wederkoms

## Vervolg vanaf bl. 3

**BEYWER JULLESELF**
**2 Pet. 3:14 *Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.***

As ons dink aan die woordjie "beywer" dan dink ons dadelik aan die voorbereidings vir 'n troue. Hoe het daardie mense nie hulle self beywer om reg te maak sodat hierdie spesiale dag 'n sukses sou wees nie. Dit was 'n geweldige voorbereiding en mense het hulle geld en tyd ingesit om alles reg te kry en te verseker dat niemand 'n vinger kon wys dat iets uit plek uit was nie. Hierdie woordjie beteken om elke moontlike poging aan te wend, want almal gaan alles in hulle vermoë moontlik doen om voor te berei vir die groot ding wat gaan gebeur. Petrus bring dit in verband met die wederkoms en elke kind van God se geestelike lewe.
Hy sê, as ons weet die wederkoms gaan more plaasvind moet ons alles in ons vermoë doen om ons lewens in orde te kry.
Daar is 2 dinge wat hy noem:
1. Hy sê ons moet vlekkeloos wees. Hierdie gedagte het te doen met 'n kledingstuk wat geen vlek op het nie. Dis hoe ons karakter moet lyk, dis waarvoor ons onsself moet beywer. Dit wat ons regtig hier binnekant is wanneer mense ons nie sien nie.
2. Verder praat hy van onberispelik wees. Onberispelik is 'n woord wat beteken dat niemand 'n vinger na jou kan wys nie, en dit het alles te doen met ons reputasie en hoe ons met ander mense omgaan. Hulle sê reputasie is iets wat 'n mens vooruitloop.
Dit het alles te doen met wat ons werklik is en wat mense van ons dink.
Dan sê hy 'n interessante ding: "dat ons bevind mag word in vrede".
Daar kan net vrede wees wanneer daar werklik vrede in ons karakter is.
Die vraag is: Sal Jesus ons geestelike harte in 'n toestand van vrede vind as Hy kom?

**Ds. Willie Olivier**
**Pta. Maranata**

---

# Op die Boekrak

Vyf en sestig jaar gelede het Broer Andrew in 1955 in gehoorsaamheid aan God 'n trein na Warskou geneem na 'n jeugfees waar hy oor Christus sou praat met persone wat sosialisme voorgestaan het. Sy ondervinding in Pole het hom oortuig dat sy lewenstaak agter die Ystergodyn gelê het "waar Sy oorblywende Kerk besig is om vir oorlewing te veg" (p. 122). Hy het toe vir die eerste keer begin om Bybels in Oos-Europa in te smokkel.

Die daaropvolgende jaar het hy die eerste van baie reise na die Sowjetunie onderneem in sy blou Volksie en oor die 200 000 km afgelê. In 1967 word sy biografie, God se smokkelaar, een van die besverkoopte Christenpublikasies ooit! Lees gerus self die uiters interessante tydlyn wat sleutelgebeurtenisse in Geopende Deure – die organisasie wat vanuit sy visie ontstaan het en hy gestig het – se bestaan aandui.




Besoek Geopende Deure se webtuiste by https://www.opendoors.org.za/afr/produk/god-se-smokkelaar-60-ste-herdenkingsuitgawe/ vir bestellings. R130.00 – R190.00

NS: "Broer Andrew", soos hy genoem is, met die regte naam Andrew van der Bijl, is op 27 September 2022 by sy huis in Harderwijk, Nederland, oorlede. Hy was 94 jaar oud.

# Vanuit die Sinodesaal

Soos meeste van u weet, was die Sinode beplan van 21-25 Augustus 2023 by die Kweekskool. Deur die genade van onse Here Jesus, het meeste van die sake op die agenda goed verloop en was die vergadering vroegtydig afgehandel laat middag op Donderdag 24 Augustus. Met die Sinode van 2023 in die truspieël, is daar 'n paar van ons gereelde lesers wat ook graag wil hoor wat alles gebeur het en doen die redaksie dan ook verslag hiervan in beeld en woord. Ook glo ek dat meeste van die susters is ook in afwagting vir wie op die CVV se Sentrale Bestuur verkies is en laat ons daarmee wegval.



**Nuutverkose Argiefkommissie (vlnr.): Me. Mandie Prinsloo (Argivaris) Carina van Niekerk en Nushka Kotzé**

Op Dinsdag 22 Augustus was daar die Christelike Vroue Vereniging Kongres wat ook hulle Sentrale Bestuur verkies het, die volgende dames is verkies in die ampte: Me. Jeanne Bruyns as voorsitter, Elize Lyon as president, Dalene van Dalen as visevoorsitter, Elize du Plessis as sekretaris, Lize du Raan as tesourier, met addisionele lede Nushka Kotzé en Carina van Niekerk.

'n Ander belangrike besluit waarvan u moet kennis neem, is die Kerk se embleem wat amptelik vernuwe is. Soos baie van u gelees het van die uitnodiging vir voorstelle en van u seer sekerlik opgemerk het, was die EG Kerk SA se embleem digitaal verbeter en is hierdie nou die enigste embleem wat op amptelike dokumentasie gebruik mag word. Omdat slegs



**Nuutverkose CVV Bestuur (vlnr. vvna.) Me. Jeanne Bruyns as voorsitter, Elize Lyon as president, Dalene van Dalen as vise-voorsitter, Elize du Plessis as sekretaris, Nushka Kotzé en Carina van Niekerk as addisionele lede en Lize du Raan as tesourier.**

die beste tegnologie gebruik is vir die samestelling en verbetering, kan dit bekom word op aanvraag van die Redaksie.
Ook was daar by verskeie geleenthede gebid vir verskeie siekes, onder meer di. Martin Smit, Jan Bekker, Flip Pretorius, Tobie Bothma.

Verder was daar ook 'n hele aantal kommissies verkies is en soos van die ouer manne gereed maak om te emeriteer en jonger manne die leë plekke moet vul, verander die name ook. Die Moderatuur is as eenheid herkies en sien soos volg daaruit: Dr. André Bester as Moderator, ds. Gerrie van Dalen as Assessor, ds. Johnnie Gates as Aktuaris en ds. Wimpie Snyders as Scriba Synodi.

Die Eksamenkommissie was verkies en die volgende broeders is gekies: Dr. André Bester, di. Rudi Beukes, Gerrie van Dalen en Jurgens Prinsloo. Ds. Johnnie Gates is *ex officio* lid as Aktuarius.

Pensioenfonds Trustees verkies soos volg: Lede trustees: Di. Hennie Vorster, Armand Olivier, Anton Kleingeld. Ds Johnnie Gates is ex officio. Werkgewer trustees: mnre. André Burger, Danie Senekal, Willie Claassens en Johan Grobler.

Traktement- en Toelaagkommissie word ook herkies as geheel met die volgende broeders: Ds. Johnnie Gates (*ex officio*), mnre. André Burger (snr.), André Burger (jnr.), Danie Senekal, Johan Grobler, Willie Claassens.

Sinodale Evangelisasie-en-Uitbreidingskommissie (SEK) is verkies: Di. Ian Coetzee, Wimpie van Vuuren, Rudi Beukes, Coenie Coertze en Jurgens Prinsloo (jnr). Vir kennisname: ds. Johan Cloete is *ex officio* lid, as die Organiserende Evangelisasie Sekretaris (OES) en ds. Johnnie Gates is *ex officio* lid as saakgelastigde.
Die Sinodale Sendingkommissie was verkies: Di. Jan Bekker, Pieter van Wyk, Wynand van Niekerk en Ian Coetzee. Di. Thys Loubser as Sending Organiseerder is *ex officio* lid, as ook ds. Christo Britz as sekretaris.

**Vervolg op bl. 12**



**Nuutverkose Edenkommissie (vlnr.) Di. Johnnie Gates, Nicko Prinsloo, Pierre Louw en Loedolff van der Merwe**



**Nuutverkose Lofdalkommissie (vlnr.) Di. Francois Muller, Woodford Kotzé, Ryno Louw en Jurg Prinsloo**



**Nuutverkose SEK (vlnr.) Di. Wimpie van Vuuren, Johnnie Gates, Coenie Coertze, Johan Cloete, Ian Coetzee, Rudi Beukes en Jurgens Prinsloo**

# Vanuit die Sinodesaal

Die Regskommissie is soos volg verkies: Di. Daniel Brink, Barry Fourie, Woodford Kotzé en Jurgens Prinsloo. Ds. Johnnie Gates is *ex officio* lid as Aktuarius.

Die Redaksie is as geheel herkies: Oudl. Willie Stieger as redakteur, ds. Wynand van Niekerk as subredakteur, di. Willie Olivier en Wimpie Snyders, oudl. Riaan Britz en diaken Bertus Stieger. Ds. Johnnie Gates is *ex officio* lid as Saakgelastigde.

Die Lofdalkommissie: Di. Jurg Prinsloo (snr.), Wynand van Niekerk, Ryno Louw en Francois Muller en ds. Herbie Lyon is *ex officio* lid van die kommissie as opsigter van die terrein.

Die Edenkommissie: Di. Loedolff van der Merwe, Nicko Prinsloo, Pierre Louw en Johnnie Gates. Mnr. Hennie Bronkhorst is *ex officio* lid van die kommissie as opsigter van die terrein.

Die Argiefkommissie: Me. Mandie Prinsloo (Argivaris), Nushka Kotzé, Carina van Niekerk.

Die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (KLAS): Ds. Woodford Kotzé is deur die Seminarie benoem na die kommissie. Die volgende leraars is verkies as lede: Di. Rudi Beukes, Daniel Brink, Wynand van Niekerk en Andries Venter.

Die Sinodale Jeugkommissie: Die voorsitters van die onderskeie ringe van die Kerk se Jeugkommissies sal op die kommissie dien en ds. Andrew Bruyns sal die konvenor wees totdat 'n voorsitter verkies is.

Die Sinodale Kinderbedieningskommissie: Die voorsitters van die onderskeie ringe van die Kerk se Kinderbedieningskommissies sal op die kommissie dien en ds. Rickard Hattingh sal die konvenor wees totdat 'n voorsitter verkies is.



**Nuutverkose Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (KLAS) (vlnr.): Di. Daniel Brink, Ferdie Devenier, Woodford Kotzé (aangewys deur Kweekskool), Wynand van Niekerk en Andries Venter**



**Nuutverkose Regskommissie (vlnr.): Di. Daniel Brink, Johnnie Gates, Woodford Kotzé, Barry Fourie en Jurgens Prinsloo**

## Die Moderatuur



**Dr. André Bester**
**Moderator**



**Ds. Gerrie van Dalen**
**Assessor**



**Ds. Johnnie Gates**
**Aktuarius**



**Ds. Wimpie Snyders**
**Scriba Synodi**



**Nuutverkose Eksamenkommissie (vlnr.): Di. Rudi Beukes, Johnnie Gates, dr. André Bester, Gerrie van Dalen en Jurgens Prinsloo**

# Andalé se nuwe CD

Andalé De Meyer se sangbediening het ongeveer 14 jaar terug in Maart 2009 begin.

Dis met groot vreugde en dankbaarheid teenoor die Here dat Andalé na 7 jaar, haar nuwe CD "Net U genade alleen" in April 2023 kon vrystel. Die wonderlike Evangelie van Jesus Christus, Sy getroue liefde en genade, en Sy naderende koms word deur hierdie album oorgedra. U sal beslis geestelik verryk word daardeur en dit sal u bemoedig en aanmoedig om te volhard in geloof en vas te hou aan Jesus ons komende Koning!

Vir enige navrae om haar CD's te bekom of vir optredes soos sangdienste, Kerssangdienste, damestees, ens. kan u haar gerus kontak by 076 239 9883.



# Ons sekerste bron van vertroosting

## Vroueblad...

Liewe vriendin, ek groet jou nou offisieel vanuit die Baai. Die groot trek is ágter die rug, maar ek voel dit nog ín die rug, en in die skouers, en nog so paar plekke. Die eerste aand in P.E. het die stormwinde behoorlik gewaai – blykbaar die ergste in jare – en het ek in die pastorie in die bed gelê en rondrol, terwyl ek wonder of die wind ons in die see in wil waai of terug Transvaal toe. Net daar het ek besluit dat ek definitief bietjie gewig sal moet optel, want hoe sal ek in hierdie winderige plek brood en melk kan gaan koop? In die donker het ek vir die Here gesê: *"Here, ek het nie geweet dís wat hulle bedoel met die winderige stad nie – maar U het ons hierheen gestuur, en ek waai nie terug nie… ag ek bedoel, ek kyk nie terug nie."* Ek dink die Here het maar net my been bietjie getrek, want van die volgende dag af was die wind baie meer besadig.

Ons kan die Here net dank vir Sy bewaring en genadehand oor ons tydens die verhuising. Ons is vriendelik en hartlik ontvang deur die gemeente, en dit het ons harte verwarm. Die Baai het nie net haar reputasie as "winderige stad" gestand gedoen nie, maar ook haar "vriendelike" reputasie. Mens neem hartseer afskeid van jou geliefdes en kerk-familie, maar dan ontdek jy dat die familie eintlik wyer strek as wat jy besef het.

Die kinders van God is oral, en mens voel vinnig tuis waar die Gees van God in harte woon. Ons is almal deel van een groot kudde en Christus is ons Opperherder. Die kudde se weiveld strek net wêreldwyd – maar nooit té wyd vir God se genade of teenwoordigheid nie. Een van my gunsteling verse is **2 Kronieke 16:9** ***"want die HERE—sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is;"***

Wanneer mens so reis deur ons pragtige land, is dit verfrissend om die verskeidenheid van natuurtonele te geniet deur elke provinsie en streek.

Die Oos-Kaap hou sy eie bekoring in, en het ek my verwonder aan die pragtige groen weivelde met talle rivierstroompies en stroke van bloedrooi aalwyne. Ons is saam dankbaar teenoor die Here vir die reën wat ná lang droogtes geval het. Skaapboerdery is natuurlik ook hier in die Oos-Kaap algemeen, en die skape in hul weivelde laat mens dink aan Psalm 23. 'n Pragtige Psalm wat die beeld gebruik van God as Herder. Dawid was self 'n herder en het die vergelyking eerstehands verstaan tussen die taak van die herder om die skape te versorg, en God wat Sy kinders versorg. Skape is totaal afhanklik van die herder vir kos, water, en leiding soos hul van weiveld na weiveld beweeg. Skape is ook afhanklik van die herder vir beskerming teen 'n wye veld van gevare, net soos ons na God kyk as ons Beskermer en Verdediging. In die Nuwe Testament verwys Jesus na Homself as die Goeie Herder. (Joh.10:11,14), 'n vervulling van die profesie in Esegiël 34:11,12.

Psalm 23 bevat sóveel rykdomme om te ontgin, maar vandag wil ek net stilstaan by die faset van vertroosting. Ons lees dat Dawid vertroosting vind by die Herder, maar spesifiek die vergelyking wat hy tref met die herder se stok en staf wat hom vertroos. **Psalm 23:4** ***"Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my."***
Die stok en staf was noodsaaklike toerusting vir 'n herder. Maar hoe kan dit ons vertroos?

Die stok is 'n simbool van die Here se krag en beskerming. Die stok was 'n kort en sterk knopkierie wat gebruik was om wilde diere af te weer. Die stok is ook gebruik om telling te hou van die skape. (Ons vind 'n verwysing daarna in **Lev. 27:32** ***"Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee alles wat onder die herderstaf deurgaan die tiende moet aan die HERE heilig wees."***)

Wanneer ons vertroosting nodig het, is dit die wete dat God die Almagtige is en dat Sy "stok" van krag en beskerming tot ons beskikking is. Hy word genoem "Bewaarder" in die pragtige Psalm 121. Ek herinner jou vinnig: ***"Die HERE is jou Bewaarder; die HERE is jou skaduwee aan jou regterhand. Die HERE sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar."*** (**Ps.121:5,7**) Wat ons ook al mag tref – as ons weergebore kinders van God is, sal ons siele veilig bewaar word deur die Herder. Niks kan ons van Sy liefde skei, en niemand kan ons uit Sy hand ruk nie. (Rom.8:39 en Joh.10:28)

Dit bring ons dan ook by die herder se staf: 'n simbool van die Here se leiding en liefdevolle versorging. Die staf was 'n lang dun stok, gewoonlik met 'n boog of hak aan die punt. Dit is gebruik om die skape in die regte rigting te stuur, of uit gevaarlike situasie terug te "haak". Skape is befaamde "afdwalers", en sodra hul onder die wakende oog van die herder uitgaan kan hul in allerlei tipes moeilikhede beland.

**Mat 18:11-14** ***"Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is. Wat dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle verdwaal, sal hy nie die nege en negentig laat staan en op die berge die verdwaalde een gaan soek nie?"***

Die staf is 'n unieke item wat eksklusief tot 'n herder behoort. Dis 'n kenmerkende artikel wat in geen ander professie gebruik word nie. Dit is ontwerp en gevorm om spesiaal aan die behoeftes van die skape te voorsien. So is die Woord geïnspireer om ons as skapies te voed en aan ons behoeftes te voorsien.

Die feit dat die Here ons beskerm en verdedig, asook die wete dat Hy ons lei en ons liefdevol versorg, bied aan ons die sekerste vertroosting wat ons ooit sal vind in hierdie lewe.

Benjamin Abbott vertel dat daar 'n kas onder die trappe in sy pa se huis in die platteland was.
Daar het hulle verskeie wandelstokke en kieries gehou wat van generasie tot generasie gebruik was… elkeen vir verskillende terreine en geleenthede. Wanneer hy en sy vader gaan wandel het, het hul eers vir hul elkeen 'n wandelstaf gekies uit die kas.
Dit het hom altyd herinner dat die Woord ook verskeie "wandelstawwe" bevat vir elke unieke situasie en behoefte. Vir elke seisoen en tyd van blydskap, bekommernis, siekte, hartseer of verwarring, het die Here Sy Woord gegee as ondersteuning dat ons nie wankel nie, net soos 'n stok en staf ons ondersteun wanneer ons gaan stap. **Psalm 54:6** ***"Kyk, God is my helper. Dit is die Here wat my siel ondersteun."***

Liewe skapie van God, mag jý ook die Herder meer en meer innig leer ken deur die blaaie van die Bybel, en mag jy saam met Dawid verklaar dat die Herder se stok en staf jou ook vertroos – want daar is géén herder soos ons Herder nie. **Jes. 40:11** ***"Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei."***

**Groete in Christus**

**Karen Devenier**
**Port-Elizabeth**



# Jong Volwasse Kamp

Hierdie jaar is daar die eerste **Jong Volwasse Kamp** gehou te EG Eden Kampterrein. Die kamp was spesifiek vir almal wat klaar was met skool, jong getroudes, paartjies en enkellopende persone. Die kamp het afgeskop met 'n braai, roosterkoeke en slaai vir die hongerpyne, terwyl sommige hul tente opgeslaan het en ander 'n kamer gekry het om in te slaap. Daarna het ds. Wynand van Niekerk getuig hoe die Here met jou praat uit die Woord en hy het ook praktiese voorbeelde gegee hoe om op God te vertrou.

Na die geestelike voeding het almal saam 'n naamspeletjie gespeel en gou-gou het almal mekaar se name geken op die kamp. Dit was dan die ysbreker vir die kampvuur wat net daarna aangesteek is. Hennie Bronkhorst van Eden Kampterrein het vir ons hout gebring om die koue weg te hou en die jonges uitgedaag om dit klaar te brand. Na 12 was daar nog steeds 'n groepie om die kampvuur waar vriendskapsbande gebou was.

Saterdag het die kamp stil-stil ontwaak, ontbyt is geëet en dr. André Bester was aan die woord om die kampgangers te leer hoe om Bybelstudie te hou. Daarna het die speletjies begin met 'n goeie kompetisie op die volleybalbaan. Daar is ook ander bordspeletjies gespeel in die eetsaal en die uitwerking was dat daar lekker gelag was tussen vriende.

Na lekker burgers en tjips vir middagete was ds. Loedolf vd Merwe aan die woord, en hy het gesels oor die tema van verhoudings en huwelike. Daar was ook genoeg tyd om vrae te vra na die tyd. Tegnologie het ook nie die jonges in die steek gelaat nie, want daar was vinnig planne gemaak om die Bokke se rugbywedstryd te kyk. Aandete was bedien en die kombuis het ook vir poeding as 'n verrassing gesorg.
Die aand is afgesluit met 'n paneel van die Kweekskool oor vrae wat pla. Di. Jurg Prinsloo, Woodford Kotzé en Wynand van Niekerk het die vrae beantwoord wat aan hulle gestel was. Daarna is die kampvuur weer aangesteek en Hennie se ekstra hout is alles opgebrand. Die aand was koud, maar die vuur se betowering was onvergeetlik.
Sondagoggend het dalk te vinnig vir party gekom. Die naweek se uurglassand was vinnig besig om uit te loop. Ds. Woodford Kotzé het vir ons die kamp afgesluit met 'n boodskap oor 'Hoe mens staande bly in 'n bose wêreld daarbuite'. Daar is saam gebid, en ons het 'n "brunch" gaan eet. Die groot oppak en inpak het gevolg en daar is hartlik gegroet en beloftes gemaak om die volgende kamp weer by te woon. Almal het die kamp verlaat tot die volgende keer…!
Dankie vir almal wat dit 'n onvergeetlike kamp gemaak het.

**Groete**
**Ds. Danie Klopper**
**Fochville**

## Briewe aan my Gemeente

# So 'n Kosbare Geloof



***2 Pet. 1:1 "Aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus."***

Liewe gemeente, sedert my eerste brief aan julle het onse tere Heiland my so ontmoet met nuwe verwagtings van sy seëninge wat Hy oor ons wil uitstort. Ek het ontdek dat Christus, as hoof van sy gemeente, se een uitsluitlike doel t.o.v. die gemeente is nl. om dit oorvloedigliк te seën. Ons is dus draers van Goddelike seën en juis daarom is die gemeente van Christus so kosbaar vir God.

Die geestelike lewe lewer 'n lewe van kosbare dinge op vir hom wat die kosbaarheid van sy geloof besef. In ons lewe is daar een of ander iets wat vir ons kosbaar is, hetsy 'n besitting – splinternuut of ouds en uniek. Moontlik is dit iets waarvoor ek hard moes werk of wat ek geërf het. Dit kan selfs verhoudings, herinneringe of ondervindings wees.

Die kosbaarheid daarvan het dikwels nie met rand en sent te make nie, maar met die sentiment wat daarmee saamgaan.

Tog is die meeste van ons geneig om ons kosbaarste besitting te onderskat en daarvan te vergeet nl. die skat wat ons het in ons Christelike geloof.

Ons behoort met ons geloof om te gaan soos baie mense met hulle kosbare besittings.

Dink bv. aan die "verhouding" tussen die eienaar van 'n duur Van Gochskildery wat etlike miljoene rande werd is en sy besondere kunswerk. Dan behoort onsself baie meer te doen, want die geloof kan nie in rande gemeet word nie – **1 Pet. 1:7** sê dit is kosbaarder as goud.

<u>**WAAROM IS SEKERE DINGE SO KOSBAAR?**</u>

**Jy ken die waarde daarvan**

Iets kan nie vir my kosbaarder wees as dit nie vir my waarde inhou nie; of dit nou sentimentele of geldelike waarde het, ek sal terdeë bewus wees van die waarde van die artikel.

Dalk moet ons weer ontdek dat ons geloof nooit maar net veralgemeen kan word nie. Dit is nie maar net nog 'n geloof nie. Deur die eeue heen het mense alles geoffer, ja, hulle lewe gegee vir hierdie geloof. Dit is immers deur hierdie geloof wat ek die ware lewe ontdek het.

**Jy ken die oorsprong of afkoms daarvan**

Iemand wat 'n kosbare besitting het, sal gou die geskiedenis daarvan vir jou uitlig, of sal vir jou kan aandui hoe hard daarvoor gewerk is. Is ons geloof nie juis so kosbaar weens die heerlike geskiedenis daaraan verbonde nie?

Hoe die Here Jesus die hemel verlaat het en sy bloed gegee het om my, 'n ellendige sondaar, te red nie? Ons mag nooit vergeet hoedat Christus ook my uit die sondemoeras gered en vrygemaak het nie.

Die waarde van ons geloof lê in niks anders as Christus nie wat Homself ontledig het vir 'n onverdienstelike wêreld in sy nood.

**Jy ervaar die uitwerking daarvan**

As iets vir jou kosbaar is, sal jou waardering daarvoor nooit verander nie. As jy by daardie kosbare skildery staan, dan is daar 'n nuwe warmte en waardering.

O, wat 'n wonderlike uitwerking het ons geloof nie – dit doen iets aan jou. Daar is altyd 'n nuwe uitdaging met hoër verwagtinge en dieper lesse en 'n nouer kontak met ons Vader. Let op die toevoeginge van hierdie geloof as Petrus praat van die kosbaarheid van hierdie geloof in **2 Pet. 1:5-7**. Toe ons hierdie geloof deelagtig geword het, het die Here ons lewe met soveel "bonusse" gevul.

<u>**WAT IS ONS OPTREDE T.O.V. KOSBARE DINGE?**</u>

**Jy BESKERM dit**

Net 'n dwaas sal sy kosbaarhede blootstel aan verwering, verwaarlosing en beskadiging. Die meeste mense bewaar hul kosbare artikels agter slot en grendel. Alhoewel ons ons geloof nie hoef weg te steek nie, moet ons dit met alles in ons beskerm. Ek mag die waarde van hierdie geloof nooit laer ag as wat God dit ag nie. Die verwaarlosing van die inhoud van hierdie geloof nl. Woordstudie, gemeenskap met God, Evangelieverkondiging ens. sal my duur te staan kom.

**Jy GEE DIT EREPLEK in jou lewe**

Hierdie kosbare artikel word gedurig skoon gehou, gepolitoer en vertroetel. Dir ontvang net die beste behandeling en is altyd gereed om vertoon te kan word. Wanneer die Christelike geloof in reinheid en eerbaarheid uitgeleef word, maak dit blywende indrukke. Dit is wanneer Christus werklik die eerste en ereplek in ons lewe inneem, dat die waarde van ons geloof vir andere betekenis kry. Die gemeente wat die volle som van die waarde van die geloof ken, is 'n gemeente wat nooit hoef terug te kyk nie. Miskien moet óók ons kyk of ons geloof nog die ereplek in ons lewe inneem!

**Jy PRAAT GEDURIG daarvan**

As iets vir jou kosbaar is, dan vertel jy graag ander daarvan. Jy wil graag hê dat mense die verhaal sal hoor wat daarmee saamgaan.

Ons gemeente is 'n bron van wonderlike getuienisse. Mag God ons met 'n drang vul om te praat. 'n Gemeente wat nie meer getuig nie, het kragteloos geword. Christus het gesê: "Julle sal my getuies wees." Mag die Gees van God ons vul met 'n nuwe waardering van die kosbaarheid van ons geloof.

**U leraar.**

bybelgenootskap
van suid-afrika

# 90-jaar van die Bybel in Afrikaans



### 1872-1929

In 1872 skryf Arnoldus Pannevis 'n brief wat aanvoer dat die Nederlandse Bybel nie meer vir die Afrikaner verstaanbaar is nie. Die Genootskap van Regte Afrikaners word gestig met die doel om die Bybel in die volkstaal beskikbaar te stel.



### 1889

Die Bybel in Afrikaans – *Dri Proewe* vertaal deur SJ du Toit, word onder beskerming van die Genootskap van Regte Afrikaners gepubliseer.



### 1893-1908

*Génesis* vertaal deur SJ du Toit en sy medewerkers verskyn in 1893. Die volgende boeke verskyn ook: *Di Evangelie vollens Mattéus* (1895), *Di Openbaring van Jesus Christus* (1898), *Hooglied* (1905), *Di Psalme* (1907), *Handelinge* en *Markus* (1908).

### 1914-1916

Op 21 Augustus gee dr BB Keet 'n lesing op Stellenbosch waarin hy sy vertaling van die Bybel bepleit. Op 16 Mei 1916 neem die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk 'n besluit dat die Bybel in Afrikaans vertaal moet word.

### 1922

*Die Vier Evangelieë* en *die Psalme* word gepubliseer. Dit word gesien as slegs 'n oorsetting van die Nederlandse Statebybel. Daar word besluit om met 'n nuwe vertaling uit die brontekste te begin.



### 1929

Die *Vier Evangelies* en die *Psalms* verskyn.

Hierdie eerste poging om uit Hebreeus, Aramees en Grieks te vertaal, is suksesvol.



### 1933

Op 29 Mei 1933 land die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan wal. Die Bybels word op 1 Junie by die Bybelhuis in Kaapstad uitgepak. Op 27 Augustus word die Bybel amptelik deur Afrikaanse kerke in gebruik te neem.



### 1941

Die volledige Braillebybel in Afrikaans word gepubliseer.

### 1953

In 1953, verskyn die hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans. Die hersiening was hoofsaaklik taalkundig van aard.

### 1968

Op 5 Julie 1968 tydens 'n seminaar vir vertalers van die Afrikaanse Bybel word 'n eenparige besluit geneem om die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) te versoek om met 'n nuwe vertaling in Afrikaans te begin. Die Nasionale Raad van die BSA keur hierdie vertalingsversoek goed.

### 1970

Die eerste boeke van hierdie vertaling, insluitende Johannes word gepubliseer.


### 1975

*Die Blye Boodskap*, 'n nuwe vertaling van die vier Evangelies, Handelinge en Psalms sien die lig.

### 1979

Op 24 Augustus verskyn *Die Nuwe Testament en die Psalms*, 'n voorloper van die 1983-vertaling.

### 1983



Op 2 Desember word *Die Bybel: Nuwe vertaling* in Bybelhuis, Kaapstad bekendgestel.

### 1997

Die Kerk versoek 'n Bybelvertaling vir Dowes. Op 3 Februarie 2008 ontvang die Afrikaanse Dowe gemeenskap die vertaling – slegs die tweede Bybel van sy soort in die wêreld.

### 2006

Na jare van navorsing versoek die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik 'n Bybelvertaling wat meer bronteksgeoriënteerd is.

### 2014

Die Nuwe Testament en Psalms van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* word by die Groote Kerk in Kaapstad bekendgestel.

### 2020




As deel van die Bybelgenootskap se tweede eeufeesvieringe in 2020 word *Die Bybel: 2020-vertaling* op 29 November by die Kopanong Ouditorium in Bloemfontein bekendgestel.

90 DIE BYBEL IN AFRIKAANS 1933 - 2023

*Aangename Kennis:*

# Ds. Andrew Bruyns

**Watter dorp/stad is u gebore?**
In die Jakarandastad-Pretoria.

**Vertel ons iets uit u kinderdae**
Ek was 'n tipiese seun en het van kleins af elektroniese toestelle uitmekaar gehaal en weer aanmekaar gesit – natuurlik het 'n paar daarna nooit weer dieselfde gewerk nie. Tot my verbasing het my seun Lex dieselfde streke. Die appel val nie ver van die boom nie!

**Waar het u skoolgegaan?**
Ek was in verskeie laerskole en het my hoërskool in 1998 voltooi in Noord-Natal, Vryheid te Hoërskool Pionier.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
In 1990 (toe ek standerd 2 was) het die Here my siel uit genade gered. Ek kon nie ophou om die Bybel te lees nie en God het Homself aan my openbaar deur Sy Woord. Ek onthou die kinders by die skool het twee weke lank na my toe gekom en gevra of ek "OK" is want ek lyk anders. Ek het geantwoord dat ek niks makeer nie en dat ek eintlik baie goed voel. Sy genade vir my was groot.

**Wanneer het u by die EG Kerk aangesluit?**
Ek het gekatkiseer in Vryheidgemeente in 1997. Ds. Erich Röttcher was die predikant wat my gekatkiseer het.

**Watter jare was u op Kweekskool?**
2009 tot 2012.

**Is van u klasmaats steeds in die bediening?**
Ja, ds. Louie van Zyl (Worcestergemeente), ds. Rassie van Staden (Malmesburygemeente) en ds. Ruan van Vuuren (Jeffreysbaaigemeente).

**Wie was u dosente?**
Drs. Willie Kotzé, André Bester en Juan Minnie asook di. Jurg Prinsloo en Gerhard de Wet. Ds. Thys Loubser het ook vir ons Missiologie aangebied.

**Vertel ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae?**
In my eerstejaar het ek 'n breukoperasie ondergaan. My klasmaats het my by die huis kom haal en saamgesleep Menlyn toe. Hulle het my in 'n trollie gelaai omdat ek nie so lekker kon loop nie en graag wou hê ek moes saamgaan. Terwyl hulle my so rondstoot het 'n tannie vir my gevra of ek nie dink dat ek te groot is vir 'n trollie nie.

**Hoe lank is u getroud?**
Op 20 Desember 2023 sal ek en Jeanne 20 jaar getroud wees.

**Vertel ons hoe u, u gade ontmoet het?**
Ek het Jeanne die eerste keer ontmoet tydens 'n huisbesoek wat my skoonpa, ds. Hendrik Weyers, by ons aan huis gedoen het. Ons was saam in die hoërskool – ek matriek en Jeanne standerd 7. Ons het saam VCSV by die skool gedoen en so ook van jonks af, saam die Here gedien.

**Hoeveel kinders het u?**
Ons is geseënd met 3 pragtige kinders: Daniëlle (Gr. 9), Gabriëlle (Gr. 5) en Lex (Gr. 2).

**Watter gemeentes het u bedien?**
Ons het ons praktiese jaar (2013) in Britsgemeente voltooi waarna ons dan beroep is om Hartbeespoortgemeente (wat toe 'n wyk van Britsgemeente was), te stig. Ons het Hartbeespoortgemeente bedien vanaf Februarie 2014 – Sept 2019. Ons is 20 Augustus 2019 beroep na Nylstroomgemeente en met die Here se duidelike leiding dat ons hierheen moes kom, is ons 6 Oktober 2019 (wat ook ons verlowingsdatum is) hier bevestig.

**Het u 'n stokperdjie?**
Ja! Ek hou van motorfiets ry saam met familie en vriende. 'n Nuwe stokperdjie wat onlangs aan die lig gekom het is bome, hulle name en wat elkeen vir die omgewing beteken.

**Wat is u gunsteling dis?**
Braaivleis is altyd 'n wenner.

**Waar is u gunsteling vakansieplek?**
Enige plek saam met my familie, maar Sodwana bly 'n lekkerte. Ons duik en snorkel graag.

**Watter geestelike boek/e het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
Die Bybel is my hoofbron en bly my ankerpunt. Ek geniet dit om Bybel te lees.



# Is jy 'n tronkvoël?

Waarvan praat jy? Ek was nog nooit in die tronk nie en is ook nie van plan om daar te beland nie. Is jy doodseker dat jy nie 'n tronkvoël is nie? Natuurlik is ek seker. Hoekom karring jy so? Jy kan vir almal vra wat my ken. Ek is 'n persoon met 'n goeie karakter. Ek is 'n lidmaat van die kerk. Ek is gedoop en hou die Tien Gebooie. Ek rook nie en ek drink nie. Om weer te sê, ek was nog nooit in die tronk nie.

Goed ek aanvaar wat jy sê. Ons moet kyk wat sê die Woord van God oor die saak, want dit is die enigste maatstaf wat ons het. Daar is geen ander boek of geskrif wat vir ons gegee is deur die Heilige Gees wat vir ons kan lig gee nie behalwe die Bybel.
Lees Rom.3:9-20. **Rom. 3:23** ***want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.*** Hier sê die Woord vir ons dat ons almal skuldig staan voor God. Ons is so gebore. **Rom.3:24** ***en hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.*** Daar word gepraat van genade sonder verdienste. So niks wat ons probeer doen, hoe goed ook al, kan ons die hemel verseker nie. **Efes.2:8-9** ***Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is 'n Gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.***

Dit lyk vir my dat jy tog 'n tronkvoël is. Ek sê weer vir jou dat ek nie 'n tronkvoël is nie. Kan jy nie verstaan nie? Kom ek vra so: Het jy al werklik besef dat jy verlore is? Weet jy dat net een sonde of verkeerde gedagte jou uit die hemel kan hou en in die hel laat beland? Het jy al sondes gedoen deur dade of gedagtes? Ja, ek het. Dink jy dat dit wat jy gister en eergister gedoen het verby is en dit nie meer jou saligheid sal affekteer nie? Ja, dit is mos verby en vergete.

Kom ons kyk wat staan geskryf in **Open. 20:12** ***En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskrywe is, volgens hulle werke.*** So, dit is nie waar dat wat ek gister en eergister gedoen of gedink het verby is en dit raak my nie meer nie. Alles wat ons doen, sê of dink, word opgeskryf in die boeke. Op die oordeelsdag sal die sondaars voor Jesus verskyn en dan word hierdie boeke oopgemaak en daarvolgens word die sondaars geoordeel.

Dit lyk vir my dat jy in die tronk van sonde is. Die tronk van sonde is nie 'n fisiese gebou waarin jy opgesluit word nie. Nee, jy is vry om te gaan waar jy wil en om te doen wat jy wil en dit is juis waar die struikelblok lê. Wat bedoel jy? Wat sê die Woord? **Pred.12:14** ***Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.*** So, vir alles wat ek gedoen, gedink of gesê het, moet ek verantwoording gaan doen. Ek is baie bekommerd en vol vrees, want ek sien nou dat ek wel 'n tronkvoël is.

Hoe moet ek uit die tronk van sonde kom? **1 Joh. 1:9** ***As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*** Jy moet na Jesus toe kom. Hy het alreeds die volle prys vir jou sondes aan die kruishout betaal. Jy moet jou hele lewe aan Hom oorgee en Hy sal jou volkome vrymaak deur Sy bloed wat gestort is. Wat nog meer wonderlik is, is dat Jesus al daardie inskrywings in die boeke in die hemel oor jou sondige verlede uitvee en Hy dink nooit weer daaraan nie (Ps. 32).

Nou begin Hy met nuwe inskrywings van iemand wat nie 'n tronkvoël is nie, maar van iemand wat heeltemal bevry is uit genade. Die werke wat jy nou wil doen, is uit dankbaarheid omdat Jesus jou gered het. Dit is die dade wat sal tel vir die hemel. As jy opreg met 'n bedroefde hart berou het oor jou tronkvoël-bestaan, is hier 'n voorbeeld om belydenis te doen voor Jesus. Jy kan ook net vir Hom sê hoe jy voel. Hy belowe in Sy Woord dat Hy jou nooit sal uitwerp nie. **Joh. 6:37** ***Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.*** Nou is die tyd. **Jes. 1:18** ***Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.***

"Here Jesus, haal my asseblief uit hierdie tronk van sonde. Ek besef nou eers hoe verlore ek is. Ek is so jammer dat ek so hoogmoedig was dat ek gedink het ek is so 'n goeie mens. Ek besef nou dat nie een goeie mens in die hemel toegelaat sal word nie, maar net bloedgewaste bekeerlinge. Ek bekeer my van my verkeerde weë. Was my in U kosbare bloed sodat ek volkome rein kan wees. Baie dankie dat U dit vir my gedoen het. Maak aan my bekend wat daar nog foutief is in my lewe sodat ek dit aan U kan bely en laat staan en as ek iemand te na gekom het, dat ek kan gaan regmaak. Wil U my asseblief vul met u Heilige Gees sodat Hy my kan leer en kan lei dat ek volgens U Woord, die Bybel kan wandel. Dankie dat ek nie meer 'n tronkvoël is nie. Amen."

**2 Kor. 5:17** ***Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, alles het nuut geword.***

***Onbekend***

***Indien u hierdie bydra gelees het en onseker is waar u die ewigheid sal deur bring, of moontlik steeds onder sondeoortuiging is en behoefte het om met 'n leraar te gesels, kontak gerus die gemeente waar u hierdie Kerklad ontvang het. Indien u nie seker is waar u die blad gevind het nie, blaai na bl. 2 en kontak die nommer daar, en u sal verwys word na iemand wat u geestelik kan bystaan.***

Hiermee word u hartlik uitgenooi
na die 2023 VROUEKAMP te Cyara



**Datum:** 13 – 15 Oktober

**Plek:** Cyara Kampterrein

**Registrasie Tyd:** 16:00

**Koste:** R850.00 pp (begin nou spaar vir Oktober maand!)

**Spreker:** Esté Geldenhuys

**Tema:** Jou Skepper kén jou… Ken jy Hom?

**Bankbesonderhede: EG Kerk Vrouekamp - ABSA – 909 738 0218**
**(gebruik asb. u NAAM en Gemeente se NAAM as u verwysing)**

Besprekings kan gedoen word by
Mev. Elize Lyon per Whats App by: 083 677 2867
of per e-pos na: egkerk.vrouekamp@gmail.com

# OOS - KAAPSE VROUEKAMP




27 tot 29 Oktober 2023

## PêREL VROU

Kostes :R650 p.p
Waar :Yellow Woods Groot Brakrivier
Rsvp: 1 Oktober 2023
Kontak nr. Adel v Vuuren
071 643 1386
Ruana Coertze 083 253 8887

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 78 • November/Desember 2023 • #655



- Israel: Sy bitter stryd ontleed
- Die eerste Kersboodskap
- Blywees se dieptes onthul

# ...van die Redakteur

Liewe leser, u sal met my saamstem dat hierdie jaar soos 'n oogwink verbygegaan het en ons ons tans bevind in die laaste paar meters van die peilvlak voordat 'n nuwe jaar aanbreek – ook die Feesjaar van die EG Kerk SA se 80ste bestaansjaar, maar meer hieroor in die volgende uitgawe.

In dieselfde oogwink besef ons ook al meer en meer dat God se uurglas ook spoedig besig is om uit te loop as ons die gebeure in die Ooste (Israel vs Hamas) in perspektief bring met die eindtyd gebeure in aanloop tot die Wegraping en die daaropvolgende gebeure. Die artikel Israel – Sy bitter stryd ontleed gee uitstekende toeligting tot hierdie aspek.

Ons loof die Here dat Hy nog steeds die groot Geneesheer is, lees gerus die twee getuienisse in hierdie uitgawe.

Dis dan ook die tyd van die jaar wat ons graag stilstaan by die oorsprong van die wêreld se hoop op redding en verlossing – die geboorte van Jesus Christus, die Saligmaker. Soos dit voorspel is in **Jes. 9:5** ***Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors*** — en in vervulling gegaan het, soos opgeteken in **Luk 2:10-11** ***En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.***

Laat ons nooit vergeet nie dat, was daar nie hierdie **geboorte** nie, was daar nie 'n **kruisiging** en **opstanding** nie, ook nie 'n **hemelvaart** nie en helaas, ook nie 'n blye verwagting na die **wederkoms** nie!

Die redaksiespan wens al ons lesers 'n geseënde Christusfees toe en bid die Heer se beskerming toe tot ons weer gesels met die volgende uitgawe.

**Redakteursgroete**

**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Johnnie Gates, Willie Olivier, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com
Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad: Foto deur Todd Trapani: www.pexels.com//1622539/**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Jaargang 78**
**November/Desember 2023**
**Uitgawe #655**

# INHOUD

**3 Israel: Sy bitter stryd ontleed**

**6 Die Boodskap van Kersliedere:** Die geskenk van Kersfees

**8 Uit die Argief:** Die eerste Kersboodskap

**10 Nuwe seisoen vir Port Elizabeth-Wes**

**11 Ds. Jan Bekker getuig**

**12 Silwerjeug Konferensie 2023**

**13 Getuienis van genesing**

**14 Vroueblad:** In die mense 'n welbehae

**15 Blywees se dieptes onthul**

**16 Aangename Kennis:** Ds. Barry Fourie

**18 Briewe aan my Gemeente:** Hoe om na 'n preek te luister

**19 Goddelike Genesing: Deel 5**

**21 Op die boekrak**

**22 Goddelike Genesing: Deel 6**

## Intekening en betaling

Intekengeld beloop R120 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za

# Israel: Sy bitter stryd ontleed

ŉ Piepklein landjie in die Midde-Ooste wat minder as 0,005% van die wêreld se landoppervlakte beslaan, neem in ons tyd dikwels maklik 20 % van nuuskolomme se ruimte in beslag en seker ruim 40% van die ure van besprekings wat in politieke kringe en in die VN se raadsale gevoer word oor wêreldsake.

Die Bybel bevat ŉ véél hoër persentasie as die vermelde, want dit is, naas die geskiedenis en lewe van Jesus Christus, in wese die geskiedenisboek van Israel, wat strek vanaf die tyd van Abraham tot en met 100 n.C.. Etlike leiers van hierdie klein landjie in die middelpunt van die aarde se leiers het al in van die hoogste vergaderings ronduit gesê: "Ons geskiedenis is te vinde in die Bybel!". En terselfdertyd hul aanspraak op die grondgebied van historiese Israel ook daarop gebaseer.

Israel bly gekenmerk deur talle oorloë regdeur die Ou Testament, tot in die hedendaagse geskiedenis. Vanaf 1948 was dit konflik op konflik, wat die wêreld eintlik in twee verdeel – die wat alles wil glo wat téén Israel gesê word en dié wat alles wil glo oor die Palestyne.

Die eerste konflik tussen die Arabiese nageslag van Ismael en Israel, had kinderskoene aan -- die "wilde eselkind" Ismael wat met sy jonger halfbroer Isak in stryd was [**Gen. 16:12**] en wie se ***"hand teen almal en almal teen hom sou wees…"*** Dit het ŉ stryd geword en gebly wat oor eeue heen strek en wat die Bose aangewend het om God se weg en plan met sy volk teen te werk.

## *Vir 400 jaar beset*

Die naam Israel het Jakob by Pniël verwerf [**Gen. 32**] toe hy met God in ŉ worstelstryd was. Die naam beteken "God Worstel". Dit is in die voortdurende tydvorm aangeteken, m.a.w. die verhouding met God sou een van voortdurende stryd wees. En so was dit ook deur die eeue heen.

Ismael se nageslag sou in die 7de eeu n.C., met die ontstaan en ekspansionisme van die Islamgeloof Israel oorspoel en later vir meer as 400 jaar ook deur die Turkse Ottomaanse Ryk Israel beset en daar regeer, totdat hul halfmaanvlag in 1917 eers deur die Britse vlag en later die Israeli vlag vervang sou word.



https://www.geographyrealm.com/maps-israel/

In die twee dekades daarna was daar min Arabiere en Jode in die land en is die land met Arabiese mense uit Jordanie, Sirië, Irak e.a. "bevolk" in die aanloop tot die totstandkoming van die "herleefde" staat van Israel. Honderde duisende Arabiere is met valse beloftes gestuur dat ŉ oorwig van Arabiese burgers in die land [toe Palestina genoem en met ŉ baie klein Joodse bevolking] sou verhinder dat ŉ Joodse staat tot stand sou kom. Toe dit misluk, was die Arabiese lande woedend en het, ná ŉ mislukte oorlog in Mei en Junie 1948, geweier om hul burgers terug te laat kom, aldus die historikus Joan Peters wat ŉ boek hieroor geskryf het. ŉ Groot persentasie van die Palestyne en hul nageslagte wat só in die land agtergebly het as ontworteldes, skep vandag konflik met die regering van Israel, wat die reg op die land op regmatige wyse verkry het.

Hoekom was en is Israel só baie onder aanslag, haatveldtogte, oorloë en ŉ twispunt onder talle wêreldleiers? En nou weer, sedert 7 Oktober 2023, met die jongste vlaag van terrorisme en oorlog tussen Israel en Hamas en Hesbolla [soos dit die situasie was met die skryf van hierdie artikel]?

**# ŉ Opsomming van wat die land al beleef het, steeds beleef en nog gaan beleef:**

<u>A. Die Ou Testamentiese oorloë, stryd, aanslae [in Bybelse tyd voltrek] was hoofsaaklik oor ...</u>

1. die inbesitneem van die land Kanaan na die uittog uit Egipte,
2. Israel en Juda se vyande [o.m. Egipte, die Arameërs en Chaldeërs] wat hulle bedreig en aangeval het,

**Vervolg op bl. 4**

# Israel: Sy bitter

3. die Filistyne (Grieks van herkoms en nié voorsate van die Palestyne nie] wat in die huidige Gasastreek as wraaksugtiges Israel getreiter het [o.m. in Goliat en Simson se tyd],
4. konings wat magbehep geraak het,
5. God sélf wat teen hulle stryd gevoer het weens hulle ongehoorsaamheid en sonde [sien Lev. 26:1 – 30, en Deut. 28],
6. Die aanslae en wegvoerings van Israel [noordelike ryk] en Juda [suidelike ryk] met die ballingskap, weens die volk se sonde en opstand...

B. Oorloë, aanslae en stryd i.v.m. Israel, soos in die OT voorspel [ook in NT herbevestig] en later voltrek sou word of nog in die toekoms lê:

1. Onrus wat God sélf oor hulle sou bring en sou toelaat tydens hulle wêreldwye verstrooiing [na 112 lande!], deur die Romeine [70 n.C.] wat byna 2000 jaar sou duur [Lev. 26:33, 38, 41; Deut. 28:65, 66; Matt. 24:9];
2. Die oorlog en reuse aanslag teen Israel van Gog en Magog [Rusland & bondgenote] van Eseg. 38 en 39, waarskynlik aan die begin van die 7 jaar lange bewindstyd van die Antichris;
3. Die aanslag in die middel van die verdrukking as die Antichris aanbidding gaan opeis en die Jode ylings sal vlug onder sy aanslag [Matt. 24:15 – 21] ;
4. Die groot oorlog van baie nasies wat hulself sal monster om Israel finaal te vernietig aan die einde van die 7 jaar [Sag. 14] – Slag van Armageddon genoem;
5. DAN DIE OORLOG en veldslag van alle veldslagte van die Ruiter op die Wit perd van Openb. 19 en sy hemelse magte [sien ook Sag. 14] wat in triomf eindig en dan sal lei tot die massabekering van die Joodse volk [Sag. 12:8 – 13:2] en daarna die 1000 Jaar-Vrederyk wat die oorlogsiklus finaal breek!

## God het hulle onmoontlike seges laat behaal

C. Oorloë, aanslae en stryd in die moderne geskiedenis

Minstens sewe oorloë en vele kleiner konflikte het sedert 1948 in die onafhanklike staat Israel gewoed. Die jongste oorlog van 7 Okt. 2023, gestook deur 'n Islamitiese terreurgroep Hamas, was met die skryf van hierdie artikel nog aan die gang. Al hierdie oorloë het Israel [omring deur vyandige Arabiese lande en Iran, wat in breë weier om Israel se bestaan as volk en land te erken] een van die bes-gemilitariseerde en bewaakte lande ter wêreld gemaak.
BELANGRIK: God was dikwels Sy Volk se "Medestrydgenoot" en het op bonatuurlike wyse oorwinnings aan hulle gegee teen hul vyande. Die Bybel bevat baie hieroor. Maar sedert die staatkundige herrys van Israel uit die as en puin in die vorige en ook in ons eeu, het God bonatuurlik bly ingryp en het Israel "onmoontlike" seges behaal, wat strateë, groot moondhede en leiers verstom het en die Arabiese wêreld se meer as 60 miljoen mense verleë gelaat het. Hierdie is 'n unieke, aangrypende aparte verhaal.

**# Ons kyk en ontleed REDES vir die konflikte, aanslae, en stryd teen Israel:** Benewens dat die volk geboet het vir hul hardnekkigheid, afgodery en ongehoorsaamheid deur die eeue heen, is daar TWEE KERNREDES daarvoor:
1. Die woorde van Matt. 27: 25, uitgeroep in Jerusalem: "Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!" ... en
2. Die magstryd oor die eeue heen van die "koninkryk van die duisternis" teen koninkryk van die Lig, wat direk teen Israel as God se uitverkore volk en Christus as die "Leeu van Juda" gerig is.

DIE DROEWIGSTE WOORDE, die waaghalsigste en uitdagendste woorde wat ooit uitgespreek is, direk aan 'n Heilige God gerig, was 'n SKRIKWEKKENDE UITDAGING aan die Heerser en Maghebber van alle Eeue. Deur wié dit gesê en aan Wié dit gerig is, laat 'n mens sidder... Dit kom uit die monde van God se volk, die hele volk, dié wat "sy eiendom" genoem word in Joh. 1:11 en nie geskroom het om hul nageslag ook op die spel te plaas nie as hulle tartend sê: Sy bloed op ons en ons kinders!

En wat het deur die eeue heen gebeur? Dit het Israel duur te staan gekom.

### Joodse bloed

Die uitdaging was uiters wrang beantwoord met die prys van Joodse bloed en nog eens bloed...
# In 70 nC [minder as 40 jaar na die kruisiging] kom genl. Titus uit Rome en meer as 'n miljoen Jode sterf in Jerusalem se beleg. Honderde duisende word gedood, talle vlug, 97 000 word as slawe verkoop en weggevoer. Die stad is vernietig, die tempel verwoes en die volk raak in al vier windrigtings verstrooi!
# In die Bar Kogba-opstand 63 jaar la-

# stryd ontleed

ter sterf 580 000 Jode wat terugkeer en Jerusalem en die land wil herower.
# In die sg. 500 jaar lange "nag van verskrikking" van die Joodse volk in Europese lande, o.m. Engeland, Frankryk, Spanje, word Judaïsme tot kettery verklaar. Jode word vals beskuldig, vervolg en duisende tereggestel en lewend verbrand as veragtes. Hulle is selfs uit Engeland geban. 'n Donker, pynlike geskiedenis. Duisende in Straatsburg lewend verbrand...

DIE LIG/DUISTERNIS-STRYD: Hierdie is 'n uitgerekte stryd wat al met 'n opstand in die hemel begin het toe die duiwel saam met ander trotse engele hul teen God verhef het [Eseg. 28:12 -17; Jes. 14:9 – 16] en uitgewerp is. Sedertdien was hy en sy demone die teenstander van God wat aktief stryd teen die lig gevoer het. **1 Joh. 5:19** verwys na ***"die hele wêreld, wat in die bose se mag lê"*** en stryd voer teen God en sy beloftes en raadsplanne. Die ***"wêreldheersers van hierdie eeu"***, meld **Ef. 6:12**, wat stryd voer teen God en sy planne. Met "eeu" hier word bedoel "bedeling" – die tyd van God se genade waarin ons tans is en wat duur tot by die wegraping [**1 Thess. 4:16,17**].

LW! Die Bose is nie onbekend met wat die Bybel sê nie en glo selfs ook, volgens **Jak. 2:19**. Die Bose weet bv. volgens Openbaring dat sy tyd min is en trek dan uit met groter woede [**Openb. 12:12**]. Hy en sy magte weet God stry vir sy volk Israel en het uiteindelik heerlike planne met sy volk in die Vrederyk wat kom, terwyl hy in dié tyd in die put gewerp sal wees. Hy haat God se gunsvolk en dat hy die verworpene is. Hy voer dus aktief stryd teen hulle wat saam as konings en priesters sal heers in die Vrederyk. Hy wil die "koning" wees.
In Sag. 3:1 en 2 verskyn die duiwel en 'n bevlekte Josua voor God en sê God aan hom: Ek het Jerusalem verkies en spreek strafgerig oor jou uit. Josua word 'n feeskleed aangetrek, Satan word vervloek. Dit vuur hom aan as aktiewe vyand teen God se volk!
Openbaring 13 toon dat die dier [Antichris] en die draak [Satan] die groot teenstander is wat aanbidding opeis in sy eie tempel. Waar? In Jerusalem. Die Bose weet Jerusalem is die Stad van God en die toekomstige troonsetel van Dawid, maar hy wil in sy verwaandheid en eersug dit vir sy "koninkryk" opeis en kies. Daarom ook sy haatstryd teen die land.

## *Die Bose wéét...*

Tans gebruik hy die Islamitiese wêreld en die liberale leiers en hul media wat God eenkant stoot en na wêreldeenheid streef, baie effektief hierin.
In Openb. 12 weet die duiwel ook goed wat opgeteken is oor hom, nl. dat hy neergewerp word [v. 10] en dat die koningskap en die ***"koninkryke van die wêreld"*** [**Openb. 11:15**] hom ontneem en hy dan onttroon word. Nogtans, in die aangesig van wat hy wéét wat God oor hom uitspreek, bly hy stryd voer in die hoop dat hy sal oorwin en aan God se oordele sal ontkom. Hy bly God se vyande aanhits en stryd voer teen die land wat God gekies het en waar hy wil heers.



Photo by cottonbro studio: https://www.pexels.com/photo/close-up-of-the-flag-of-israel-4033852/

In Israel sal hy slaag om sy "verkose wêreldheerser", die Antichris, op die troon te vestig. Hy bly die gedagte koester dat die Jode sy "christus" as hulle "messias" sal bly aanvaar en aanbid. Hy voer hierdie stryd in die middel van die wêreld op die grondgebied van die Heilige Land!

Omdat die ***"ongeregtigheid aan die werk"*** is [**2 Thess. 2:7**] is dit duidelik dat dit 'n eeue lange, volgehoue stryd is wat aktief gestook word en bly woed...

As opstoker wat die nasies in die laaste dae mislei en aanpor teen Israel, sal hy ook die aanstigter wees van die oorlog uit die noorde teen Israel deur Rusland en sy bondgenote [Eseg. 38]. Hierin is die oorlog in Oekraïne iets onheilspellends, want dit help 'n weg baan vir daardie groot aanslag teen Israel.

Die stryd wat in Oktober begin het hou die moontlikheid in dat dit die katalisator en selfs vonk kan wees wat die groot moondhede mekaar kan laat aanval. Met die skryf hiervan het 'n paar grotes reeds hul vingers op 'n bondel begin trek. As die vuiswysery tot 'n groot en wyer konflik sou lei, kan dit die gaping bied wat die Antichris vat om in die land Israel na vore te tree en 'n dinamiese vrederol te speel wat hom deur 'n verblinde wêreld na die "messias' en "redder" sal laat lyk...totdat hy later aanbidding opeis, 'n wêreld-despoot word wat vir homself as 'GOD' AANBIDDING OPEIS [**Op. 13**], iets wat die Jode sal weier en tot 'n bloedige stryd sal lei.

Al hierdie feite verklaar waarom Israel geen rus het en ook gehad het nie. Dit stop eers as God dit sélf beëindig as Hy die laaste sê sal hê en sy doel uiteindelik met sy gunsvolk bereik.

**Ds. Jasper Schellingerhout [Em.]**
**Oos-Londen**

# Die boodskap van die kersliedere:

**Lees asseblief vooraf Matt. 1:18-23.**

Die laaste woorde van die vooraf-gelese gedeelte vorm ons tema: ***God met ons.***

**Die geskenk van God met ons**

Ons is vinnig besig om Kersfees te nader, oor 'n paar weke, 'n paar dae is dit Desember, die heerlike maand van familietyd, Kerstyd en tyd vir geskenke vir die kinders veral. In die winkels is die kersversierings al klaar op en van hulle speel musiek wat jy net oor Kerstyd sal hoor, al het dit soms niks met die betekenis van Kersfees te doen nie. Maar, dit laat ons dink aan Kersfees, dit skep 'n sekere atmosfeer, Kersfees is in die lug. Dit herinner ons aan kersliedere soos Liedboek 358: Welkom, o stille nag van vrede.

*♪ Welkom, o stille nag van vrede,*
*onder die suiderkruis,*
*wyl* ***stemme uit die ou verlede*** *oor*
*sterrevelde ruis.*
*Koor: Kersfees kom, Kersfees kom,*
*gee aan god die eer.*
*Skenk ons 'n helder somerkersfees*
*in hierdie land, o heer.*
*♪ Hoor jy hoe sag die klokke beier in*
*eeue-oue taal.*
*Kyk, selfs die nagtelike swye vertel*
*die ou verhaal.*
*♪ Voel jy ook nou sy warm liefde as*
*ons die dag gedenk,*
***toe hy sy seun aan ons gestuur***
***het, ons grootste kersgeskenk.***

En so dink ons weer aan die engele wat gesing het in die Judese hemelruim, en ons aanbid saam met die nederige herders voor 'n krip in haglike omstandighede saam met Josef en Maria, wie se gesamentlike voorvader Dawid, 28 geslagte terug op die troon van Israel gesit het. Met Kersfees, het God na ons gekom in die Persoon van sy Seun, Jesus Christus, en daarom is die boodskap van Kersfees die verhaal van Christus wat gebore is in die stad van sy vader Dawid, in Bethlehem, want Hy is.. Emmanuel ...., dit is, as dit vertaal word: God met ons: Die geskenk van Kersfees. Daarom in die eerste gedagte sien ons Hy is:

1. **Die geskenk** – **Joh. 1:1, 2** ***In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Joh. 2 Hy was in die begin by God.*** Daardie woorde: ***"Hy was... by God en Hy was God"***, maar Hy het nie daar gebly nie, Hy het aarde toe gekom. Hy het Emmánuel geword, God was nie net God nie maar word God met ons... Die Johannes-evangelie het interessant genoeg nie die gewone Kersverhale oor Jesus se geboorte soos die ander drie evangelies nie, want Johannes se evangelie beklemtoon die Goddelike kant van onse Here Jesus se persoon en nie noodwendig die menslike kant nie.

Jesus is inderdaad God self wat aarde toe gekom het. Hy het nog altyd geleef en sy bestaan is voor tyd. Hy was in die begin by God, Hy was God en is God. Die Vader het op verskillende maniere met die mens gepraat, maar deur Christus het Hy Homself openbaar. Die Skrywer van Hebreërs maak dit duidelik: **Hebr. 1:1** ***Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun.***

Om te wys dat Christus regtig God is, vertel Johannes ons dat Christus een met die Vader was in die Skepping: **Joh. 1:3** ***Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*** Dis dieselfde God wat alles geskape het, wat aarde toe gekom het vir die mens. Dieselfde skeppende mag wat lewe aan al die laer orde wesens gegee het, het ook lig vir die mense gegee: **Joh. 1:4** ***In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.***

Die Skepper van hemel en aarde wat aan diere lewe gee, verlig die gewete van die mens. Dit is deur hierdie beligting van die mens se hart as intelligente wese, met 'n gewete (daardie kennis van goed en kwaad) en vrye wil wat God op 'n unieke manier tot die mens spreek.

God se Kersfees lig wat sy wil vir ons openbaar, word deur die duisternis van onverskilligheid, onkunde en ateïsme in ons tyd teengestaan, maar **Joh. 1:5** ***En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.*** Daar is 'n pragtige Kerslied, Liedboek 348 Stille nag, Heilige nag wat ons herinner aan hierdie wonderlike lig wat skyn in die duisternis. Let veral op die woorde van v1: Lig uit lig, uit die Vader se ryk, word uit liefde aan mense gelyk, en v3 voor u ryk moet die duisternis swig.

♪ Stille nag, heilige nag! Jesuskind,
lank verwag, ***lig uit lig, uit die vader***
***se ryk, word uit liefde aan mense***
***gelyk.***
Koor: Loof die hemelse kind!
Loof die hemelse kind!
♪ Stille nag, heilige nag! Jesus,
heer, voor u mag, ***voor u ryk moet***
***die duisternis swig***; tot in ewigheid
bly u die lig.

Voor u ryk moet die duisternis swig. Ja, Ef. 6:12 ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Dit bring ons in die tweede gedagte daarby dat ons moet vertel.

**2. Vertel van die geskenk** – **Joh. 1:6** ***Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was.***

Daardie woorde: "'n man van God gestuur". Johannes verklaar dat God na ons gekom het, want hulle sal Hom Emmánuel noem, God met ons. So Hy is nou hier beskikbaar vir ons verlossing, maar hierdie plan van God moet eers bekend gemaak word. In v6 sien ons dus waar Johannes die doper inpas in God se plan van verlossing. Die koms van hierdie magtige prediker van geregtigheid was geen vergissing nie, hy was 'n man van God gestuur, 'n menslike element deur God gebruik om die plan van sy verlossing te bevorder. **Joh. 1:7** ***Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo.***

# Die geskenk van Kersfees

Christus is die Lig van die mense en daardie Lig skyn op die sonde van die wêreld en die duisternis sal dit nie oorweldig nie. Nietemin, as die goeie nuus die mens se siel moet bereik, moet dit deur 'n menslike getuie wees. Tog, terwyl dit belangrik is dat daar 'n getuienis nodig is, moet die getuie nie verwar word met die Lig self nie. Die maan sou donker wees sonder die bron van die weerkaatsing, die son. Net so sou die wonderlikste heiliges geen lig weerkaats as dit nie vir die ware lig was nie. Dit is egter 'n wonderlike getuienis vir Johannes die Doper dat sy lewe so geskyn het, dat Johannes versigtig daarop moes wys dat Johannes die Doper nie die Seun van God was nie. Hierdie is 'n glinsterende bewys van die hoogtes tot waar 'n gewone mens wel by kan kom.

Soveel lig het uit Johannes uitgestraal dat die leser gewaarsku word dat Johannes die doper slegs iemand was wie se lewe van Christus getuig het: **Joh. 1:8** ***Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*** Die mens getuig, maar is nie die Lig self nie, God is die Lig. Daar is 'n pragtige Kerslied wat hierdie feit bevestig, Liedboek 349: Kom kinders besing met vrolike stem.

♪ *Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem, die wonder van God, in die stad Betlehem, want daar is die Heiland gebore, dié nag, die Hoop van die wêreld, deur eeue verwag*

♪ *Geringe klein dorpie in duister gehul, 'n heilswoord is deur dié geboorte vervul:* ***Die lig van die wêreld, die God'like Kind, is Jesus in wie ons die saligheid vind!***

♪ *Ons bring soos die herders en engele weer aan Hom alle hulde, ons Heiland en Heer. Verlos van die sonde,* ***besing ons tesaam die roem en die eer van sy heerlike Naam.***

Ja ons vertel en besing die wonderlike boodskap van Kersfees, dat God na ons toe gekom het, dat dit vir almal beskikbaar is: **Joh. 3:16** ***Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.***

**3. Die geskenk – beskikbaar vir almal** – **Joh. 1:9** ***Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.*** Daardie woorde: "wat elke mens verlig". Met Kersdag het God die mens se natuur aangeneem en in ons lewe gekom. **Gal. 4:4** ***Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,*** Hy moet nie meer aan gedink word as vêr van ons soos miskien in die ou testament nie. In Christus het Hy een van ons geword alhoewel sonder sonde, en maak Hy Homself beskikbaar vir elkeen wat dors na Hom en soek na Hom. **Jes. 55:1** ***o Almal wat dors het, kom na die waters;*** **Open. 22:17** ***En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.***

Ja, die geskenk is nie net vir die eenvoudige skaapwagtertjie nie, dis ook vir die wyse man. Dit sluit alle mense in van plaaslike skaapwagter tot mistiese wyse uit die verre ooste. Of u nou ekstrovert, introvert, 'n besige persoonlikheid is of lank vat om dinge te verwerk, of u arm of ryk, minder geleerd of meer geleerd, baie sonde of min sonde het, die geskenk is vir u en vir my. Alle mense het gesondig, en het die geskenk van God nodig. **Matt. 22:9-10** ***Gaan dan op die kruispaaie en nooi almal wat julle mag vind, na die bruilof. En daardie diensknegte het uitgegaan op die paaie en almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies, en die bruilofsaal het vol gaste geword.***
Die ster van Christus bo die stal was daar vir almal om te sien, en die wyses het gekom, die skaapwagters het gekom om die Koning hulde te bewys. God het aan hulle wonderlike genade geskenk deur hul van aangesig tot aangesig met Sy seun te bring en soms gebeur dit dat ons van aangesig tot aangesig met ons wonderlike God te doen het, wat bemoeienis met ons maak selfs in ons alledaagse lewe.

Vervolg op bl. 20

## EG Kerk SA word 80

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
S A
SO SÊ DIE HERE
80

Met die oog op die 80ste herdenking (21 April 2024) van die ontstaan van die Kerk, versoek die redaksie van die EG Kerkblad ons lesers om ons gerus te voorsien van getuienisse, artikels, ou foto's en/of dokumente wat ons in 'n spesiale feesuitgawe (Maart/April 2024) kan gebruik.

As u vir ons interessante vertellings uit die vroeë bestaansjare van die Kerk op skrif kan stel, sal ons dit waardeer.

**Stuur asseblief alle artikels en foto's (jpeg formaat)per e-pos aan voor of op 15 Januarie 2024:**
redakteuregkerkblad@gmail.com

# Die eerste

**Luk. 2:10 en 11** ***En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.***

Ek wil met u praat oor die eerste kersboodskap soos gebring of verkondig is deur die engel van God uit die hemel. U weet dat die Bybel vir ons in **Hebr. 1:14** sê dat die engele ***"almal dienende geeste is wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe"***. En so het God, ter wille van die wat die saligheid sal beërwe, 'n engel uit die hemel gestuur met die naam van Gabriël om na Nasaret te gaan, na die huis van 'n jong maagd met die naam van Maria. By haar huis aangekom het hy haar gegroet met die woorde: ***"Wees gegroet begenadigde! . . . Geseënd is jy onder die vroue!"*** (**Luk. 1:28**)

Maria was hieroor ontsteld en bevrees, want sy het nie geweet wat die groet tog kon beteken het nie. Tog stel die engel haar gerus en kondig die geboorte van die Here Jesus aan in Luk. **1:31,32** met die woorde: ***"En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar en jy moet Hom Jesus noem, en Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word."*** Dit was ook toe dat God die engelboodskapper gestuur het om aan 'n klompie herders in dieselfde landstreek die boodskap oor te dra: "Kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap . . . dat vir julle vandag gebore is die Saligmaker!" En nou, duisende jare later, bedien ek u met die woorde van God, met dieselfde boodskap as wat daardie engelboodskapper, op daardie eerste Kersdag, verkondig het. Kom ons kyk wat daardie eerste Kersboodskap vir ons inhou.

**Die boodskap is 'n misterie**

Dit was 'n verborgenheid, iets geheimsinnigs, wat die menslike rede nie kon begryp of verklaar nie, maar wat deur God nou aan die mens geopenbaar is. Die engel sê vir die herders: ***"Ek bring julle 'n tyding . . . CHRISTUS DIE HERE IS GEBORE!"***. Die herders was stomgeslaan! Hoe is dit moontlik? Hoe kon die Here gebore word? Maar, dit is presies wat die engel gesê het. Die profeet Jesaja het dit voorspel: **Jes. 7:14** ***Kyk die maagd sal swanger word en 'n Seun baar en Hom Immanuel noem***. Immanuel beteken: God met ons (Matt. 1:23).

Jesaja het ook voorspel: ***'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee, . . . en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.*** (**Jes. 9:5**).

Die profesie van die Kind wat gebore sou word en wat beteken "God met ons", is vervul met die geboorte van Christus Jesus. Jesus is nie God wat 'n mens geword het nie. Hy is ook nie 'n mens wat God geword het nie, JESUS IS GOD-MENS! IMMANUEL! Jesus het nie Sy Godheid by Sy geboorte prysgegee nie. Dit is twee nature: Waaragtig God en waaragtig mens in die persoon van Jesus. Daarom sê Paulus so treffend: ***"Die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees"***. (**1 Tim. 3:16**). Jesus is die ewige waaragtige God! (**1 Joh. 5:20**). En al kan 'n mens nie Sy maagdelike geboorte verklaar nie, bly die inkarnasie vir ons 'n wonder van God! 'n Goeie tyding!

**Die boodskap is 'n goeie tyding**

Die engel sê ***"Moenie vrees nie, ek bring julle 'n GOEIE TYDING"***. In die oorspronklike taal beteken dit "Ek evangeliseer julle", of "Ek bring vir julle die evangelie". Dis 'n goeie tyding omdat dit praat van die SALIGMAKER wat gebore is. Die impliseer dat daar mense is wat daaraan behoefte het. Want, u sien, daardie klompie herders en die hele mensdom lê, kragtens die sondeval, doemwaardig voor God (Rom. 3:19, 5:12) en verdien, sonder 'n enkele uitsondering, om hel toe te gaan. Maar, dit is die goeie tyding: Dat die Saligmaker gebore is – Iemand wat nou die mens kom salig maak, kom red. Daarvan kan die apostel Paulus getuig **1 Tim. 1:15** ***Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red.*** Dit is kopkennis om te kan sê dat Jesus die Saligmaker is, maar dis 'n hartsondervinding om soos Paulus te kan getuig dat Jesus my salig gemaak het. Vir hierdie doel het Jesus gekom: Om sondaars te red! (**Matt. 9:13 en Luk. 19:10**). Daarom is hierdie eerste Kersboodskap vir my so 'n wonderlike, goeie tyding, omdat dit sê dat die sondaar gered kan word. Die Saligmaker, die Een wat red, die Een wat salig maak, die Een wat jou uit jou sonde kan uithaal – is gebore! Die engel het ook vir Josef gesê: **Matt. 1:21** ***Jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat Sy volk sal verlos van hulle sonde.*** As daar nie verlossing ondervind kan word nie, kan ons nie praat van saligheid nie. Mag ek u 'n paar vrae stel? Het God u al verlos uit u sondes? Het u die getuienis dat u sondes vergewe is? Het Jesus u al salig gemaak? Luister na die blye tyding!

**Geneem uit Die Nuwe Protestant – Desember 1979**

# Kersboodskap

**Die boodskap is 'n blye tyding**
Luister weer na die woorde van daardie eerste Kersboodskap: "Ek bring vir julle 'n goeie tyding van GROOT BLYDSKAP . . ." Aanvanklik het die engel gesê: "Moenie vrees nie . . .". Sien u? Die mens wat Jesus nie as persoonlike Saligmaker ken nie, leef in vrees en onsekerheid – vrees vir sy eie sondes, vrees vir die onbekende toekoms, die hiernamaals, vrees vir die oordeel van God. Ek weet waarvan ek praat; vir 23 jaar het ek in hierdie vrees gelewe, bang ek sterwe sonder God en sonder sekerheid van die Saligheid. Maar, nou kom die engel en sê: "Moenie vrees nie!" Want, as jy Hom as jou Saligmaker aangeneem het, hoef u nie die oordeel van God te vrees nie, want dis hiervoor dat Jesus gekom het. Die Bybel sê in **Hebr. 2:14,15** ***Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kom maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kom bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan die slawerny onderworpe was.*** Maar as jy gered is, as jy vrygemaak is, as jy Jesus as Saligmaker leer ken het, is jy nie meer bang vir die dood nie. Want die Skrif sê in **Rom. 8:15** ***Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders deur wie ons roep: Abba Vader!***. Ek het Jesus as my Saligmaker aangeneem en nou kan ek, volgens Joh. 1:12, God my Vader noem en is ek nie bang nie, want daar staan geskrywe in **Rom. 8:1** ***Daar is nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie.***
Ek hoor dikwels dat mense getuig dat hulle die Saligmaker gevind het, maar as ek nie die vrug van blydskap in hulle lewes sien nie, sit ek 'n groot vraagteken agter daardie getuienis, want jy is BLY as die Here jou verlos het!


**Dit is 'n persoonlike goeie en blye tyding**
Die engel verskyn aan die klompie herders, hulle luister met hulle eie ore na hierdie eerste Kersboodskap, en hulle kon hulle eie ore nie glo nie. "Is dit waar? Sluit dit ons ook in?" kon hulle dink. En die engel sê: "Ek bring JULLE 'n goeie tyding". Met ander woorde, ja, dit IS 'n persoonlike tyding vir hulle. Ook u wat nou hierdie artikel lees kan weet dit is vir jou. God sê in **Jes. 55:3** ***Luister en jou siel sal lewe.*** God praat met jou. Jesus is vir jou gebore om jou salig te kan maak, dat jy kan bly wees en weet dat jy 'n kind van God is!

**Dit is 'n universele tyding**
Daardie eerste Kersboodskap was baie duidelik: 'n Goeie tyding van groot blydskap wat vir die **HELE VOLK SAL WEES**. Dit beteken: "Hierdie tyding wat ek bring," kan die engel met ander woorde gesê het "is nie net vir julle klompie herders nie, maar dis vir die hele volk."
Die Woord van God bou baie duidelik verder daarop uit. **Titus 2:11** ***Die reddende genade van God het aan alle mense verskyn.*** Nie net aan die klompie herders nie, maar ook aan die Afrikanervolk. Die reddende genade van God het ook aan jou verskyn en het jy geen verskoning waarom jy ongered is nie. As jy verlore gaan, sal dit net jou eie skuld wees, want God wil nie hê dat sommige mense verlore moet gaan nie, maar dat almal gered moet word en tot kennis van die waarheid moet kom.
Lees 1 Tim. 2:3-4. Ek kan met die grootste vrymoedigheid almal wat nou hierdie artikel lees uitnooi om na Jesus toe te kom en hom as persoonlike Saligmaker aan te neem, want Jesus se versoeningswoorde is vir die hele wêreld (1 Joh. 2:1-2 en 2 Kor. 5:19).

Liewe leser, God wil hê dat u hierdie eerste Kersboodskap moet glo en na Jesus kom om Hom as jou Saligmaker te leer ken. Soos die herders, nadat hulle die boodskap gehoor het, in gesê het: **Luk. 2:15** ***Laat ons dan na Bethlehem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het.*** Ons lees verder in Luk. 2:16 dat hulle haastig gegaan het. Maak tog gou, want die sand in die uurglas van God se genade is vinnig besig om leeg te loop en weldra moet ons almal voor die lewende God verskyn!

Aan u almal wat reeds die Here Jesus leer ken het, wil ek 'n Geseënde Kersfees toewens en die hoop uitspreek dat u in die nuwejaar, as die Here vertoef om te kom, soos die herders sal maak nadat hulle Jesus gevind het: "Hulle het oral die woord vertel wat aan hulle van die Kindjie vertel is".

**MARANATA!**
**Ds. Attie Olwagen**



# Nuwe seisoen vir Port Elizabeth-Wes



Vlnr.: Oudl. Bert Bekker, ds. Brian Greef, ds. Ferdie en mev. Karen Devenier, diak. Jan Devenier, oudl. Koos Joubert, diak. Herman Bekker

Na 'n paar jaar van verwoestende droogte in die Oos-Kaap, het die Here die sluise van die hemel weer oopgetrek en milde reën laat uitsak sodat die damme oorlopens vol word. Kan ons ooit twyfel dat elke goeie gawe van Bo af neerdaal? Na elke droogte kom reën, na elke storm kom sonskyn.

Die gemeente van Port Elizabeth-wes (PE-Wes) het deur 'n tyd van geweldige geestelike storms gegaan met felle aanslae deur die sielevyand om verwoesting te saai en die gemeente te skeur. Nadat die vorige leraar met twee derdes van die gemeente weggebreek het om 'n ander genootskap te stig, is 'n getroue groepie agtergelaat wat die stukke moes optel en weer begin bou. Die gemeentelede wat getrou aanhou bid het in hul tyd van verslaentheid en verlatenheid, het die Here op grond van Hand.16:9 gesmeek om iemand te stuur wat hul kan kom help. Deur duidelike bevestiging in Sy Woord, lei die Here vir ds. Ferdie Devenier en sy gade, Karen, met hul dogters, om die beroep na PE-Wes te aanvaar.

Op 12 Augustus 2023 het daar 'n wolk van getuies begin saampak oor PE-Wesgemeente. Vanuit die vier windrigtings het die gaste begin inbeweeg. Die vooruitsig van milde smaaklike verversings is vir later die middag voorspel. Daar het 'n opgewonde en vrolike atmosfeer geheers. Ds. Coenie Coertze het namens die SEK die diens waargeneem en 'n paslike Woord van bemoediging en vermaning gebring.

Na afloop van die Woordbediening en die bevestiging van ds. Ferdie Devenier en sy gade, het ds. Brian Greeff die mikrofoon opgestel vir toesprake. 'n Frontale stelsel het voor in die kerk ontwikkel. Die moderator, dr. André Bester, wat met sy gade vanuit die noorde afgekom het, het hul seënwense en bede byvoeg. Uit die ooste het die "wyse manne" van die Ring hul goeie wense een na die ander aan die nuwe leraarspaar oorgedra. Uit die geweste van die sendingveld is nog mooi wense uitgestort.

Die Kerkraad, CVV en Sondagskool het soos 'n sagte briesie hul verwelkomingswoorde en geskenke afgelewer. Die lug is daarna vervul met bekorende sangitems deur Brenda en Barneace. Die winde van verandering het die nuwe seisoen se blare vrolik laat ritsel. Verspreide buie van lag en dankbare trane het die kerkgebou gevul. Die Here is verheerlik omdat Hy die gemeente se roepstem ***"Kom oor en help ons."*** (**Hand.16:9**) geantwoord het deur die nuwe herderspaar te stuur. Na maande van donker wolke en verslae harte, het die Here Sy aangesig weer oor PE-Wes laat skyn.



Vlnr. Adelie, ds. Ferdie, Karen en Karindie Devernier

Wat 'n lieflike dag met mooi weer en dankbare samesyn. Ons opregte dank aan elkeen van die gemeente en besoekers wat ons so tuis en welkom laat voel het. Die tafels het behoorlik gekreun van die mees smaaklikste verversings. Alles was keurig en baie spesiaal voorberei.

Ons sal u voortgesette gebede waardeer terwyl die groot werk van herstel en heropbou steeds voorlê. Nie elke dag is mooi weer nie, maar elke dag het oorvloedige genade.

Groete in Christus

**Mev. Karen Devenier**
**PE-Wes**

# Ds. Jan Bekker getuig

**Ps.90:10** ***Die dae van ons jare — daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen.***

Julle het al gehoor dat ons sê: "Die mens wik, maar God beskik". Dinge gebeur soms so vinnig, 'n mens kan dit nie glo nie…

Ek en Lecia is 800 km vanaf al ons kinders en kleinkinders. Die sinode was in Augustus. Omdat ons so vêr is, gebruik ons gewoonlik die geleentheid om dan sommer by die kinders en by my ma te gaan kuier. So was die plan dan om by my ma te begin, en dan so af te werk by die kinders en dan by die sinode te eindig. Ek moes weer die Vrydag net na die sinode terugry, want daardie Saterdag moes ek 'n troue behartig.

So neem ek verlof voor die sinode vir ons planne. Maar, die lewe loop nie altyd soos beplan nie. Ek ontwikkel 'n aambeiprobleem en is op Maandag, 7 Augustus na die dokter vir 'n dreinering in Upington. Die Donderdag ry ons vanaf Upington na my ma in Vanderbijlpark. Daardie nag, skielik weer 'n nuwe aambei. Ek is die volgende dag dokter toe en nog 'n dreineringsprosedure word gedoen. Ek kry antibiotika vir 5 dae.

Saterdag, die 12de ry ons na Alberton, kuier by my seun André-hulle. Geen probleme. Ek voel goed, maar is versigtig en gedra my mooi. Maandag, die 14de ry ons na Pretoria, en kuier vir twee dae by ons jongste seun, Dewald. Ons het lekker gekuier met geen probleme te wagte nie. Op Woensdag, die 16de ry ons na my oudste seun, Eben-hulle. Ook hier was daar geen probleme en het ons heerlik gekuier. Vrydag, die 18de ry ons na my dogter, Tanya-hulle. Daardie aand kry Lecia 'n naarheid soos in 'n maagvirus. Ekself kan glad nie braak nie, weens 'n mantelvliesbreukoperasie, 'n klompie jare gelede. Om 03:00 die oggend begin my naarheid en ek neem 'n naarpilletjie. Beide ek en Lecia is die dag glad nie wel nie, en ons stel die braai uit na Sondag.

Sondag, die 20ste voel ek goed toe ek wakker word. My seun Martin kom vroegoggend die kamer in en vra of ek reg is vir braai. "Ja! Gooi daai vleis vandag op die kole" sê ek! Maar, toe ek opstaan, het ek skielik geen liggaamskrag nie. My bene kan my skaars dra. Hulle wil my dokter toe vat, maar ek sê ons moet wag tot na die middagete braai. Ekself kon glad nie eet nie – toe besef ek dat ek dalk ontwater het en sê hulle moet my hospitaal toe neem. By die hospitaal is ek naar, wil braak, kan nie. Ek neem toe aan ek het die maagvirus. Ek stap self in, strompelend. Ons wag by buitepasiënte vir 'n lang ruk, word seker 17:00 ingeneem om 'n dokter te sien

Toe hul my bloeddruk neem is dit baie laag, 70 oor 43, ek is nie seker nie. Noodbehandeling begin. Dadelik 'n drup in elke arm vir adrenalientoediening. Adrenalien word in die been ingespuit. Bloedtoetse. Stent in nek-aorta wat direk na hart gaan, vir toedien van morfien, adrenalien ens. Die chirurg wat die stent insit, moes dit drie keer oordoen. Ek praat met die chirurg oor sy ewige bestemming. Hy is geraak en stap bewoë daar uit. Toetse wys my niere staan en my lewer. Vog op longe. Maar, ek is nie bewus dat dit werklik die geval is nie, dink steeds dit is maagvirus, ek moet net hidreer. Ekself besef nie ek is by die dood nie! Ek dink dis die maagvirus, ek's more weer uit die hospitaal! Ek meen ek het ontwater en moet net weer vog inkry . . .

Lecia gee feite deur na gemeente en ek is deurmekaar, dink sy oordryf. Maar, die toetse!!! Dit wys my kritieke toestand!!! Ons het die laboratoriumuitslae gehou as 'n getuienis van hoe kritiek ek was. Maar, daar is 'n ongelooflike voorreg wat kinders van God het wat aktief in hul kerk betrokke is! Die hele Kerk deur bid mense vir my. My familie en geliefdes bid! Ek is oortuig dit was my behoud. Al die gebede wat gebid is, selfs vanuit Upington se dorpsgemeenskap.

Daar was geen bed beskikbaar in die ISE Eugene Marais Hospitaal nie. Ek word na middernag per ambulans na Muelmed afgevoer. Daar gebeur 'n volgende krisis. Toe ek moet oorklim van die ambulansbed na die hospitaalbed, skiet daar seker vir 'n halfminuut geweldige pyne deur my hart en lyf, asof 'n hartaanval. Dit was veroorsaak deur 'n skielike invloei van adrenalien na my hart. Van daar is ek na ISE. Dit is maar 'n hulpelose stryd in die ISE met al die pype, aarvoedings, monitors, ens. My familie en kinders kom almal, my sussie vlieg op van die Kaap. Ek kan na die tyd nie veel daarvan onthou nie – en so mis ek die hele sinode totaal en al! Daar word kort-kort bloed getrek.

E-Coli-bakterie word in bloed geïdentifiseer. Dit is dodelik en veroorsaak septisemie. Hulle sê baie mense maak dit nie. Ek word besoek deur die Westelike Ringskommissie, gebed! Ds. Willie Olivier en my oudste seun, gebed! Die sinode bid ook vir my… Antibiotika, ek kan net op my rug lê… Infeksietelling hemelhoog... Dit begin sak...

Na vyf dae word ek ontslaan na 'n saal. "'n Wonderwerk", sê die verpleegpersoneel! Oorkant my lê 'n man wat dieselfde as ek oorgekom het, nou al vir ses maande… en ek word uit ISE geskuif!

En hier gebeur weer 'n moontlike krisis! Ek deel 'n kamer met 'n man, Danie. Ek groet vriendelik, handdruk. Ons kuier lekker, ek en die boer van Groblersdal. Ek vind na 24 uur eers uit hy is in isolasie! Hulle sit my, wat nou net uit ISE kom, by 'n persoon met hoog aansteeklike Klebsiella... 24 uur… Klebsiella is 'n hoog aansteeklike weerstandige bakterie en bring braking en diarree voort.

**Vervolg op bl. 13**

# Silwerjeug Konferensie 2023

Ek glo dat elkeen van ons wat die Silwerjeugkonferensie bygewoon het, gegaan het met 'n verwagting. Weereens het God, wat 'n waarmaker van Sy woord en beloftes is, nie teleurgestel nie. Dit wat ons verwag het, soos Hy belowe het in **Mattheus 11:28-30**, is presies wat ons uit Sy kosbare Vaderhand ontvang het. “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig”.

Die hekke van Eden konferensieterrein het skaars agter ons toegemaak of 'n heerlike gevoel van saligheid het op ons kom rus. Dit was so lekker om die paar dae in te gaan saam met ander kinders van God in die alomteenwoordigheid van Hom. 'n Hartlike dank aan die bestuur, dankie vir jul vrywillige en bereidwilligheid met die organisering, ook aan diegene wat agter die skerms werk om van so SJA Konferensie 'n reuse sukses te maak.

Wie het gesê ons silwerjariges kan nie ook pret hê nie? Die humorsin van ons mede konferensiegangers het gesorg vir 'n aanvoelbare ontspannende atmosfeer. Op 'n stadium was daar ligweg gespot met die gryskoppe, waarop iemand geantwoord het: “Dit was maar 'n koue winter, dis die ryp”. Daar was oor en weer geskerts, raad gegee, saam gelag en gehuil. Kortkort was die lug gevul met die klank van lekker lag vanuit die verskillende groepies. Getuienisse is gedeel en ons het net weer eens besef hoe bevoorreg 'n Koningskind is.




Sommer met die eerste ete was ons weggevoer na vreemde lande en kon ons heerlik smul aan al die verskillende disse wat vir ons voorberei is. Wat 'n fees was dit nie! Van die dames wat gehelp het met die bediening het alte fraai gelyk in hul kleurvolle Indiese skeppings. Selfs die manne met hul hooftooisels het ons beïndruk. Wat ons opgeval en verstom het, was Annetjie Lehman se organisasievermoë, sy en haar span het hulself oortref. Hulle het seker gemaak dat alles in die kombuis vlot verloop. Ons kon nie wag vir die mooi klank van die sirene wat klokslag voor elke ete afgegaan het nie. Welverdiende komplimente aan elkeen van julle wat so hard gewerk het om ons so te bederf.

Ons wil ook graag ons dankbaarheid uitspreek teenoor Hennie en Erika Bronkhorst (faktotumspaar by Eden) wat so rond gehardloop het om alles vir ons so gerieflik moontlik te maak. Geen versoek wat ons aan hulle gerig het was vir hulle moeite nie. Hennie en Erika, ons waardeer julle, baie dankie.
Hy het elkeen hartlik verwelkom. Ons was ongeveer 80 mense, maar daar is 'n Engelse gesegde wat lui “don't count the audience you reach – reach the audience that counts.” Ons het begin met lofprysing en sang, daar is min dinge wat die gees so kan lig soos die samesang van kinders van die Here. Dankie aan ons orrelis, kitaarspeler en voorsangers, met julle hulp kon ons die noot hou. Ds. Gert Coetzer, president van die SJA, het die openingsdiens gelei met skriflesing uit Lukas 18:9-14. Ons is gemaan om versigtig te wees vir selfregverdiging, hy het die voorbeeld van die Fariseër en die tollenaar gebruik.

Ons wil ook baie dankie sê aan di. Hendrik van Rensburg en Danie van Rensburg vir die geestelike voedsel wat so spesiaal vir ons voorberei

# Getuienis van genesing

Ek is aan die einde van Desembermaand 2022 gediagnoseer met hartversaking. Ek kon die kardioloog in Pretoria eers in Mei 2023 spreek.
Die 24ste Mei is ek opgeneem in Eugène Marais Hospitaal vir verskeie toetse. Nadat daar 'n angiogram, hartskok en ander prosedures op my uitgevoer is het dit beter met my gegaan. Voordat ek ontslaan sou word is daar egter bevind dat my koors begin styg het. Na talle toetse en bloedmonsters geneem is, is vasgestel dat ek 'n bakteriese infeksie opgedoen het op 'n plek waar daar voorheen aarvoeding toegedien is.
My gesondheid het vinnig agteruitgegaan ten spyte van behandeling. In daardie tyd was ek dag en nag geteister deur hallusinasies en drome. Op 'n stadium het dit geblyk dat daar nie veel hoop was dat ek sou lewe nie. Een van die verskeie predikante wat vir my kom bid het, het my reguit gevra of daar nie iets tussen my en die Here is wat ek moet regmaak nie.

Ek kan net dankie sê vir die talle gebede wat daar vir my opgegaan het. Die Here het ingegryp en verandering het ingetree. Na 26 dae in die ISE is ek oorgeplaas na 'n gewone saal en ontslaan. Ons kinders het my onder hulle sorg geneem en Bets en twee seuns het my versorg.
Toe ek ontslaan is was, was ek so swak dat ek nie eers self kon eet of op my voete kon staan nie. Na twee maande kon ek en Bets eers terugkeer huis toe waar ek nog besig is my kragte te herwin. Al die eer kom God toe wat die honderde gebede gehoor het, en my lewe gespaar het!

Ons betuig ons dankbaarheid teenoor elkeen wat vir ons gebid het, asook mev. Mandi Prinsloo vir die feit dat Bets en seuns wat haar bygestaan het by die kweekskool kon bly vir die tyd dat ek in die hospitaal was.
SOLI DEO GLORIA!

**Ds. Dries van Zyl**
**Emeritus**

was. Ds. Hendrik het deur middel van sy boodskappe ons herinner wat ons identiteit in Christus is. "Wees wat jy is." Verder het hy ook gepraat oor identiteitskrisis, "Wie is ek?" Hy het vir ons die proses verduidelik hoe om 'n dienende priester te word en die voordele wat dit vir 'n kind van God inhou. Ons het elke keer uitgesien na sy inleiding tot die boodskap. As hy eers van die verhoog afgeklim het, het ons geweet, hier kom iets. Sy getuienisse was kosbaar.

Ds. Danie het die gelykenis van die twee vissies en vyf brode 'n heel nuwe betekenis gegee. Johannes 6:1-14: neem, seën, breek en gebruik. Ons sal dit vir altyd onthou. Ons het die kampterrein verlaat met heerlike padkos, asook padkos vir die siel wat ons sal dra tot die volgende kamp. God is en bly in beheer.

Ons verlaat Eden as wenners en nie toeskouers nie. Ons gaan die wedloop hardloop met ons oë gevestig op Jesus!

Jesusliefde.

**Hennie en Suzie de Winnaar**
**Hartbeespoort**

# Ds. Jan Bekker getuig

## Vervolg vanaf bl. 11

Dit word oorgedra deur aanraking en menslike kontak… en ek en hy het dieselfde bloeddruktoerusting gebruik, asook vingermeting van suurstofvlakke. Ek het 'n mantelvliesbreukoperasie gehad, kan nie braak nie! Dit kan vir my lewensgevaarlik wees! Boonop kan die simptome eers na 'n week of wat realiseer! Hulle skuif my weer na 'n ander saal. Ons bid en vra die Here vir genade, om nie Klebsiella te kry nie! Weer moet ek 'n antibiotikakursus binneaars voltooi. Op Sondag, 27 Augustus, word ek na sewe dae in Muelmedhospitaal ontslaan!
Maar, Vrydag 1 September het ek 'n nuwe aambeikrisis… terug in hospitaal opgeneem… talle toetse, bloed, skanderings... weer aarvoeding in arm met die sterkste moontlike antibiotika. Op Sondag ondergaan ek my derde operasie in 'n maand se tyd. Op Maandag, 4 September, is ek ontslaan uit Eugene Marais Hospitaal. Wat was my behoud? God se genade! Baie, baie het gebid...
WAT HET EK GELEER? Ek wat nooit siek word nie… simpatie vir mense wat siek is... dat siekte 'n gesin en familie saamsnoer en laat bid! Hoe broos, klein en nietig die mens is – JY WEET NIE OF JY MÔRE NOG GAAN LEEF NIE! Jy weet nie hoeveel tyd jy het nie! Moenie speel met die tyd wat God jou gegee het nie, dis afgemeet! WIE IS EK DAT EK DIT KAN VERDIEN? Ps. 8:5 wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? EK EN JY WEET NIE HOEVEEL TYD HET ONS OOR NIE. Ons liggame is nie te jonk om te sterf nie, nie net siekte nie! Ongelukke ens. IS JOU SIEL AL GERED? Jy wat hier lees? Is jy weergebore? EK HET IN HERDIE TYD NIE EEN OOMBLIK GEVREES VIR DIE DOOD NIE. Ek was regtig rustig en vol vertroue. Ek was gereed om te sterf! Ek kan net die Here loof! Dankie, Jesus!

**Ds. Jan Bekker**
**Upington**
Kyk gerus na die YouTube-opname van hierdie getuienis https://youtu.be/dU-OeeVZAoYc

# "'n Die mense 'n welbehae"

## Vroueblad...

Liewe vriendin, die mooiste geluid wat ooit op aarde weerklink het, was na my mening daardie nag vanuit die krippie in die stal in Betlehem. Dit was nie sommer net enige babageluide nie – dit was die geklank van Genade wat neergedaal het na die aarde. Dit was die aanvang van die langverwagte vervulling van God se belofte in **Genesis 3:15** dat God 'n Verlosser sal stuur om die satan te vernietig en die mens met Homself te versoen.

'n Paar eeue het verloop sedert daardie bittere dag in die tuin van Eden waartydens die ou slang sy gif in die mens se hart losgelaat het. Hy het deur sy sluheid die mens en sy vrou versoek om teen God te sondig en God nie te eer nie. Daardie dag het die satan die harmonieuse vrede weggerokkel wat tussen God en die mens was. Die hartseer dag toe God geen welbehae in die mens gehad het nie.

Bykans sewehonderd jaar ná Jesaja se profesie in **Jes. 9:5**, word ***"'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors!"*** Gebore in 'n nederige stal. Vriendin, het jy al gedink hoe jy daaroor sou voel om geboorte te moes skenk in 'n stal? Geen plek in die herberg vir die Koning van die Konings. Jesus is voorwaar ***"sagmoedig en nederig van hart"*** (**Matt.11:29**) God die Seun verlaag Homself met één doel: die genadeverlossing van die verlore mensdom uit die koninkryk van die duisternis. Die duister nag word verdryf deur die Een wat genoem word: ***"Lig van die wêreld"!*** (**Joh.8:12, Joh.9:5**) In die veld word 'n engelekoor gehoor wat uitbars in triomf: ***"Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!"*** (**Luk.2:14**)

"In die mense 'n welbehae…" Hoor jy hierdie genadewoord my liewe vriendin? Dat die heilige God van hemel en aarde, deur die geboorte van die Jesus-kind, tasbaar Sy hand uitsteek na die totale mensdom in hul verlore toestand. Hy verklaar Sy welbehae – Sy liefde vir die wêreld deur Sy eniggebore Seun te stuur. **Joh. 3:16,17** ***"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."***
Maak nie 'n fout nie, God se genadeplan het lank voor die geboorte in Betlehem begin. God het reeds voor die grondlegging van die wêreld in Sy alwetendheid geweet dat ***"deur een mens (Adam) die sonde in die wêreld in sou kom en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense sou deurdring…"*** **Rom. 5:12.**

Aangesien God reeds vooraf geweet het dat die sondeval sou plaasvind en daar skeiding tussen God en mens sou kom, het God ook reeds voor die grondlegging van die wêreld bepaal hoe Hy die mensdom weer sal terugkoop uit die slawerny van satan: Die plan was eenvoudig. God sou Self, in die gedaante van Sy Seun, die losprys kom betaal deur in ons plek te sterf en die skuldbrief teen ons uit te delg.

Die Seun van God is die Uitverkore Een. **1 Pet. 2:6** ***"Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie."*** Jesus Christus is die Vader se enigste en algenoegsame Middelaar deur Wie ons weer ons verhouding met die Vader sou kon herstel. **Ef. 1:5** ***"deurdat Hy ons voorbeskik het (vooraf vir ons 'n plan voorsien het) om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde."***
God het elke mens lief en ***"wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."*** (**2 Pet. 3:9**) God het geen behae daarin dat die mens verlore moet gaan nie. **Eseg. 33:11** ***"Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe."***
God het tot die verste lengtes gegaan om Sy liefde vir elke verlore mens te demonstreer. **Rom. 5:8** ***"maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."*** **Rom. 8:31, 32** ***"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het…"***

Die deur van God se genade staan baie wyd oop. God het reeds voor die mensdom se ontstaan die verlossingsplan in plek gehad. Die mens sou nooit 'n verskoning hê waarom hy of sy verlore moes gaan nie. God het 'n ontsnappingsplan gegee – jy moet dit net aanneem. Die keuse bly altyd by die mens.

Ons vind die skadubeelde van God se reddingsplan dwarsdeur die Ou Testament. Die bloed van die Paaslam aan die deurposte. Hulle wat gekies het om dit toe te pas, het die doodsengel ontvlug. Die ark wat Noag gebou het – enigeen kon ingaan en gered word van die vloed as hulle betyds gehoor gegee het en die waarskuwing wou aanneem. Die koperslang in die woestyn – enigeen wat gebyt is en dan kies om op te kyk na die koperslang op die paal, sou lewe

(**Num. 21:8,9**). Hierdeur het God Sy volk geleer dat Hy 'n God van genade is. 'n God wat nie die mens sal oorlaat om net te vergaan nie, maar sal die weg tot uitkoms gee.
**Luk. 2:10,11** ***"En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is."*** Mag ons opnuut gedurende hierdie Christusfees, onsself verbly in die goeie tyding dat die Saligmaker gebore is; die groot blydskap ervaar dat Christus "as 'n lig in die wêreld gekom het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie in die duisternis sou bly nie." (Joh.12:46) Die vraag is net: Het jy al jou geloof waarlik IN HOM geplaas? Slegs diegene wat bely dat Christus aarde toe moes kom en sterf aan die kruis vir jóú sonde, sal genade en redding in Christus verkry. Ps. 32:5 "My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe."

God het 'n welbehae in jou – soveel so dat Hy Sy Seun gegee het om jou te red. Moenie Sy liefde in Sy gesig teruggooi nie. Die genadedeur staan ook vir jou oop, neem dit aan.

Geseënde Christusfees

**Karen Devenier**
**Port-Elizabeth-wes**

# Blywees se dieptes onthul

BLYDSKAP – GELUKKIG WEES ... dit waarna almal soek en smag in 'n wêreld vol hartseer, ongeregtigheid en storms in en om ons. Ook die "goedvoel-sindroom" word dit genoem wat baie kerke binnegesluip het, sodat ware blydskap in die Here deur baie nie meer verstaan word nie, selfs onder wedergebore mense.
Maar wat sê God se Woord daaroor? Wat leer ons uit die lewe van Godsmanne en toegewydes in die Bybel? Was tye makliker toe die 66 boeke daarvan geskryf is? Moet tye en omstandighede "maklik" wees ten einde dit te beleef?

In **Hand. 5** lees ons bv. van Petrus en andere wat hulle verbly het oor sekere dinge wat hulle oorgekom en beleef het voor 'n vyandige en aggressiewe en intimiderende Joodse Raad. Die haat en moordlus het vlak gelê in hulle teen die toegewyde en Geesvervulde diensknegte van die Here. Hulle was onseremonieel in die tronk gestop en gedreig na valse beskuldiginge en verdraaiings oor wat hulle sou gesê tydens hulle prediking oor die opgestane Here Jesus. Trouens, as die Fariseër Gamáliël nie tussenbeide getree het nie (**5:34-40**), was hulle gestenig kort nadat 'n engel van die Here hulle vrygelaat het uit die tronk (**5:19**).
Hulle word geslaan en uitdruklik beveel: Julle waag dit NIE weer om in die Naam van Jesus te spreek nie, of… of..., dan gaan hulle van die Raad af weg, BLY DAT HULLE WAARDIG GEAG WAS om vir sy Naam oneer te ly (**vers 41**).
En as hulle dan daarvandaan wegstap om doodgewoon voort te gaan op hul missie om te bly getuig met die branding van die Heilige Gees in hul harte, kon hulle mekaar bemoedig: Die Meester hét mos gesê ons sal vir Hom ly; ons sál verdrukking beleef as sy getuies. En daar is dit presies so! (**Joh. 16:2,3 en 33**). En, o ja, het een van hulle dalk opgemerk: "Ons Meester hét in daardie besondere gebed van **Joh.17** mos gebid: ***en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie ván die wêreld is nie"*** (**vers 14**). En hulle dink aan en bepeins met verlange en blydskap hul Wonderlike Meester se woorde van 'n paar maande vroeër daar in Jerusalem.
En? Hulle was BLY! 'n Vreugde om te ly, soos Jesus ook gely het! Soos Hy oneer aangedoen is, beleef ons dieselfde! Wat 'n gedagte! Wat 'n eer!

***Daar was gewis baie ander dinge waarop hulle kon gefokus het en waarin hulle hul kon verheug en verbly het, of self te koop mee geloop en hulself mee kon "bemark" het:***
• Die wondertekens wat die Here deur hulle verrig het en talle mense verstom en aangegryp het en selfs 'n stad meegevoer het (**Hand. 5:12**)
• Die eer en hoë aansien van die massas wat hulle beleef het, en dit as ongeleerde, doodgewone manne! (**Hand. 5:13**)
• Die bonatuurlike bevryding uit die tronk wat Jerusalem vir seker laat gons het! (**Hand 5:19-21**).
• Die feit dat hulle te koop kon loop met: 'n Engel het aan óns verskyn, met óns gepraat en bevele van God aan óns kom gee! (**Hand. 5:19**)
• Die owerhede en leiers se yslike verleentheid (**vers 24**) dat wakende soldate 'n leë tronk bewaak, terwyl hul gevangenes intussen al weer voortgaan om te preek (**vers 25b**)! En daarby, die owerstes wat gereed sit om hulle te laat haal en te verhoor, en later moes hoor hulle is alweer terug in die tempel!
• Die feit dat 'n geleerde en geëerde man van baie hoë aansien – en dit nogal uit die vyandige geledere – met die naam van Gamáliël vir hulle intree en eintlik kant kies VIR hulle!

NEE, NEE! Hulle blydskap is NIE oor:
• hulle wonders kon verrig nie
• hulle by groot skares populêr en "in tel" was nie,
• 'n spesiale wonderontsnapping uit die tronk ervaar het nie,
• 'n engelverskyning beleef het nie,

**Vervolg op bl. 17**

# *Aangename Kennis:*

# Ds. Barry Fourie

**Watter dorp/stad is u gebore?**
In die JG Strydom Hospitaal, Johannesburg.

**Vertel ons iets uit u kinderdae**
Dit is maar 'n verhaal van twee uiterstes. Op laerskool was ek 'n voorbeeldige seun; goed presteer in akademie, en aangewys as die kaptein van die eerste rugbyspan; selfs gekies as lid van die leerlingraad. My hoërskool jare was egter 'n ander storie. Ek het ongelukkig vinnig deurmekaar geraak met verkeerde vriende, betrokke geraak met dwelms en was uiteindelik 'n groot teleurstelling vir my ouers en vir die Here. Vandag is ek maar skaam en spyt oor my kinderjare.

**Waar het u skoolgegaan?**
Laerskool Jim Fouche, in Johannesburg, van Gr. 1 – Gr. 7.
Hoërskool Florida, Gr.8.
Hoërskool Bastion, Gr. 9 – Gr. 12.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
19 Augustus, 2006, op die ouderdom van 22.
Die Here het my kom losmaak uit 'n wêreld van drank en dwelms. Op 'n Saterdagaand, ongeveer 22:00, onder die invloed van drank, staan ek in gesprek met 'n vriend en ons redeneer oor Christenskap en drankgebruik... is dit reg vir 'n kind van die Here om te drink, of nie? Die vraag kom na vore: "As die Here Jesus hier sou opdaag, sal ons vrymoedigheid hê om Hom in te nooi?" En dit was die oorweging van hierdie vraag wat my oë oopgemaak het vir my eie verlore toestand. Al die geestelike waarhede wat ek van kindsbeen af in die kerk gehoor en geleer het, het skielik tot my deurgedring en het ek besef dat ek 'n verlore sondaar is. In my hart het ek tot Hom uitgeroep en gesmag na sy vergifnis. En die Here het op daardieselfde oomblik 'n Goddelike werk in my hart kom doen. Ek het my glas drank neergesit, en my sigaret by die deur uitgegooi. Ek dank die Here, vandag is ek nie meer daardie mens nie.
Ps. 103:1-5 'n Psalm van Dawid. Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.

**Wanneer het u by die EG Kerk aangesluit?**
Ek het groot geword in die EG Kerk. As jong seun in Westdenegemeente, en daarna Sondagskool voltooi en gekatkiseer in Roodepoortgemeente.

**Watter jare was u op Kweekskool?**
2008 tot 2011.

**Is van u klasmaats steeds in die bediening?**
Ja, di. Pieter van Wyk (Uitenhage), Rickard Hattingh (Boksburg), Ryno Louw (Sasolburg), Derrick du Plessis (Meyerton), Ludick van Wyk (Pretoria-Tuine), Jan du Raan (Standerton), Wimpie van Vuuren (Oudtshoorn) en Daniël Brink (Paarl).

**Wie was u dosente?**
Dr. Willie Kotzé was Prinsipaal; ds. Rudi Beukes (Dosent tydens my eerste jaar); dr. André Bester, ds. Gerhard de Wet en Juan Mienie.

**Vertel ons 'n staaltjie uit u kweekskooldae?**
Die dam by die restaurant was maar nog altyd 'n groot uitdaging. Daar was baie tyd afgestaan aan die instandhouding van die dam. Een Maandagmiddag was ons die opdrag gegee om vas te stel hoeveel liters water daar in die dam is. Gelukkig is ds. Daniel Brink baie slim, en hy het die wiskundige formule geken om dit te kon uitwerk. Dit het egter behels dat hy binne-in die water moes klim. Hy het nie geskroom nie, en voor ons ons kon kry, was hy in die water. Hy het die dieptes op verskillende plekke gemeet en al die ander afmetings wat nodig was. Dit was vinniger as wat ek gedink het, want kort voor lank was hy weer uit die water uit. Dis toe dat ons die ontdekking maak dat ds. Daniel deurtrek was met klein bloedsuiers, oral oor sy bene en op sy maag en rug. Ons kon dit nie met die hande aftrek nie, want hulle is glibberig en



suig redelik vas. Ds. Daniel kry toe die idee om in die swembad te gaan spring, in die hoop dat die chloorwater die bloedsuiers sal laat afval. Ds. Daniel het toe met sy klere en skoene in die swembad gespring en groot was ons verbasing om te sien dat die plan gewerk het. Daar was gelukkig geen permanente skade nie.

**Hoe lank is u getroud?**
Ons is getroud op 12 Desember 2009.

**Vertel ons hoe u, u gade ontmoet het?**
In my eerste jaar op kweekskool was ek deel van die Makarios-mannesanggroep. Ons het een aand gaan sing in Centuriongemeente, daar het ek haar vir die eerste keer gesien. Vandaar het ek maar meer gereeld by Centuriongemeente gaan besoek in die hoop dat ek haar sal sien. In Maartmaand van my tweede jaar, het ons uiteindelik begin gesels. Ons het gou besef dat ons vir mekaar bedoel is, en is Desember daardie jaar getroud.

**Hoeveel kinders het u?**
Ons het 2 pragtige seuns: Barry jr. (12) en Burger (11).

**Watter gemeentes het u bedien?**
Westdene 2012 – 2013, Boksburg 2013-2019, Hartbeespoort 2019 – 2023 en tans in Mosselbaai.

**Het u 'n stokperdjie?**
Om die waarheid te sê, het ek onlangs met 'n skok agtergekom, dat ek nie iets in my lewe het wat ek 'n stokperdjie kan noem nie – dis iets waaraan ek sal moet werk.

**Wat is u gunsteling dis?**
Boerewors, kapokaartappels en soetertjies.

**Waar is u gunsteling vakansieplek?**
Ons hou maar nog altyd van 'n vakansie by die see.

**Watter geestelike boek/e het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
"Flickering Lamps" van Henry Blackaby het 'n groot impak gehad op my uitkyk oor die bediening.

# Blywees se dieptes onthul

## Vervolg vanaf bl. 15

• lekker kon kry en bly wees oor die groot verleentheid wat meegebring is deur hul ontsnapping nie,
• en dat 'n groot leier van die volk húlle as die skadukant-mense se kant gekies het nie.

Hulle is BLY oor hulle deur Jesus, hul Stuurder en Opdraggewer gebruik kon word in sy onvernietigbare Koninkryk en vir Hóm oneer kon ly, ja, dat hulle waardig genoeg geag was om saam met Jesus te kon ly!

**DIE WETE DAT DAAR "SEKONDANTE" IS WAT SAAM HULLE JUIG**
Hoekom is dit dan só besonder? Afgesien daarvan om in die wil van die Here te wandel, Hom te gehoorsaam en nog vele redes was daar iets spesiaals… Hulle had "sekondante" in die Hemel, nl. engele en ontslape kinders van God wat in blydskap uitbars elke keer wanneer hulle (selfs net) één sondaar gewen het vir die Hemel. Deur hul gehoorsaamheid en onverskrokkenheid om nóg 'n siel en nóg 'n siel by te wen, klink die blydskap telkens in die hemel op! **Luk. 15:7** bevestig dié spesiale blydskap!

***Hul Blydskap was ten spyte van en te midde van uiters moeilike omstandighede:***
Dit is so maklik om jou oor maklike, aangename "bederfdinge" te kan verbly, as jy presteer of iets moois ontvang of ander se liefde beleef. Met Petrus en sy medewerkers was dit alles behalwe die geval.
* Hulle was baie houe geslaan voor hulle laat gaan is (**Hand. 5:40**) en dit was genadelose geseling in die openbaar toegedien, gewoonlik met meerrankige swepe met stukkies been en lood aan die punte daarvan,
* Hulle had te doene met 'n kerkowerheid vol haat en nyd wat hul "messe ingehad" het vir hulle (**Hand. 5:17** en **40**),
* Hulle was uitdruklik gedreig en beveel om hul getuienistaak te staak en had die reg om hulle daaroor te stenig (**vers 33**),
* Daar was die wete dat die Romeinse owerheid altyd stilweg gereed was om onverbiddelik in te gryp indien daar 'n opstand en onrus weens die Jode se kwessies sou kom.
Ja, so maklik kon hulle verbitterd geraak het, die teenstanders in die Here se naam bestraf en met God se oordele gedreig het omdat hulle Sy woord teengestaan het.

***Wat was die ware bron van hul Blydskap te midde van alles?***
Die geheim was eenvoudig:
Hulle het die groter prentjie verstaan en in konteks gesien, net soos Jesus dit in **Joh. 14 – 17** uiteengesit het, nl. 'n taak wat Hy die mens oplê in 'n vyandige wêreld. Hulle het Jesus ook voortdurend gesien met hul geestesoog hoe Hy opgetree het te midde stryd, 'n valse verhoor..., verwerping..., die kruisiging....

En natuurlik die groot dag van Pinkster toe die Heilige Gees uitgestort en hulle gevul het met die krag, volheid en oorwinning van Christus vir 'n Goddelike taak. En dit het vir hulle in hierdie volheid waarin hulle geleef en gearbei het, vêr-vêr uitgestyg bo dit wat die Bose vir hulle opgedis het.

**Ds. Jasper Schellingerhout [Em.]**
**Oos-Londen**

***Indien u hierdie of enige ander bydra gelees het en onseker is waar u die ewigheid sal deur bring, of moontlik steeds onder sondeoortuiging is en behoefte het om met 'n leraar te gesels, kontak gerus die gemeente waar u hierdie Kerkblad ontvang het. Indien u nie seker is waar u die blad gevind het nie, blaai na bl. 2 en kontak die nommer daar, en u sal verwys word na iemand wat u geestelik kan bystaan.***

# Hoe om na ’n preek te luister

**Jak. 1:19-21** ***“So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor ... en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord.”***

Liewe gemeente van God. Ek vertrou dat die afgelope paar Sondae, met ons spesiale uitreik, vir julle net so geseënd was soos vir my. Dit was vir my aangenaam om ’n bietjie in die bank te kon sit en aan die “ontvangkant” van die preek te wees. Ek het ontdek dat ek so maklik u posisie as hoorder kan vergeet terwyl ek besig is om te preek. Terselfdertyd het ek die waarde daarvan beleef om ’n goeie hoorder te wees. Ek rig vandag hierdie skrywe aan u omdat daar so ’n sterk band tussen hoorder en spreker moet wees en strewe ek na nog beter samewerking met al my hoorders. Ek is daarvan oortuig dat die inhoud van hierdie brief ’n nuwe opgewondenheid en waardering vir ons gemeentelike prediking sal bewerk.
*Nou, hoe behoort ’n persoon, wat maksimum seën uit ’n boodskap wil put, na ’n preek te luister?*

**Wees ’n verantwoordelike luisteraar**
Net soos die predikant daarvoor verantwoordelikheid neem dat hy God se boodskap oordra en die volle raad van God verkondig – so moet die luisteraar verantwoordelikheid neem om God se stem daarin te verneem, wat met hom/haar persoonlik wil praat. Hierdie feit word vir my met een woordjie benadruk nl. die woordjie “MOET” in vers 19. As God vir my sê EK MOET wedergebore word (**Joh. 3:7**) en EK MOET bid (**Luk. 18:1**) dan spreek dit van my verantwoordelikheid wat EK PERSOONLIK moet nakom. ***“Elke mens MOET gou wees om te hoor.”*** Hierin lê dus my verantwoordelikheid – om seker te maak ek hoor! Sê dus vir uself: *“God wil met my praat en daarom wil ek seker maak dat ek sy stem hoor.”* Wees daarvan oortuig om te let op elke gedagte wat oorgebring word. Neem u voor om verantwoordelik op te tree met dit wat u wel gehoor het.

**Wees ’n gedissiplineerde hoorder**
Om te luister is ’n dissipline. As ek sien hoe dikwels ek opdragte aan my kinders moes herhaal dan blyk dit ’n moeilike een te wees. Nou sê die Skrif: ***“elke mens moet GOU wees om te hoor***. **“MOET GOU”** dui die vlak van dissipline aan. Die luisteraar moet hom/haar dissiplineer om maksimaal te konsentreer en ’n geoefende oor daar te stel. **Jes. 50:4c** ***“Hy wek my oor om te hoor soos die leerlinge.”*** Die grootste aanwins van ’n student is om te kan luister. Weier in u hart beslis om enigiets te mis van dit wat God vir u wil sê – soos ’n valk toesak op sy prooi, moet u beslag lê op elke waarheid.

**Wees ’n ontvanklike luisteraar**
Die woord sê: “ONTVANG die ingeplante woord.” M.a.w. om in besit te neem – om dit my eie te maak. Goddelike feite word alleen geabsorbeer deur ’n siel wat hom/haar oopstel en gewillig verklaar dat die Heilige Gees die woord tot in my hart dra. ’n Ontvanklike hart word gekenmerk deur ruimte vir die Heilige Gees met sy oortuigende krag te hê. Die woord is *“DECHOMAI – to receive by deliberate and ready reception of what is offered”*. Die eerste twee gedagte het met die oor te doen, maar hier is dit die toe-eiening in die hart wat ter sprake is. Dawid het geleer om die Woord in sy hart te bêre. Sê vir uself: “Ek wil nie net hoor nie, maar onthou en behou wat ek vandag geleer word.”

**Wees ’n buigsame hoorder**
“Ontvang met sagmoedigheid”. PRAOTES – daardie gesindheid van hart waar ek God se stem, opdragte en handelinge met my lewe aanvaar sonder om weerstand te bied of te rebelleer. Soos ’n vader wat goed is vir sy kind en nie teëspraak verwag nie, moet die kind van God voor die Woord van God buig in gehoorsaamheid en weet dat God ’n goeie en heilige doel met sy opdrag het. Bid voor die boodskap telkens dat God maar die swaard in u lewe moet insteek dat Hy u maar moet uitskud en aan u openbaar wat nie reg is in u lewe nie en wees getrou om te handel volgens die Woord.

**Wees ’n voorbereide luisteraar**
Ja, dit is die dominee wat moet voorberei, maar gewis ook die hoorder, want voordat Jakobus sê dat die Woord ontvang moet word, beklemtoon hy eers “DOEN AFSTAND” van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid. Dit is om die môre voordat ek my voete neig na die Huis van God, eers my hart te ondersoek om my af te sonder en seker te maak dat dit stil is in my siel, sodat ek gereed is vir die influistering van die Heilige Gees. As meer lidmate voorbereid by die Kerk aankom, sal minder mense ons so irriteer en sal ons minder oor allerhande dinge praat. Ek sal nie so ontstel wees oor Piet en Sannie wat op my plek gaan sit het, terwyl hulle weet ek sit áltyd daar nie. “En waarom is die afkondigings so lank?” Die duiwel wil teen alle koste sorg dat ek en u onvoorbereid by die Kerk instap. Vroulief kry nie betyds klaar nie, of die kinders baklei in die motor en ek loop in die broer of suster vas wat ek nie eintlik wou sien of groet nie. O, liewe gemeente, word eers stil voor God as u Kerk toe kom en ondersoek u hart deeglik!

**Ten slotte net ’n wenk of twee**
• As u konsentrasievermoë u in die steek laat – skryf die boodskap neer. Probeer om betyds te wees.
• Gebruik die kans om in die bank voor die tyd uit u Bybel te lees.
• Gee u hartlike samewerking as iets van u verwag word – bv. as daar samesang is, sing uit volle bors saam en loof die Here daardeur.
• Vermy om ter enige tyd na u horlosie te kyk.
• Moenie toelaat dat u gedagtes dwaal nie.

**U leraar.**

# Goddelike Genesing

## Deel 5: Persoonlike verantwoordelikheid

Ons moet persoonlik verantwoordelikheid neem vir ons liggame. Ongehoorsaamheid het gevolge. Die toenemende ernstige en kroniese siektes vandag was nie deel van God se skeppings doel nie. Maar waarom sterf talle van die kinders van God en talle mense voortydig!

Die grond oorsaak kan teruggevoer word na die versoeking by die boom van kennis. Die mens het in die strik van selfverheffing getrap om beter te weet as God self. Van daar af word sy Woord na willekeur selektief aanvaar of verwerp. Die Satan se styl sedert die Sondeval het nog nooit verander nie. "Het God dit gesê? "Kom ek vertel jou wat jy nie weet nie." "Moet jou nie steur aan wat God sê nie. Moenie toelaat dat Hy jou inperk nie. Ek weet beter!" God waarsku juis daarteen.

**Jer. 8:9** ***"Die slim mense kom in die skande, is verslae en verstrik. Kyk, hulle het die woord van die HERE verwerp, en watter wysheid sou hulle hê?"***

**Lev. 11:43-45** ***"Moenie julle self 'n gruwel maak deur enige ongedierte wat wemel nie: julle moet jul daaraan nie verontreinig, sodat julle daardeur onrein word nie. 44 Want Ek is die HERE julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig;... 45 Want Ek is die HERE wat julle uit Egipteland laat optrek het om julle God te wees. So moet julle dan heilig wees, omdat Ek heilig is."***

**I Pet. 1:14-16** ***"Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. 15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, 16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig."***

### GEHOORSAAM TOT HEILIGMAKING – OOK LIGGAAMLIK!

Hier in Levitikus leer God reeds sy volk dat die gehoorsame toewyding van die liggaam in konteks van Heiligmaking staan. Hy wil ons God wees, Hy heilig Hom aan ons, daarom verwag Hy dat ons onsself ook aan Hom sal heilig as sigbare, lewende getuies!

Petrus kwoteer dit in die Nuwe Testament juis in die konteks van Heiligmaking, hul hele lewenswandel moet spreek van heiligmaking!! Hulle moet hul lewe inrig soos gehoorsame kinders! Paulus verwys ook na ons roeping, nie tot onreinheid nie, maar tot heiligmaking.

**I Pet. 2:9,10** "***Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, 10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is;"***

**Rom. 12:1** ***"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens."***

Die bekende Sidlow Baxter het 'n kosbare artikel geskryf oor Heiligmaking en die Dieet voorskrifte in die Pentateug. Hy hanteer die aspekte wat ons hier aangeroer het breedvoeriger en veel meer gewigtig. Hy verwys na Moses as die mees gevorderde radikale wetenskaplike!

Die aanvaarding van die waarhede soos hier in die Skrif vermeld, kan jare van swak gesondheid voorkom. Ons behoort te leer dat die sekerste weg tot volhoubare gesondheid opgesluit lê in die voorskrifte vir fisiese gesondheid van God deur Moses aan ons. Wanneer ons dit ook al lees, moet ons vir onsself sê: "God is self hier aan die Woord." Indien enigiemand weet wat goed is vir die liggaam, Hy wat dit gemaak het weet! Hy meen dat vele liggaamlike krankhede sal begin verdwyn wanneer ons die hoof voorskrifte hier volg.

Ongelukkig word die heilsplan van God deur die sondeval ondermyn. Gevolglik word siekte toenemend oor die aarde ervaar. Daarom het God reeds van vroeg af deur die offers versoening beskik. Dit is later opgevolg deur die eenmaal offer van Jesus aan die Kruis. So is genesing as deel van die versoening bevestig!

### AANVAAR DIT IN GELOOF AS KRUISVRUG

Die EG Kerk SA verstaan Goddelike Genesing daarom as deel van die versoening, as 'n onlosmaaklike deel van die Evangelie. Dit berus nie bloot op God se guns, goedheid en almag nie, maar vorm deel van die versoening. Daarom is dit vir elke mens beskikbaar, net soos in die geval van redding en heiligmaking. Hy onderrig ons daarin deur sy ewige Woord.

**Jes. 53:4** ***"Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; 5 en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom."***

**Matt. 8:14-17** ***"En toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy sy skoonmoeder siek lê aan die koors. 15 En Hy het haar hand aangeraak, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en hulle bedien. 16 En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, 17 sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra."***

**Hand. 4:10** ***"laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan."***

**Hand. 9:34** ***"En Petrus sê vir hom: Enéas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op! En hy het dadelik opgestaan."***

Vervolg op bl. 23

# Die boodskap van die kersliedere: Die geskenk van Kersfees

Vervolg vanaf bl. 7

Die Ou Testament het al gepraat van hierdie Koning wat gebore gaan word: **Num. 24:17** ***Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver.*** Ons kan nie anders as om in aanbidding voor hierdie almagtige God te buig nie. Die wyse manne se geskenke van goud, wierook en mirre was 'n uitdrukking van aanbidding en bewondering. Hul ontvanklike harte het onmiddellik God se lig gesien toe dit vir hul skyn. Hul het opregte soekende harte gehad en God belowe dat só 'n hart Hom sal vind. Ja Petrus sê: **2 Pet. 1:19** ***En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte;*** Daar is 'n wonderlike kinderlied Halleluja 40: Betlehems ster wat gaan oor hierdie wonderlike ster wat mense na Jesus toe lei:

*♪ Betlehems ster, o wonder lig,*
*heerlik, lieflike gesig!*
*Wyse manne kom van ver,*
*Betlehems ster, o lieflike ster!*
*Koor: Betlehems ster, lieflike ster*
*Leidsman na Jesus, o lieflike, lieflike ster.*

***♪ Betlehems ster, wil ook vir my na***
***die Jesuskind toe lei,***
***want ek soek en kom van ver,***
*Betlehems ster, o lieflike ster!*

Ongelukkig is dit ook so dat nie almal hierdie geskenk aanvaar nie. Terwyl Hy die waaragtige lig is wat na 'n donker wêreld gekom het, is die groot tragedie van Kersfees dat so baie mense, ja nou ook nog, die ware betekenis van Kersfees verag en verwerp.

**4. Die geskenk – verwerp deur meeste** – **Joh. 1:10** ***Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.*** Daardie woorde: "die wêreld het Hom nie geken nie". Vir die wêreld gaan dit oor geld en ander sondige plesiere en Johannes herinner ons hier dat God self in die wêreld ingekom het wat Hy gemaak het, maar dat die wêreld Hom nie geken het nie en nie aangeneem het nie. Die mens van die eerste eeu het hulle Verlosser nie aangeneem nie, want Hy het nie op die manier gekom wat hulle verwag het nie, maar die manne van die eerste eeu is nie alleen nie, want steeds kan daar vandag gesê word: **Joh. 1:11** ***Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.***

Selfs onder sy eie, die wat sogenaamd Christene genoem word, is daardie te vinde wat wegdraai en



hulle eie lewe volg en hom nie Here en Meester oor hulle hele lewe maak nie. Hierdie Heiland wat vir ons gebore is, moet gehoorsaam word. Dit is wat daardie pragtige Kerslied Liedboek 353: Die Heiland is gebore ook vir ons leer. Let veral op die woorde in v3 wat sê: Wie glo in Jesus Christus, word nou sy eiendom; Hy gee die reg tot kindskap; aan die wat glo in Hom.

*♪ Die heiland is gebore, soos eeue reeds voorspel.*
*Daar in die stad van Dawid word hy Emmanuel.*
*Met blye hemelkore wil ons ook juig en sing: ons Heiland is gebore - dis hy wat redding bring!*
*♪ Die lig kom na die wêreld in Jesus Christus, heer.*
*Uit liefde vir die mensdom daal hy as dienskneg neer.*
*So lief het god die wêreld, hy gee vir ons sy seun - so word hy ons verlosser, ons middelaar en steun.*
***♪ Wie glo in Jesus Christus, word nou sy eiendom.***
***Hy gee die reg tot kindskap aan díe wat glo in hom.***
*Juis daarom juig ons harte opnuut díe kersfeestyd:*
*Ons heiland is gebore - vertel dit wêreldwyd.*

Hierdie lied bring ons nou by ons laaste gedagte.

**5. Die geskenk – moet aanvaar word** – Joh. 1:12 ***Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;*** Daardie woorde: "Hom aangeneem het". Alhoewel baie Hom nie aanvaar nie, is daar steeds die oorblyfsel wat sien en glo en Hom, die geskenk van God aan die mensdom aanneem. Almal wat dus God se Seun, dit is God se aanbod om die ewige lewe aanvaar, kry die geskenk. En wat is die geskenk? Om self kinders van God genoem te word, dit is om die ewige lewe te kry, want vlees en vloed kan die koninkryk van God nie beërwe nie. Ja, die geskenk is om weergebore te kan word. Ons ontvang kindskap van God deur genade en geloof alleen, ons erf dit nie by ons ouers nie, inteendeel ons het die sondige natuur geërf by ons ouers.
Daarom word hulle gered Joh. 1:13 ***wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.*** **Joh. 3:5** ***Jesus ant-woord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.***


**Opsommend:** Dis die betekenis van Kersfees: Nie Kersvader nie, die geskenk van die ewige lewe en dis waarom ons geskenke vir mekaar gee, om mekaar hieraan te herinner en ook... waarom ons die Kersliedere sing. **Hebr. 2:14-17** ***Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel — en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. ..., om die sondes van die volk te versoen.***

Ek wil vandag vra, het jy al hierdie geskenk van die ewige lewe aanvaar? Is jou sondes al vergewe? **Joh. 5:24** ***Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.***

En dan, het jy al hierdie geskenk vir iemand aangebied deur te getuig van Hom? Dis die betekenis van Kersfees (God met ons- Emmánuel).
'n Laaste lied om ons aan hierdie kosbare waarheid te herinner, let veral op die woorde van Liedboek 350, In die stad van koning Dawid. v2:
*♪ In die stad van koning Dawid, in die nederige stal,*
*in 'n krip lê daar 'n kindjie, koning van die groot heelal.*
*Koor: Jesus Christus, god en heer, aan u, koningskind, ons eer.*
***♪ Hy kom woon hier onder mense, hy kom red hul van die dood.***
***hul wat in hom glo, hom aanneem, díe` verlos hy uit hul nood.***

**Ds. Wynand van Niekerk**
**Kweekskooldosent/Subredakteur**

# Op die Boekrak




Alhoewel die boek Daniël in twee dele verdeel kan word, die eerste ses hoofstukke (geskiedenis) en die laaste ses hoofstukke (profeties), moet dit nie in isolasie gesien word nie. Die geskiedenis is die sigbare prentjie van dit wat in die profesie gemeld word. As voorbeeld: Nebukadnésar se versoek dat die hele wêreld voor sy goue beeld moet bid is 'n voorbeeld van die Antichris wat die wêreld sal dwing tot 'n een-wêreldgodsdiens en –regering.

Ds. Jurgens Prinsloo is 'n leraar van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (EG Kerk SA) en ook binnekort dosent van die Teologiese Seminarie van die EG Kerk SA. Hy is onder meer betrokke by Back to the Bible Missions waar hy jaarliks vir studente van regoor Afrika klasgee vanuit die boek Openbaring en die wederkoms van Jesus Christus. Hy tree ook dikwels op as spreker oor relevante eindtyd gebeure.
Hierdie boek, asook ander uit die pen van ds. Jurgens is direk van hom beskikbaar. Skakel hom gerus by 084 986 1986.

# Goddelike Genesing

## Deel 6: Bediening van hierdie Kruisvrug

### Maak seker wat God se wil is vir jou

Dit word vertel dat wyle ds. Scheepers elke kranke wat by Betshan kom aanmeld het, heel eerste na hul kamer gestuur het met die Bybel om seker te maak of sy of haar krankheid nie 'n siekte tot die dood is nie. Daar is ook 'n siekte tot die dood wat lei tot jou afsterwe.

**II Kon. 13:14** ***"En toe Elísa siek was aan die siekte waaraan hy sou sterwe,"***

### Genesing op Persoonlike Vlak

### Glo en Vertrou Jesus

Alles wat die vloek oor die satan en sy werke insluit, wat die mens in sy geheel, gees, siel en liggaam betref, het Christus plaasvervangend aan die kruis gedra. Sy genesing wonders was in die uitvoering van God se wil tot sy verheerliking. Dit was nog altyd en dit is nog steeds die wil van God dat mense genees word. Vra en vertrou Hom daarvoor in die geloof.

**Matt. 4:24** ***"En die gerug aangaande Hom is versprei oor die hele Sírië; en hulle het na Hom gebring almal wat ongesteld was, wat gekwel was deur allerhande siektes en pyne en wat van duiwels besete was, en maansiekes en verlamdes; en Hy het hulle gesond gemaak."***

**Jes. 38:16** ***"Here, by hierdie dinge leef 'n mens, en geheel en al is daarin die lewe van my gees: laat my dan gesond word en laat my lewe!***

**II Kon. 20:5** ***"Draai om en sê vir Hiskía, die vors van my volk: So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; kyk, Ek sal jou gesond maak; op die derde dag sal jy opgaan na die huis van die HERE. 7 Verder sê Jesaja: Bring 'n vyekoek; en hulle het dit gaan haal en op die sweer gesit, en hy het gesond geword.***

**Matt. 8:13** ***"Toe sê Jesus vir die hoofman oor honderd: Gaan, en laat dit vir jou wees soos jy geglo het. En sy kneg het gesond geword in daardie uur."***

**Matt. 9:28-30** ***"En nadat Hy in die huis gegaan het, kom die blindes na Hom toe. En Jesus sê vir hulle: Glo julle dat Ek dit kan doen? Hulle antwoord Hom: Ja, Here. 29 Toe raak Hy hulle oë aan en sê: Laat dit vir julle wees volgens julle geloof. 30 En hulle oë het oopgegaan."***

**Mark. 10:52** ***"En Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg."***

**Jes. 7:9** ***"As julle nie glo nie – voorwaar, dan sal julle nie bevestig word nie!"***

### Die Woord werk Geloof

Buig self oor en betrag die Woord soos Esra gedoen het. Laat die Woord van Christus ryklik in julle woon. Die Woord was nie gegee om te bind of in te perk nie, maar juis tot verlossing naamlik redding/genesing vir siel en liggaam.

**Rom. 10:17** ***Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."***

**Hebr. 4:2** ***"maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie."***

**Hand. 14:9** ***"Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou, en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word,"***

**Ps. 107:20** ***"Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak"***.

### Bid ook vir Ander se Genesing

**Gén. 20:17** ***Toe het Abraham tot God gebid, en God het Abiméleg gesond gemaak; ook sy vrou en sy slavinne, sodat hulle kon baar."***

**Núm. 12:13** ***"En Moses het die HERE aangeroep en gesê: o God, maak haar (Mirjam) tog gesond!"***

### Genesing op Gemeentelike Vlak

Voorbidding kan ook deur die Ouderlinge gedoen word. Ons neem **Jak. 5:14** letterlik op en pas dit gewoonlik letterlik toe soos dit by di. Scheepers en Malan die geval was. Ons beskou dit as 'n voorsiening aan die gemeente dat die ouderlinge ingeroep kan word om vir die kranke te bid, nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

**Jak 5:14-16** ***"Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. 15 En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. 16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."***

Ek meen dat dit duidelik hier veronderstel word dat die kranke sowel as die voorbidder in 'n naby verhouding met God sal lewe. Hier word ook verwys na sondes wat vergewe sal word en die herstel van onderlinge verhoudings, alles dinge wat die werking van die Heilige Gees kan verydel. Die vurige gebed spreek ook van gelowige toewyding aan die Here in die saak.

Die kranke het die voorreg om die ouderlinge in te roep. Die ouderlinge het die voorreg om in Naam van die Here met olie te salf en die gebed van die geloof te bid. Op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus, soos by redding en heiligmaking, gaan hulle na die troon van genade. "Dit word ons ondervinding deur die geloof in Christus Jesus."

Ons kan weer en weer gaan, net soos ons siele weer en weer nooi na Evangeliedienste. Ek onthou hoedat ons met elke reeks evangelie dienste vir my laat bid het met salwing en hand oplegging, tot met daardie Saterdagaand in die Tegniese Skool saal op Vanderbijlpark toe die Here my daadwerklik aangeraak en genees het. Daardie genesing hou nou reeds vir 70 jaar!

Die bediening van hierdie deel van die viervoudige boodskap het redelik skaars geword. Ons is verantwoordelik om hierdie boodskap wat die Here

aan ons Kerk toevertrou het, getrou te verkondig. Die Here het al meegewerk met wonderwerke in stille krag tydens sulke reekse. Jare gelede byvoorbeeld het ds. Frikkie Hattingh ook naweek konferensies gehou.

**Hand. 20:27 *“Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.”***

’n Paar artikels soos hierdie kan ongelukkig nie die volle boodskap van Goddelike Genesing uit bou nie. Ek wou slegs meehelp om u verwysings raamwerk uit te brei dat u sal opmerk dat die Here van die begin af wil dat ons gesonde en lewende getuies vir Hom sal wees, ook in ons liggame. Lees gerus ook die boekies van ds. Scheepers en dr. Andrew Murray, ook ons Kerk se formulering van die boodskap in ons Evangeliese Belydenis.
Mag die Here ons begenadig dat ons nie die Woord verskraal nie, maar die volle raad van God verkondig!

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# Deel 5: Persoonlike verantwoordelikheid

Vervolg vanaf bl. 19

Die genesing van krankes in die Bybel, sowel as in die praktyk, het dikwels verder gelei het tot die redding van hulle siele.

**PLEK VAN MEDIESE HULP**
Hoewel Goddelike Genesing nie afhanklik van mediese hulp is nie, is dit geensins in stryd daarmee nie. Volgens studente van wyle ds. Scheepers sou hy gesê het dat as iemand nie geloof het om God te vertrou vir genesing nie, hy die beste mediese hulp beskikbaar moet soek. Tant Nannie Grobler het ook een keer aan ’n jong pastoriepaar gesê dat mens nie jou kinders moet laat ly onder jou geloof nie. Kry mediese hulp wanneer nodig.
Hier was dikwels misverstande en wanbegrippe. Sommige het gemeen dat Goddelike Genesing teenoor middele en medici staan. Die Kerk het egter toenemend besef dat middele God nie kan verhinder nie. Die kind van God kan in die geloof lewe dat sy liggaam in God se hand is, selfs onder mediese behandeling en operasies of daarsonder. Dit was nie ’n gesindheidsverandering nie, maar wel ’n groei in Skrif begrip en -verklaring.
Ons het byna my oudste seun op drie maande oud verloor omdat ek opreg maar in wanbegrip gemeen het dat dit sonde sou wees om die Here te vertrou vir genesing en dan dokter toe te gaan. Veel van die wonders wat God vir my en my gesin gedoen het, was juis beide deur mediese ingryping en hulp, saam met die wonderwerkende hand van God in dit wat medies selfs onmoontlik was.
In ons gejaagde lewe neig ons gewoonlik om eerste na aardse middele of hulp te gryp. Ons neem dikwels kortpad dokter toe. Ons behoort eerste met die Here te praat en sy raad en hulp te soek, selfs op pad na die dokter toe. Op ’n keer het die Here besonderlik in ons gemeente gewerk met genesing. My twee oudste kinders, nog voor skool, was redelik ongesteld. Ons het die Here vertrou vir hulle genesing, maar die tekens het halsstarrig gebly. Na Sondagmiddagete was hulle by my in die kamer. Ek het eerlik en opreg na die Here geroep en bely dat my eerste opsie is dat Hy hulle sal aanraak, maar as dit nie drasties draai nie, ek as ouer verantwoordelik is om hulle na mediese sorg te neem. Oomblikke later was hulle totaal genees en op en aan die speel.
Daarby word dit onomwonde verklaar dat wat medies onmoontlik is, steeds by God moontlik is.

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**



80

# 80 JAAR VAN GENADE
# 1944 — 2024

# EG KERK SA 80-FEESNAWEEK

**Die Moderatuur het aangekondig dat ’n feesnaweek beplan word om die 80ste herdenking van die EG Kerk SA te vier.**

**Die feesnaweek sal plaasvind oor die periode 19 tot 21 April 2024 te Edenkonferensieterrein.**

**Bespreek asseblief so gou as moontlik by Erika Bronkhorst 082 607 3320.**

**Akkommodasie is beperk, maar daar is genoeg kampeerplekke vir woonwaens en tente.**

**Volledige program en sprekers sal mettertyd bekend gemaak word op die Kerk se sosialemediaplatforms.**